University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

DIE ERAMUSKASTEEL (1903) IN PRETORIA
'N KULTUURHISTORIESE STUDIE

deur

THERSIA ROSSOUW

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTRIUM (KULTUURGESKIEDENIS)

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Pretoria

2003

Leier: Dr. L. Kriel

Medeleier: Me. M. van Heerden

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Opgedra aan die **laaste Kaapse Rebel**, my Pa
(† 6 September 2003).
"…waar kan ek die pyn toedraai ?"

en

mnr. J.J.P.E. Pienaar († 21 September 2003) vir sy entoesiasme en ongedempte opgewondenheid om inligting met my te deel. Hy was 'n ware inspirasie.

BEDANKINGS:

Graag bedank ek my ouers vir al hulle simpatie, hulp, bystand en volgehoue aanmoediging. Ek bedank hulle ook vir alles wat hulle vir my gedoen het, binne en buite hulle vermoë.

Die navorser bedank ook die volgende persone:

- my studieleier dr. L. Kriel en my medestudieleier me. M. van Heerden vir hulle leiding;
- almal by die Departement Historiese en Erfenisstudies;
- almal met wie ek onderhoude gevoer het en sodoende gehelp het om die legkaart se verlore stukkies te vind;
- Anna-Lieze Stolk vir al die proeflees;
- Boudewijn Stolk vir al sy tegniese hulp;
- oom Colin en tannie Rosa Smith, my redders in tyd van nood;
- Servaas, Zelna, Jeanne-Marie, Servaas (jnr.) en Colin (jnr.) Rossouw vir hulle volgehoue aanmoediging en hulp;
- mev. E.E. Pretorius vir die dokumentasie oor die plaas Garstfontein, wat die studie in ‘n vroeë stadium ‘n hupstoot gegee het;
- in die besonder mnr. Billy Nell (Bestuurder van Korporatiewe Kommunikasie te Krygkor) vir sy onstuitbare entoesiasme en voortgesette aanmoediging vir die studie;
- die Erasmus-familie en nasate vir al hulle hulpvaardigheid – sonder u sou hierdie studie nooit tot sy volle reg kon kom nie;
- mnr. J.J.P. Erasmus en mev. J.J. Erasmus wat die Erasmuskasteel gebou het.

Die navorser wil ook die volgende instansies bedank:

- die Universiteit van Pretoria, wat finansieel die kommer van klasgelde en fotostaatgeld verlig het;
- Krygkor en die personeel sonder wie se toestemming en finansiële steun die studie nie moontlik sou wees nie;

- die NRF (National Research Foundation) wat dit finansieël moontlik gemaak het om my studie te voltooi. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die navorser en moet nie beskou word as dié van die NRF nie.

VOORWOORD

Ek is in 1999 genader om die geskiedenis van die Erasmuskasteel te bestudeer, aangesien dit geblyk het dat daar ‘n leemte op die gebied was. Die geleentheid is met ope arms aangegryp, aangesien dit een van die opvallendste huise in Pretoria is. Die navorsingsproses sou egter oor ‘n lang tydperk geskied met baie klippe wat eers uit die pad gerol moes word.

Een van die grootste probleme was die tekort aan navorsingsbronne. Daar is nie behoorlike dokumentasie oor die geskiedenis van die plaas Garstfontein, met die kasteelagtige huis wat op ‘n koppie staan nie. Daar het wel gereeld artikels in die pers verskyn oor die Erasmuskasteel, maar die inligting is sonder diepte en gewoonlik repeterend. Daar is nie ‘n goed gedokumenteerde en nagevorsde geskiedenis van die Erasmuskasteelterrein nie. Dit is van kardinale belang dat die gaping gevul moet word.

Die navorser se taak is verder bemoeilik deur persone wat sogenaamde familielede is van die Garstfontein Erasmusse. Dié probleem kon darem geredelik uit die weg geruim word nadat die navorser die nodige genealogiese navorsing gedoen het.

Teen die tyd dat die navorser ware familielede genader het, het sy ‘n goeie basiese kennis gehad van die huis en die geskiedenis asook mites wat die huis omvou. Die familie was uiters behulpsaam en het openlik met die navorser gepraat. Hulle was baie tegemoetkomend en het moeite gedoen om terreinkaarte te teken en na die terrein self te gaan om punte van belang uit te wys. Baie van die mites kon opgeklaar word terwyl ander as wolhaarstories beskou kan word.

'n Bevinding wat die navorser wel kon maak, is dat daar verwarring gekom het by familielede en dat sommige buitestaanders aanvaar het dat hulle familie van die Garstfontein Erasmusse is.

As gevolg van die swak dokumentasie en moontlike oorhaastige navorsing, was sekere inligting foutief gedokumenteer. Verwarring het ingesluip by die onderverdeling van die plaas Garstfontein en verkeerde dokumente is bestudeer. Die mites wat ontstaan het van melaatses en dat al die Erasmus kinders met melaatsheid gebore is, is ook as sodanig aan die kaak gestel.

Die belangrikheid van die studie berus op 'n paar besondere aspekte. Die Erasmuskasteel is van argitektoniese belang vanweë sy besonderse Victoriaanse voorkoms. Die terrein is ook argeologies van belang. Die ideaal sou wees om die terrein in sy groter geheel te bewaar. Daar is onder meer murasies langs die Wolwespruit wat heel moontlik met die uitbreidende stad heeltemal vernietig gaan word.

Nader aan die Erasmuskasteel self is daar 'n klein grotjie, wat die Erasmus-familie die *Dassiegrot* gedoop het, waarin daar belangrike argeologiese vondste gemaak is. Daar is onder andere volstruiseierdopkrale, glaskrale van Egiptiese oorsprong asook verskeie klipwerktuie gevind. Die vondste dui daarop dat San hulle wel op dié terrein tuis gemaak het. Die Erasmus-familielede kan onthou hoe hulle ook volstruiseierdopkrale *in situ* gevind het. Bo-op en rondom die Dassiegrot is daar tekens van Ystertydperk bedrywighede. Verskeie potskerwe en kraalmure is die nalatenskap van die lang vergete bewoners.

Histories-argeologies is daar 'n paar artefakte onder die Erasmuskasteel se vloer gevind. Mnr. J.J.P.E. Pienaar vertel hoe hy ongeveer in die vroeë 1930's 'n uniform van 'n Britse soldaat onder 'n klip gevind het.

Kultuurhistories is die terrein van belang omdat dit in die breë trekke die ontwikkeling en blom van een familie wys. Tog gaan die betekenis soveel dieper. Verskeie kultuurgebruike kan ook by die huis aanknoping vind, wat die bewaring verder noodsaak.

Die navorsingstuk word soos volg uiteengesit om sover as moontlik 'n beter historiese insig van hierdie besondere landmerk te verkry:

Hoofstuk I is 'n agtergrond studie van bekende Victoriaanse huise in Pretoria, wat vandag nog bestaan. Die navorser het hier na die dokumentasie van dié huise asook die plaaslik beskikbare bronne gekyk. Laasgenoemde was min. Die navorser moes meer gebruik maak van oorsese publikasies as gevolg van die tekort aan bronne oor Suid Afrikaanse Victoriaanse argitektuur. Desereé Picton-Seymour se boek *Victorian buildings in South Africa* is 'n gesaghebbende bron wat geraadpleeg is. Dr. E. Labuschagne se D-Phil.-proefskrif naamlik *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou* was baie nuttig vir die agtergrondstudie. Die boek van Eric Bolsmann, 'n kunstenaar van noord-wes Duitsland, wat hom in Pretoria gevestig het, laat die plaaslike bevolking op hulle neuse kyk. Daar is waardevolle inligting uit sy *Pretoria artists' impressions 1857-2001* verkry. Tog is daar ook talle probleme met sekere van sy stellings ondervind, omdat daar nie volledige navorsing gedoen is nie. Spesiale dank moet tog aan hom uitgespreek word vir sy waardevolle bydrae tot dokumentasie en bewaring van historiese bakens.

In Hoofstuk II kyk die navorser spesifiek na die genealogie van die Erasmusse van Garstfontein. Dit word terug gevoer tot en met die aankoms van hulle stamvader in die Kaap (voor 1688). Hier het die boek van C.S. Kotzé, *Doornkloof-wêreld…* 'n enorme genealogiese knoop van die Garstfontein Erasmusse opgeklaar. Kotzé was die argivaris van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Transvaal. Hy het toegang tot die geboorteregisters asook sterfregisters gehad. Hy het ook onderhoude gevoer met onder andere S. Biesenbach wat haar daarop toegespits

het om ‘n volledige Erasmusgenealogie op te stel. Haar navorsing is ook geredelik in hierdie hoofstuk gebruik. Sy het toegang gehad tot die ou familiebybels waarin die name en geboortedatums van talle Erasmuskinders aangeteken is. Biesenbach is ongelukkig oorlede voordat haar taak volbring is. Volgens die Erasmus-familie is dit te danke aan Biesenbach dat die twee ouer huise op die plaas Garstfontein herbou is en nie heeltemal gesloop is nie, soos die oorspronklike plan was. In daardie opsig is Biesenbach se bydrae ook van die uiterste belang, anders sou daar nie ‘n geheelbeeld van die vooruitgang van die Erasmus-familie gesien kon word nie. Dit word meer bondig in hoofstuk III bespreek. In hoofstuk II word ook gekyk na die plaas Garstfontein en wanneer Carel Jacobus Erasmus die eerste stuk grond by een van die Rademeyer–broers gekoop het.

In Hoofstuk III word daar in fynere besonderheid na die Erasmuskasteel self gekyk. Hier is daar in die besonder staat gemaak op mondelinge mededeling van die familie en N. Cooper se *The opulent eye*. Die vertrekke se oorspronklike gebruike is uitgeklaar, asook wie waar geslaap het. Vanuit die onderhoudvoering het daar wonderlike familieverhale aan die lig gekom.

In Hoofstuk IV word daar spesifiek na die benaming “Spookhuis” gekyk. Dié naam word algemeen deur Pretorianers gebruik as daar na die Erasmuskasteel verwys word. Die kwessie van melaatses op die plaas word in die besonder bestudeer.

Bolsmann se bewerings in sy boek *Ghosts of Pretoria* is ongegrond en nie na wense nagevors nie. Bolsmann maak melding van verskeie hoorsê-spookstories en meld dan ook die rolprent *Hier’s ons weer!* Hy het wel die titel en die akteurs se name reg, maar die volgende is foutief: Die film is nie in 1946 gemaak nie en dit is verseker nie ‘n spookfilm nie. Die boek se inhoud mag nou miskien vir ‘n sekere groep mense wat bog spookstories vir mekaar vertel van waarde wees. Dit is egter skreiend om op so ‘n onprofessionele en ongevoelige wyse ‘n familie se geskiedenis so foutief en

sonder enige bewyse en selfs name van persone wat die sogenaamde gedaantes gesien het, uit te lap. Dit bemoeilik natuurlik die navorser se taak om 'n geskiedkundige werk te skryf, as die familie glad nie meer belangstel om met iemand te praat nie. Daar is aan die navorser meegedeel dat die familie nie bereid is om saam te werk nie. Die familie was egter meer as gewillig om inligting vir die navorser te gee. [1]

Die navorser het ook gepoog om die oorsprong van die benaming "Spookhuis" vas te stel. Volgens die Erasmus-familie was dit afkomstig van 'n film wat daar geskiet is. Dokumentasie van die ou Filmraad is geraadpleeg om die film op te spoor. Later sou dit blyk dat die huis in twee films verskyn het. Of die filmmakers toestemming gehad het, was onbekend. Mnr. J. R. Erasmus (Emus) was in besit van die Erasmuskasteel toe beide films geskiet is. Die navorser het in die laaste fase van die navorsing bevestiging van mnr. J.R. Erasmus gekry dat daar wel toestemming gegee is.

Vanuit die navorsingsproses kan die afleiding gemaak word dat daar heeltemal 'n wanbegrip ten op sigte van melaatsheid bestaan. Die navorser het besluit om meer intensiewe navorsing oor die siekte te doen. Wetgewing uit dié tydperk ten opsigte van melaatses asook die siekte self is nagevors.

In Hoofstuk V maak die navorser gebruik van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999 en vergelyk dit met ander lande se voorskrifte ten opsigte van restourasie, bewaring en instandhouding van kultuurerfenisse. Daar word onder meer gekyk na wat in die praktyk in Brittanje en die Verenigde State van Amerika gedoen word om sulke geboue te bewaar.

---

[1] E. Bolsmann, *Ghosts of Pretoria*, pp. 7-12; L. Hnatowicz, Dit 'spook' in Pretoria, *Rapport*, 1999-05-09, p. 5.

Daar word ook gekyk na die restourasiewerk wat aan die Erasmuskasteel gedoen is. Was dit ‘n wyse besluit om soveel veranderinge aan te bring of was dit bloot die tydsgees en kan dit die aksies van daardie tydstip (1980er-jare) regverdig? Die bronmateriaal ten opsigte van die restourasie is pynlik min. Die enigste semi-waardevolle bron is ‘n dokumentêre film wat deur die program 50/50 van die Suid Afrikaanse Uitsaaikorporasie (S.A.U.K.) oor die restourasieproses gemaak is. Daar is geen behoorlike dokumentasie oor die hele proses beskikbaar nie. Foto’s het ook as ‘n waardevolle bron gedien, beide tydens die restourasieprosesse en ook om agter te kom wat die restourateurs alles verander het. So kon bepaal word dat die twee ouer huise asook die afgebreekte kombuis nie weer presies oorgebou is soos wat dit oorspronklik was nie.

Volgens mnr. J.J.P.E. Pienaar het Labuschagne met die afskraap van al die muurpapier in die hoek van die eetkamer op die reeksnommer en firma se naam van die oorspronklike muurpapier afgekom. Volgens I. Bester, (aanbieder van die 50/50 program), het niks van die oorspronklike muurpapier behoue gebly nie. Labuschagne moes staatmaak op ou foto’s en beskrywings wat sy by lede van die Erasmus-familie gekry het. Die muurpapier wat Labuschagne gevind het, was histories nie korrek nie en patrone van ‘n Londense firma wat Victoriaanse muurpapier reproduseer, is gebruik. Die papier in die Erasmuskasteel is plaaslik vervaardig deur middel van syskermdruk. Die patrone kom nie honderd persent ooreen nie, omdat dit handgemaak is.

Die navorser is besonder dankbaar dat die navorsing oor ‘n lang periode gestrek het. Sodoende kon soveel as moontlik inligting ingesamel word en sogenaamde feite se betroubaarheid kon getoets word. Dit het ook beteken dat die navorser in staat gestel is om Krygkor se amptelike eeufeesviering van die Erasmuskasteel op 24 September 2003, by te woon. Dit was ‘n insiggewende uitstappie waar die navorser die geleentheid gebied is om met relevante persone te gesels en daardeur ‘n paar knelpunte op te los.

Thersia Rossouw

September 2003

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

INHOUD

		Bladsy
I	**VICTORIAANSE BOUKUNS IN SUID-AFRIKA**	1
1.	Inleiding	1
2.	Die stand van die Victoriaanse boukuns in Australië en Nieu–Seeland	4
3.	Victoriaanse boukuns in Nederland	7
4.	Boukuns in die Z.A.R.	8
5.	Aspekte van Victoriaanse boukuns in Pretoria en omgewing	9
6.	Enkele huise van Pretoria uit die laat-Victoriaanse tydperk	14
	6.1 Barton Keep	14
	6.2 Burgerspark	16
	6.3 Doornkloof	17
	6.4 Huis Neethling	19
	6.5 Kya Rosa	20
	6.6 Krugerhuis Museum	22
	6.7 Melrosehuis	24
	6.8 Militêre wonings	26
	6.9 Sammy Marksmuseum	28
	6.10 Voortrekkerhoogte	29
7.	Gevolgtrekking	30
II	**DIE ERASMUSSE VAN GARSTFONTEIN**	31
1.	Inleiding	31
2.	Uiteensetting van die genealogie	31
	2.1 Verwarring ten opsigte van die Voortrekker voorouer	42
3.	Heraldiese wapen	47
	3.1 Verskille in die Erasmuswapen	48
4.	Ou familiebegraafplaas	49

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Bladsy

5. Vorige eienaars van die plaas Garstfontein 50

6. Gevolgtrekking 60

III 'N ONDERSOEK VAN DIE ERASMUSKASTEEL SE VLOERPLAN EN DIE ARGITEK VAN DIÉ BESONDERE HUIS 61

1. Agtergrond 61
2. Die argitek van die Erasmuskasteel 62
3. G. Monbello 72
4. Die Erasmuskasteel 72

4.1 Buiteaansig 73
I Mure 76
II Veranda 78
III Toring 81
IV Die gang 82
V Rookkamer 87
VI Slaapkamer 88
VII Badkamer 91
VIII Ontbytkamer 94
IX Eetkamer 95
X "Drawing room" of Damesvoorkamer 98

4.2 Eerste verdieping 100
I Kinderkamer 100
II "Studeerkamer" 101
III Musiekkamer 102

4.3 Tweede verdieping 103
I Solder 103

5. Gevolgtrekking 106

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Bladsy

IV OOORSPRONG VAN DIE NAAM "SPOOKHUIS" EN DIE MITES WAT VOORTSPRUIT DAARUIT 107

1. Inleiding 107
2. Mites en die naam "Spookhuis" 107
3. Melaatse kinders 108
   - 3.1 Melaatsheid: siekte van vervloektes, of nie? 113
   - 3.2 Medikasie vir melaatses 116
   - 3.3 Wetgewing ten opsigte van melaatses 117
     - I Afsondering, verwydering en aanhouding van melaatses 120
   - 3.4 Die drie melaatse kinders 122

4 Verband tussen die rolprente en die naam "Spookhuis" 126

   - 4.1 Verwarring in verband met films 130
     - I Die sogenaamde "spookstorie" 135
     - II Binnetonele 137
   - 4.2 Die Erasmuskasteel staan leeg 137
   - 4.3 Spookervarings 139

5 Gevolgtrekking 142

V RESTOURASIE VAN DIE ERASMUSKASTEEL 143

1. Inleiding 143
2. Redes vir die bewaring van die Erasmuskasteel 145
3. Etiek vir bewaring 153
4. Voorbereiding vir die bewaring van 'n gebou 154
   - 4.1 Inventaris 154
   - 4.2 Aanvanklike inspeksie 155
   - 4.3 Vorme van "ingryping" 158
5. Bewaringstrategie vir die Erasmuskasteel 166
6. Deurlopende dokumentasie 171
7. Die inrigting van die huis vir kantoorgebruik 173
8. Die regulering van temperatuur 176
9. Die 1860-huis en die 1890–huis 180

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Bladsy

VI TOEKOMSPERSPEKTIEF 188

VII BRONNE 191

OPSOMMING/ SUMMARY 207

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

ILLUSTRASIES

Figuur		Bladsy
1.	Barton Keep	14
2.	Kuratorswoning in Burgerspark	16
3.	Huis Neethling	19
4.	Kya Rosa	20
5.	Carel Jacobus Erasmus wat Garstfontein gekoop het	39
6.	Martha Louisa Erasmus (geb. Prinsloo) wat die kruiedokter was	40
7.	Jochemus Johannes Petrus Erasmus en sy vrou, Johanna Jacoba Erasmus (geb. Van Schalkwyk)	56
8.	Frans van der Ben se handtekening	62
9.	Vloerplan van die Erasmuskasteel	75
10.	Die Erasmuskasteel vanuit die noordekant gesien	76
11.	Twee tipes houtsierwerk: die langwerpige s-vorm en die boë	79
12.	Die Erasmuskasteel se toring	81
13.	Die Erasmuskasteel se gang	82
14.	Die dwarsgang	83
15.	Die Erasmuswa wat uit die Kultuurhistoriese Museum "verdwyn" het	86
16.	Uitstulping van die veranda voor die hoofslaapkamer	90
17.	Die Erasmuskasteel se agteraansig. Die badkamervenster is sigbaar	92

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Figuur		Bladsy
18.	Uitstulping van die veranda voor die hoofeetkamer	96
19.	Kinderkamer en toring vanuit die noordekant gesien	100
20.	Vooraansig van die Erasmuskasteel se eerste vlak	102
21.	Pioniershuisie se vooraansig	125
22.	Die 1890-huis se vooraansig	125
23.	Die Erasmuskasteel se vooraansig	130
24.	Voordeur	146
25.	Die herboude kombuis	161
26.	Die Erasmuskasteel se hoofingang	173
27.	Die herboude pionierswoning	184
28.	Die houtsierwerk aan die agterkant van die 1890-huis	185
29.	Die houtsierwerk aan die voorkant van die 1890-huis	186
30.	Trappe na die solder van die 1890-huis	187

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Woordelys

Art Nouveau: of Jugendstil is op vloeiende lyne gebaseer wat organies van oorsprong is, byvoorbeeld plante en die menslike vorm.

Bewaring: die huis moet so goed as moontlik beskerm word teen skadelike elemente.

Erkervensters: uitgeboude vensters wat ook as komvensters bekend staan. Die uitgeboude venster is in ‘n halfsirkel en skep ‘n mooi sonnige hoekie.

Herstel: die gebou moet na sy oorspronklike glorie gemaak word.

Historiese argeologie: historiografiese navorsing word saam met die argeologiese bevindinge gebruik.

Instandhouding: die huis moet teen verval en ondergang bewaar word.

Steentydperk: “voorhistoriese” tydperk waar werktuie hoofsaaklik van klip of steen gemaak is. Daar is in die breë drie tydperke naamlik Vroeë-, Middel-, en Laatsteentydperk. Ongeveer vanaf 500 000 v.C. - 850 v.C.

Reprodusering: nabootsing van die oorspronklike.

Rekonstruksie: getroue herbouing van ‘n gebou wat afgebreek is.

Restourasie: herstel of herbouing van ‘n gebou om so getrou moontlik aan die oorspronklike te lyk.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Ystertydperk: die laaste "voorhistoriese" tydperk. Die kuns om metaal vanuit ertse te verkry, is gevind. Ongeveer 850 v.C.

Nuwe name wat onlangs verander het

Krygkor Openbare Betrekkinge:	Krygkor Korporatiewe Kommunikasie
Pietersburg:	Polokwane
Transvaalse Argiefbewaarplek:	National Archives of South Aftica of Nasionale Argief van Suid-Afrika
Voortrekkerhoogte:	Thaba Tshwane

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

I VICTORIAANSE BOUKUNS IN SUID - AFRIKA

1. Inleiding

Victoriaanse argitektuur is die weerspieëling van 'n ongekende sosiale, intellektuele en tegnologiese tydperk. Die Victoriaanse tydperk kan rofweg in drie periodes verdeel word naamlik die vroeë- (1837-1855), middel- (1855-1875), en laat-Victoriaanse tydperk (1875 tot die begin van die twintigste eeu). 'n Ander term wat ook dikwels gebruik word, "Hoog Victoriaans", dek gewoonlik die middel-Victoriaanse tydperk en het spesifieke stylkenmerke soos Hoog Victoriaanse Gotiek en Hoog Victoriaanse Eklektisisme.[1]

Koningin Victoria (1818 - 1901), na wie dié era heet, het vir drie en sestig jaar geregeer in 'n tyd waar ontwikkelinge spoedig gevolg het in Brittanje se industriële rykdom, politieke mag asook sosiale en artistiese lewe. Die fout moet nie gemaak word dat die Victoriaanse tyd self-insluitend was nie. Die Industriële Rewolusie was reeds vir meer as sewentig jaar onderweg, toe koningin Victoria die troon in 1837 bestyg het. Brittanje het nie net haarself voorsien van goedere nie, maar het die meerwordende verskeidenheid goedere soos stowe, baddens en tekstielmateriaal na Europa, Amerika, Afrika asook Asië uitgevoer.[2]

Brittanje het sy argitektoniese styl en argitekte na sy kolonies uitgevoer. Die jong mans, met hulle kennis van patroonboeke en voorafvervaardigde materiale, het na verre stede van die Britse ryk vertrek. Gewoonlik het die jong argitekte hulle opleiding gekry as vakmanne onder argitekte wat die heersende modes aangegee het. Baie van die jong argitekte het hulle

---

1 R. Dixon & S. Muthesius, *Victorian architecture*, p. 17.

2 *Ibid*., p. 8; M.Perry (ed.), *Western Civilization, a brief history*, pp. 331-348.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

moederland verlaat as gevolg van kwynende gesondheid of met die hoop op en nastrewe van rykdom in die nuwe stede wat besig was om te ontwikkel.[3]

Dié uitgevoerde argitektoniese style waarna hierbo verwys word, het lank gevat voordat dit mode geword het. Wat reeds mode was in Europa kon tot tien jaar neem voordat dit die uiterste dele van die wêreld bereik het. Nog 'n rede vir die lang gedraai van tydgenootlike argitektuur was die tradisionele boumetodes wat nog in die kolonies gebruik is. In Suid-Afrika het die Kaaps-Hollandse boutradisie voortgeduur deur die Georgiaanse era met sy klassieke elemente, wat die Victoriaanse tydperk voorafgegaan het. Dié klassieke elemente van die argitektuur bly die herhaaldelike keuse in Westerse lande. Die gevolg was dat daar interessante resultate gevolg het met die inheemse idees en die idees van die jong argitekte van Europa. Die Europese tradisies is by die omstandighede van die land aangepas. 'n Mens kan in hierdie opsig ook verwys na stylistiese verskeidenheid, waar argitekte verskillende style saam gebruik het.[4]

Die Britse invloed het ver gestrek. Polities en ekonomies was Brittanje, veral in dié tydperk, selfonderhoudend. Neo-Klassisisme waarin Brittanje 'n groot rol gespeel het, was maar vir 'n geslote hoeveelheid internasionale vakkundiges beskore. Laasgenoemde is ook waar ten opsigte van die latere Klassieke en Renaissance herlewings, maar dit is wel moeilik om te bepaal watter land eerste met die bewegings begin het. Brittanje se insette was net op 'n groter skaal en

---

3 D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 5.

4 D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 5; R. Dixon & S. Muthesius, *Victorian architecture*, pp. 17, 19; R. R. Lawrence & T. Chris; *The period house, style and decoration 1774-1914, p.17*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

het meer trefkrag en invloed gehad.[5]

Daar is diegene wat meen dat die Victoriaanse argitektuur gefaal het . Een van hulle grootste besware is dat die argitekte onsuksesvol probeer het om 'n styl van hulle eie te skep en die argitekte was van mening dat styl bloot 'n ornament was. Tog moet 'n mens ook kyk na die vernuf wat die argitekte aan die dag gelê het om plaaslike elemente en style met die meer "tradisionele" Europese modes te kombineer. J. S. Curl lê klem daarop dat die Victoriaanse tydperk in oormaat gekritiseer word. Volgens Curl was hulle prestasies briljant en gewaagd in konstruksie. Hulle het ook funksionele oplossings vir die probleme wat hulle in daardie dae ervaar het, geskep. Ten spyte van hulle praktiese aanleg en oplossing van moeilike argitektoniese probleme is hulle werk nog steeds vir lank in die skadu gestel. Menige beskou Victoriaanse geboue as monstrositeite of gruwels, ongemaklik en onfunksioneel. Die Victoriane was wel nie romanties nie, maar hulle was prakties georiënteerd. Hulle het ontwerp sodat die konstruksie duursaam was en hulle het baie goed gebruik gemaak van die nuwe materiale en tegnieke van die tyd.[6]

Die variasies van die idees het verskil van land tot land met belangrike faktore wat 'n rol gespeel het. Die klimaat van 'n land het 'n kardinale rol gespeel asook die beskikbaarheid van ingevoerde en plaaslike boumateriale. Gegolfde-yster (sinkplaat) was 'n belangrike identifiseringsmiddel. In Europa is dit selde in belangrike geboue gebruik, maar in streke met 'n strawwe klimaat is hierdie versterkte materiaal ideaal vir dakwerk.[7]

Stoepe en verandas is ook 'n belangrike identifiseringsmiddel. Min koloniale geboue was sonder dié byvoegsels wat kenmerkend van gebiede met 'n warm

---

5 R. Dixon & S. Muthesius, *Victorian architecture*, p. 28.

6 J. Summerson, *Victorian architecture, four studies in evaluation*, pp. 4-6; J. S. Curl, *Victorian architecture, its practical aspects*, pp. 23, 107.

7 D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 5.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

klimaat was. Die Britte het Suid-Afrika en Indië as tropiese lande beskou en dus is daar baie ooreenkomste tussen die geboue van dié twee lande. Die stoepe en verandas en veral dié met sinkdakke gee heeltemal ‘n ander voorkoms aan die Victoriaanse volksboukunde in Suid-Afrika. [8]

Die Victoriaanse invloede was nie net van Brittanje afkomstig nie, want daar het argitekte van Nederland en ander lande in Europa ook na Suid-Afrika gekom om in die Boere-republieke te werk. Na 1860 tot die eeuwisseling het dit die argitekte vrygestaan om te kies watter kombinasie style hulle wou gebruik. Voortreflike argitekte het inspirasie geput vanuit hulle lande van oorsprong en dit in die nuwe omstandighede aangepas. Hierdie geboue was van die beste wat tydens dié era in Suid-Afrika opgerig is, ten spyte daarvan dat boumateriaal van heinde en ver gebring is deur ossewaens wat van hobbelrige paaie gebruik moes maak. Die arbeid en omstandighede oor die algemeen was ook maar primitief.[9]

Die diamant- en goudstormloop asook die aanvang van spoorweë het as stimulante vir die bou-industrie gedien. Nuwe stede het ontwikkel en die nuutgevonde rykdom asook die nuwe kommunikasiemiddels het daartoe gelei dat nuwe idees en nuwe materiale vinniger versprei het. Die argitekte wat as pioniers begin het, was nou goed ingeburger in hulle projekte en daar het nou jong bloed op die toneel verskyn. Dit was die begin van ‘n nuwe era wat die weg voorberei het vir die Edwardiaanse styl.[10]

---

8 *Ibid.* ; H. Meiring, *Pretoria 125*, p.18.

9 D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 5; R. Dixon & S. Muthesius, *Victorian architecture*, p. 24.

10 D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 5.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

2. Die stand van die Victoriaanse boukuns in Australië en Nieu-Seeland

In kolonies soos Nieu-Seeland en Australië het die argitektoniese style baie ooreengekom met dié van Suid-Afrika, omdat die setlaars en immigrante van dieselfde Europese herkoms was. Dit is hoofsaaklik te danke aan die verbeteringe in die vervoer wat dan ook aanleiding gegee het tot die verdere ontwikkeling van die Industriële Rewolusie en sodoende ook die sosiale veranderinge wat dit teweeggebring het. Die spoorweë was rewolusionêr, vinnig, effektief en bekostigbaar. Laasgenoemde was egter nie van toepassing op die vervoer van boumateriale nie en sodoende het hulle, waar moontlik, van plaaslike materiale gebruik gemaak. [11]

Emigrasie was ‘n bedryf waar die emigrante baie advies ontvang het uit handboeke wat gepubliseer is om hulle aan te moedig om te emigreer. Ander boeke het daarmee saam verskyn wat die emigrante advies gegee het wat om saam te neem na Nieu-Seeland asook hoe om ‘n huis in die nuwe land op te rig. Die koloniale filosofie was om mense vanuit die kapitalistiese asook werkende klasse na die nuwe land te lok. Rondom hierdie idee het daar verdere industrieë gespruit, soos die invoer van geboue van hout asook verskeie tipes voorafvervaardigde huise van hout of yster. Eenvoudige hout- of ysterhutte asook meer ornamentele gegote-yster villa’s, kerke en hotelle is gestuur. Soms is die huise volledig oorgestuur, maar gewoonlik was dit net die raamwerk van die huis wat gestuur is sodat dit dan later met beskikbare materiale “oorgetrek” kon word.[12]

In Nieu-Seeland is die eenvoudigste tipe huisies gebou volgens die kubus-metode. Hierdie basiese metode het homself daartoe geleen dat daar altyd bygevoeg kon word, of die eenvoudige kubus tipes kon gekombineer word byvoorbeeld om ‘n verdieping op te rig of om ‘n veranda aan te bou. Dit was

---

11 R. Dixon & S. Muthesius, *Victorian architecture*, pp. 8, 15.

12 J. Salmond, *Old New Zealand houses*, p. 27.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

ook moontlik om net die buitenste konstruksie van die huis te bou, totdat daar genoeg geld was om die binnekant te voltooi. Dit was net so maklik om aan te bou by die huise wat dan aanleiding gegee het, dat dié eers stereotipe ou huisies hulle eie unieke waarde en kenmerke begin kry het.[13]

Verder was daar ook maatskappye wat enige deel van die huis, vanaf die basiese dele, soos rame, deure, waterslagplanke en vensters kon voorsien, maar ook die hele huis in geheel, soos die hek en omheining en die meubels kon gemaak word. Hierdie mark is aan die publiek deur advertensies in die koerante, asook die jaarlikse almanakke, voorskrifboekies en die maatskappykatalogusse, bekendgestel.[14]

Die inwoners van Australië was baie ongelukkig oor die feit dat Engeland nog steeds gevangenes na Australië gestuur het. Om die saak te beredder, het die goewerneur, Gipps, vanaf 1838 openbare vergaderings gehou waar die mense hulle menings kon lug waarna dit dan gepubliseer is. Teen 1841 was daar reeds tekens van die verbeterde toestand van die mense se morele en sosiale omstandighede en die skeidslyn tussen die vry nedersetters en die gevangenes het stadig , maar seker begin vervaag. Die jaar 1890 was die keerpunt waar Australië werklik ‘n einde gemaak het aan sy Koloniale periode. [15]

Die algemene smaak in argitektuur was in ‘n deurmekaar stadium. Jan Alleman en die argitekte is beïnvloed deur die verval van die fyn hoofelemente van ontwerp wat gebruik is deur die Georgiaanse argitekte. Australië was in daardie stadium nog polities en tot ‘n sekere mate ekonomies ‘n kolonie van Groot-Brittanje. Dit het so gebly vir baie jare, maar die verhouding tussen dié twee lande het met die verloop van tyd versleg. Die argitektuur van Australië het ook dié breuk wat in ongeveer 1840 gekom het, weerspieël. Laasgenoemde het

---

13 *Ibid.*, pp. 73-74.

14 J. Salmond, *Old New Zealand houses 1800-1940*, pp.96-97.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

nie beteken dat die koloniale invloede nie in die argitektuur voorgekom het nie, maar daar was ‘n nuwe konsep wat gemanifesteer het.[16]

Die groot depressie wat Australië in 1842 beleef het, het die bou-industrie in daardie stadium tot stilstand gebring. Oor die daaropvolgende vyftig jaar, binne die bestek van ‘n enkele geslag, het Australië van ‘n klein buitepos van die Britse ryk tot ‘n belangrike element van die Britse ekonomie verander. Die ekonomiese vooruitgang is hoofsaaklik aan die veeteelt-, landbou en natuurlik die ontdekking van goud in die oostelike state te danke. Veral die goudstormlope het daartoe gelei dat die stede geweldig uitgebrei het. In Australië, soos in alle dele van die wêreld wat deur Westerse imperialisme geraak is, het die Victoriaanse argitektuur gestaan vir vertroue, materiële vooruitgang, rykdom en die triomfantlike oorlewing van die sterkstes.[17]

3. Victoriaanse boukuns in Nederland

In Nederland word die ontwikkeling van die boubedryf tydens die Industriële Rewolusie, waardeur die ambagte vervang word deur ‘n meer gekonsentreerde industriële produksiewyse, voltrek. Die bouwerk het eenvoudiger geraak. Nederland het die Engelse as voorbeeld gebruik gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu ten opsigte van enkele bedryfsgeboue en fabriekinstallasies en daarna het dit meer saaklike karaktertrekke gekry.[18]

Tussen 1880 en 1900 is die argitekte geïnspireer deur die Renaissance-argitektuur, veral dié vanuit die Nederlandse voorbeelde uit die sestiende- en

---

15 M. Herman, *The early Australian architects and their work*, pp. 207-208.
16 *Ibid.*, pp. 212, 218.
17 R. Apperly *et al*. (eds.), *A pictorial guide to identifying Australian architecture, styles and terms from 1788 to the present*, p. 41.
18 M. Stenchlak, *Argitektuurgids van Nederland*, p. 159.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

sewentiende eeu. Die ontwerpe was uiters nugter ten opsigte van die huise wat vir die werkersklas ontwerp is, maar meer uitspattig vir die rykes.[19]

Nederland het min natuurlike klippe en dus het bakstene so 'n belangrike rol in die geskiedenis van die Nederlandse argitektuur gespeel. Die tegniek van steenmakery het verlore gegaan met die val van die Romeinse Ryk, maar in die twaalfde eeu is dit herontdek en die waarde van hierdie boumateriaal word tot vandag nog wel deeglik besef. Bakstene was aan die begin vreeslik duur en is vir 'n lang tydperk nie vir die bou van huise vir gewone mense gebruik nie. Die ryke baksteenkultuur van Nederland is wel duidelik sigbaar in die werke van Sytze Wierda (1839 - 1911) en die argitekte van die Departement van Publieke Werken.[20]

Die boukuns in die Nederlandse kolonies, soos Suriname, Nederlands-Antille, ensovoorts word nie hier bespreek nie, aangesien dit nie deur die Britte beset is, soos wat dit in Suid-Afrika die geval was nie. Die navorser wil bloot net 'n breë agtergrond gee om as inleiding te dien vir die invloed wat Victoriaanse boukuns in Pretoria en omgewing gehad het. Hier is Brit en Nederlander saamgegooi en daar was moontlik wedersydse idees wat uitgeruil is.

4. Boukuns in die Z.A.R.

Met die ontdekking van goud op die Witwatersrand kon die Z.A.R. (1877 - 1899) dit bekostig om regeringsgeboue op te rig asook om brûe te bou.

Paul Kruger het besluit om 'n "Regerings Ingenieur en Argitek" aan te stel as "Hoof van Openbare Werke" om 'n ogie te hou oor die konstruksie van nuwe

---

19 A. P. Smaal (ed.), *Looking at historic buildings in Holland*, p. 32.

20 A. P. Smaal (ed.), *Looking at historic buildings in Holland*, p. 35: H.M. Rex, *Die lewe en werk van Sytze Wopkes Wierda in Nederland met verwysing na sy betekenis vir die Zuid-Afrikaansche Republiek*, D. Phil.-proefskrif, U.P., 1974, p. 451.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

staatsgeboue. Sytze Wierda wat afkomstig was van Nederland het die pos in 1887 opgeraap. Hy was "Hoof Opsigter van Konstruksie" op die Nederlandse Spoorweë, wat hom goeie ondervinding gegee het ten opsigte van die argitektuur en ingenieurswese. Wierda het aangehou om die Transvaalse Republiek te dien, totdat die bouwerk met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog tot stilstand gekom het. Onder die leiding van Wierda het die Departement van Publieke Werken baie uitgebrei, sodat hulle met die benodigdhede vir die vinnig-groeiende stad kon tred hou. Verskeie goed-gekwalifiseerde argitekte van Nederland het by sy personeel aangesluit en saam het hulle baie van die geboue van die Republiek, nie net in Pretoria en Johannesburg nie, maar ook in dorpe soos Krugersdorp, Boksburg, Klerksdorp en Rustenburg opgerig.[21]

Die invloed wat Sytze Wierda sedert die tagtigerjare op die openbare sektor gehad het, het tot 'n bloeitydperk met die verbeterde bou asook netwerkstelsels van paaie, die bou van estetiese en funksionele brûe en die oprig van regeringsgeboue gelei. Wierda se leiding gedurende die Z.A.R. se regeertydperk het die verskillende aspekte van die Hollands-Afrikaanse elemente, maar ook die kultuurlewe, in die Suid-Afrikaanse argitektuur inslag laat vind.[22]

5. Aspekte van Victoriaanse boukuns in Pretoria en omgewing

In die argitektuur, soos op ander gebiede van kuns, het Suid-Afrika konstant idees van ander lande geleen. Dié geleende idees is hoofsaaklik te danke aan die mense wat van ander lande af gekom het en hulle invloede gedeel het wat tot die argitektoniese ontwikkelinge in Suid-Afrika gelei het. Dit het egter nie beteken dat Suid-Afrika bloot net 'n spieëlbeeld van buitelandse idees en style

---

21 D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 168 ; H.M. Rex, *Die lewe en werk van Sytze Wopkes Wierda …*, p. 372.

22 H. M. Rex, *Die lewe en werk van Sytze Wopkes Wierda…* , pp. 376-378.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

van die boubedryf was nie, omdat die omstandighede vir baie jare primitief was, met ‘n klein bevolking en ‘n onderontwikkelde land wat sulke argitektoniese bakermatte onmoontlik gemaak het. Dus, Suid-Afrika het aan die begin geneem wat aanvaarbaar en esteties was en dit is dan op sy eie manier geïnterpreteer. Nader aan die einde van die negentiende eeu, met die verbeterde organisasie van mense en materiale, was daar ‘n meer getroue nabootsing en vervoer van idees en in die besonder dié van die karaktertrekke

van geboue wat behoort het aan die eindelose reeks Victoriaanse herlewings van style van ander lande en periodes. Baie van die geboue is met bekwaamheid en vertroue opgerig. Selfs in arm ontwikkelde gemeenskappe, wat ver van hawens en spoorweë was en onder swak vakmanskap, armoede en gebrek aan geld gebruik gemaak het, was daar tog enkele geboue, soos spoorwegstasies, stasiemeesters se huise en landdroshowe wat uitgestaan het. [23]

In die laaste twee dekades van die negentiende eeu was daar in beide huis- en openbare boukuns ‘n oplewing. Die ontwikkelinge was nie net in die Kaapkolonie nie, maar ook in die twee Boere-republieke en die Natalkolonie aanwesig. Die laat-Victoriaanse woonhuisargitektuur besit elemente van die basiese klassisisme wat oor die hele spektrum van die negentiende eeu strek. Die plat, simmetriese fasades is vervang met sterk, ruim fasades en dan dikwels met verskillende elemente of style wat gekombineer is. Een van die kenmerke is die stoepkamers waarvan baie erkervensters gehad het. Bokant is hulle versier met windveergewels wat bestaan uit uitgesnyde houtpatrone; soms is daar ook van Neo-Kaaps-Hollandse gewels gebruik gemaak.[24]

---

[23] D. Greig, *A guide to architecture in South Africa*, pp. 36-37.
[24] H. Fransen, *Drie eeue kuns in Suid-Afrika*, p. 141.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Pretoria wat nederig ontstaan het, het uitgebrei in die vyf valleie, tussen sewe heuwels, waarin daar ‘n vermenging van style byvoorbeeld dié van Britse, Nederlandse, Italiaanse, Plaaslike, Voortrekker, Duitse en Griekse invloed ontstaan het. [25]

Die doel van hierdie studie is om die Erasmuskasteel te bespreek, daarom word daar nie ‘n breedvoerige uitleg van die ander tipes boukuns, soos hierbo gemeld, gedoen nie.

Die Victoriaanse huis is ‘n visuele verklaring van die eienaar. Die huis kan die eienaar se liefde vir die eksotiese uitbeeld en soms selfs sy weerstand teen die gewone aanvaarde modes van die tydperk. Tog was die huiseienaar ‘n kind van sy tyd en kenmerke van die tyd se argitektuur sal wel deursypel en hoewel die gebou “privaat” is, was dit nog steeds ‘n sosiale verskynsel, veral as ‘n mens dink aan hoe belangrik dit vir hulle was om gaste te onthaal.[26]

Victoriaanse huise in Pretoria is gemaklik met deftige torinkies, verandas, gegote yster en gebrandskilderde glas en gebou vir die gesinslewe. Dié huise het gewoonlik in ‘n romantiese tuin met ‘n versierde fontein en gegote-yster hekke gestaan. Gedurende die vroeë negentiende eeu het die huise nog Georgiaans gebly. Teen die middel van die negentiende eeu het die huis ‘n eenvoudige vooraansig met groot vensterrame gekry en die enigste vorm van versierings was die fyn saagwerk aan die hout van die stoepe en balkonne. Hierdie basiese ontwerp is nog lank in die twintigste eeu in die landelike gebiede gebruik.[27]

Pretoria is op 16 November 1855 op die plaaslanderye (Elandspoort) van President Marthinus Wessel Pretorius (1819 - 1901) gestig. In 1857 het

---

25 V. Allen, *Kruger’s Pretoria, buildings and personalities of the city in the nineteenth century*, p.xi.

26 R. F. Jordan, *Victorian architecture*, p. 206.

27 D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 11.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Andries Francois du Toit 'n kaartopname van Pretoria as dorp in sy oorspronklike vorm gemaak. Du Toit was ook die eerste landdros en volgens hom het hy en sy heemraad baie probleme gehad om die belastinggeld in te samel, veral omdat daar nie polisie of selfs nie eens 'n tronk was nie.[28]

Die twee bestaande republieke het saamgesmelt en Pretoria is gekies as die regering se setel. Teen 1863 was daar reeds tagtig huise in Pretoria. In die groeiende Pretoria was die huise nog steeds gebou in die Transvaalse weergawe van Kaaps-Hollandse boukuns met die tradisionele gewitte modder mure en grasdakke. Dié huise het in groot tuine gestaan wat water gekry het uit die vore wat langs die strate geloop het. Die watervoorsiening het bestaan uit leivore wat water vanaf die Fonteine gevoer het. Dié primitiewe metode is tot 1903 gebruik, toe die stelsel na ondergrondse pype verander is. [29]

Pretoria is in 1877 deur Brittanje geannekseer. Die anneksasie is beëindig in 1881 en Paul Kruger is ingesweer as die President van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Elke deel van Pretoria se kort geskiedenis het bygedra tot die vorming van die stadsgesig, maar dit was eers na die ontdekking van goud (1886) by Barberton, Lydenburg en op die Witwatersrand, dat Pretoria regtig tot 'n stad begin groei het. Die jong Republiek se nuwe rykdom het daartoe gelei dat die regering meer geld kon uitgee en nuwe geboue laat bou het, wat dan ook as 'n statussimbool gedien het. [30]

Gedurende die laaste twee dekades van die negentiende eeu het die Transvaalse weergawe van die tradisionele Kaaps-Hollandse styl gekwyn en omtrent heeltemal uitgesterf. Die weg is gebaan vir die verskeidenheid style wat

---

[28] *Ibid.*, p. 273.

[29] D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 275.

[30] *Ibid.*, p. 273; L. Callinicos, *A people's history of South Africa, gold and workers I*, p.8.

[31] *Ibid.*, pp. 273-275.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

die mode van dié tydperk aangebied het. Vanaf 1885 het daar argitekte, onder andere, uit Nederland gekom en hulle idees van boumetodes en ontwerp was rewolusionêr vir Pretoria, wat op daardie stadium bykans van die buitewêreld afgesny was. Die enigste metode van kommunikasie was per ossewa totdat 'n spoorlyn voltooi is.[31]

Tydens die Britse anneksasie van Pretoria, het Sir Theophilus Shepstone die gesag gevoer. Hy het in die woning "Ulundi", op die hoek van Schoeman- en Andriesstraat gebly terwyl sy sekretaris, Sir Rider Haggard, vir homself Jesse Cottage gebou het. Generaal Piet Joubert het vir hom (gedurende dié jare) 'n huis in Visagiestraat, teenoor die Transvaal Museum en die Voortrekker Gedenksaal gebou. Joubert het letterlik sy huis met sy eie twee hande en met die hulp van reisende werkers gebou.[32]

Die persone wat hulle fortuine gemaak het gedurende die florerende mynjare, wou graag hulle rykdom uitbeeld in die manjifieke huise wat hulle vir hulleself en hulle huisgesinne gebou het. Hoewel Johannesburg nie te ver van die republikeinse hoofstad Pretoria, was nie, het Pretoria se leefwyse baie verskil teenoor dié van Johannesburg. Die huise in Johannesburg was onder Britse invloed teenoor die huise van Pretoria wat meer onder die Nederlandse invloed was. Die huise van die mynmagnate in Johannesburg het nie teruggestaan vir die herehuise in Australië nie, want op die Witwatersrand was geld volop na die ontdekking van goud. So het die staatsargitek Sytze Wierda se invloed ook oor Pretoria gestrek en getoringde huise het orals opgeduik.[33]

Jacob Maréstraat was die beste adres gewees om 'n ware rykmanshuis in te bou. Melrosehuis is deur George Heys, een jaar na die ontdekking van die

---

[32] D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 273.
[33] *Ibid.*, p. 297.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

hoof goudrif gebou. Heys het sy fortuin met sy vervoer besigheid gemaak en sy rykdom was duidelik te sien in sy huis. Dié huis het niks kort gekom nie. Die beste materiale is van oorsee af ingevoer of plaaslik vervaardig . 'n Entjie wes in dieselfde straat is Barton Keep wat deur E. F. Bourke laat bou is.[34]

6. Enkele huise van Pretoria uit die laat-Victoriaanse tydperk

6.1 Barton Keep

Figuur 1: Barton Keep
Foto: T. Rossouw, 1999-12-16.

Edward Bourke, 'n winkeleienaar van Durban, het in 1871 na Pretoria gekom, waar hy sy fortuin gemaak het. Hy het vir hom 'n deftige tweeverdieping huis, moontlik die eerste van sy soort in Transvaal, gebou.[35]

---

34 *Ibid.*, pp. 297-299.

35 H. Meiring, *Boukunsskatte van Suid-Afrika*, p. 28; D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 299.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Bourke het ‘n groot huis verlang vir sy gesin en hy het die stuk grond wat van Jacob Maré- tot Minnaarstraat strek, vir die bou van Barton Keep gekoop. Dié huis is reeds in 1885 beplan en Bourke het self na Nederland gegaan waar die finale planne opgetrek is. Bourke het ook bouers vanaf Nederland laat invoer om die huis te bou. Die huis is in ‘n tipiese romanties Neo-Middeleeuse styl, wat in daardie stadium baie gewild was, gebou. Bourke was so geesdriftig oor sy huis dat hy by meer as een geleentheid oorsee gegaan het om self die materiale en benodigdhede te gaan uitkies. Dit is dus vanselfsprekend dat die materiale vanuit Engeland en Nederland ingevoer is. Die huis is tussen 1886 en 1888 voltooi en besit Victoriaanse asook Franse “chateau”- kenmerke. Die huis is ook ‘n goeie voorbeeld van die negentiende eeuse denkbeeldige geveinsde - Middeleeuse voorkoms, met ‘n verlange na ‘n geïdealiseerde fiktiewe Middeleeue wat nooit bestaan het nie.[36]

Die resultaat was dat daar nog ‘n herehuis is met ruim vertrekke en al die Victoriaanse bykomstighede soos komvensters, figuursaagwerk, Middeleeuse sleutelgatboë, portaal, stoepe met sinkplaat dakke, en ‘n sirkelvormige toring met ‘n visskubdak gebou. Skakerings van Burne-Jones en die Pre-Raphaeliete word met die kruip-bekleedsel toring, en sleutelgat-boë opgetower. Die toring het drie sirkelvormige kamers, een bo die ander. Dié toring kan vergelyk word met die Erasmuskasteel se toring, maar in teenstelling met die Erasmuskasteel is daar wel meer as een vertrek in die toringgedeelte. Die dakke van Barton Keep is van sinkplaat. Die huis besit vuurherde vanuit Engeland, handgemaakte lyste, balustrades en in die voorhuis is daar rooshout met ivoor inlegwerk. Die gordyne was van Brusselse kant. Die eetkamer het plek gehad vir dertig mense, wat belangrik was in dié dae, omdat mense op ‘n groot skaal onthaal moes word. Die Erasmuskasteel se hoofeetkamer het ook vir dieselfde hoeveelheid mense plek gehad. Barton Keep was die

---

36 H. Meiring, *Boukunsskatte van Suid-Afrika*, p. 28; D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 299; H. Meiring, *Pretoria 125*, pp. 80-82; V. Allen, *Kruger’s Pretoria…*, pp. 159-160.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

eerste huis in Pretoria wat met gasligte verlig is. Die huis is toegerus met die beste uit dié periode. [37]

President Kruger het Bourke aangeraai om met die aanvang van die Anglo-Boereoorlog (1899 - 1902) na Engeland te gaan. In 1902 is Barton Keep as stafhoofkwartier (die militêre term) vir sir Alfred Milner en generaal lord Horatio Herbert Kitchener (1850-1916) tydens die ondertekening van die vredesverdrag in die nabygeleë Melrosehuis ingerig. Na die oorlog het Bourke na Pretoria teruggekeer en het later ook burgemeester geword. Bourke is in 1925 oorlede en sy huis word vandag as 'n konserwatorium vir musiek gebruik.[38]

6. 2 Burgerspark

[37] D. Picton-Seymour, Victorian buildings in South Africa, p. 299; H. Meiring, *Boukunsskatte van Suid-Afrika*, p. 28; V. Allen, *Kruger's Pretoria…* , p. 160; E. Bolsmann, *Pretoria artists' impressions 1857-2001*, p. 70.

[38] H. Meiring, *Boukunsskatte van Suid-Afrika*, p. 28; E. Rosenthal, *Ensiklopedie van Suidelike -Afrika*, p. 251.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Figuur 2: Kuratorswoning in Burgerspark.
Foto: T. Rossouw, 1999-12-16.

Thomas Francois Burgers, die president van die ZAR het in 1874 grond vir die aanleg van ‘n botaniese tuin goedgekeur. Die aanleg van die tuine het slegs na die ontdekking van goud, toe daar genoeg geld was om bome en plante aan te plant, begin. George Heys, eienaar van Melrosehuis wat oorkant die park geleë is, het dit op hom geneem om die park uit te lê. Heys het dit in samewerking met die botanis, James Hunter, gedoen. Die grond waarop die botaniese tuin uitgelê sou word, was vermoedelik die kampeerplek van die eerste trekkers wat op reis was deur Elandspoort. In 1892 is die park aan die owerhede gegee en ‘n kurator is aangestel. Tussen die bome is daar ‘n tipies Europese huisie opgerig met baie *Art Nouveau*-kenmerke asook ‘n hoekige torinkie. Dié huis is ‘n tipiese voorbeeld uit die Jugendstil en ook tipies van Wierda en sy argitekte van die Departement Publieke Werken in die Z.A.R. Dit herinner ‘n mens ook aan ‘n klein kerkie en dis sekerlik een van die kleinste Republikeinse argitektuurstrukture wat opgerig is. Die huis dien nog steeds as woning vir die kurator van die park.[39]

6.3 Doornkloof

Genl. J. C. Smuts (1870 -1950) het die ou menasie wat op Middelburg gestaan het by lord H. H. Kitchener gekoop en het dit in 1909 op sy plaas in Irene herbou. Dié menasie is oorspronklik deur die Britse regering vanaf Indië ingevoer. Dis ‘n eenvoudige sink-houthuis met ‘n smal stoep rondom. Die spits gewel is kenmerkend van die Britse menasies uit daardie tyd. Die huis is later vergroot, maar ‘n mens kan nog duidelik waarneem dat dit ‘n militêre gebou was.[40]

---

39 H. Meiring, *Pretoria 125*, p. 74; V. Allen, *Kruger’s Pretoria…* , pp.189-197; D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 165.

40 H. Meiring, *Pretoria 125*, p. 108; E. Bolsmann, *Pretoria artists’ impressions 1857-2001*, p. 144.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Smuts het glo die menasie vir £ 300 (£ 1 is gelyk aan R 2) gekoop. Dit is binne ongeveer ‘n jaar herbou en het £ 2000 gekos.[41] Smuts was ‘n veggeneraal aan Boerekant tydens die Anglo-Boereoorlog. Hy het na die vredesluiting (1902) ‘n politieke loopbaan gevolg en het ook later Premier van Suid-Afrika geword. Hy het in sy huis in Irene gebly en nie in die amptelike woning van die Eerste Minister nie.

Smuts en sy gesin het in November 1909 hulle intrek in die huis geneem. Die huis het ook bekend gestaan as Die *Groothuis* of die *Sinkpaleis*.[42]

Indien die Erasmuskasteel se boumateriale voorafvervaardig was (soos later bespreek sal word) is dit heel moontlik dat die Erasmuskasteel ook binne ‘n jaar gebou kon word.

Skynbaar is daar ‘n manlike spook wat in die Smutshuis wandel.[43] Daar is in dié opsig ‘n ooreenkoms met die Erasmuskasteel. In laasgenoemde wandel daar glo ook spoke. Dié aanname is ongegrond en word teen sterkste deur die Erasmus-afstammelinge ontken.

Die Generaal Smuts Oorlogsveteraan Stigting subsidieer en onderhou die Smutshuis museum en eiendom.[44]

---

41 E. Bolsmann, *Pretoria artists’ impressions 1857-2001*, p. 145.
42 E. Bolsmann, *Pretoria artists’ impressions 1857-2001*, p. 145.
43 *Ibid.*, p. 140.
44 *Ibid.*, p. 145.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

6.4 Huis Neethling

Figuur 3: Huis Neethling.
Foto: T. Rossouw, 1999-112-16.

Dié huis is ontwerp deur 'n Nederlandse argitek, P. Westmaas, en is gebou deur 'n Italianer, Anselmino. Dit was die woning waarin die welbekende landbou-ekonoom dr. Chris Neetling grootgeword het. Die huis staan in Brooklyn, Pretoria.[45] Dit is interessant dat die Erasmuskasteel ook deur 'n Nederlander ontwerp en deur 'n Italianer gebou is.

Huis Neethling dra die datum 1894 en het twee indrukwekkende torinkies wat dekoratief versier is. Die huis het 'n veranda asook die alombekende houtluik , wat sierlik in die middel, bokant die voordeur, geplaas is. Dit wil lyk asof dié huis ook in die spookhuistradisie ontwerp is.

Dié huis se styl herinner 'n mens aan die Erasmuskasteel s'n. Daar is 'n Neo-Gotiese en Neo-Romantiese gevoel by die huis. Huise, en veral die wat in landskaptuine geleë was, was groter as die gewone landelike huise en dié

[45] H. Meiring, *Pretoria 125*, p. 92.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

huise is in verskillende Neo-Gotiese style gebou. Partymaal is die style so vermeng dat dit moeilik was om dit met die Middeleeuse Gotiek te vergelyk.[46]

6.5 Kya Rosa

Figuur 4: Kya Rosa

Foto: T. Rossouw, 1999-12-16.

Leo Weinthal, 'n Joodse joernalis en die redakteur van *The Press* in Pretoria het op 6 September 1895 'n erf in Skinnerstraat gekoop wat vroeër deel was van die plaas Elandspoort wat aan President M. W. Pretorius (1819-1901) behoort het . Weinthal het na sy huwelik 'n huis laat bou op dié terrein en die huis vernoem na sy vrou, Rosa. In 1896 het hy 'n aangrensende erf gekoop waarop hy, volgens oorlewering, 'n tweede huis self gebou het. Laasgenoemde huis het vanaf 1908 as Kya Lami bekend gestaan.[47]

Die eiendom in Skinnerstraat is op 8 Julie 1902 oorgedra aan die Koloniale Sekretaris van Transvaal wat dit vir opvoedkundige doeleindes aangewend het. Die eerste klasse van die *Pretoria Centre of the Transvaal University College* (T.U.C.) het op 10 Februarie 1908 in 'n ongemeubileerde huis, met vier professore en 32 studente 'n aanvang geneem. Die lesings het ook

---

46 R. Dixon & S. Muthesius, *Victorian Architecture*, p. 21.

47 P. Thomas-Kapp, Kya Rosa: bakermat van UP, *Jaarboek van die Africana vereniging van Pretoria* , 1995 XIII, pp. 40-41.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

onafgekondig begin. T.U.C. het die huis reeds in 1909 verlaat, maar dit is tot 1915 steeds as ‘n koshuis gebruik.[48]

Op 9 April 1979 tydens die Universiteit van Pretoria se vyftigsteste bestaansjaarvierings is daar besluit om Kya Rosa te koop en as kultuurerfenis te bewaar, aangesien dit die begin van dié Universiteit gesimboliseer het. Ongelukkig het dit onprakties geblyk om die huis tot sy glorie te restoureer. Die besluit is geneem om ‘n replika van die huis op kampus te bou. Die Departement van Gemeenskapsontwikkeling het dit goedgekeur dat daar soveel as moontlik van die oorspronklike materiale van Kya Rosa in Skinnerstraat gebruik kon word vir die replika.[49]

Die twee ouer huise by die Erasmuskasteel moes onder dieselfde strydbyl val. Of dit ‘n goeie besluit was om dié huise af te breek en te herbou is debatteerbaar. Dit sou tog beter wees om die huise in hulle oorspronklike posisies te bewaar, sodat ‘n mens ook ‘n goeie insig oor die posisie van die plaasopstal in sy geheel kon kry. Dan kan ‘n mens ook aflei hoe hulle byvoorbeeld in die vorige eeu aan die huis se plasing ten opsigte van die son, of naby ‘n waterbron, gedink het.

As ‘n mens dink aan Melrosehuis, Barton Keep en Kya Rosa en sovele ander buitengewone huise in Pretoria en omgewing, is dit moeilik om te besef hoe moeisaam dit was om die boumateriale tot in Pretoria te kry. Baie van die boumateriaal en meubels is per skip tot by Durban ingevoer waarvandaan die goedere tot in Pretoria per ossewa vervoer is. Daar was tot en met Januarie 1893 nog geen spoorwegaanleg na Pretoria gewees nie. [50]

---

48 *Ibid.*

49 E. Bolsmann, *Pretoria...*, p. 258.

50 V. Allen, *Kruger’s Pretoria…*, p. 176.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

6.6 Krugerhuis Museum

Die Krugerhuis is deur President Kruger laat bou en was sy persoonlike eiendom. Hy het uit die huistoelaag wat hy van die Z.A.R. ontvang het daarvoor betaal. Daar is eers 'n uitspattige presidensiële huis ontwerp deur Klaas van Rijsse, 'n Nederlandse argitek wat werksaam was in die Pretoriase Departement van Openbare Werke. Dié presidentswoning het egter nooit gerealiseer nie, omdat President Kruger slegs 'n eenvoudige woning verlang het. Kruger het eers gewag totdat hy seker was van sy presidensiële posisie na die verkiesing in 1883, waarin hy as president verkies is, voordat hy vir hom 'n groter huis laat bou het. Die erf is reeds in 1881 by James Kelly gekoop en het van Vermeulenstraat tot by Kerkstraat gestrek. Die huis is ontwerp deur Tom Claridge. Charles Clark het in opdrag van A. H. Nellmapius in 1883 die huis begin bou. Die woning is in 1884 voltooi. Die huis is in 'n tipiese kothuisstyl gebou. 'n Groot banket het met die ingebruikneming van die huis op 14 Augustus 1884 gepaard gegaan. President Kruger en sy vrou het vir sestien jaar saam in die huis gewoon, waarna President Kruger op 29 Mei 1900 Pretoria per trein verlaat het. Mev. Gesina Kruger (Paul Kruger se vrou) het tot haar dood op 21 Julie 1901 in die huis gewoon. [51]

Clark het stene gebruik wat by sy steengroef in Visagiestraat vervaardig is en die stoep was geplavei met leiklip wat verkry is vanaf 'n naby geleë koppie. Die relings en pilare is uit hout gesny en die dak was van sinkplaat en op die nok van die dak is 'n gegote yster versiering. Die huis self het verder weg van die pad gestaan met 'n voortuin met struike en bome en 'n gepleisterde muur met houtrelings, baie soos dié van die stoep. Die vooraansig van die huis is eenvoudig, met oorhangende/ uitsteek gewel stoepkamers wat versier is met

---

[51] H. Turkstra, Krugerhuis: een honderd jaar (1884-1984), *Museum-memo* 13(1), Februarie 1985, p.10; D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 163; V. Allen, *Kruger's Pretoria, buildings and personalities of the city in the nineteenth-century*, p. 17.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

spitse en balvormige versierings, asook Gotiese solder-openinge. Die binnekant van die huis, was in teenstelling met die buitekant, swierig met blomryke muurpapier, nagebootste marmer op die gangmure, egte marmer vuurherde en gevlamskilderde hout versier. Die plafon is van tong en groef planke wat verfraai is met lyswerk wat in kleure gegroepeer is om verskeie geometriese ontwerpe te vorm. Patroon en matglas asook gekleurde glas is in die boligte en deurpanele gebruik. [52]

Die huis was baie goed gemeubileer en het elektriese ligte asook die eerste telefoon in Pretoria gehad (telefoon nommer 1) , wat min wonings in daardie stadium besit het. Die huis is eenvoudig, maar solied gebou. Die ontvangskamers is groot, maar daar was nie baie slaapkamers nie en die kombuis is relatief klein, veral as ‘n mens dink aan Kruger se groot huisgesin (drie seuns en vyf dogters) asook die onthale wat hy vermoedelik by sy huis moes hou. Die Britse militêre polisie het na mev. Kruger se dood die huis beset (1901) en na die oorlog het president Kruger se skoonseun, F. C. Eloff, tot in 1918 daar gewoon, nadat hy die huis in 1904, na Kruger se dood, vir sy seun gekoop het. Die huis het vir ‘n kort periode as ‘n losieshuis, sonder Eloff se medewete terwyl hy oorsee was, gedien. Toe hy daarvan te hore gekom het, het hy dit dadelik gesluit. Die huis het tot in 1925 die eiendom van F. C. Eloff gebly. Sy eiendomsreg het verval en dit is die rede waarom die Bond van Afrikaanse Moeders die huis oorgeneem het en dele daarvan vir ‘n verpleeginrigting aangepas het. Volgens die inligting wat V. Allen verskaf, het Eloff die huis reeds in 1918 vir die Bond van Afrikaanse Moeders oopgestel, totdat hulle hospitaal in Beatrixstraat klaar gebou is. Mnr. en mev. Eloff is binne twee maande na mekaar, in 1924 oorlede. Die huis is deur die Unieregering wat die Kruger Museum wou stig, gekoop. Aangesien die nuwe

---

[52] D. Picton –Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 163.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Moedersbondgebou in Beatrixstraat nog nie voltooi was nie, het die verpleeginrigting die huis tot in 1932 gebruik. [53]

Volgens H. Turkstra is daar talle Krugermites, waarvan een dié is dat die huis gebou is van ‘n boumengsel wat met melk gemeng is. D. Picton-Seymour meld dat die bouers ‘n teorie gehad het dat melk ‘n beter bindingsmiddel as water saam met sement was en dus het hulle van dié metode gebruik gemaak. Picton-Seymour merk ook tereg op dat die huis vandag nog staan. Die beskikbare melk is glo elke oggend na Clark se kantoor op die hoek van Potgieter- en Schoemanstraat geneem en vandaar is dit na die terrein in Kerkstraat vervoer. Nog ‘n verhaal wat die rondte doen is dat A. H. Nellmapius die huis vir Kruger gebou het, hoewel dit onwaarskynlik klink omdat Kruger reeds ‘n baie ryk man was. Volgens V. Allen steek daar wel waarheid in dié aanname. In ‘n brief gedateer 16 September 1938 van dr W. J. Leyds, ‘n Hollander en die staatsekretaris, wat ‘n groot invloed oor Kruger uitgeoefen het en ook Kruger se vertroueling was, word daar gemeld dat Kruger aan hom vertel het dat Nellmapius die huis vir hom bou.[54]

6.7 Melrosehuis

Die Z.A.R. se onafhanklikheid is na die Anglo-Boereoorlog op 31 Mei 1902 weggeteken in Melrosehuis, wat daardie tyd deur H.H. Kitchener bewoon is. Dié herehuis staan in Jacob Maréstraat. Die kern van die huis is in 1886 gebou deur George Jesse Heys en die Heys nasate het die huis in 1967 aan die Pretoriase stadsraad verkoop. Die stadsraad het begin met navorsing en

---

53 H. Turkstra, Krugerhuis: een honderd jaar (1884-1984), *Museum-memo* 13(1), Februarie 1985, p. 10; V. Allen, *Kruger’s Pretoria, building and personalities of the city in the nineteeth century*, pp. 17, 20-21.

54 H. Turkstra, Krugerhuis: een honderd jaar (1884-1984), *Museum-memo* 13(1), Februarie 1985, p.10: D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 163; V. Allen, *Kruger’s Pretoria, buildings and personalities of the city in the nineteenth century*, p. 17.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

restourasie en die huis is ten volle gemeubileer met meubels van die vier geslagte van die Heys-familie wat daar gewoon het.[55]

George Jesse Heys het op 'n gereelde basis verfynings by sy huis gevoeg. Heys het in 1885 twee erwe in Jacob Maréstraat gekoop, regoor die grond wat later omgeskep sou word in Burgerspark. Heys het 'n Londense argitek, W. T. Vale, afgevaardig om 'n luukse huis te ontwerp in die nuutste modestyl. Die materiale wat benodig is vir die bou van die huis is per ossewa van Durban af aangery. Heys het die huis vernoem na die Melrose Abdy wat hy en sy vrou besoek het gedurende 'n reis na Skotland voordat hulle in hulle nuwe huis getrek het. Melrosehuis was eers bekend as Melrose Villa. [56]

Toe die familie hulle intrek in Melrose Villa geneem het, was die huis nie so groot soos wat dit vandag is nie. Die biljartkamer, konservatorium en die huidige kombuis is eers in die 1890er jare aangebou. Die eetkamer is terselfdertyd verdubbel in grootte en die huis se naam is verander na Melrosehuis. Die huis het vyf slaapkamers, waarvan een op die grondvlak is, die ander is op die eerste verdieping en daar is twee soldervertrekke. Die huis is romanties en ruim met 'n fantastiese tuin, 'n fontein en visdam. Die huis het balkonne en verandas en elke tipe venster denkbaar, van erker- tot soldervensters. Elke aspek van die huis is deftig versier. Selfs die dak het 'n besige gevoel met die gewels, torinkies, hoë skoorstene en die alomteenwoordige Pretoria lugopeninge. Alles was van die beste kwaliteit en die styl is oorwegend Koningin Anne (1665 - 1711), wat in daardie stadium baie populêr was onder die Engelse argitekte. [57]

---

55 H. Meiring, *Boukunsskatte van Suid-Afrika*, p.62; V. Allen , *Kruger's Pretoria…* , pp. 169-171.

56 D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 168; H. Meiring, *Pretoria 125*, p. 78; V. Allen, *Kruger's Pretoria…* , pp.175-176.

57 V. Allen, *Kruger's Pretoria…* , pp. 176-177; D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 168.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die Melrosehuis is natuurlik ‘n voorbeeld waar verskillende style gebruik is, vanaf die Kaaps-Hollandse gewels saam met Victoriaanse versierings en die interessante gebruik van bakstene wat meer klem op die gewels plaas. Die veranda verleen die eg Victoriaanse outentiekheid aan die huis.

6. 8 Militêre wonings

Wanneer ‘n mens in Potgieterstraat verby die Sentrale Gevangenis van Pretoria en net verby die ou artilleriekamp na die stad se kant toe ry, en uitkyk vir ‘n kleine straatjie genaamd, Artilleriestraat , sal ‘n mens die ontdekking van ‘n leeftyd maak. Dié vyftien offisiershuisies is gebou, eers ‘n paar jaar later, maar tog na aanleiding van ‘n opmerking wat Klaas van Rijsse, ‘n argitek van die ZAR gemaak het ten opsigte van die ou artilleriekamp met ‘n klomp swak beplande geboutjies wat op die terrein opgerig is. In Van Rijsse se verslag van 1893 maak hy die voorstel in “Memorie van Toelichting” dat daar vir die beter ontwerp en konstruksie van die militêre kamp voorsiening gemaak moet word en dat die ontwerp gebaseer moet wees op ‘n Neo-Renaissancestyl.[58]

Volgens ‘n verslag van Klaas van Rijsse in 1894 aan die Z.A.R. was dit tradisioneel dat offisiere by die militêre kamp moes bly. Hy het die voorstel gemaak dat daar ‘n ry huise net buitekant die artilleriekamp in Potgieterstraat gebou moes word, sodat ‘n mens die huise maklik vanaf die openbare pad kon bereik.[59]

Van Rijsse se vyftien huisplanne is in Desember 1895 voltooi en die oprig van die huise is omstreeks die middel van 1896 begin deur die Skot J.J. Kirkness (dieselfde persoon wat die latere verbouings by Sammy Marks gedoen het). Die huise is gedurende 1897 voltooi. Daar is ‘n huis vir die kommandant (A - tipe)

---

58 P. Alberts, *South African military buildings photographed*, pp. 40, 48 ; H. Meiring, *Boukunsskatte van Suid-Afrika*, p. 32.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

van die artilleriekorps, twee huise (B-tipe) vir die kapteins, ses (C-tipe) vir die luitenante en ses (D-tipe) vir die onderoffisiere. Die huise is nie almal identies nie. Ten opsigte van die hoogte van die plafonne, die hoogte en breedte van die gange en voordeurkosyne is daar verskillende afmetings. Nog een van die buitengewone kenmerke is die spasie wat gelaat is vir die parkering van hulle "spiders". [60]

Die A-tipe huis is die enigste van sy soort en is gebou vir die korpskommandant. Die huis is geleë op die hoek van Potgieterstraat en Artilleriestraat. Volgens Picton-Seymour was lt. – kol. S.P. E. Trichardt die eerste inwoner. Die huis het 'n tipiese Victoriaanse torinkie en is nie in pas met die gewone patrone wat deur die Z.A.R. se argitekte gebruik is nie.[61]

Al die geboue , met enkele uitsonderings, was van rooi bakstene met okersteen afwerking of pleister, volgens die belangrikheid van die gebou. Die huisies is van baksteen en klip en dra al die kenmerke van die Republikeinse argitekte. Al die huisies stem in hulle ontwerp ooreen (behalwe die korpskommandant s'n). Die huisies is as losstaande eenhede gebou op die Victoriaanse stedebouplan. [62]

Die ampswoning van die kommandant is nog in 'n redelike goeie toestand en die weermag gebruik dit as 'n werwingskantoor. Die kommandantswoning met sy torinkie, gewels en sy dakluike herinner aan die Duitse dakluike en die binne-houtwerk en kaggels is sierlik gedoen. Die dak is van sinkplaat waarin daar lugopeninge en spitsversierings voorkom. Die stoep bied beskerming aan die

---

59 P. Alberts, *South African military buildings photographed*, p. 48.

60 P. Alberts, *South African military buildings photographed*, p. 48; H. Meiring, *Boukunsskatte van Suid-Afrika*, p. 32; D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 169; E.M. Minnaar, *Grondleggende argitekte van die Departement Openbare Werke in Transvaal tot 1910, hul werk en invloed*, PhD. – proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2000, p.61.

61 E. M. Minnaar, *Grondleggende argitekte van die…*, p. 61.

62 D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 169; E. M. Minnaar, *Grondleggende argitekte van die….*, p. 64.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

koel kamers binne en die breë trappies lei af na die klein voortuin. Dié huisies word vandag weer bewoon na aanleiding van ‘n besluit wat die Suid-Afrikaanse Regering geneem het om die huisies op so ‘n manier te bewaar as ‘n lewende erfenis, maar tog ook om hulle prakties te benut. [63] Die huisies verkeer in ‘n erg verwaarloosde toestand.

6.9 Sammy Marks Museum

By Swartkoppies het Sammy Marks (‘n pionier op die gebied van die nywerheid en mynbouwese) sy paleisagtige woning gebou. Marks het die woonhuis self ontwerp en het self die nodige materiale van Durban (moontlik afkomstig van Groot-Brittanje) af bestel en het die koste deeglik gedokumenteer. Die eerste gedeelte is deur ‘n plaaslike bouer gebou. Die huis het eers bekend gestaan as Zwartkopjes Hall. Die huis is op nederige skaal in 1882 begin en Marks het nog aanbouings laat maak in 1890 en in 1896, totdat die huis uiteindelik uit 23 vertrekke met verskeie pakkamers en buitegeboue bestaan het. Marks het eers met Nellmapius en Kruger se Nederlandse argitekte in verbinding getree oor die aanbouings wat hy wou aanbring. Dit lyk asof De Zwaan en Van Dyk uiteindelik die finale beplanningswerk gedoen het terwyl Kirkness die meesterbouer was. Van buite is die huis nie so indrukwekkend nie, maar tog ietwat klassiek met ‘n portiek met trigliewe en metope wat ‘n mens herinner aan die tipiese Londense terrashuis. Franse vensters lei ‘n mens uit die hoofkamers. Van binne is die huis baie ruim met hoë plafonne en die argitektoniese motiewe wat so graag in die sluitingsjare van die negentiende eeu gebruik is.[64]

---

63 H. Meiring, *Boukunsskatte van Suid-Afrika*, p. 32; D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 169.

64 D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 301; H. Meiring, *Pretoria 125*, p. 118; V. Allen, *Kruger’s Pretoria, building and personalities of the city in the nineteenth century*, pp. 142-143; D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, pp. 174-175; W.J. de Kock, *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 538.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Bokant die gekurfde gegote-yster stoep baldakyn, is die huis net gedeeltelik ‘n dubbelverdieping met ‘n skuins valdak van sinkplaat op verskillende vlakke en met ‘n verskeidenheid skoorstene, spitsversierings en lugopeninge. Die ruim gang, met ‘n vrystaande houttrap, verdeel die enkel en dubbelverdieping gedeelte van die huis. [65]

Die statuskamer van die huis is sekerlik die biljartvertrek, met ‘n gewelfde plafon wat geverf is en met sjabloonwerk versier is. Die biljarttafel is van mahoniehout.[66]

Sammy Marksmuseum het na bewering ook ‘n spook. Dié verskynsel is ‘n jonge heer wat gereelde verskynings maak. Hy word onder andere daarvan beskuldig dat hy die jong dames knyp. Volgens Bolsmann is die Erasmuskasteel verreweg die bekendste spookhuis in Pretoria.[67] Dit sou ‘n geldige stelling gewees het, indien daar genoegsame bewyse was vir sogenaamde spookaktiwiteite. Anders as by Sammy Marks is daar vae stories en vertellings oor wie die spoke by die Erasmuskasteel is.

6.10 Voortrekkerhoogte

Volgens H. Meiring is Voortrekkerhoogte [68] een van die belangrikste militêre dorpe. Dit is gevestig deur lord Frederick Sleigh Roberts (1832 - 1914) wat vir sy troepe ‘n oper ruimte wou bied en ook om die gevaar van malaria te verminder. Dit het ook aanvanklik as Roberts Heights bekend gestaan. Die ou sinkgeboue se oorsprong is onseker en daar word vermoed dat die materiale vanuit Engeland na Suid-Afrika gebring is en daarna volgens planne, soos die geboue in Indië, deur die Royal Engineers opgerig is. Volgens sommige

---

65 D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 175.
66 D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 301.
67 E. Bolsmann, *Pretoria artists' impressions 1857-2001*, p. 140.
68 Tans bekend as Thaba Tshwane

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

oorlewerings is die materiale direk vanaf Indië, maar die algemene aanvaarding is dat die materiale van Brittanje af ingevoer is. Daar is ook ‘n ander opvatting naamlik dat dit in daardie dae die gebruik was dat die sinkplaat-en houtgeboue maklik afgebreek kon word en elders opgerig kon word.[69]

Barton Keep, die woning van die kurator van Burgerspark, Huis Neethling, Kya Rosa, Krugerhuis Museum en Melrosehuis is huise wat vir die onderskeie inwoners van Pretoria ontwerp is. Die Erasmuskasteel is vir ‘n welgestelde boer en sakeman, Jochemus Erasmus, op ‘n plaas buite Pretoria ontwerp en gebou. In die volgende hoofstuk word daar ‘n genealogiese studie van die Erasmus-familie gedoen. Daar word in die besonder gekyk na aspekte van hulle daaglikse lewe op die plaas Garstfontein.

7. Gevolgtrekking

Barton Keep, die woning van die kurator van Burgerspark, Huis Neethling, Kya Rosa, Krugerhuis Museum en Melrosehuis is huise wat vir die onderskeie inwoners van Pretoria ontwerp is. Die Erasmuskasteel is vir ‘n welgestelde boer en sakeman, Jochemus Erasmus, op ‘n plaas buite Pretoria ontwerp en gebou. In die volgende hoofstuk word daar ‘n genealogiese studie van die Erasmus-familie gedoen. Daar word in die besonder gekyk na aspekte van hulle daaglikse lewe op die plaas Garstfontein.

---

69 H. Meiring, *Pretoria 125*, p. 18.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

II DIE ERASMUSSE VAN GARSTFONTEIN

1. Inleiding

Hoofstuk een dien as inleiding van die Victoriaanse argitektuur in Pretoria en omgewing om sodoende 'n agtergrond te skep sodat daar 'n beter begrip kan wees vir die Erasmuskasteel se belangrikheid. Ewe belangrik as die argitektoniese kennis, moet daar ook na die mense gekyk word wat dié besonderse huis laat bou het.

Garstfontein en die geskiedenis van die Erasmusfamilie kan nie los van mekaar beskou word nie. Die familielyn word teruggetrek na die Kaap vanwaar hulle gemigreer het na Transvaal. Talle kindersterftes word aangeteken en die tradisionele gebruik van naamgewing het gehelp om die direkte lyn te bepaal. J.J. P. Erasmus (1863 - 1940) het wel in die Anglo-Boereoorlog (ook bekend as die Suid-Afrikaanse oorlog) geveg en is gevang. Sy nasate vertel hoe daar nog koeëlgate in die 1890-huis se solderdeur was, soos die Engelse op hom geskiet het. Hy lê op 19 Junie 1900 die Eed van Getrouheid aan die Britse Troon af. Na sy vrylating gaan hy terug na sy plaas en voorsien Pretoria onder andere van vleis en leiklip wat bygedra het tot sy rykdom. [1]

2. Uiteensetting van die genealogie

Die navorser het probleme ondervind om die genealogiese lyn van die Erasmusse van die plaas Garstfontein te bepaal. Daar het oor die jare 'n groot verwarring ontstaan oor die afkoms van die Erasmusse van Garstfontein. Daar

---

[1] TAB: TKP 154; Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus en Johanna Erasmus,Cradocklaan 185, Pretoria, 2001-08-01.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

word onder andere aangeneem dat die Erasmusse van Garstfontein afstam van die Voortrekker Lourens Abraham Erasmus (b3c11d1) [2] en dan meer spesifiek word die fout telkens gemaak dat Carel Jacobus Erasmus(b3c2d2e5f?) [3] afstam van Lourens Abraham Erasmus se eerste seun, Daniel Elardus Erasmus (b3c11d1e1).[4] Daar het meer as een Erasmus familie aan die Groot Trek deelgeneem. So kry 'n mens dan dat broers dikwels met hulle gesinne saam getrek het of dan ook terselfdertyd aan die Groot Trek deelgeneem het. Waar daar verdere verwarring bestaan, is met die familiename. Die Erasmusse was baie getrou met hulle familiebenamings en dieselfde name word in verskillende takke van die families herhaal. Die aanname kan byvoorbeeld gemaak word dat 'n spesifieke persoon tien plase besit het, terwyl dit in werklikheid dalk 'n klomp neefs kon gewees het wat net dieselfde name gehad het. Deur onder andere die boedels na te gaan, kan die verskillende persone onderskei word, asook die plase en erwe wat hulle besit het.

Die stamvader van die Erasmusfamilie in Suid-Afrika is Pieter Erasmus wat as immigrant uit Nederland gekom het. Dit was gedurende die tydperk van die regering van Simon van der Stel (1679-1699). Van der Stel (14 Oktober 1563-24 Junie 1712) het die owerhede gevra vir geskikte koloniste wat verniet na die Kaap vervoer sou word. Elke immigrant sou dan 'n plaas kry, so groot soos wat hy dit sou kon bewerk. Volgens D. J. Erasmus het Pieter Erasmus hom in 1693 as boer op die plaas Groenkloof in Drakenstein gevestig. Volgens N. H. Theunissen het hy reeds voor 1688 in Suid-Afrika voet aan wal gesit. Volgens C. Pama het Pieter Erasmus in 1691 burger geword. Pieter Erasmus is in 1731

---

2 A. A. Coetzee en E. M. Erasmus, Die lewensverhaal van die pionierboer en Voortrekker Lourens Abraham Erasmus, *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 13(2), November 1999, pp. 20-38.

3 J. A. Heese en R.T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 212-222.

4 A. A. Coetzee en E. M. Erasmus, Die lewensverhaal van pionierboer en Voortrekker Lourens Abraham Erasmus, *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 13(2), November 1999, pp. 20-38.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

oorlede. Volgens N. H. Theunissen is hy in 1697 getroud met Maria Elisabeth Joost(e) (ook Joosten gespel) wat in Nederland gebore is. Maria Elisabeth Joost het in September 1723 gesterf. N. H. Theunissen meld dat Maria Elisabeth Joosten waarskynlik die suster was van die stamvader Frans Jooste(n) wat van Lippstadt in Duitsland afkomstig was. Frans Jooste het in 1693 na die Kaap gekom. Reeds in dié stadium is daar baie teenstrydighede ten opsigte van genealogiese inligting tussen die verskillende bronne wat die navorser geraadpleeg het.[5]

Al die bronne wat geraadpleeg is, is dit eens dat Lourens (b3) die tweede seun van Pieter Erasmus is. Lourens Erasmus is op 22 Junie 1704 in die Nederduits Gereformeerde gemeente te Drakenstein gedoop. Hy was ‘n burger in Drakenstein en het in sy pa se voetspore gevolg en ook in daardie omgewing geboer. Hy is op 9 Desember 1731 getroud met Martha Pienaar, die dogter van Jacques Pienaar (Pinard) en Louisa Cordier. Volgens D. J. Erasmus is Martha Pienaar die dogter van Jacques Pienaar en sy tweede vrou, Martha le Febre. Jacques en sy tweede vrou is in 1705 getroud. Volgens N. H. Theunissen was Lourens Erasmus se vrou, Martha Pienaar, die kleindogter van die Hugenoot Jacques Pinard en sy vrou Esther Fouché. Hier meld elke bron ‘n ander moeder vir Martha Pienaar. Verder is daar ook probleme met die kinders se genealogiese nommers en teenstrydighede in die verskillende bronne rondom Lourens en Martha se kinders. Die bronne verskil ook baie ten opsigte van die aantal kinders wat Lourens en Martha gehad het. Volgens oorlewering, sou

---

5 J. A. Heese en R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, p. 212; C. C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregister van die Kaapse families I*, p. 201; D. J. Erasmus, *‘n Tak van die Erasmus-familie*, pp. 5-6; J. H. Redelinghuys, *Die Afrikaner-familienaamboek*, p. 80; W.J. de Kock, *Suid-Afrikaanse Biografiese woordeboek I*, p. 852; N. H. Theunissen, Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8 (373), 11 Mei 1945, p.25.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Lourens Erasmus ook 'n buite-egtelike kind by 'n slavin gehad het.[6]

Volgens D. J. Erasmus het Lourens en sy vrou Martha twaalf seuns en drie dogters gehad. Volgens N. H. Theunissen het Lourens en Martha nege kinders gehad; volgens C. C. de Villiers was dit vyftien kinders en volgens J. A. Heese sestien. Dus is dit te verstane dat die genealogiese nommers wat aan die kinders toegeken is van bron tot bron sal verskil. Dit is dan ook moontlik dat van die bronne nie die kinders noem wat op 'n jong ouderdom oorlede is nie. Die twee geslagregisters wat afsonderlik saamgestel is deur S. E. Biesenbach en J.W.J. Fouché word vervolgens geherevalueer en die foute wat daarin voorkom, reggestel.[7]

In die geslagsregister volgens S. E. Biesenbach word melding gemaak van die oudste kind van Lourens en Martha Erasmus, naamlik Pieter Erasmus (b3c1). Volgens C. C. de Villiers stam die Erasmusse van Garstfontein af van dié seun Pieter. Volgens J. A. Heese skyn dit asof Pieter die tweede seun was en Lourens die eerste. Heese verstrek dan die volgende inligting: Lourens is in die Paarl op 21 Augustus 1729 gedoop en hy trou op 28 Junie 1750 op Tulbagh met Abigael Geertruy Pienaar, dogter van Abel Pienaar . Abigael is op 2 Julie 1735 gedoop. Tog, volgens al die bronne wat die navorser geraadpleeg het, is dit wel Pieter Erasmus van wie die Erasmusse van Garstfontein afstam. As 'n mens aanneem dat Lourens (b) en sy vrou Martha Erasmus hulle kinders streng volgens die gebruik van familiebenaming laat doop het, sou dit dan ook meer sin

---

6 J. A. Heese en R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, p. 212; C. C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregister van die Kaapse families I*, p. 201; D. J. Erasmus, *'n Tak van die Erasmus-familie*, pp. 5-6; N. H. Theunissen, Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8 (373), 11 Mei 1945, p.25.

7 J. A. Heesse en R.T.J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 212-223; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregister van die ou Kaapse families I*, pp. 201-204; D. J. Erasmus, *'n Tak van die Erasmus-familie*, p. 6; N.H. Theunissen, Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8 (373), 11 Mei 1945, p. 25; Geskrewe inligting; S.E. Biesenbach, Erasmus nasaat en genealoog, Amosstraat 63, Colbyn, Pretoria; J.W.J. Fouché, Direktoraat Openbare Betrekkinge van Krygkor, Pretoria, 1992-02-06.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

maak dat Pieter(b3c1) hulle eerste seun is, aangesien hy sy oupa, die stamvader, se naam dra.[8]

Pieter Erasmus (b3c1) is op 14 April 1732 in die Nederduits Gereformeerde gemeente op Drakenstein gedoop. Dit is egter net volgens C.C. de Villiers en S.E. Biesenbach se geslagregisters dat Pieter as c1 aangedui word, want volgens J.A. Heese het hy 'n ouer broer, Lourens (reeds gemeld), gehad en volgens N. H. Theunissen was c1 'n ouer suster, naamlik Louisa. Pieter was 'n burger van Stellenboch. Met sy veeboerdery wat al hoe meer uitgebrei het, het die behoefte ontstaan om meer weiding vir die vee te bekom en sodoende het die boere meer na die binneland getrek. Goewerneur Willem Adriaan van der Stel (24 Augustus 1664 - 6 November 1733) het 'n buitepos begin waar die huidige Tulbach geleë is . In 1743 was die mense in Tulbach op geestelike gebied baie verwaarloos; kerkbywoning was nie baie goed nie en daar was nie behoorlike formele opvoeding vir die kinders beskikbaar nie. Pieter trou op 22 Junie 1756 met Johanna Elisabeth Bockelenberg (ook Bokkelberg gespel). Pieter en Johanna Elisabeth het vyf seuns en drie dogters gehad. Johanna Elisabeth is gedoop op 24 April 1735 en sy was die tweede kind van Daniel Bockelenberg (gedoop op 17 Julie 1707) en Isabeau Loret (Lauret). Daniel Bockelenberg en Elisabeth (ook Elizabeth gespel) Loret is op 25 Mei 1732 getroud. Dokter Johannes Bockelenberg, Elisabeth Bockelenberg se oupa, is in 1668 in Kolberg in die provinsie Pommere in Duitsland gebore. Johannes Bockelenberg is met Johanna van den Bosch op 22 Oktober 1705 getroud. Dit was Johannes se tweede huwelik. Johannes was vir 'n tyd hoofchirurgyn op

---

8 J. A. Heese & R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 212-223; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregister van die ou Kaapse families I*, pp. 201-204; N. H. Theunissen, Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8(373), 1945-05-11, p. 25; Geskrewe

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Mauritius en na 1705 dokter en Heemraad op Stellenbosch. Hy sterf in 1709.[9]

Pieter en Johanna Elisabeth se oudste seun, Daniel Jacob (b3c1d2) is op 5 November 1758 gedoop en hy was 'n burger van Stellenbosch. Hy trou op 8 April 1781 met Maria Elisabeth Prinsloo. Sy tweede huwelik met Maria Sibella Roelofse op 12 September 1790 is in Kaapstad voltrek. Die grense van die kolonie is deur die Kaapse owerhede altyd dieper die binneland ingeskuif. Teen 1780 (toe Daniel Jacobus Erasmus 22 jaar oud was) is die Visrivier as oosgrens beskou. Daniel Jacobus Erasmus en sy gesin het later in die grensgemeente, Graaff-Reinet gaan woon, waar die toestande nie van die allerbeste was nie. Voortdurende botsings met die Xhosas en die nood vir geestelike welstand was hoog. Elke huis het sy Statebybel gehad, wat die gesin daagliks gebruik het vir huisgodsdiens. In 1786 is die sieketrooster, Hermanus ter Smitten aangestel. Die Nederduits Gereformeerde gemeente van Graaff-Reinet is in 1792 gestig.[10]

Volgens S. E. Biesenbach lyk dit asof die naam "Daniel", wat inslag gevind het by die Erasmusse, heel moontlik van Johanna Elisabeth Bochelenberg se pa afkomstig was. Verder voer Biesenbach aan dat Jacques moontlik deur die verloop van tyd Jacobus geword het. Biesenbach gee dan ook b3c1d2 aan as

---

inligting: S. E. Biesenbach, Amosstraat 63, Colbyn, Pretoria; J.W.J. Fouché, Direktoraat Openbare Betrekkinge van Krygkor, Pretoria, 1992-02-06.

9 J.A. Heese en T. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 212-214; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregister van die ou Kaapse families I*, p. 201; D. J.Erasmus, *'n Tak van die Erasmus-familie*, pp. 7-8; D.W. Krüger, *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 801; N. H. Theunnissen, Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8(373), 1945-05-11, p. 25; Geskrewe inligting: S.E. Biesenbach,…; J.W.J. Fouché,…, Pretoria, 1992-02-06.*Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 801; N.H. Theunnissen, Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8(373), 1945-05-11, p. 25;Geskrewe inligting: S.E. Biesenbach,…; J.W.J.Fouché,…, Pretoria, 1992-02-06.

10 J. A. Heese en R.T.J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 212-214; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregister van die ou Kaapse families I*, p. 201; D. J. Erasmus, *'n Tak van die Erasmus-familie*, pp. 9-10; N.H. Theunnissen, Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8(373), 1945-05-11; Geskrewe inligting: S.E. Biesenbach, Amosstraat 63, Colbyn, Pretoria; J.W.J. Fouché, Direktoraat Openbare Betrekkinge van Krygkor, Pretoria, 1992-02-06.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Daniel Jacobus Erasmus. Behalwe vir J. W. J. Fouché is dit teenstrydig met die ander bronne wat die navorser geraadpleeg het.[11]

Daniel Jacob (us) en sy vrou Maria Elisabeth Prinsloo se enigste seun Daniel Jacobus (b3c1d2e5) is op 30 Junie 1785 gebore en op 15 November 1789 gedoop. Daniel Jacobus (b3c1d2e5) trou op 10 Julie 1807 met Cornelia Jacoba Susanna Kruger. Cornelia Jacoba Susanna Kruger is op 3 Julie 1791 gebore en op 13 Julie 1791 gedoop. Sy was die dogter van Pieter Ernst Kruger en Anna Catharina van Aswegen. [12]

Volgens S. E. Biesenbach het Daniel Jacobus en Cornelia Jacoba Susanna Kruger sestien kinders gehad, waarvan ses reeds op 'n jong ouderdom gesterf het. Volgens J. H. Heese kon dit nie moonlik wees nie, want Daniel Jacobus het reeds in 1813 weer in die huwelik getree met Jacomina Elizabeth Bothma. C.C. de Villiers en N. H. Theunissen maak geen melding van 'n tweede huwelik nie. Volgens die boedel van Cornelia Jacoba Susanna Erasmus (Kruger) was sy die langslewende en in die boedel word dit duidelik gemeld dat sy die weduwee van Daniel Jacobus Erasmus was. Volgens Cornelia Jacoba Susanna se boedel is sy in 1902 oorlede en haar man, Daniel Jacobus Erasmus is op 2 November 1875 oorlede. Die navorser kon nie die boedel van Daniel Jacobus Erasmus opspoor nie. Nie een van die persone wie se boedels nagegaan is, het aan hom behoort nie. Volgens C.C. de Villiers het Daniel

---

11 J. A. Heese en R.T.J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 212-214; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregister van die ou Kaapse families I*, p. 201; D. J. Erasmus, *'n Tak van die Erasmus-familie*, pp. 9-10; N.H. Theunnissen, Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8(373), 1945-05-11; Geskrewe inligting: S.E. Biesenbach, Amosstraat 63, Colbyn, Pretoria; J.W.J. Fouché, Direktoraat Openbare Betrekkinge van Krygkor, Pretoria, 1992-02-06.

12 J. A. Heese en R.T.J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 212-223; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregister van die ou Kaapse families I*, p. 201; D. J. Erasmus, *'n Tak van die Erasmus-familie*, pp. 9-10; N.H. Theunnissen, Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8(373), 1945-05-11; Geskrewe inligting: S.E. Biesenbach, Amosstraat 63, Colbyn, Pretoria; J.W.J. Fouché, Direktoraat Openbare Betrekkinge van Krygkor, Pretoria, 1992-02-06.

13 *Ibid.*

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Jacobus en Cornelia Jacoba Susanna Kruger vyf kinders gehad en volgens J.A. Heese blyk dit dat hulle ses kinders gehad het. [13]

Nie onder een van die name van die kinders kon die navorser Carel Jacobus Erasmus se naam vind nie, maar tog gee S.E. Biesenbach hom aan as Karel (Carel) Jacobus Erasmus (b3c1d2e5f16). Die navorser het die sterfkennis in die Nasionale Argief van Suid-Afrika geraadpleeg om Carel Jacobus Erasmus se ouers te bevestig. Volgens die sterfkennis is Carel Jacobus Erasmus se ouers Daniel Jacobus **Elardus** Erasmus en sy ma Cornelia Susanna Jacoba Erasmus (gebore Kruger). Volgens die sterfkennis is Carel Jacobus Erasmus in 1832 gebore. S.E. Biesenbach bevestig dit en gee meer besonderhede: Carel Jacobus Erasmus is op 19 April 1832 gebore en op 3 Junie (Januarie?) 1833 in Uitenhage gedoop. Dié inligting is verkry uit die stamregister wat voor in die Bybel van Daniel Jacobus Erasmus van Zwartkop voorkom. [14]

---

[14] J. A. Heese en R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 212-223; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregister van die ou Kaapse families I*, pp. 201-204; N.H. Theunissen , Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8(373), 1945-05-11, p. 25; Geskrewe inligting: S. E. Biesenbach, …,s.a.; J.W.J. Fouché,…, 1992-02-02; TAB: Boedel 1127; TAB: Boedel 0/19552.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Figuur 5: Carel Jacobus Erasmus wat Garstfontein gekoop het.

Foto: B. Nell, Krygkor fotoversameling, s.a.

Heelwat Erasmus-gesinne het die Groot Trek meegemaak en het hulle op verskillende plekke in Transvaal [15] gevestig.

Carl Jacobus Erasmus (b3c1d2e5f15) is getroud met Martha Louisa Prinsloo en hulle het op die plaas Garstfontein gewoon. Martha Louisa sterf op 30 Augustus 1898. Haar boedel kon nie in die argief opgespoor word nie. Carl Jacobus Erasmus is op 12 Oktober 1902 oorlede. [16] Carl is in dieselfde jaar as sy moeder oorlede.

---

15 Transvaal bestaan tans onder andere uit Gauteng, Mpumalanga, Limpopo en Noordwes.

16 Geskrewe inligting: S.E. Biesenbach, …, s.a.; J.W.J. Fouché, …,1992-02-02.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Figuur 6: Martha Louisa Erasmus (geb. Prinsloo) wat die kruiedokter was.

Foto: B. Nell, Krygkor fotoversameling, s.a.

Carel Jacobus Erasmus en Martha Louisa Prinsloo se tweede seun, Jochemus Johannes Petrus Erasmus (b3c1d2e5f15g2) is op 30 Augustus 1863 in Pretoria gebore. Jochemus Johannes Petrus Erasmus is getroud met Johanna Jacoba van Schalkwyk wat op 24 Mei 1864 gebore is. Hulle is binne gemeenskap van goedere getroud. Hulle het op die plaas Garstfontein gewoon en het dan ook die Erasmuskasteel laat bou. Jochemus Johannes Petrus Erasmus is oorlede op 3

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Maart 1940 en Johanna Jacoba Erasmus sterf op 14 Desember 1948. [17]

Albertus Philippus Jacobus Erasmus (b3c1d2e5f15g2h7) is op 20 Oktober 1899 gebore, tien dae nadat die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het. Albertus is die seun van Jochemus Johannes Petrus Erasmus (b3c1d2e5f15g2) en Johanna Jacoba van Schalkwyk. Albertus Philippus Jacobus Erasmus het getrou met Gertruida Johanna Mulder, maar hulle is geskei. In daardie tyd is dit gewoonlik as 'n skande beskou om te skei en die kerk het 'n sterk standpunt hieroor ingeneem. Volgens 'n dokument gerig aan die hooggeregshof deur Alfred Ernest Hazelhurst om as administrateur en eksekuteur op te tree in die boedel van Albertus, is hy op 29 Augustus 1941 oorlede. In die sterfkennis en op die grafsteen word 30 Augustus 1941 aangegee as die sterfdatum. [18]

Albertus is in die plaashuis op Waterkloof nommer 29 oorlede. Albertus se moeder, Johanna Jacoba van Schalkwyk het nog geleef en in die Erasmuskasteel bly woon. Hieruit kan afgelei word dat Albertus nooit volle beheer oor die Kasteel gehad het nie. Albertus se seun, Jochemus Rasmus Erasmus (Emus) (b3c1d2e5f15g2h7i1), gebore op 27 Februarie 1930, was toe veertien jaar oud en is na Kimberley gestuur om naby sy ma, Gertruida Johanna Roux (vroeër Erasmus, gebore Mulder), te wees. Albertus se testament het bepaal dat Jochemus Rasmus op die ouderdom van 21 jaar 'n bedrag van £ 500 sou ontvang en die hele restant van die boedel sou aan Jochemus Rasmus toegeken word wanneer hy dertig jaar oud word. Jochemus Rasmus is in 1977 onteïen ten behoewe van die Republiek van Suid-Afrika.

---

17 Geskrewe inligting: S.E. Biesenbach,…,s.a.; J.W.J. Fouché,…,1992-02-06 Erasmusbegraafplaas, ou beeskraal, Erasmuskasteel, Kasteel 609, Pretoria, grafte van Jochemus Johannes Petrus Erasmus en Johanna Jacoba Erasmus (gebore Van Schalkwyk), 1999-09-18; TAB: Boedel MHG 3668/40.

18 Geskrewe inligting: S.E. Biesenbach,…,s.a.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Jochemus Rasmus is getroud met Ramona Bereniece Botha en hulle het 'n seun, Carel Jacobus Erasmus (b3c1d2e5f15g2h7i1j1). [19]

2.1 Verwarring ten opsigte van die Voortrekker voorouer

Oor die jare heen het verwarring ingetree oor die afkoms van die Erasmusse van Garstfontein. Daar is bloot aangeneem dat Carel Jacobus Erasmus die seun van Daniel Elardus Erasmus (b3c12d1e1) en Petronella Catharina Gous is. Daniel Elardus Erasmus (b3c12d1e1) is die eerste kind van Lourens Abraham Erasmus (b3c12d1) en Helena Geertruij Bekker. Die aannames word dan ook gemaak dat Daniel Elardus Erasmus die plaas Doringkloof besit het, wat nie die geval was nie. Dit is wel 'n Daniel Elardus Erasmus (b3c12d3e5) wat die plaas besit en volgens N. A. Coetzee was dit Lourens Abraham Erasmus (b3c12d3e10) wat gebore is op 14 Junie 1826 se broer. Hierdie twee broers stam egter nie van Lourens Abraham, (b3c12d1) die Voortrekker, af nie. Hulle is die kinders van Lourens Abraham se broer, Daniel Jacobus (b3c12d3) wat op 5 November 1786 gebore is. Soos reeds genoem was dit die D. J. Erasmus wat op 10 Julie 1807 op Swellendam met Cornelia Jacoba Susanna Kruger wat in 1791 gebore is, getrou het. Soos ook reeds vroeër gemeld, was sy die dogter van Pieter Ernst Kruger en Anna Catharina van Aswegen. Hier ondervind die navorser 'n groot probleem wat reeds vroeër opgeduik het. Dis presies dieselfde gegewens van dieselfde persoon wat hier in J.A. Heese se bron gegee word van Daniel Jacobus (b3c12d3) en dan by Daniel Jacobus (b3c2d2e5). Al verskil wat intree is dat Daniel Jacobus (b3c12d3) se doopdatum 5 November 1786 teenoor Daniel Jacobus (b3c2d2e5) se doopdatum van 15 November 1786 is. Daar is dan ook 'n verskil ten opsigte van hulle kinders se name. C.C. de Villiers maak dan wel melding van Daniel Jacobus (b3c2d2e5) wat getroud is met

---

[19] Geskrewe inligting: S.E. Biesenbach,…,s.a.; J.W.J. Fouché, …, 1992-02-06; A.M. van Schoor, Kasteel op Boereplaas, *Die Brandwag* 10(390), 1945-09-07, pp. 20, 32; Erasmusbegraafplaas, ou beeskraal, by die Erasmuskasteel, Kasteel 609, Pretoria, grafte van Albertus Phillipus Jacobus Erasmus, Johanna Jacoba Erasmus (gebore Van Schalkwyk), 1999-09-18; TAB: Boedel 3224-6/41; Aktekantoor/TAB: Aktenommer T1767/1977.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Cornelia Jacoba Susanna Kruger; hy maak ook geen melding van 'n tweede huwelik met Jacomina Elizabeth Bothma nie (soos reeds genoem).[20]

Dit is dus te verstane dat daar sulke verwarring ontstaan het oor die afkoms van die Erasmusse van Garstfontein. Indien 'n mens sou aanvaar dat J.A. Heese se inligting oor Daniel Jacobus (b3c12d3) korrek weergegee is, sou dit aandui dat Daniel Elardus (b3c12d3e5) wel kon deelgeneem het aan die Groot Trek en homself uiteindelik op Doornkloof kom vestig het aangesien sy seun Daniel Jacobus Elardus (b3c12d3e5f?) op die plaas Doornkloof in Pretoria gebore is. Tog kan 'n mens nie hieruit aflei dat Carel Jacobus Erasmus saam met sy ouers die Groot Trek meegemaak het nie, aangesien hy op Uitenhage gebore is in 1832, wat twee jaar voor die huwelik is van Daniel Elardus (b3c12d3e5) met Sara Margaretha Jacobs op Cradock op 2 Maart 1834, indien Daniel Elardus en Sara Margaretha Jacobs sy ouers was. [21]

Volgens R. Searle is Daniel (Daniël) Jacobus Erasmus (b3c12d3) gebore op 30 Junie 1785 en het op Bruintjieshoogte (tussen Cradock en Somerset-Oos) gaan boer. Hy en sy gesin het eers saam met Hendrik Potgieter en later saam met Gerrit Maritz getrek en hulle gaan vestig by Waschbank (naby Dundee). Die anneksasie van die Republiek van Natalia deur die Britte in 1842 het die huisgesin aangespoor om na Ohrigstad se omgewing te trek. Hulle het om en

---

20 J. A. Heese en R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 212-223; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregister van die ou Kaapse families I*, pp. 201-204; N.A. Coetzee, *Die geskiedenis van Rustenburg ongeveer van 1840-1940*, p. 560; N.A. Coetzee en E.M. Erasmus, Die lewensverhaal van pionierboer en Voortrekker Lourens Abraham Erasmus, *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 13(2), November 1999, pp. 20-38; G. Kleingbiel (red.), Erasmusrand, deurweek in geskiedenis, *Onderling* 21(4), Februarie/Maart 1988; A. Pillans, Die kasteel is weer ordentlik!, *Taalgenoot* 59(6), Junie 1990, pp. 8-9; R. Searle, Afsonderlik en trots en vry, *Possak* 7, Augustus 1991, deel 2.

21 J. A. Heese en R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 222- 223; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregister van die ou Kaapse families I*, pp. 204; N.A. Coetzee, *Die geskiedenis van Rustenburg …*, pp. 560- 561;TAB: Boedel 1127.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

by 1844 in die omgewing van die latere Pretoria (nou bekend as Irene) gaan woon.[22]

Dit is belangrik om te meld dat elke een van die oorspronklike huisgesinne van die Potgieter Trek as burgers van die nuwe Staat twee plase kon uitkies wat sou tel as hulle burgerreg. So kon hulle een saaiplaas en een veeplaas kry. Dié plase is gratis deur die Trekowerheid aan die betrokke burger gegee deur die veldkornet en landdros en is in die register aangeteken. Elke plaas se grootte is bepaal met 'n perd op 'n stappie wat een uur in elke windrigting gestuur is. Dit was die verantwoordelikheid van die veldkornet. Dit is bereken dat 'n perd 25 Kaapse Roede per minuut gestap het en 'n uur van baken tot baken sou ongeveer uitwerk op 3 600 tot 3 750 morge. Volgens vandag se se metings is dit ongeveer 3 100 hektaar (1 hektaar = 10 000m^2) . So het Daniel Jacobus Erasmus (senior) die plaas Zwartkop 356 JR Pretoria op 15 September 1856 as 'n regeringstoekenning ontvang. [23]

R. Searle meld dat Daniel Jacobus Erasmus (b3c12d3) en sy vrou, Cornelia Jacoba Susanna Kruger sestien kinders gehad het in teenstelling met J. A. Heese wat net dertien kinders noem. Volgens Searle was daar nege seuns en een dogter wat nog gelewe het toe hulle uit die Kaapkolonie getrek het. Daar is drie seuns tydens die trek oorlede en die oorblywende ses seuns het saam na Transvaal getrek waar hulle hulle naby die Hennopsriviervallei gevestig het. Daniel Jacobus (b3c12d3) het die plaas Swartkoppies/ Zwartkop gekry wat die huidige dorpsgebiede van Valhalla, Clubview en Eldoraigne ingesluit het. 'n Sekere veldkornet G. J. Kruger is afgevaardig om dié plaas op 8 Augustus 1841 te inspekteer. Dus was Daniel Jacobus (b3c12d3) reeds voor 1844 naby Pretoria gevestig.[24]

---

22 J.A. Heese en R. T.J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 222-223; R. Searle, Afsonderlik en trots en vry, *Possak* 7, Augustus 1991, Deel II.

23 N. A. Coetzee, *Die gekiedenis van Rustenburg ongeveer van 1840-1940*, pp.6-7, 109.

24 J. A. Heese en R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 222-223; N. H. Coetzee, *Die geskiedenis van Rustenburg ongeveer van 1840-1940*, pp. 90, 92; R. Searle, Afsonderlik en trots en vry, *Possak* 7, Deel II.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Daniel Jacobus (b3c12d3) het sy woning langs die Hennopsrivier (in dié omgewing bekend as Sesmylspruit) so ongeveer 0,8 km stroomop van die huidige Wierdabrug opgerig. Dié brug is verteenwoordigend van die staalbrûe wat deur die Zuid-Afrikaanse Republiek opgerig is en is vandag 'n nasionale gedenkwaardigheid. Daar is ook 'n gedenkteken op die (Zwartkop) gholfbaan opgerig om die ou plaasopstal en familiebegraafplaas aan te dui. Daniel Jacobus (b3c12d3) is gerespekteer en bemin as 'n sterk leierspersoon van sy gesin en hy het as Oupa Swartkoppies bekend gestaan.[25]

Volgens die boedel van Cornelia Jacoba Susanna Erasmus (gebore Kruger) is sy die weduwee van haar eggenoot, Daniel Jacobus Erasmus wat op 2 November 1875 gesterf het. Die navorser kon nie die boedel van Daniel Jacobus Erasmus opspoor nie. Daar is geen dokumentasie wat aandui dat daar 'n boedel van hom was nie. In die boedel van Cornelia Jacoba Susanna Erasmus was daar tien erfgename wat almal 'n gelyke deel van die bedrag van £ 2308. 2. 6 sterling (1 £ = R 2) sou erf wat die som van £ 230.16.3 sou uitmaak vir elke erfgenaam. Verder het al die erfgename roerende goedere soos tafels, stoele ensovoorts geërf. Al wat Carel Jacobus Erasmus geërf het was vyf boeke. Daar word aangeneem dat Carel Jacobus ten tye van sy moeder se dood nog geleef het, aangesien hy geërf het en daar geen verwysing in haar boedel gemaak is dat hy oorlede is nie. Carel Jacobus Erasmus is dus na sy moeder ook in 1902 en wel op 12 Oktober, oorlede.[26]

Volgens die sterfkennis van Carel Jacobus Erasmus is hy gebore in Uitenhage in die Kaapkolonie en hy was 'n burger van die Suid-Afrikaanse Republiek. Volgens sy sterfkennis word sy ouers aangegee as Daniel Jacobus Elardus Erasmus en Cornelia Jacoba Susanna Kruger. [27]

---

25 J. A. Heese en R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, pp. 22-223; R. Searle, Afsonderlik en trots en vry, *Possak* 7, Deel II.

26 TAB: Boedel: MHG 0/19552.

27 TAB: Boedel: MHG 1127.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Carel Jacobus Erasmus is met sy tweede huwelik met Hester Petronella Erasmus (gebore Noortman) buite gemeenskap van goedere getroud. Carel Jacobus Erasmus het al sy kinders by sy eerste vrou, Martha Louisa Erasmus (gebore Prinsloo) wat oorlede is op 30 Augustus 1898, gehad. Carel Jacobus Erasmus het op 12 Oktober 1902 in die huis van D. E. Schutte op die hoek van Prinsloostraat en Visagiestraat in Pretoria gesterf. Sy vier kinders, Daniel Jacobus Elardus Erasmus, Jochemus Johannes Petrus Erasmus, Martha Louisa Schutte (gebore Erasmus) en Cornelia Susanna Jacoba Marnewick (gebore Erasmus) was almal mondig. Carel Jacobus Erasmus het roerende en onroerende goedere nagelaat en sy boedel was volgens skatting meer as £ 100 werd.[28]

As ‘n mens veronderstel dat Carel Jacobus Erasmus hom streng by familiename gehou het, beteken dit dat sy vader se name wel Daniel Jacobus Elardus Erasmus was, soos dit ook aangegee word op Carel Jacobus se sterfkennis. Met hierdie inligting van die ekstra naam wat nie op ander dokumente aangegee word nie, kon die boedel van Carel Jacobus Erasmus se vader nog steeds nie gevind word nie.

Daniel Elardus Erasmus (Danie Doringkloof) (b3c2d3e5) is dan Carel Jacobus Erasmus se broer. Daniel Elardus het reeds in 1841 die omgewing waar Pretoria later sou ontstaan, besoek. Hy was lid van ‘n kommissie wat deur die Natalse Trekkers afgevaardig is om die omgewing noord van die Vaalrivier te verken. Só vestig Daniel Erasmus hom dan in 1844 op die plaas Doornkloof waar hy ‘n suksesvolle veeboer was. Hy het ‘n groot opstal, ongeveer waar die Volle Evangelie Kerk se teologiese skool vandag staan, langs die Hennopsrivier opgerig. Dominee Andrew Murray (9 Mei 1828 – 18 Januarie 1917) het in 1849 Doornkloof besoek en dit het toe die Kerkplaas van die omgewing

[28] TAB: Boedel: MHG 1127.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

geword. Daniel Elardus se huwelik met Susara Mageretha (Sara Margaretha volgens J. A. Heese) Jacobs het drie seuns opgelewer waaronder Daniel Jacobus Elardus (b3c12d3e5f?) wat kommandant geword het . [29]

Daniel Jacobus Elardus Erasmus (b3c12d3e5f?) is op 4 Maart 1845 op Doornkloof gebore en hy is heel waarskynlik die bekendste van die Erasmusse wat hulle langs die Hennopsrivier kom vestig het. Hy is reeds op tienderjarige ouderdom betrokke by die Transvaalse Burgeroorlog (1860-1864). Sy familie was volgelinge van generaal S. J. Schoeman en was teen kommandant-generaal Paul Kruger. Daniel Jacobus Elardus neem in 1865 deel aan die Basoeto-oorlog en daarna neem hy ook deel aan die Eerste Vryheidsoorlog. In 1880 ruk hy saam met generaal Frans Joubert op na Bronkhorstspruit. Hy is op pad na Bronkhorstspruit gekies as vegkommandant en hy het ‘n belangrike rol gespeel by die beleg van Pretoria (1880-1881). Hy is ook by Rooihuiskraal lig gewond. So kan ’n mens sy militêre loopbaan en selfs later sy rol in die politiek asook sy beesboerdery (die teel van Afrikanerbeeste en Friesbeeste) op Doornkloof en later Grootfontein volg. Hy het bekend gestaan as Daniel Kommandant of Swart Daniel. Hy was assistent-kommandant-generaal in die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en het behoort aan die Pretoria-kommando wat Natal binnegeval het. Hy was 1900 ‘n oorlogsgevangene in en is na ‘n kort tydjie uit op parool om op sy plaas Doornkloof te gaan boer. [30]

3. Heraldiese wapen

‘n Wapen het te doen met die manier waarop mense as lede van ‘n familie vir hulle ‘n identiteit konstrueer. Dit is van Middeleeuse afkoms. Die

---

29 J.A. Heese en R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, p. 222; W. J. de Kock, *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 600; R. Searle, Afsonderlik en trots en vry, *Possak* 7, Deel II.

30 J. A. Heese en R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*, p. 222; *Beeld,* 2000-08-05 (Oorlog-Beeld) p. 6; R. Searle, Afsonderlik en trots en vry, *Possak* 7, Deel 2; TAB: A 1443 Band 2.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

ridders moes mekaar uitken (veral in gevegsituasies) en hulle het sodoende op hulle uitrustings en in die besonder op hulle skilde simbole geverf.

3.1 Verskille in die Erasmuswapen

In die artikel van N.H. Theunissen is daar 'n afbeelding van die Erasmusfamiliewapen. Op die hoofskild is 'n klimmende eenhoring en daar is ook 'n eenhoring op die helm. In hierdie afbeelding is die helm na voor gedraai, wat onderskeiding sou beteken. Dié posisie van die helm dui op die soewereine prinse en het ses vertikale stawe voor die gesig. Op die uitbeelding in *Die Brandwag* is daar egter net vyf vertikale stawe. In C. Pama se *Die groot Afrikaanse familienaamboek*, is die helmteken na die kant gedraai en die helm is toe. Die geslote helmteken wat in sy profiel geteken word, is bedoel vir die edelmanne, die sogenaamde "*esquires en gentlemen*". Die leerstroke (dekklede) is in die vroeëre tyd gebruik om die metaal van die ridder teen vlekke en roes te beskerm. Dit kon egter van verskeie materiale gemaak word, maar was meestal van leer. Dit word vandag in die heraldiek gebruik as versiering rondom die wapen en dit lyk amper soos linte. Die Erasmuswapen het 'n goue linkerskuinsbalk oor die klimmende silwer eenhoring met 'n goue horing, maanhare en hoewe in die skildgedeelte met drie swart lelies (*fleur de lis*) daarop. In C. Pama se boek is dit 'n klimmende silwer eenhoring wat uit die helmteken kom. Die dekklede is silwer en rooi. [31]

'n Belangrike punt waarop daar nie genoeg klem gelê word nie, is dat dié familiewapen as sodanig deur die oudste seun oorgeneem kan word. Die

---

[31] C. Pama, *Die groot Afrikaanse familienaamboek*, figuur van wapen tussen pp. 96 en 97, 113 ; C. Pama, *Die wapens van die ou Afrikaanse families*, p.122; W.C. Wade, *The symbolisms of heraldry*, pp. 92, 104; N. H. Theunissen, Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8(373), 1945-05-11, p. 25.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

jonger seuns mag wel kenmerke van dié familiewapen neem, maar hulle moet hulle eie simbole byvoeg en sodoende kan hulle oudste seuns daardie wapen weer oorneem. Dus sou bogenoemde wapen nie geld vir die Erasmusse van Garstfontein nie. Wat die navorser se punt verder versterk, is dat dié wapen vir die eerste keer gebruik is in 1945 en afkomstig is van 'n familie met dieselfde van, van Frankfort, Duitsland. Die enigste verskil is dat hulle twee vlerke as helmteken het. [32]

Indien die Erasmusse 'n eie familiewapen sou verlang, moet hulle na die Staatsheraldikus gaan. Daar kan 'n wapen vir hulle ontwerp word. Die wapen word ook geregistreer sodat niemand anders, buiten die betrokke familie, dit kan gebruik nie.

Die van "Erasmus" beteken "die geliefde". Dit was die naam van 'n heilige, Erasmus van Rotterdam of Desiderius Erasmus (1466- 1536), wat veral in die 15de eeu gewild was. Erasmus was een van die grootste geleerdes van die Renaissance en leier van die Humanisme. Hy word beskou as 'n voorstander van kerkhervorming.[33]

4. Ou familiebegraafplaas

Die ou familiebegraafplaas op Garstfontein was oorspronklik in die nabygeleë plantasie. Volgens 'n opname wat op 14 Januarie 1983 deur dr. H. Petrick gemaak is, was die begraafplaas langs die ou militêre pad naby Wingate Park. Dit was in daardie stadium nog versorg en in 'n goeie toestand. Dr.

---

32 C. Pama, *Die groot Afrikaanse familienaamboek*, p. 113; Persoonlike inligting: F. Brownell, Staatsheraldikus, Buro vir Heraldiek, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1999-06-30.

33 C. Pama, *Die groot Afrikaanse familienaamboek*, p. 113; F. Debrabandere, *Verklarend woordenboek van de A-K familienamen in Belgie en Noord-Frankrijk*, p.488; N. H. Theunissen, Die familie Erasmus, *Die Brandwag* 8 (373), p.25.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Petrick merk dan ook op hoe uitsonderlik dit is dat daar so baie grafte sonder grafstene is. Volgens hom is dit moontlik grafte van kinders. In ‘n onderhoud wat die navorser met kolonel Bertrand Retief gehad het, vermoed hy dat vandalisme ook ‘n groot bydrae gelewer het tot die groot aantal ongemerkte grafte. Volgens kolonel Retief is dit ook moontlik dat mense dit kon neem vir die mooi versierings of om bloot net die graf te skend.[34]

AVBOB het in 1988 die opdrag ontvang om 33 oorledenes by die Erasmuskasteel te herbegrawe. Die grafte moes geskuif word om plek te maak vir nuwe paaie. Die familiebegraafplaas was geleë in Erasmusrand wat oorspronklik nog deel was van die plaas Garstfontein. ‘n Voorwaarde wat gestel is, is dat die grafte weer in presies dieselfde volgorde soos dit oorspronklik was, moes wees. Grafskenders het sekere kopstukke in die ou begraafplaas baie beskadig. Waar die begraafplaas nou geleë is, is dit nie so maklik om grafskending te pleeg nie. Die begraafplaas is nou omring deur ‘n muur (ou beeskraal) en dit is op militêre grond.[35]

5. Vorige eienaars van die plaas Garstfontein

Die kodifisering van reglemente vir plaastoekennings is na 1855 deur die Zuid-Afrikaansche Republiek in werking gestel. Dit het onder meer inligting verskaf oor die opmeting van plase asook die toekenning daarvan in die vroeë jare. In 1839 het Potgieter se metode van die uitgee van burgerregte baie met hierdie

---

34 T. Andrews, A.G.M. Report tabled by Tom Andrews, *Nuusbrief Genootskap Oud-Pretoria* 2, Augustus 1996, pp. 4-8; Persoonlike inligting: B. Retief, Rooialslaan 45, Hartenbos, 2000-06-13.

35 G. Kleingbiel, *Onderling* 21(4), Februarie/Maart 1988, p. 2; A. Pillans, Die kasteel is weer ordentlik! *Die Taalgenoot* 59(6), Junie 1990, p. 25.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

reglement ooreengestem. Alle burgers van die Staat kon op een of meer plase aanspraak maak. Elke burger wat geregtig was op 'n plaas moes sodoende 'n versoek rig aan die landdros van sy distrik. Die landdros sou dan na voldoende bewys van burgerregte die besonderhede aanteken in 'n register, maar eers nadat die aanvraer 'n verklaring dat hy nog nie 'n plaas besit het nie, afgelê het. Die volgende stap was dan inspeksie en die oprigting van bakens om die grense van die plaas te bepaal . Die indiwidu kon dit spesiaal aanvra of dit kon deel wees van 'n algemene inspeksie van 'n blok plase. Volgens die grondwet moes geen plaas groter as 3 000 morg wees nie. Daar was wel die gevalle waar 'n plaas groter was (byvoorbeeld 3 750 morg) en in so 'n geval is die eienaars verplig om addisionele belasting op daardie stuk grond te betaal. Al die plase wat deur die Staat toegeken is het as vaste eiendom getel, maar dit was onderhewig aan 'n algemene reg van weg ten gunste van die publiek en was aan jaarlikse grondbelasting onderhewig. Plase is ook soms tussen 'n paar eienaars opgedeel. Die Kommissies van Inspeksie het gewoonlik uit 'n veldkornet en twee ander persone bestaan. Die Volksraad het in 1882 besluit om 'n landmeter saam met die inspekteurs te stuur en, indien nodig, sou hulle hom as 'n lid van die Inspeksiekommissie aanstel. Dit is dan ingevolge hierdie besluit dat die regering Johan Rissik aangestel het.[36]

Johan Friedrich Bernhard Rissik (2 Februarie 1857- 26 Augustus 1925) het die pos van "Inspecteur van Werken" beklee. Hy is in 1895 amptelik as landmeter-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek [37] asook die Minister van Lande en van Naturellesake in generaal Louis Botha (27 September 1862 – 27 Augustus 1919) se kabinet (1907-1910) en die eerste Administrateur van Transvaal na Uniewording. Rissik het 'n landmeter geword en is op 25 Februarie 1882 as regeringsklerk aangestel. In 1883 is hy bevorder tot Klerk van die Landmeter-Generaal. Hy het binne 'n kort tydperk waargeneem as landmeter-generaal en is toe ook daarna in dié betrekking aangestel. Een van sy

---

36 N. A. Coetzee, *Die geskiedenis van Rustenburg …*, pp. 8-10, 87.

37 E.M. Minnaar, *Grondleggende argitekte van die Departement Openbare Werke…*, p. 23.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

eerste opmetings was die dorp Benoni. Hy het dit dié Bybelse naam gegee wat "seun van my smart" beteken, vanweë Benoni se ongemaklike vorm. Johan Rissik het dan ook die plase soos Garstfontein en Waterkloof opgemeet en gekarteer. Dit is dan ook hy wat die nommers toegeken het, vandaar die gebruik dat die letters JR na die plaasnommer staan.[38]

Volgens die *List of farms in the Pretoria district, Transvaal, with the names of their registered owners* van 1900 word die volgende persone aangedui as die eienaars van die plaas Garstfontein:[39]

William Edmund Wilson
Carel Jacobus Erasmus
Andries Johannes Verdoorn
Matthys Johannes de Beer
Guillame Christoffel de Beer
Andries Johannes Vermeulen
Frederik Coenraad de Beer
Hendrik Johannes de Beer
Barend Petrus de Beer
Jacobus Coenraad de Beer
Andries Heyns
Paul Nel
Edward Rooth

Garstfontein is onderverdeel en die stukke is dan verder onderverdeel en verkoop. Sodoende het die lys van eienaars in 1900 op dertien persone gestaan. Die onderverdeling en oordra en verkoop van die dele van die plaas Garstfontein word duidelik uiteengesit in die plaasregister. Dus het Carel

---

38 C. J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, pp. 533-534; Rosenthal, E. (red.), *Ensiklopedie van Suidelike Afrika*, pp. 66-67.

39 TKP, Band 152: "List of farms…1900".

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Jacobus Erasmus nie die hele Garstfontein besit, soos dit oorspronklik was nie, en nog minder het hy al die plase tussen Pretoria en Rustenburg besit. Die plase het wel aan Erasmusse behoort, wat aan hulle toegeken is of wat hulle self gekoop het. Dié Erasmusse was egter nie net die een gesin naamlik die Erasmusse van Garstfontein nie. Daar was familie wat plase besit het, maar dit is dan aan al die kinders oorgedra in die testamente. In die meeste gevalle was die familielede baie verlangs familie en het mekaar selfs nie eens geken nie.[40] Carel het Garstfontein gekoop, en nie vir 'n perd en fluweelbroek geruil nie soos die mite dit wil hê nie. Niemand van die afstammelinge van Carel Erasmus kon bevestig waar dié mite vandaan kom nie.

Volgens 'n verslag wat ingelewer is deur P. Engelbrecht met die akte-ondersoek ten opsigte van die plaas Garstfontein, het die plaasnommer van Garstfontein 428 na Garstfontein 374 JR Transvaal verander. As hierdie onderskeid tussen die nommers nie getref word nie, sal dit die opsporing van korrekte en akkurate inligting bemoeilik.[41]

Garstfontein 428 is deur G. Kruger op 9 Augustus 1841 geïnspekteer. Die regering het die transportakte op 14 Maart 1859 aan J. A. Beetge gegee. In die boedel van J. A. Beetge is die plaas Garstfontein op 14 Maart 1859 oorgedra aan Jacobus Cornelis Rademeyer. Jacobus Cornelis Rademeyer dra op 5 Julie 1859 weer 'n gedeelte, volgens die bakens van sekere punte, oor aan Matthys Johannes de Beer.[42]

Jacobus Cornelis Rademeyer was getroud met Cornelia Johanna Erasmus. Hy is oorlede op 19 Junie 1868. Volgens die plaasregister in die Nasionale Argief

---

40 J. A. Heese en R. T. J. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagsregisters II*, pp. 212-223; Plaasregisters: Pretoria Band 16 Folio's 491-506; Persoonlike inligting: T. Andrews, Douglasstraat 41, Pretoria, 1999-11-05.

41 Geskrewe inligting: P. Engelbrecht, Konsultant, 1993-06-10.

42 Plaasregisters: Pretoria Band 16 Folio 491.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

lyk dit asof die eiendom in 1875 en 1878 aan al ses sy seuns, oorgedra is. In sy testament bemaak hy die plaas Garstfontein aan die manlike erfgename en hulle moet 'n uitbetaling maak aan Cornelia Jacoba Susanna Rademeyer (dogter) vir die bedrag van £75 (R150). Die erf wat aan Cornelia Jacoba Susanna Moll (Rademeyer) bemaak is, is op haar man se naam, Cornelius Petrus Moll getransporteer. Met die toestemming en goedkeuring van die mondige erfgename is die 245 skape vir versorgingsdoeleindes oorgelaat aan die weduwee, Cornelia Jacoba Rademeyer (gebore Erasmus) en haar onmondige kinders vir vruggebruik. Sy mag egter nie die skape verkoop en wins daaruit maak nie, want die skape is aan die kinders bemaak. Volgens Jacobus Cornelis Rademeyer se boedel erf Jacobus Cornelis Rademeyer (junior), Daniel Jacobus Erasmus Rademeyer (dit is opvallend hoe die Erasmus familiename hier deurslaan van sy moeder se kant) en Pieter Stephanus Johannes Rademeyer op 1 Maart 1875 elkeen 'n derde van die plaas Garstfontein. [43]

Pieter Stephanus Johannes Rademeyer verkoop 'n sesde gedeelte aan Daniel Jacobus Erasmus Rademeyer vir £100 (R200). Pieter Stephanus Johannes Rademeyer verkoop nog 'n sesde aan Jacobus Cornelis Rademeyer vir £100.[44]

In die boedel van Jacobus Cornelis Rademeyer is twee derde gedeeltes op 10 Januarie 1876 vir die bedrag van £50 (R100) oorgedra aan Lourens Theodorus Rademeyer en Theodorus Cornelis Johannes Rademeyer. Lourens Theodorus Rademeyer en Theodorus Cornelis Johannes Rademeyer het hulle twee derde gedeelte in 1879 vir die bedrag van £600 (R1200) aan Carel Jacobus Erasmus verkoop. [45]

---

43 TAB: Boedel: MHG 0/109A; Plaasregisters: Pretoria Band 16 Folio 491.
44 Plaasregister: Pretoria Band 16 Folio 491.
45 Aktenommer: T24/1876; Plaasregister: Pretoria Band 16 folio 491.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

In die boedel van Jacobus Cornelis Rademeyer het Carl Frederik Abraham Rademeyer 'n derde gedeelte van 'n gedeelte volgens die bakens vir £250 (R500) op 31 Maart 1875 gekoop. Carel Frederik Abraham Rademeyer het sy derde gedeelte op 30 Augustus 1875 aan Carel Jacobus Erasmus vir die som van £50 verkoop. [46]

Carl Jacobus Erasmus en Albert Brodrick, volgens die opname van plaaseienaars wat in 1900 gedoen is, het saam die plaas Waterkloof 29 besit.[47]

Carel Jacobus Erasmus verkry Daniel Jacobus Erasmus Rademeyer se helfte van die oostelike helfte van Garstfontein no. 428 in 1877 vir £400 (R800). Jacobus Cornelis Rademeyer verkoop sy onverdeelde helfte van die onverdeelde oostelike helfte van Garstfontein no. 428 in 1878 vir die bedrag van £500 (R1 000) aan Carel Jacobus Erasmus.[48] In totaal het Carel Jacobus Erasmus £1 850 (R3 700) betaal vir die Garstfontein gedeeltes.

Carel Jacobus Erasmus en sy vrou Martha Louisa Erasmus (gebore Prinsloo) het Garstfontein nommer 428 in stukke verdeel en bepaal in hulle testament, gedateer 25 Julie 1898, dat die plaas van 4 150 morg en 63 vierkante roede bemaak word aan Jochemus Johannes Petrus Erasmus, Johan Coenraad Marneweck en Daniel Engenatius Schutte. Die drie erfgename moes egter ooreenkom oor die nuwe grense wat getrek is.[49]

Carel Jacobus Erasmus bemaak die plaas Grootvlei nommer 127 en £ 2 000 (R4000) aan sy vrou , Hester Petronella Erasmus. Hy benoem al sy kinders uit

---

46 Aktenommer: T 1392/1875; Plaasregister: Pretoria Band 16 Folio 491.

47 TAB: TKP Band 152, List of farms in the Pretoria district, Transvaal….p. 21.

48 M. Petersen, Pretoria se kasteel in glorie herstel, *Sarie*, 1990-03-21, pp. 30-32; A. M. van Schoor, Kasteel op boereplaas, *Die Brandwag* 10 (390), 1945-09-07, p. 20; Aktenommer: T1164/1877; Aktenommer: T 288/1878.

49 Aktenommer: T 7322/1903.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

sy eerste huwelik en dié wat moontlik uit sy tweede huwelik verwek kon word as sy enigste erfgename en hulle moet alles gelykop erf. Carel Jacobus Erasmus se skoonseun, Johan Coenraad Marneweck en Carl Jacobus se vrou, Hester Petronella Erasmus is aangesê om as eksekuteurs op te tree. [50]

In 1903 is 'n gedeelte van die plaas Waterkloof nommer 29 ook aan Jochemus Johannes Petrus Erasmus oorgedra. Jochemus Johannes Petrus Erasmus het 'n gedeelte van die gedeelte uit die boedel van Carel Jacobus Erasmus op 25 Augustus 1903 gekry. [51]



Figuur 7: Jochemus Johannes Petrus Erasmus en sy vrou Johanna Jacoba Erasmus (geb. Van Schalkwyk).

Foto: B. Nell, Krygkor fotoversameling,s.a.

[50] TAB: Boedel: MHG 1127.

[51] Aktenommer: T 7322/1903; Plaasregisters: Pretoria Band 16 Folio 493.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Jochemus Johannes Jacobus Erasmus is in 1940 in die woonhuis op Garstfontein oorlede. Hy het roerende en onroerende goedere nagelaat en sy boedel is op meer as £ 300 (R600) geskat. Jochemus Johannes Petrus Erasmus en sy vrou Johanna Jacoba Erasmus het 'n gesamentlike testament gehad waarin die langslewende die vruggebruik van al die plaasgronde kon kry. Die meubels in die woonhuis op Garstfontein moes onder die kinders verdeel word. 'n Verdere bepaling was dat indien die langslewende weer sou trou, die tweede huwelik buite gemeenskap van goedere moes geskied. Indien 'n kind insolvent sou raak, kon sy erfdeel nie opgeeïs word nie; die ander kinders sou dit dan erf of daar sou 'n trust geskep word wat die kind dan sou help, maar hy of sy mog dit nie gebruik om sy of haar insolvensie nietig te maak nie. Daar is ook streng bepalings indien 'n kind sou sterf voordat daar wettige afstammelinge was. In so 'n geval kon die kind se eggenoot op die erfdeel aanbly en vruggebruik kry, maar die ander kinders sou dan die reg hê op daardie erfdeel. Indien 'n kind tot sterwe sou kom en wettige afstammelinge hê, sou daardie wettige afstammelinge die kind se erfdeel kry.[52]

Jochemus Johannes Petrus Erasmus (onder die kuratorskap van sy vrou Johanna Jacoba Erasmus , gebore Van Schalkwyk) skenk op 1 Oktober 1938 gedeeltes (gedeelte van 'n gedeelte van 'n gedeelte) aan Jochemus Johannes Petrus Erasmus (junior), Albertus Philippus Jacobus Erasmus en Johanna Jacoba Pienaar (gebore Erasmus, weduwee). In die oorspronklike testament van Jochemus Johannes Petrus Erasmus (senior) bemaak hy die plaas Garstfontein se twee dele wat bymekaar lê aan sy dogter Johanna Jacoba Pienaar. Die oorblywende gedeeltes van Garstfontein word aan Jochemus Petrus Jacobus se seuns, Jochemus Johannes Petrus (junior) en Albertus Philippus Jacobus Erasmus bemaak. Die seuns erf ook die oorblywende gedeeltes van Buffelsdrift nommer 131, Waterkloof nommer 29 en

---

52 TAB: MHG 3668/40.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Haakdoornbult nommer 344. Die testament bepaal verder dat Jochemus Johannes Petrus Erasmus (junior) 200 morge meer moet kry as sy broer Albertus Philippus Jacobus, omdat laasgenoemde die woonhuis op Garstfontein kry. Daar word dan in detail ingegaan op die presiese plek waar die grens langs die fontein getrek moes word. [53]

Johanna Jacoba Erasmus is op 14 Desember 1948 in die woonhuis op Garstfontein nommer 428 oorlede. Sy het roerende en onroerende goedere nagelaat en die boedel was na skatting meer as £300 (R600) werd. Jochemus Johannes Petrus Erasmus (junior) het sy adres as eksekuteur soos volg opgegee: Garstfontein p/a Paramount Brick Works (Pty.) Ltd., Erasmusgebou Kerkplein, Posbus 125, Pretoria. Volgens kolonel Bertrand Retief was dié Erasmusgebou op Kerkplein 'n bank gewees en volgens gerugte het selfs Paul Kruger geld by die Erasmusse geleen. In 1886 het die Pretoria Openbare Biblioteek reeds bestaan. Dié biblioteek en die Staatsbiblioteek het in 1893 verenig. Op 7 Junie 1894 is die nuwe biblioteekversameling aan die publiek oopgestel. Dit was toe in die Erasmusgebou (in 1955 as die Equitygebou bekend gestaan) op Kerkplein gehuisves.[54] Die Erasmusgebou het nie aan die Erasmusse van die Erasmuskasteel behoort nie, maar wel aan 'n Erasmus van Brakfontein. [55]

Die eiendom van Jochemus Johannes Petrus Erasmus en Johanna Jacoba Erasmus is in 1938 aan Albertus Philippus Jacobus Erasmus getransporteer. Dit het die resterende gedeelte van die leningsplaas Waterkloof nommer 29 asook 'n sekere resterende gedeelte van Carlsdrift van die eiendomsplaas Buffelsdrift nommer 131 ingesluit. Dan is die resterende gedeelte van die plaas Haakdoornbult nommer 344 asook 'n sekere resterende gedeelte van 'n

---

53 Plaasregister: Pretoria Band 16 Folio 506; TAB: Boedel: MHG 551/49; TAB: Boedel: MHG 3668/40.

54 S. P. Engelbrecht (red. et al), *Pretoria (1855-1955) geskiedenis van die stad Pretoria, uitgegee in die eeufeesjaar 1955*, p. 219; TAB; Boedel: MHG 551/49: Persoonlike onderhoud: B. Retief, Rooialslaan 45, Hartenbos, 2000-06-13.

55 Persoonlike inligting: Mev. D.M.C. Pottas…, 2001-05-09.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

gedeelte van 'n gedeelte van Garstfontein nommer 428 ook nagelaat aan Albertus Philippus Jacobus Erasmus.[56]

Die resterende gedeelte van 'n gedeelte van die plaas Waterkloof 378 JR en 'n resterende gedeelte van 'n gedeelte van 'n gedeelte van die plaas Garstfontein nommer 374 JR distrik Pretoria is in 1960 aan Jochemus Rasmus (Emus) Erasmus bemaak.[57]

Die gedeelte 81 van die plaas Waterkloof 378 JR Transvaal en gedeelte 329 (gedeelte van gedeelte 17) van Garstfontein nommer 374 is kragtens die Republiek van Suid-Afrika se bepalings van artikel 2(1) van Wet nommer 55 van 1965 van Jochemus Rasmus Erasmus onteïen. Jochemus Rasmus Erasmus is in 1977 geheel en al uit die besit van die genoemde grond onthef.[58]

Krygkor word in 1986 die geregistreerde eienaar van gedeelte 99 (gedeelte van gedeelte 81) van Waterkloof 378 JR Transvaal en gedeelte 329 (gedeelte van gedeelte 17) van die plaas Garstfontein 374 JR Transvaal in 1986.[59]

Gedeelte 99 (gedeelte van gedeelte 81) van die plaas Waterkloof 378 JR Transvaal en gedeelte 329 ('n gedeelte van gedeelte 17) van die plaas Garstfontein 374 JR Transvaal word getransporteer en staan voortaan bekend as resterende gedeelte van die plaas Kasteel 609 JR. Dié nuwe verwysing is in 1992 in gebruik geneem.[60]

---

56 Aktenommer: T 17509/1938.
57 Aktenommer: T 12747/1960.
58 Aktenommer: T 37531/1986.
59 Aktenommer: T 47289/1986.
60 Aktenommer: T84425/92.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

6. Gevolgtrekking

Die feit dat daar soveel teenstrydighede in die verskeie bronne is, het die navorsing bemoeilik, veral ten opsigte van die name wat nie dieselfde gespel word nie, maar dan ook waar daar ekstra name by ‘n spesifieke persoon gevoeg word. Die kwessie van die genealogiese nommers wat toegeken word aan die kinders is ook ‘n saak van kommer, omdat dit blyk dat elke genealoog sy eie idee het van die hoeveelheid kinders, asook die kinders wat gemeld moet word. Die navorser het besluit om in hierdie stadium dan net ten minste die letter van genealogiese verwysing korrek te hê.

In die voorafgaande gedeelte sien ‘n mens ook die inmekaargeweefde fasette van die Erasmusse van Garstfontein. Die gesteldheid op die familie wat so ‘n belangrike rol gespeel het, soos wat ‘n mens kan aflei uit die gesamentlike testament van Jochemus Johannes Petrus Erasmus en Johanna Jacoba van Schalkwyk wat absoluut seker gemaak het dat die gronde binne die familie sou bly. Dit word ook gesien in die testament van Albertus Philippus Jacobus Erasmus waarin hy bepaal dat Jochemus Rasmus Erasmus eers sy erfdeel of grond sou kry wanneer hy 30 jaar oud is. Ongelukkig sou hulle nie die regering se onteiening en planne vir die nuwe hospitaal [16] kon keer nie. Gelukkig het dit nie gerealiseer nie, en die Erasmuskasteel het “oorleef” en staan as ‘n herinnering maar ook ‘n simbool van hoop vir oorlewing vir ander historiese geboue.

Die navorser het ‘n hele paar leemtes geïdentifiseer wat opgevolg moet word. So sal Daniel Jacobus Elardus (b3c2d2e5 of b3c12d3) se ouers vasgestel moet word by wyse van sy doopregister of ander bronne soos sy geboortesertifikaat of huweliksertifikaat wat moontlik ‘n leidraad kan gee tot die ontknoping van die probleem.

---

[61] Akademiese Hospitaal

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

3 'N ONDERSOEK VAN DIE ERASMUSKASTEEL SE VLOERPLAN EN DIE ARGITEK VAN DIÉ BESONDERE HUIS

1. Agtergrond

Teen die einde van die negentiende eeu was die elite besig om ‘n verandering te ondergaan. Met elite word daar bedoel dat dit bestaan het uit die “boonste vlak mense”, wat dan ook weer in verdere groepe opgedeel kon word. In daardie tyd was dit belangrik om te behoort aan die elite, ‘n persoon was òf deel van die elite òf nie. Laasgenoemde was nie die wenslike situasie om in te verkeer nie en die opkomende middelklas sou berge versit net om deel te word van die elite of die sogenaamde boonste klas mense.[1]

Die sogenaamde “nuwe geld”, was die geld van die tweede generasie van die negentiende eeuse ondernemers. Vroeër in die eeu was die nuwe rykes die spoorwegkontrakteurs, ingenieurs, skeepsbouers en die ontwikkelaars van die bloeiende stede. Teen die einde van die eeu was die rykdom verplaas na die bankiers, besigheidspromotors en sakelui van die stede. Tog het dié wie se loopbane só gefloreer het, dit te danke gehad aan die hulp van hulle ouers (die vorige generasie). Finansiers was dan moontlik die seuns van prokureurs, skeepseienaars en van gerespekteerde klerke. Hierdie geslag sou dus nie kon opgang maak in die samelewing sonder hulle middelklas agtergronde nie. Die nuwe rykdom was nie net ‘n verskynsel in Engeland nie. Geld was ook in die hande van die nuwe kolonies. Ons kry Britte wat suikerplantasies (Kwa-Zulu Natal) gehad het in die kolonies, teeplantasies (Indië en Sri – Lanka) , koffieplantasies (Jamaika), groot beesboerderye (Australië), rubberplantasies, ensovoorts. Daar was ook die mense wat hulle fortuine uit Suid-Afrika se goudmyne kom maak het. Jochemus Jacobus Erasmus het ook aan die meer

---

[1] N. Cooper, *The opulent eye, Late Victorian and Edwardian taste in interior design*, p.6.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

welgestelde stand behoort, hoewel hy nie sy geld uit mynbou gemaak het nie. ‘n Suksesvolle beesboerdery en steengroef het die pot aan die kook gehou vir die Erasmusse.[2] Die Paramount-steenmakery was ook op die plaas geleë.

Jochemus was ‘n boer en ‘n sakeman. Hy het onder andere vleis (bees en skaap), melk en mielies aan Pretoria voorsien. Die plaas was goed georganiseer en goed uitgelê. Die beeste is in die winter na die bosveldplase geneem. Die 1890-huis het mettertyd te klein geword vir die groeiende gesin, en ‘n nuwe huis moes gebou word. Jochemus se vader, Carel, het aan hom gesê dat hy nou net vir hom ‘n ordentlike huis moes laat bou. Wat presies Jochemus se gedagte met sy nuwe huis was, is vandag onduidelik. Hy het wel ‘n Nederlandse argitek gekry om die huis vir hom te ontwerp. Mej. J.J. Pienaar vermoed dat haar oupa bloot net vir die argitek opdrag en ‘n vrye hand gegee het en dat hy die planne toe aanvaar het. [3]

2. Die argitek van die Erasmuskasteel



Figuur 8: Frans van der Ben se handtekening.
Uit: Nasionale Argief van Suid-Afrika, MPA 19A.

---

2 N. Cooper, *The opulent eye…*, p. 6 ; G. S. Preller, *Talana, die drie generaals-slag by Dundee met lewensskets (sic) van genl. Daniel Erasmus*, pp. 46- 47 en 262- 271; Geskrewe inligting: E. van Schalkwyk, kleinseun van Jochemus Johannes Erasmus, Mandaryn 2, Hennenman, 2000-06-22.

3 Persoonlike inligting: Mnr.J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus en Johanna Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-06-12; Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus en Johanna Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die Erasmusfamilielede wat in die verband genader is, kon ongelukkig nie meer inligting oor die argitek verskaf nie. Die naam was vir hulle bekend, maar hulle kon nie meer onthou wat hulle oupa en ouma vir hulle van hom vertel het nie.

Anton Jansen is van mening dat Frans van der Ben nie die argitek van die Erasmuskasteel was nie. Hy het bloot net die geld ingesamel van die firma waarvoor hy gewerk het. Hy het vir Lesley Simmons (argitek) gewerk en laasgenoemde het dan ook die Erasmuskasteel uit 'n Amerikaanse patroonboek gekry en enkele aanpassings gemaak. Die aanpassings is gemaak om by Jochemus se beursie en behoeftes te pas. Van der Ben het wel die kurator se woning in Burgerspark ontwerp. Dié woning het baie ooreenkomste met die Erasmuskasteel. Jansen se teorie is egter op 'n laat stadium aan die navorser blootgelê. Dié teorie sal opgevolg moet word in 'n verdere studie wat die navorser wil doen.[4] Tog is die Erasmus-familie oortuig dat Van der Ben wel die argitek was.

Frans van der Ben, die man wat vir die Erasmus-familie van Garstfontein 'n "behoorlike huis" sou ontwerp, was 'n Nederlandse argitek. In die proefskrif van H. M. Rex wat handel oor die werke van Sytze Wopkes Wierda (28/02/1839 - 10/12/1911) en Kie asook die verhandeling van R. C. de Jong wat in die besonder handel oor die kultuurlewe van die Pretoriase Nederlanders, word daar geen melding gemaak van Frans van der Ben nie. Dit wil lyk of hy op die gebied van verenigings onaktief was; hy was 'n individualis wat op sy eie wou werk. Dit mag ook wees dat die navorsers van bogenoemde twee bronne Van der Ben eenvoudig nie belangrik genoeg geag het nie. Die

---

[4] Persoonlike inligting: A. Jansen, boukontrakteur en restourateur (onder andere van die Erasmuskasteel), Posbus 912-514,Silverton, Pretoria, 2003-05-13 en 2003-09-24.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

argief moes genader word om enige verdere inligting oor Van der Ben te bekom.[5]

Geen dokumentasie in verband met Van der Ben se geboorte- en sterfdatums kon gevind word nie. Die datum van sy aankoms in Suid-Afrika kon wel bepaal word. Op 18 Januarie 1900 het hy 'n eed van getrouheid aan die Britse kroon afgelê om sodoende volle burgerregte te bekom. Uit hierdié dokument blyk dit dat hy drie jaar vantevore, in 1897, na die Z.A.R. gekom het. In dieselfde dokument word Den Helder as sy geboorteplek aangegee. Den Helder is 'n hawestad in die provinsie van Noord-Holland. Dis op die punt van 'n skiereiland, net suid van die eiland Texel, by die ingang na die Waddensee.[6]

Op 21 Junie 1900 het Van der Ben 'n eed afgelê dat hy geen wapens besit nie. Daar word gemeld dat hy in Pretoria woonagtig was. Volgens die opmerkingskolom was hy tot 29 Oktober 1900 'n Britse onderdaan en was hy op parool.[7]

Op 'n vergadering van die Provinsiale Dorpsraad wat op Dinsdag 19 Junie 1900 om 15:00 gehou is, is daar aangedui dat Frans van der Ben as 'n nuwe amptenaar, in die kantoor van die Stadsingenieur as 'n ondersanitêre inspekteur aangestel is. Pretoria was toe onder Britse besetting.[8]

---

5 H. M. Rex, *Die lewe en werk van Sytze Wopkes Wierda in Nederland met verwysing na sy betekenis vir die Zuid-Afrikaansche Republiek*, D. Phil. –proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1974, pp. 2, 437 en i – 481; R. C. de Jong, *Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die "Nederlandsche Vereeniging"* 1890- 1918, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1980, pp. i – 294.

6 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) of "National Archives of South Africa", Pretoria: TKP 154, pp. i –1: Subjects of European Nations (other than British subjects) who have taken full burgher rights under the Transvaal government since the commencement of war, Pretoria, 1900; B.B. Stolk, "Den Helder", persoonlike e-posboodskap aan T. Rossouw, 2001-02-14.

7 TAB, Pretoria: TKP 154, p. 13: List of burghers who have surrendered their arms in the Transvaal and Orange Free State, Pretoria, 1900.

8 TAB, Pretoria: MPA 1/1/1/1, pp. 5-8: Minutes of council meetings, Pretoria, 19-06-1900.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Op 'n stadsraadvergadering van 17 Desember 1900 is daar na aanleiding van 'n hospitaalrekening van Van der Ben aansoek gedoen, dat die onderburgemeester moes vra dat werknemers van die stadsraad verniet mediese sorg moes geniet. Dit moes veral geld in 'n geval waar die persoon nie 'n huis gehad het waar hy behandel kon word nie. Daar is verder ook versoek dat die swart werknemers heeltemal verniet behandeling moes ontvang.[9]

'n Dokument van die ouditeurskantoor in Pretoria verskaf 'n lys van die munisipale werknemers. Volgens hierdie dokument is Van der Ben vanaf 1 Oktober 1902 as 'n tekenaar aangestel. Sy inkomste sou £330 (R660) per jaar wees. Dié besluit oor die herorganisering van die stadsingenieursdepartement is op 1 Augustus 1902 by 'n stadsraadsvergadering geneem. By 'n munisipale vergadering op 21 Augustus 1902 is die verslag van die Stadsingenieur (11 Augustus 1902 gedateer) voorgelees. Die verslag blyk 'n uiteensetting te wees van die opmeet van die groeiende stad en sodoende die dokumentasie van pyplyne, kabels, voetpaadjies, paaie, riolering asook die oprig van driehoeksbakens. Die Stadsingenieur het die feit beaam dat, indien die stadsraad die versoek sou toestaan, sou die opmeting van Pretoria se oppervlakte gelykstaan aan dié van Londen, Engeland , indien nie groter nie. Tog is hy ook realisties oor die finansiële tekortkominge wat mag ontstaan en hy voer aan dat indien die geld (£ 6 000) vir die projek toegestaan sou word, dit die stadsraad op die lange duur net sou kon baat.[10]

In 'n verdere dokument van 1902 word Van der Ben aangedui as die eerste- of hooftekenaar en sy pos se benaming is " Assistent ingenieur". Hy sou nou £ 600 (R 1 200) per jaar verdien. Hierdie salaris was 'n baie billike

---

9 TAB, Pretoria: MPA 1/1/1/1, p. 47: Minutes of council meetings, Pretoria, 1902.

10 TAB, Pretoria: MPA 1/1/1/3, pp. 115-122: Minutes of town council meetings, Pretoria, 1902-08-21.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

besoldiging gedurende daardie tydperk. Indien Van der Ben aanvaar sou word as die hooftekenaar, sou hy so gou as wat dit regtens moontlik was 'n Britse onderdaan moes word (wat hy gewillig was om te word). Die stadsingenieur het verder aangevoer dat Van der Ben 'n baie goeie tekenaar was en reeds 'n geruime tyd ('n paar jaar) in diens van die munisipaliteit gestaan het. Volgens die stadsingenieur sou dit 'n groot verlies wees, indien Van der Ben nie gebruik word nie en dit sou 'n skade wees om iemand te verloor wat nog kennis van die ou regering gehad het. In dié verband tel dit in Van der Ben se guns dat, indien die situasie hom sou voordoen, sy kennis van die vorige regering baie waardevol sou wees.[11]

'n Kort oorsig oor Van der Ben se vroeëre loopbaan en lewe is nodig om 'n indruk te kry van die tipe ervaring wat die argitek van die Erasmuskasteel gehad het. Soos reeds genoem, kon geen besonderhede oor Van der Ben in Rex of Minnaar of De Jong se proefskrifte opgespoor word nie. Die navorser het al die inligting wat sy in die Staatsargief kon opspoor ingewerk. Hoewel dit nie inligting oor die Erasmuskasteel verskaf nie, gee dit tog 'n indruk van Van der Ben se persoonlikheid.

Die feit dat Van der Ben die aanstelling gekry het, dui daarop dat hy vaardig was en dat die kundigheid wat hy verkry het toe hy vir die Z.A.R. gewerk het, hom tog sou kon help met die ontwerp van die Erasmuskasteel.

---

[11] TAB, Pretoria: MPA 1/1/1/3, pp. 115-122: Minutes of Town Council meetings, Pretoria, 1902-08-21.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die drie sake met betrekking waartoe Van der Ben dokumentasie in die argief sou nalaat behels die Pretoria Stadsraad se Kanalisering van die Apiesrivier, Van der Ben se registrasie as tekenkunstenaar en sy aansoek om 'n paspoort. Die opgespoorde dokumentasie word bespreek om sodoende 'n beter idee te vorm van wie Van der Ben was.

Die kanalisering van die Apiesrivier het ernstige aandag van die stadsraad geniet en met die uitbreiding van Pretoria moes baie mense stukke van hulle grond afstaan vir die groeiende stad. Van der Ben kon ook nie rustig terugsit en dinge van sy voorstoep af aanskou nie, die voortdurende modernisering het kort voor lank aan sy deur kom klop.

Dit het so gebeur dat Van der Ben 'n gedeelte van sy grond tussen Visagie- en Esselenstraat moes afstaan om plek te maak vir die kanalisering van die Apiesrivier wat aan die westekant van die erf loop. Van der Ben het die stuk grond ongeveer in 1904 aangeskaf. Die onderhandelings vir die grond wat benodig is vir die kanalisering het min of meer in 1905 begin.[12]

Van der Ben skryf op 5 Mei 1905 aan die stadsklerk dat hy op sy grond wou bou. Toe hy sy grond laat opmeet, sien hy dat 'n gedeelte van die trembrug op sy grond staan. Van der Ben meld dat hy nie geldelike voordeel uit die situasie wil verkry nie. Hy vermoed dat dit duidelik die fout was van die ou Tremweg Maatskappy. Hy maak die voorstel dat die stadsraad tot een of ander verstandhouding met hom kon kom. Hy vra vir die uitruiling van grond. Die raad sou dan die gedeelte kry waarop die brug staan. Hy vra vir die gedeelte vanaf sy grens tot teenaan Du Toitstraat. Sy versoek is dat die saak so gou as moontlik aan die stadsraad voorgelê moes word, anders kon hy nie aangaan met sy bouplanne nie.[13]

---

12 TAB, Pretoria: MPA. 19A. 3/3/152, Canalisation of the Apies river – exhange F. van der Ben, Pretoria, 1905-1909.

13 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Op 6 Mei 1905 stuur die stadsklerk 'n memorandum aan die stadsingenieur waarin hy wil weet of Van der Ben se versoek vir die grond met die bestaande regte gaan bots. Die stadsingenieur beantwoord die vraag op 8 Mei 1905. Die stadsingenieur maak die uitlating dat Van der Ben een van sy ondergeskiktes is en dus wou hy hom nie oor die saak uitspreek nie. Hy het wel klem daarop gelê dat die breedte van Visagie- en Du Toitstraat behoue moes bly en dat 'n doodloopstraat ongewens is. Hy maak die voorstel dat die kanaliseringsvraag ook in hierdie stadium opgelos en aan Van der Ben voorgelê moes word.[14]

In antwoord op Van der Ben se versoek laat weet die stadsklerk hom op 17 Mei 1905 dat die stadsraad nie die reg het om vir hom munisipale grond te gee nie. Die stadsraad is wel bereid om 'n onafhanklike landmeter te stuur wat kan bevestig dat die brug wel op Van der Ben se grond staan. Indien dit die geval is, sou die stadsraad vir hom geldelike vergoeding gee. Die stadsklerk vra ook vir Van der Ben om vir hulle 'n bedrag te kwoteer, wat hy as vergoeding sou aanvaar vir die gedeelte wat hy verloor het.[15]

Op 28 Junie 1905 laat weet Van der Ben dat hy gewillig is om sonder benadeling van regte die stadsraad toe te laat dat die brug op sy grond bly. Hy vra wel £ 50 (R100) vergoeding, wat volgens hom 'n geringe bedrag is as 'n mens dink aan wat hy verloor het as gevolg van die oorskryding van sy grense. Op 5 Julie 1905 versoek Van der Ben dat hy, in plaas van vergoeding vir die trembrug en die grond wat die stadsraad benodig vir die kanalisering ontvang, eerder grond uitruil. Hy meld dat die stadsraad reeds positief gereageer het op dié voorstel van hom op 5 Mei 1905 met 'n ingeslote skets, dit wil sê indien die stadsraad bereid is om die grond uit te ruil. Hy wys daarop dat die grond waarvoor hy vra nie van groot waarde is vir die stadsraad

---

14 TAB, Pretoria: MPA. 19A. 3/3/152, Canalisation of the Apies river – exhange F. van der Ben, Pretoria, 1905-1909.

15 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

nie. Vir hom sal dit waardevol wees, want dit grens aan sy grond. Hy meld dat die voorstel, vir beide belangegroepe, 'n redelike en billike voorstel is.[16]

Van der Ben vra weer op 25 November 1907 vir die gedeelte wat aan sy erf grens en strek tot teenaan Du Toitstraat. Volgens hom sou die munisipaliteit binnekort twee dele van sy grond benodig, die een stuk vir die trembrug asook 'n gedeelte vir die voorgestelde nuwe kanaal wat hulle wou bou. Van der Ben bepaal dat indien die grenslyn van Esselenstraat reguit gemaak word, sal die gedeelte min of meer dieselfde grootte wees as die twee gedeeltes wat die munisipaliteit mettertyd sou benodig. Van der Ben skryf weer op 25 Februarie 1908 aan die stadsklerk nadat hy waarskynlik 'n negatiewe reaksie op sy vorige versoek ontvang het. In hierdie brief is hy baie meer "opdringerig" en hy lê klem daarop dat hy moet afstand doen van 'n groot stuk grond. Dié stuk grond, is volgens hom, 'n bietjie groter as 'n Sunnyside erf oos van Buitenstraat, waarvan hy moes afstand doen. Hy meld verder dat hy reeds £ 300 (R 600) aangebied is vir daardie besondere gedeelte om op te bou.[17]

Van der Ben doen ook aansoek dat die huidige dienste van bestaande waterregte buite sy grond val en dat die loop van die rivier langs die westelike grens, wat in die stadsraad se besit is, moet vloei. Hy sou verkies dat daardie waterregte gekanselleer word en dat die leivoor opgevul word wanneer opgrawings in die omgewing gedoen word. Van der Ben is gewillig om die driehoekige gedeelte wat benodig word vir die kanalisering aan die stadsraad te gee. Hy stem ook verder toe dat die stadsraad pype en rioolpype oor 'n strook van 13 voet breed, wes van die kanaal asook 'n gedeelte 30 voet breed suid van sy grens mag lê. In ruil vir die toegewings vra Van der

---

16 TAB, Pretoria: MPA. 19A. 3/3/152, Canalisation of the Apies river – exchange F. van der Ben, Pretoria, 1905-1909.

17 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Ben dat die gedeelte van Esselensraat, Arcadia saam met 'n gedeelte van erf nommer 821 aan hom gegee moet word.[18]

Volgens 'n brief van die stadsklerk gedateer 18 Februarie 1908 het hy gemeld dat die "*General Purposes Committee*" bereid is om die ruiling van grond aan die stadsraad voor te stel. Volgens die brief sou Van der Ben redelik baat, maar die stadsraad het nog voorwaardes aan hom gestel. In die brief wil die stadsklerk toestemming verkry van Van der Ben om die reg van weg te kry om pype of rioolpype oos van die stroke grond van Van der Ben ongeveer 13 voet in breedte te lê, wat parallel met die voorgestelde kanaal sou loop. [19]

Die stadsklerk (J.v.R. is onder aan die dokumente geteken, maar sy naam is nêrens aangedui nie) het op 7 Maart 1908 vir Van der Ben laat weet dat die "*General Purposes Committee*" nie bereid was om die ruiling aan te beveel nie. Hulle wou eerder vir hom vergoeding betaal vir die gedeelte wat die munisipaliteit benodig.[20]

Dié hele aangeleentheid moes seker 'n kopseer vir Van der Ben gewees het en veral as 'n mens kyk hoe lank die hele proses gesloer het, kan 'n mens maar net wonder wat in Van der Ben se gemoed omgegaan het.

Op 16 Desember 1909 het Van der Ben by die "*Association of Transvaal Architects*" aansoek gedoen om geregistreer te word. Onder kwalifikasies staan daar dat hy ingestem is kragtens twee van die proklamasies nommer 97 op 23 Desember 1909 [21] Van der Ben se aansoek is op 12 Januarie 1910

---

18 TAB, Pretoria: MPA. 19A. 3/3/152, Canalisation of the Apies river- exchange F. van der Ben, Pretoria, 1905-1909.

19 *Ibid*.

20 *Ibid*.

21 Die ander proklamasie word nie gemeld in die dokument nie.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

deur die stadsraad goedgekeur. Op 22 Desember 1926 het Van der Ben bedank. Die rede vir sy bedanking word nie op die vorm aangedui nie. Dit is dan ook die laaste datum waar daar iets van hom opgespoor kon word.[22]

Op 21 Maart 1910 is daar 'n dringende versoek aan die privaatsekretaresse van die goewerneur gerig vir die ondertekening van aansoekvorms vir 'n paspoort. 'n Brief van die Transvaalse Polisie word gerig aan die hoof immigrasieamptenaar (sy naam word nie in die dokument verstrek nie) waarin daar verklaar word dat Frans van der Ben 'n man met 'n uitstekende karakter is.[23]

Uit hierdie navorsing kon die navorser die lief en leed van Van der Ben opspoor. Hy moes klein begin en homself bewys om uiteindelik as tekenaar aangestel te word. Min het hy seker geweet dat sy kundige ontwerpte huis 'n honderd jaar later nog soveel opspraak sou verwek. Dit is nie bekend of hy nog huise ontwerp het nie.

Volgens D. Picton-Seymour het Van der Ben moontlik van 'n patroonboek gebruik gemaak . Die stelling mag waar wees, aangesien die hout onder die drumpels van die deure duidelik in Romeinse syfers gemerk is. Volgens mnr. H. Swart is dit moontlik so "permanent" gemerk en in stukke van Engeland af laat kom. Die syfers is in die hout ingekerf. [24]

---

22 TAB, Pretoria: A 1872, p. 114: Record of registration, The Association of Transvaal Architects, Pretoria, 1910-01-17.

23 TAB, Pretoria: CIO 6, N49, Frans van der Ben, Travelling Passport, Pretoria, 1910-03-11 en 1910-03-18.

24 D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 174; Persoonlike inligting: Mnr. H. Swart, Subkontrakteur skrynwerker vir Krygkor, Krygkor, Blok 7, Pretoria, 2001-03-06.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Anton Jansen vermoed dat die Erasmuskasteel se argitektuur hom meer na die Amerikaanse styl toe verleen. Dit is ook die rede hoekom Jansen vermoed dat L. Simmons 'n Amerikaanse patroonboek gebruik het.[25]

3. G. Monbello

Die bouers van die Erasmuskasteel was volgens oorlewering ook "uitlanders". Die Italianer G. Monbello was die kontrakteur wat die huis gebou het. Geen dokumente kon oor hom in die argief gevind word nie. Die vermoede bestaan dat hy moontlik saam met sy span van Italië af gekom het om die huis te bou. Dié gedagte is nie sonder meriete nie, omdat dit nie ongewoon was om mense van oorsee af te kry om bouwerk te kom doen nie. [26]

4. Die Erasmuskasteel

Die datum wat aan die vooraansig van die huis pryk is 1903. Dit is dan moontlik die jaar waarin die huis voltooi is. Volgens mej. Pienaar het haar oupa, Jochemus Erasmus, altyd gesê dat die huis vinnig gebou is. [27]

Die Erasmuskasteel se naam was eers *Bella Vista* (Skone uitsig). Die naam het selfs op spesiaal gedrukte papier vir die Erasmuskasteel verskyn. Volgens mnr. Pienaar was dit uit die staanspoor die huis se naam, maar mej. Pienaar meld dat die naam eers later deur Albertus Erasmus aan die huis gegee is. Volgens mej. Pienaar het die huis aanvanklik nie 'n naam gehad nie. Sover die navorser kon vasstel, bestaan daar nie meer briefhoofde met dié naam op

---

25 Persoonlike inligting: Mnr. A. Jansen, …, 2003-09-24.

26 Persoonlike inligting: Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10; D. Picton-Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 174.

27 Persoonlike inligting: Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-21.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

nie. Dit was glo net die Erasmus - naam en adres wat onder aan die papier gedruk was.[28]

4.1 Buiteaansig

Die plaas Garstfontein is op die 25 ° 49' S en 28 ° 17' O geleë.[29]
Die Erasmuskasteel se voorkant front na die Suide wat nie die ideaal is in Suid-Afrika nie. 'n Huis moet eintlik na die Noorde front om die maksimum sonskyn te benut. Met die plasing van die Erasmuskasteel is dit verstaanbaar dat die huis baie koud kan raak in die winter.
Dit was dan ook een van J. R. Erasmus (Emus) se groot kopsere dat die huis Suid front. Erasmus het 'n sonstoep laat aanbou, met hortjiesvensters, sodat die huis warmer sou wees in die winter. [30] Die huis se plasing is egter van so 'n aard dat dit 'n lieflike uitsig gehad het.

Die huis se oriëntasie is baie belangrik veral as 'n mens 'n bewaringstrategie wil uitwerk. Daar word later meer oor laasgenoemde onderwerp uitgebrei. Die son is laer en korter in die lug in die winter as in die somer. In die suidelike halfrond sal die noordelike blootstelling aan die son die sonnigste wees. Die Erasmuskasteel se presiese oriëntasie is in 'n suid – oostelike na 'n noord-westelike rigting. Die sonnigste deel van die huis sal dus die agterste deel (waar J.R. Erasmus die hortjiesvensters ingesit het) van die huis wees. 'n Mens kan net wonder of die plasing van die huis dalk te make het met Van der Ben, wat 'n Nederlander was, en dalk nog gedink het dat die suidelike deel die sonnigste sou wees. Staatsopnames,

---

28 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04; Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10.

29 J.S. Bergh, *Geskiedenis atlas van Suid-Afrika, die vier noordelike provinsies*, p.129.

30 Persoonlike inligting: J.R. Erasmus, kleinseun van Jochemus en Johanna Erasmus en laaste eienaar van die Erasmuskasteel, Erasmuskasteel Eeufeesviering, 2003-09-24.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

soos kaarte van die omgewing, die tipografie en ou paaie speel ‘n belangrike rol. Indien kaarte van die terrein verkrygbaar is, sal ‘n mens ‘n beter idee kan vorm van die omgewing. Die ou kaarte wat van die terrein opgespoor kon word, is slegs van gedeeltes van die plaas. Daar is nie behoorlike topografiese aanduidings nie. [31]

In die volgende gedeelte word daar na die vloerplan van die Erasmuskasteel gekyk. Elke vertrek word aan die hand van die vloerplan bespreek. Die stand van die son het onder andere die bou van ‘n veranda gestimuleer.

[31] D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 73; Kasteelpark nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoek 2000-06-03; C. Feiss, Survey, evaluation and registration, in *Historic preservation tomorrow*, p. 7.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)



Figuur 9: Vloerplan van die Erasmuskasteel.
Tekening: T. Rossouw.

I Mure

Verskeie tipes stene is in Transvaal gebruik. Daar is hoofsaaklik drie groepe, naamlik: onreëlmatige roustene, gevormde roustene en gevormde gebrande stene. Dit was makliker om roustene te vervaardig, aangesien dit nie die brandproses ingesluit het nie. Roustene is in die son gedroog en sodoende was dit dan ook ‘n “sagte” steen. Stene wat liggebrand is, is ligrooi van kleur en daar kan maklik met ‘n harde voorwerp ‘n merk daarop gemaak word. Die stene is teen ‘n laer temperatuur as die hardgebrande stene gebrand. Hardgebrande stene is teen ‘n hoë temperatuur gebrand. Die stene wat in die middel van die

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

steenoond gestaan het, is hardgebrand. Die stene wat aan die buitenste dele gestaan het, is liggebrand.[32]

Binnemure is gewoonlik van roustene gebou, terwyl die buitemure van gebrande stene gebou is. Strukture kon wel heeltemal van rousteen, liggebrande- of hardgebrande steen gebou word.[33]

Figuur 10 : Die Erasmuskasteel vanuit die noordekant gesien.
Tekening: T. Rossouw

Die fondamentmure van die Erasmuskasteel is gebou van gekapte koppieklip en die res van die huis is van stene gebou. Die fondamentmure wat sigbaar is onder die vloer van die huis, is net van gewone koppieklippe en sement gebou. In Transvaal was klipgeboue die duurste, gevolg deur steengeboue. Veral huise van gebrande stene het 'n statiger voorkoms gehad. Stene is dikwels gebruik vir die eenvoudiger twee en drie vertrek geboue. Stene is egter altyd vir groter vyf vertrek huise gebruik. Dit is dan veral deftiger huise wat van

32 E.C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou*, D. Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1988, pp.179-180.

33 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

gebrande- of baksteen gebou is. Buitegeboue is gewoonlik van ander materiale gemaak, wat dan ook 'n aanduiding is van die meer statige voorkoms van stene. Tog wil dit lyk of die Erasmuskasteel se buitegeboue ook van steen gebou is. Selfs die 1860 -huis is van steen.[34]

Die netjiese gekapte koppieklippe is moontlik uit die omgewing verkry en toe baie kundig in pragtige reghoekige vorms gekap. Die klippe is glo in 'n vuur warm gemaak en water is daaroor gegooi. Dit het veroorsaak dat die klip reguit kraak en die klippe is dan verder gekap en gevorm. Die Erasmuskasteel se fondamentklippe is besonder goed verwerk en baie eweredig in min of meer dieselfde grootes. [35] Dit is besonders, want daar is nie meer baie voorbeelde van huise waar daar van gekapte koppieklippe gebruik gemaak is nie. Dit was moontlik ook die gebruik gewees by die bou van meer gegoede huise, maar almal kon nie hulle eie klippe verskaf nie.

Die sierlugroosters van gietyster word net bokant die veranda-oppervlak gevind. Die navorser kon ten minste vier verskillende vorms van die lugroosters identifiseer.[36]

---

34 E. C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal …*, p. 179; Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel en Pionierswoning, besoeke in 1999, 2000, 2001; Krygkor, foto's in Krygkor se privaatversameling, Mnr. B. Nell en Mnr. A. Yssel.

35 Persoonlike inligting: Mnr. J.J. P. E. Pienaar & Mev. A.S. Pienaar, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-06-12.

36 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, 2001-05-11.

37 I. Ley, *Jorissenstraat 529 'n Laat Victoriaanse museumrestaurant (1890-1910)*, Museumkunde, Universiteit van Pretoria, 1994, p. 11; Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

II Veranda

Die Erasmuskasteel het ‘n ruim veranda wat bykans om die huis loop. Die veranda het mettertyd sy verskyning gemaak in die Suid-Afrikaanse boukuns. Die veranda was niks anders nie as ‘n stoep wat eers voor die huis en later aan die kante van die huis voorgekom het. Die veranda het egter, anders as ‘n gewone stoep, ‘n dak wat gestut word deur pilare. Die veranda het later feitlik om die huis geloop en ‘n nuwe tipe huis, naamlik die verandahuis, het ontstaan. Die veranda is natuurlik ook vir Suid-Afrika se warm klimaatsomstandighede geskik. [37]

Daar is geglo dat die oorsprong van die veranda-styl Brits-Indies was. Dit is kenmerkend van die Britse en Nederlandse Koloniale styl. Die styl kom ook voor in Portugal, Batavië en die Antille. In Suid-Afrika het die veranda veral met die ontwikkeling van sinkplate inslag gevind. Vir Suid-Afrika was ‘n oop stoep onprakties omdat dit geen beskerming teen byvoorbeeld reën en die son gebied het nie. Die veranda is ‘n gesellige buitenshuise kuierplek en bied beskerming teen die klimaatsomstandighede.[38]

Die veranda het gewoonlik op houtpilare gerus wat van inheemse hout , veral boekenhout, gemaak is. Die Erasmuskasteel se houtpilare is reëlmatig gespasieer en dis veral aan die bokant waar die houtsierwerk baie fyn gedoen is. Die houtpilare word verder gestut deur houtboë wat aanklank vind by die vraagtekenboog aan die voorkant van die huis, asook die geronde vensters van die toringgedeelte. Daar bestaan ‘n ritme. Waar die “stut” houtboë met die houtpilare verbind is, is dit asof die versierings op die geute die “uie-motief ” naboots. Die uie-motief op die hoeke van die geute het ‘n funksionele waarde,

---

38 E. C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal…*, p. 128; F.F. Odendal *et al.* (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 1 161; I. Ley, *Jorissenstraat 529…*, p. 29.

39 E. C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal…*, p. 130.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

omdat dit die reënwater in die hoeke vaskeer. Die motief self, wat fertiliteit simboliseer, is van Oosterse oorsprong.[39]

Die Erasmuskasteel se pilare is verder versier, deurdat die hoeke afgeskuur is, terwyl die bo- en onderpunte van die pilare met sy hoeke vierkantig gelaat is. Daar kom ook houtversierings tussen die pilare voor, wat 'n mens aan traliewerk laat dink. Hierdie versiering het veral by die sinkplaatverandas mode geword. Die Erasmuskasteel is 'n pragtige voorbeeld hiervan. Die tralie-houtwerk is verder aan die bokant versier deurdat daar onder die reling twee stukke hout uitgesny is. Die stroke is langwerpig en het 'n s-vormige kurwe. Daar is egter afwisseling op die versierings by die twee uitgeboude gedeeltes van die veranda wat aan weerskante van die huis voorkom. Die twee uitbouings is onderskeidelik voor die hoofslaapkamer en voor die eetkamer. By hierdie gedeeltes word die boogmotief in die reling herhaal deurdat die houtsierwerk in plaas van 'n langwerpige s-vorm in boë gesny is. [40]



Figuur 11: Twee tipes houtsierwerk: die langwerpige s-vorm en die boë.
Tekening: T. Rossouw.

---

40 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001; E. C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal...*, p. 130; I. Ley, *Jorissenstraat 529…*, p.12; I. Bester (aanbiedster), dokumentêre film vir 50/50, TV1, s.a.

41 E. C. Labuschagne, *Blanke volksboukuns in Transvaal…*, p. 130; Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Volgens nakomelinge van die Erasmusse was die houtsierwerk meer rooierig in voorkoms as wat dit tans daar uitsien. Sommige van die Erasmus-nasate kan ook onthou dat die huis ‘n donkerder bruin of rooierige kleur was. [41]

Daar is vier plekke met trappies wat op die veranda uitloop. By die hoofingang word ‘n mens se oog speels met twee muurtjies aan weerskante van die trap ingelei. Die trappies aan die suid-westelike kant is net regop en dié aan die agterkant by die kombuis is eers later tydens die restourasieproses weer aangebou.[42]

Die veranda is met reghoekig gevormde leiklip geplavei. Dié leiklip is uit die leiklipgroef van die Erasmusse verkry. [43]

Die balkon se houtsierwerk is ook hoofsaaklik halfsirkelvorms met vierkantige venstertjies in. Die vooraansig van die huis se tweede vlak houtversierings vorm ‘n spieëlbeeld met die klein balkon se vraagtekenboog.[44]

---

42 Persoonlike inligting: Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10; Mev. L. Erasmus, huisvrou, Odellstraat 878, Pretoria, 2001-05-21; Mev. D.M.C. Pottas, kleindogter van Jochemus Erasmus, Delphinusstraat 237, Pretoria, 2001-05-09; Mev. H.G.E. van Zyl, verlangse familielid, Wapadrandweg, Seringpark no. 13, Pretoria, 2001-04-10.

43 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001; I. Bester (aanbiedster), dokumentêre film vir 50/50 gemaak, TV1, s.a.

44 Geskrewe inligting: E. van Schalkwyk, kleinseun van Jochemus Erasmus, Mandaryn 2, Hennenman, 2000-04-09; Persoonlike inligting: Mnr J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-06-12.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

III Toring

Figuur 12: Die Erasmuskasteel se toring.
Tekening: T. Rossouw.

Die toringgedeelte bevat die solder van die huis. Die hoë spitsdak het 'n weerhaan (vlaggie) aan die bopunt. Die dak self is van skubvormige sinkplate. Die res van die huis se dak is van geriffelde sinkplate gemaak. Onder die skubmotief van die spitsdak is daar houtspane ingevoeg.[45]

Dit is hier waar bye nes gemaak het. Mnr. J.J. P. E. Pienaar en sy neef, mnr. J. E. van Schalkwyk, het hier op 'n dag moles gemaak toe hulle die bye se rus verstoor het. Die bye het al wat dier was op die werf aangeval en ook vir mej. J. J. Pienaar, wat allergies is. Die twee kwaaijongens was natuurlik ver weg teen die tyd wat die bye hulle aanval geloods het.[46]

---

45 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

46 Persoonlike inligting: Mnr. J.J. P. E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04; Mej. J. J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

'n Ysterkabel loop vanaf die weerhaan op die spits van die toring langs die dak af en teen een van die houtpilare van die veranda waar dit in die grond gevestig is. Die kabel dien as 'n weerligafleier, aangesien die huis op die hoogste punt van die koppie staan. Daar is ook ysters onder die grond begrawe waarnatoe die kabel loop, om die weerlig weg te lei van die huis af.[47]

IV Die gang

Figuur 13: Die Erasmuskasteel se gang
Foto: T. Rossouw, 2001-03-06.

[47] Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus,

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Figuur 14: Die dwarsgang.
Foto: T. Rossouw, 2001-03-06.

Daar was onenigheid oor die funksie van die gang asook oor die styl wat dit moes aanneem. Tog is daar algemeen ooreengekom dat dit as 'n ingangsportaal moes dien.[48]

---

48 Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04, 2001-06-14.
N. Cooper, *The opulent eye, Late Victorian and Edwardian taste in interior design*, p.16.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die Erasmuskasteel het twee gange wat 'n mens aan die Gotiese kruisboustyl herinner. Wanneer jy by die voordeur inkom, is daar 'n vierkantige vertrekkie wat as eie ingangsportaal dien. Aan die linkerkant is die trappe wat na die eerste verdieping lei. Ook aan die linkerkant is die rookkamer en langsaan die vrykamer. Die ingang na die damesvoorkamer (*drawing room*) is aan die regterkant van die ingangsportaal.[49]

In die middelklashuis was dit verkieslik dat die ingangsportaal groot genoeg moes wees om in te sit en dat daar 'n kaggel moes wees wat kon dien vir agtergrondhitte en om die huis meer aantreklik te maak. Die ingangsportaal by die Erasmuskasteel is miskien effens knap, maar daar kon tog 'n bank voor die damesvoorkamer ingepas het. Die probleem met hierdie idee is dat dit eintlik ongemaklik sou wees, omdat die gedeelte baie gebruik word. Dit dien immers as 'n deurgang na vertrekke en dit sou dus steurend wees. Krygkor het wel 'n riempiesbank en 'n paar ander stoele laer af in die gang gesit.[50]

Tog is die ingangsportaal van die Erasmuskasteel gebruik as samekomsplek waar daar begrafnisdienste gehou is, voordat die teraardebestelling plaasgevind het. [51]

Die Victoriaanse gang is gesien as 'n manlike vertrek, waar wapens, tapisserieë, horings of opgestopte dierekoppe of heraldiese glas uitgestal is. In die geval van die Erasmuskasteel, soos dit vandag daar uitsien, hang daar aan weerskante van die ingangsportaal opgestopte wildsbokkoppe, een van 'n koedoe en die ander een van 'n eland.[52]

---

49 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

50 N. Cooper, *The opulent eye…*, p. 16; Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

51 Persoonlike inligting: Mej. J. J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-06-18.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Mnr. Pienaar kan onthou dat daar aan die regterkant ‘n buffelkop en ‘n Sanna gehang het. Oorkruis met die Sanna het ‘n assegaai gehang. Mej. Pienaar kan onthou dat daar ‘n seekoeikop ook was. Die navorser het toe dié kop waarvan mej. Pienaar gepraat het by mnr. P.E. Erasmus opgespoor. Dit is ‘n skedel van ‘n seekoei. Erasmus het dit later op ‘n stuk hout laat monteer. Volgens hom het dit in die voorportaal op die vloer gestaan.[53]

Die ingangsportaal het gewoonlik ‘n gemaklike ontmoetingsplek vir geselskap verseker. Dit het die mans die geleentheid gebied om in die teenwoordigheid van die dames te rook, wat ‘n besoek aan die afgeleë biljart- of rookkamer oorbodig gemaak het. In die geval van die Erasmuskasteel was die rookkamer reg oorkant die damesvoorkamer en dus glad nie soos in ander Victoriaanse wonings afgeleë nie. [54]

Die mans wat daarvan gehou het om te jag is met hulle bespatte klere in dié neutrale gedeelte toegelaat. Hierdie funksie het veral op die platteland sin gemaak. Dieselfde is by die Erasmuskasteel van toepassing. Baie van die boere wat hulle rondom Pretoria gevestig het, was grootwildjagters. Tydens die wintermaande het die boere om Pretoria met hulle vee na die warmer dele van die bosveld getrek. Dit was geensins anders by die Erasmusse van Garstfontein nie. Die groot Erasmuswa waarin die gesin na die bosveldplase gereis het, is ingespan. Jochemus en sy seuns het ook gejag

---

52 N. Cooper, *The opulent eye…*, p. 16; Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

53 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-06-12; Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10; Mnr. P.E. Erasmus, kleinseun van Jochemus Erasmus, Odellstraat 878, Pretoria, 2001-05-21.

54 N. Cooper, *The opulent eye…*, p. 16; Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

en daar was glo menigte jagstories, wat ongelukkig met die tyd verlore gegaan het. Dit verklaar ook waarom daar jagtrofeë in die ingangsportaal gehang het. [55]

Die Erasmuswa is deur osse getrek is. Die gesin het in die wa na die Bosveld gereis. Die vee is dan in die verantwoordelike sorg van die kinders of plaaswerkers gelaat, terwyl die mans dan verder noordwaarts gegaan het om wild te skiet. Wat hulle ook gedoen het, was om aan die begin van die winter oor die Limpoporivier te trek waar hulle in die noorde kon jag maak op kameelperde, seekoeie, renosters en olifante. Die horings, huide, spek,

biltong, ivoor, sambokke en swepe wat van die diere gemaak is, is later in Natal of Grahamstad teen goeie pryse verkoop.[56]

Figuur 15: Die Erasmuswa wat uit die Kultuurhistoriese Museum "verdwyn" het.

Foto: Krygkor fotoversameling, s.a.

---

55 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-4; Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10.

56 N. Cooper, *The opulent eye…*, p. 16; Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001; G. S. Preller, *Talana, die drie generaals-slag by Dundee, met lewensskets (sic) van genl. Daniel Erasmus*, pp. 74-75 ; Persoonlike inligting: Mnr. J.J. P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-06-14; Mej. J.J. Pienaar,kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-06-18.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Van die Erasmuskasteel se twee gange, loop die een met die ingangsportaal noordoos na noordwes en reguit aan tot by die agterdeur. Die agterdeur lei na die bedekte paadjie na die kombuis. Die tweede gang loop dwars (die twee gange vorm dus ‘n kruis) wat na links lei na die dogters se slaapkamer en na regs na die ontbytkamer en nog ‘n slaapkamer. Daar is ook deure wat uit die hoofslaapkamer en groot eetkamer lei na die gang wat van suidwes na noordoos loop. Soos reeds genoem, herinner die gange sterk aan die Gotiese kruisboustyl wat vir kerke gebruik is.[57]

V Rookkamer

Die gewoonte om te rook het begin in die Elisabethaanse era (1533 - 1603), toe daar nog geglo is dat dit van medisinale waarde asook aangenaam was. Tot omtrent 1900 is rook gesien as ‘n manlike aktiwiteit. Daar is in spesiale rookkamers en rookkompartemente (treine) gerook. Baie mense, insluitende koningin Victoria, het rook afgekeur. [58]

Soos reeds genoem was die Erasmusse se rookkamer nie so afgeleë soos in talle ander Victoriaans of Edwardiaanse huise nie.
Die Erasmuskasteel het ‘n rookkamer met twee erkervensters (uitgeboude vensters). Die vertrek kan vanuit die ingangsportaal bereik word. Dit is 'n goeie uitleg, aangesien die ingangsportaal ook as 'n manlike vertrek gesien is. Die rookkamer het net die een deur. Daar is twee bergplekke onder die trap gemaak. [59]

---

57 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 20001.
58 L.W. Cowie, *The Wordsworth dictionary of British social history*, p. 264.
59 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 200, 2001.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Teen die muur was daar glo ‘n stuk hout met gate in waarin Jochemus Erasmus al sy pype gehou het. Daar was ‘n groot versameling pype, onder andere ook twee pype wat deur die plaaslike bevolking gemaak is. Hy het ook ‘n boogpyp besit wat met ‘n filter gewerk het. Die nikotien is dan gestuit, deurdat dit nie deur die filter en water kon kom nie. Die filter kon skoongemaak word en is dan weer gebruik.[60]

Dit is dan ook in hierdie vertrek waarin die waak gehou is. Die kis met die oorledene daarin is hier geplaas. Dit is nie duidelik of die kis op stoele of op ‘n tafel geplaas is nie. Hier kon die finale afskeid van die gestorwene geneem word.[61]

VI Slaapkamers

Slaapkamers is by die eeuwisseling oor die algemeen in ligter style, byvoorbeeld volgens die Britse styl, versier. Die Erasmuskasteel het vyf slaapkamers. Die gaste of vrykamer is langs die rookkamer en daar is ‘n deur in die hoek wat (met nog ‘n deur) na die hoofslaapkamer lei. Hierdie klein hoekie skep die illusie van ‘n kas. Dié illusie wat geskep word, is ook nie ongegrond nie. Daar word die mening uitgespreek dat die dubbele deure daar was om ‘n ogie te hou oor die jong vryers wat in die aande opgesit het. Dit was egter nie die geval nie. Volgens mej. Pienaar het Jochemus Rasmus Erasmus in latere jare die muur tussen die vrykamer en die hoofslaapkamer gebreek en sodoende die twee kamers verbind. Die gedeelte waar die muur deurgebreek is, was aanvanklik ‘n kas in die hoofslaapkamer gewees,

---

60 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-06-12.

61 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Johanna Erasmus se eie "inloop kas". Pienaar kan nog onthou hoe groot die kas vir haar gevoel het en hoe haar ouma al haar klere in die kas gehang het.[62]

Die gastekamer is die enigste vertrek naas die rookkamer wat nie op die grondvlak 'n buitedeur het nie. Dié vertrek se vensters front na die suidweste.[63]

Die ruim hoofslaapkamer het buiten die verbindingsdeure met die gastekamer, drie ander deure. Die erkervenster het 'n glasdeur wat toegang na die veranda verleen. Dié gedeelte van die veranda het ook 'n uitstulping wat 'n breuk maak met die repeterende houtrelings. Die ander twee deure is van hout en elkeen lei na een van die twee gange. Daar is ook 'n kaggel afgewerk met teëlwerk in die vertrek en dit wil voorkom of die kaggel van swart marmer is, hoewel daar diegene is wat glo dat dit eerder leiklip is wat deur Monbello verwerk is om soos marmer te lyk. Die meeste van die materiale is tog ingevoer en die marmer (van die Erasmuskasteel se vuurherde) het die fyn korrelrige kalkgesteente gevoel.[64] Leiklip is in elk geval meer bros en nie so sterk soos marmer nie.

Die dogters se slaapkamer is ook ruim met 'n glasdeur wat na die veranda lei. Die deur en vensters kyk na die suidwestelike kant uit. Die houtdeur van die slaapkamer is regoor die houtdeur van die hoofslaapkamer in die suidwes-noordoos gang. Daar is 'n kleiner slaapkamer langs die dogters se slaapkamer en die badkamer. Die kamer het ook 'n glasdeur wat na die veranda lei en die vensters en deur kyk na die suidwestelike kant. Die houtdeur is die enigste deur wat nie op een van die twee gange uitloop nie. Die vertrek kan slegs bereik word deur links te draai, waar die badkamer dan aan 'n mens se regterkant is.

---

62 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001; Persoonlike inligting: Mej. J. J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10.

63 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

64 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001; Geskrewe inligting: Dr. E. Labuschagne…,1990-08-17; Persoonlike inligting: Kol. B. Retief…,2000-06-13.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die laaste slaapkamer is aan die noordoostelike kant van die huis. Die vertrek het ook twee deure, 'n houtdeur wat toegang verleen na die suidwes-noordoos gang, terwyl die ander deur 'n glasdeur is wat na die veranda lei. Langsaan die slaapkamer is die ontbytkamer en spens.[65]

Figuur 16: Uitstulping van die veranda voor die hoofslaapkamer.
Tekening: T. Rossouw.

[65] Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

In al die slaapkamers was koperbeddens (In die volksmond het dit ook as koperkatels bekend gestaan). Daar sou altesaam ongeveer sewentien beddens moes gewees het. Die matrasse van die beddens was glo so sag opgestop met gansdons dat dit gevoel het of die matras om jou vou. Die dekens was ook met gansdons opgestop.[66]

Kwiltwerk is ‘n antieke vorm van handwerk wat reeds verskeie eeue in Europa, Afrika en Oosterse lande (vernaamlik Indië, Iran en Turkestan) beoefen word. Dit was veral populêr in Engeland in die sewentiende en agtiende eeu, en het vandaar af tydens die koloniale era na ander wêrelddele versprei.[67]

Die woord “kwilt” beteken letterlik *opgestopte sak*, en kom van die Latynse woord culcita. Kwiltwerk is funksioneel, sowel as esteties: Drie lae materiaal word aan mekaar vasgewerk deur middel van rye steke. Die buitenste twee lae is van dunner materiaal, o.a. linne, sy of satyn en die middelste laag is ‘n dikker, sagte voering bv. van skaapwol, katoen of dons. (Dit verklaar waarskynlik die mak ganse wat altyd by die Erasmuskasteel aangehou is.) Die eindproduk is warm, wat kwiltwerk ideaal maak vir onderbaadjies en beddegoed. Aangesien die steke in verskillende patrone gewerk word, is dit baie dekoratief en ‘n kwiltkombers kan dus ‘n aanwins vir enige slaapkamer wees.[68]

---

66 Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10; Mev. D.M.C. Pottas, kleindogter van Jochemus Erasmus, Delphinusstraat 237, Pretoria, 2001-05-09.

67 Anoniem, *Weldons Encyclopedia of needlework*, p. 413.

68 Anoniem, *Weldons Encyclopedia of needlework*, p.413.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

VII Badkamer

Die badkamer is in die noord-westelike gang heel op die punt na links. 'n Vraag wat telkens opgeduik het by mense met wie die navorser gepraat het was: Waar was die bad? Laasgenoemde was 'n groot bron van kommer vir die besondere persone. Daar moet tog in gedagte gehou word dat daar heel moontlik 'n losstaande Victoriaanse bad was, moontlik met bal-en-klou pote. Die tipe baddens is in die eerste Suid-Afrikaanse badkamers gebruik. Dié tipe baddens is weer deesdae in die mode. Van hierdie ou baddens word deur maatskappye opgekoop en gerestoureer. [69]



Figuur 17: Die Erasmuskasteel se agteraansig. Die Badkamervenster is sigbaar.

Tekening: T. Rossouw.

[69] Victorian Plumbing, Baths, < http://www.victorianplumbing.co.uk /mall/victorianplumbing/topic/topic-10036-1.stm>, 2001-04-22; C.P. van der Merwe & C.F. Albertyn (reds.), *Die vrou III*, p. 229.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die navorser se vermoede is toe bevestig deur familielede. Daar was wel 'n bad wat op pote gestaan het . Die bad was wit gewees. Jochemus Rasmus Erasmus het later so 'n bad wat op pote gestaan het in die badkamer gehad.[70]

Die Victoriaanse toilet het 'n waterbak gehad. Dit was niks anders nie as 'n tenk vol water, wat gebruik is om die toilet mee te spoel. Victoriaanse loodgieters het dit verkies om die waterbak hoog teen die muur te monteer, sodat daar 'n goeie watervloei kon wees om alles met een slag weg te spoel. In hedendaagse toilette is die waterbak direk agter en bokant die toiletsitplek. Die Victoriaanse toilet het ook met 'n ketting gewerk, wat 'n mens moes trek om 'n klep oop te gemaak het sodat die water kon uitloop. Die Erasmuskasteel se toilet het so 'n waterbak wat nog met 'n ketting gewerk het. Dié toilet is eers later deur J. R. Erasmus geïnstalleer. Dit was noodsaaklik vir Erasmus en sy gesin om 'n behoorlike badkamer te hê, aangesien dit hulle woning was. Daar is ook 'n meer moderne ventilasierooster aan die buitekant van die badkamer aangebring. Die rooster staan in skrille kontras met die sierlugroosters van gietyster wat net bokant die verandavloer voorkom. Krygkor het die toilet laat moderniseer, maar die ou waterbak wat met die ketting gewerk het, is nog steeds daar. Die moderne toilet het nie 'n waterbak nie en die spoelaksie word verkry deur die druk van 'n knoppie. Die enigste item wat oorspronklik in die badkamer was, was die bad wat op pote gestaan het. Die bad is nou nie meer daar nie.[71]

Voor die spoeltoilet in die badkamer geïnstalleer is, was daar 'n "long drop" (buite toilet) tot die vrouens se beskikking. Die mans het sommer in

---

70 Persoonlike inligting: Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44,Centurion, 2001-05-10.

71 A. Hart-Davis, *Thunder, flush and Thomas Crapper, an encycloopedia* (sic), p. 36; Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001; Persoonlike inligting: Mej. J. J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10, 2001-06-18; J.R. Erasmus,…, 2003-09-24.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

die veld broek losgemaak. Dié buite toilet het bykans in ‘n reguit lyn met die hoofslaapkamer en anderkant van die vrugteboord gestaan.[72]

Jochemus Erasmus het sy eie toilet gehad wat net deur hom gebruik is. Dié toilet was net anderkant die muur en die gansdammetjie. Die gansdammetjie is vandag in ‘n kruietuintjie omgeskep. Daar was ‘n pyp wat vanaf die opgaartenk by die kombuis aan die gansdammetjie verbind was. In Jochemus se toilet was daar ‘n kraantjie gewees wat aan die gansdammetjie verbind was. Dit het as 'n spoelaksie gewerk en die ekskreta is teen die koppie af weggespoel. Volgens kol. Retief was dit glo die eerste “spoeltoilet” in die land gewees. [73]

VIII Ontbytkamer

Die algemene gevoel by die eeuwisseling was dat ontbyt by ‘n klein tafel by ‘n venster genuttig moes word. Die gevoel was daar dat, veral ‘n Engelse ontbyt, nie in so ‘n swaarmoedige vertrek soos die eetkamer geëet moes word nie. Daar was ‘n behoefte om in die oggend meer vrolik te wees. [74]

In plaas van om ‘n aparte tafeltjie of lessenaar in die eetkamer self te hê, beskik die Erasmuskasteel oor ‘n ontbyt of oggendkamer, waar die Erasmusse ‘n minder sombere begin van die dag kon maak. Die stelling word gemaak dat ‘n man wat ontbyt eet en kan uitkyk oor sy landgoed, daar tydelik kon vergeet van dinge wat verkeerd loop, of dat hy dalk in die pekel is. Die Erasmuskasteel het ‘n ontbytkamer met ‘n spens wat net deur die ontbytkamer bereik kon word. Die kamer het glasvensters en ‘n glasdeur wat op die

---

72 Persoonlike inligting: Mej. J. J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10; Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04; Mev. D.M.C. Pottas, kleindogter van Jochemus Erasmus, Delphinusstraat 237, Pretoria, 2001-05-09; Kol. B. Retief….

73 Persoonlike inligting: Mnr. J.J. P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-06-12, 2001-06-14; Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-06-18.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

veranda uitloop. 'n Mens kyk uit die vertrek uit op die paadjie (veranda) wat lei na die kombuis, en natuurlik die kombuis self. Die vertrek is meer knus en kompak as die groot eetkamer.[75]

Daar was wel 'n groot familietafel in die ontbytkamer waar die Erasmusse geëet het. Jochemus Erasmus het aan die hoof van die tafel gesit. Daar was 'n toutjie wat verbind was met die kombuis en wanneer die Erasmusse met 'n deel van hulle ete klaar was, het Jochemus die klokkie gelui. Die volgende kosgang is dan gebring. Die klokkie het glo soos 'n fietsklokkie gelyk. Daar het ook 'n prentjie van Rooikappie in die vertrek gehang. [76]

'n Groot buffet met flambojante graveerwerk van engeltjies en leeukoppe met koperringe deur hulle bekke het ook daar gepryk. Die kasdeurtjies is roosvensters met verkillende kleure ruitjies wat diamantvormig gesny is. Dié kas is in die besit van mnr. P. E. Erasmus. Mnr. Erasmus en sy vrou kan nog onthou hoe sy moeder vir weke op hulle veranda by hulle huis in Wingatepark by die kas gesit het en met net 'n lemmetjie die swart verf wat oor die hout geverf was, afgekrap het.[77]

IX Eetkamer

In Victoriaanse Engeland was die gevoel daar om vir die eetkamer 'n nasionale styl te skep. Veral by die Engelse style is daar 'n nasionale sentiment wat die sterkste spreek uit die gesin wat saam om die eetkamertafel vir aandete vergader. Die Erasmuskasteel se eetkamer staan

---

74 N. Cooper, *The opulent eye…*, p. 17.

75 N. Cooper, *The opulent eye…*, p. 17; Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

76 Persoonlike inligting: Mej. J.J. Pienaar, …, 2001-05-10; Mnr. J.J.P. E. Pienaar, …, 2001-05-04, 2001-06-14; Mev. D.M.C. Pottas, …, 2001-05-09.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

niks terug vir die sentiment nie. Melding word gemaak dat daar wel 'n massiewe tafel in die eetkamer was waar die gesin vergader het.[78]

Die eetkamer is 'n groot vertrek wat onder andere deur die damesvoorkamer bereik kan word. Die damesvoorkamer en eetkamer word geskei deur twee houtskuifdeure wat toegetrek kan word. Verder is daar twee deure wat na beide gange van die huis lei. Agter die deur tussen die eetkamer en die hoofgang is daar 'n deurtjie in die muur waaragter daar 'n bêreplekkie was. Dit is hier waar daar verskeie lekkernye soos groot koeke, soetkoek en melktert gehou is.[79]

Daar is waarskynlik met hierdie gebruik begin toe die huis voltooi is en die Erasmus- kleinkinders kan selfs onthou hoe die koek en melktert daar uitgestal is (1903 - 1948).

In die erkervenster is 'n glasdeur wat na die veranda lei. Die veranda is by hierdie gedeelte ook meer uitgebou en die houtsierwerk van die reling verskil hier met dié van die res van die stoep. Die glasdeur se kleiner venstertjies was onderskeidelik van amber, rooi en blou gekleurde glas. Die groter glas was deurskynend. Die gekleurde glas was te vinde in al die deure wat na die veranda lei.[80]

---

77 Persoonlike inligting: Mnr. P. E. Erasmus en mev. L. Erasmus, kleinseun van Jochemus Erasmus, Odellstraat 878, Pretoria, 2001-05-21.

78 N. Cooper, *The opulent eye…*, p. 17; A. M. van Schoor, Kasteel op boereplaas, *Die Brandwag* X (390) , 1945-09-07, pp. 20, 32.

79 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001; Persoonlike inligting: Mej. J. J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10, 2001-06-18.

80 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001; Persoonlike inligting: Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10; Mev. D.M.C. Pottas, kleindogter van Jochemus Erasmus, Delphinusstraat 237, Pretoria, 2001-06-14.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Figuur 18: Uitstulping van die veranda voor die hoofeetkamer.
Tekening: T. Rossouw.

Daar het 'n buffet langs die kaggel in die hoek gestaan. Die buffet is ook met fyn graveerwerk versier. Dit wil voorkom of daar nog 'n buffet in die vertrek was. Ongelukkig is een van die twee stukke verkoop. Die ander buffet, wat ook onder andere met leeukoppe versier is, is nog in familiebesit. [81]

Vir mej. Pienaar was dit altyd haar gunstelingplek om tussen die kaggel en buffet te lê. Pienaar en haar ouma, Johanna, het baie keer sommer 'n bed voor die kaggel opgemaak en daar geslaap.[82]

Op die kaggel het daar twee kraffies gestaan. Dié kraffies het vir Jochemus baie kommer verskaf. Hy was glo altyd bang dat dit sou val en breek en het dit weer reg geskuif dat dit teenaan die muur staan. Die kraffies is van 'n baie dik

---

81 Persoonlike inligting: Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-06-18.

82 *Ibid*., 2001-05-10.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

keramiek met baie grofgrein in. Beide kraffies is 'n beige kleur met handgeverfde Chinese motiewe op. Die kraffies besit ongelukkig geen fabrikaatmerke of nommers nie. Daar is ook geen naam op een van die twee te bespeur nie. Albei is nog in 'n goeie toestand in die besit van mej. Pienaar. Die kraffies het vir al die familielede baie sentimentele waarde. [83]

Tydens donderweer is die kinders almal om veiligheidsredes, deur hul ouma onder die groot tafel ingejaag. Die spieëls in die huis is ook toegegooi. Die rede hiervoor was dat mense deur die eeue heen geglo het dat spieëls weerlig aangetrek het. Die kinders is dan onder die tafels ingejaag, omdat dit daar donker was en die weerlig glo nie tot daar sou slaan nie. Die tafeldoeke was groot en het gewoonlik aan die kante van die tafel afgehang. Dit was dan ook die geval by die Erasmuskasteel; oor die lang eetkamertafel was daar 'n rooi fluweel tafeldoek wat tot op die vloer gehang het.[84]

'n Ander belangrike aktiwiteit wat om hierdie tafel gehou is, is die huisgodsdiens. Almal is byeengeroep, ook die werkers en hulle gesinne, om te luister as Jochemus uit die *Bybel* lees en gebed doen.[85]

X "*Drawing room*" of damesvoorkamer

Die "*drawing room*" is oorspronklik die "*withdrawing room*" genoem. Dié voorkamer of sitkamer se oorsprong kan teruggevoer word na die sestiende eeu waar families in groot huise hulleself vir privaatfunksies kon "withdraw"/ afsonder. In die agtiende eeuse huise is die vertrek dikwels langs die salon/saal/ kroeg geplaas en dié vertrekke is dan deur dubbeldeure geskei. Die kamer word ook beskryf as die vertrek wat geskik geag is om mense in te

---

83 Persoonlike inligting: Mej. J.J. Pienaar,…, 2001-05-10, 2001-06-18; Mnr. J.J.P.E. Pienaar,…, 2001-06-12.

84 Persoonlike inligting: Mev. D.M.C. Pottas, …, 2001-05-09.

85 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar…, 2001-05-04.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

ontvang, veral vir die formele ontvangs van persone van hoë rang wat in die aand kom kuier het .[86]

In die Victoriaanse tyd het daar 'n verskuiwing plaasgevind van die Middeleeuse siening van die vertrek. Hierdie vertrek is heeltemal anders as die ander vertrekke in die huis benader. Dit was die vrou se vertrek en daar is veral voorkeur gegee aan Franse style omdat dit 'n meer "ligte" en paslike gevoel gehad het. Die gevoel was nie altyd tot die vertrek se voordeel nie en soms is die voorstel gemaak dat daar heeltemal met die vertrek weggedoen moes word.[87]

In baie huise het die vertrek plek gemaak vir die biblioteek, nie net omdat daar boeke gehou is nie, maar omdat die belangrikste boeke van die huis daar gehou

is. In huise waar daar baie onthale gehou is, soos by die Erasmuskasteel, was die damesvoorkamer 'n noodsaaklikheid. Vriende en familie het van ver gereis en is dan hier vermaak. Die Garstfontein Erasmusse het daarvan gehou om toneelstukke, onder andere Shakespeare, op te voer. Hulle het kostuums gedra en selfs perde in die vertrek gebring om hulle opvoerings meer realisties te maak. Ongelukkig kon nie een van die kleinkinders sê watter stukke opgevoer is nie. [88]

Daar het 'n vleuelklavier net duskant die erkervenster gestaan. Die erkervenster front na die ooste. Daar is aan weerskante van die uitbouing glasdeure wat na die veranda lei. Langsaan die twee skuifdeure wat die damesvoorkamer van die eetkamer skei, is daar aan weerskante

---

86 L. W. Cowie, *The Wordsworth dictionary of British social history*, p. 100; C. Annandale (ed.), *The student's English dictionary, literary, scientific, etymological and pronouncing*, p. 230.

87 N. Cooper, *The opulent eye…*, p.17.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

houtdeurtjies waarin daar bergplek is. Familielede is bewus hiervan, maar kan nie onthou dat daar ooit iets in geberg is nie. Mnr. Pienaar vertel wel hoe hulle, toe hulle nog kinders was, daarin weggekruip het. [89]

Hierdie vertrek is verreweg die familie se gunstelingvertrek en daar word nog met groot deernis van "ouma se sitkamer" gepraat. Familielede kan dan ook die muurpapier en kleinere besonderhede van die spesifieke vertrek baie goed onthou. Dit is hier waar samesyn was. Die Erasmuskleinkinders kan nie die opvoerings onthou nie. Dit het glo in hulle ouers se jonger dae (ongeveer vanaf 1904-1920) geskied. [90]

4.2 Eerste verdieping

I Kinderkamer

Figuur 19: Kinderkamer en toring vanuit die noordekant gesien.

Tekening: T. Rossouw.

---

88 N. Cooper, *The opulent eye…*, p. 17; Krygkor, Pretoria: foto's in Krygkor se privaatbesit, Mnr. B. Nell.

89 Krygkor, Pretoria: foto's in Krygkor se privaatbesit, Mnr. B. Nell; Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-06-14; Mev. D.M. C. Pottas, kleindogter van Jochemus Erasmus, Delphinusstraat 237, Pretoria, 2001-06-14.

90 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04, Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die eerste vertrek op die tweede vlak, die kinderkamer, word bereik na die klim van twee vlakke houttrappe. Die vertrek is besonder groot met slegs een houtdeur. 'n Mens klim met twee trappies na onder. Die plafon is van Oregondennehoutplankies en is redelik laag (2 m). Daar is slegs twee klein venstertjies, die een kyk noord en die ander een kyk oos. [91]

Mnr. Pienaar kan onthou dat die ingeboude bankie wat regs van die deur is, bergplek gehad het. Dit is nie meer vandag so nie. Hierdie vertrek het koperbeddens gehad en die seuns, Manie en Albertus, het hier geslaap. Daar het ook 'n flapoortafel gestaan wat deur Manie as 'n lessenaar gebruik is. Van die inkspatsels is nog op die tafelblad sigbaar. Die flapoortafel is in mnr. P.E. Erasmus se besit.[92]

II "Studeerkamer"

In baie Victoriaanse huise was daar in die eetkamer nie net die gewone eetkamertafel en skinktafel/buffet (*sideboard*) gewees nie, maar ook 'n lessenaar waar 'n persoon in die oggend die pos kon deurgaan. Dit was veral in die geval waar 'n huis nie 'n studeerkamer gehad het nie.[93]

Oorspronklik is daar gedink dat Jochemus die "deurloop" vanaf die kinderkamer na die musiekkamer gebruik as 'n studeerkamer (kantoortjie). Daar is vermoed dat sy roltafel hier gestaan het. Dis verder vermeld dat dit is waar hy die vooruitgang van sy gesin beplan het. Dit was ook hier waar hy op sy oudag besef het dat hy 'n bittere finansiële knou gekry het. [94] Tog is *Die Brandwag* se artikel waar gemeld word van die lessenaartjie op die tweede vlak

---

91 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

92 Persoonlike inligting: Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10, 2001-06-18; Mnr. P.E. Erasmus, kleinseun van Jochemus Erasmus, Odellstraat 878, Pretoria, 2001-05-21.

93 N. Cooper, *The opulent eye…*, p.17.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

waar oom Joggem gesit het, by latere studie verkeerd bewys. Daar het wel 'n lessenaartjie gestaan, maar dit het aan Jochemus se seun, Carel, behoort. Dit is hier waar Carel sy huiswerk gedoen het. Jochemus se roltafel was in die rookkamer gewees.[95]

'n Mens sou kon verstaan hoekom Carel juis hierdie gedeelte vir sy studeerkamer gekies het. Hier kon hy uitkyk na die suidelike deel van sy landgoed. Die halwe glasdeur loop uit op 'n klein balkon. Die boogmuur by die balkon is in die vorm van 'n groot vraagteken en die houtsierwerk van die balkon om die musiekkamer is 'n spieëlbeeld van die boogmuur.[96]

Figuur 20: Vooraansig van die Erasmuskasteel se eerste vlak.

Tekening: T. Rossouw.

---

94 A. M. van Schoor, Kasteel op boereplaas, *Die Brandwag* X (390), 1945-09-07, p. 32.

95 Persoonlike inligting: Mej. J.J. Pienaar, …, 2001-05-10; Mnr. J.J.P.E. Pienaar, …, 2001-06-12.

96 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

III Musiekkamer

Hierdie vertrek beslaan die grootste gedeelte van die eerste verdieping. Dis glo hier waar die Erasmusse musiekopvoerings, konserte en selfs kerkdienste gehou het. Dit sou sin maak, want die een deel van die vertrek is effe afgeskort met mure en sou maklik as 'n "verhoog" kon dien, veral as daar 'n gordyn gehang is om die twee gedeeltes te skei. Vanuit die verhooggedeelte is daar 'n glasdeur wat op die groot balkon open. Dit is dan in die verhooggedeelte waar die oudste dogter (Gertry) later (ongeveer in die 1940er jare) haar slaapkamer gemaak het terwyl sy by haar ma, Johanna, gebly het. Die ander gedeelte het sy as 'n sitkamer gebruik.[97]

In die deel waar die mense voor die een deur wat na die suidekant toe kyk (Gertry het later haar sitkamer hier gemaak), gesit het, het 'n orreltjie gestaan. Daar was glo stoele wat los gestaan het, waarop die mense kon sit tydens die kerkdienste of musiekopvoerings wat hier gehou is.[98]

Die groter gedeelte van die vertrek het twee erkervensters en elk het glasdeure wat na die stoep lei. Vanaf hierdie balkon het 'n mens na die ooste, weste en suide 'n uitsig.[99]

---

97 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001; Persoonlike inligting: B. Nell, Bestuurder van Korporatiewe Kommunikasie Krygkor, Erasmuskasteel, Pretoria, 2000-07-26; Mev. D.M.C. Pottas, kleindogter van Jochemus Erasmus, Delphinusstraat 237, Pretoria, 2001-06-14.

98 Persoonlike inligting: Mev. D.M.C. Pottas, …, 2001-06-14; Mej. J.J. Pienaar,…, 2001-05-10.

99 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999, 2000, 2001.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

3 Tweede verdieping

I Solder

Uit die studeerkamer is ‘n deur wat na die solder lei. Die leer en gedeelte wat na die solder lei, lyk byna te knap vir die moontlikheid dat ‘n doodskis daar opgedra kon word. Dit was die gebruik by die pioniers om doodskiste op solders te bêre. Dit sou baie moeite en die regte mik en korrel kos, om ‘n doodskis by die Erasmuskasteel op die solder te kry, naamlik eerstens, om nie die venstertjie wat na die suidoostekant wys, stukkend te stamp nie en tweedens, om nie die kis te beskadig nie. Erasmusfamilielede met wie onderhoude gevoer is, het bevestig dat daar nie doodskiste op die solder gehou is nie. Die kiste van die afgestorwe Erasmusse is vervaardig hetsy deur begrafnisondernemers of waar nodig deur die mense self. [100]

Die solder is goed deur natuurlike lig belig. Dié lig word verkry van vensters wat aan die ooste- en westekant geleë is. Daar is ‘n smal strook plankvloer waarop ‘n mens met ‘n geruste hart kan loop. Wat die res betref, moet ‘n mens maar hoop dat jou oerinstinkte jou nie in die steek sal laat nie, deur aan die balke te klou en op die balke en nie op die plafonhoutjies nie, te trap.[101]

Daar is nog ‘n platvorm wat slegs deur ‘n lang leer bereik sal kan word, mits die leer baie regop staan. Hiervandaan sal ‘n mens tot bo in die spits van die toring kan klim, aangesien daar dwarshoutbalkies teen ‘n houtpilaar vasgekap is. Nog ‘n venstertjie wat as ligbron dien is aan die noordekant aangebring.[102]

Hier kan ‘n mens ook die bouwerk van ouds waarneem omdat die rowwe baksteen en sementwerk ongepleister en sigbaar is. Hier begryp ‘n mens eers

---

100 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoek 2001-04-06, Persoonlike inligting: Mnr. J.J. P.E. Pienaar, …, 2001-05-04.

101 Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoek 2001-04-06.

102 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

werklik die ingewikkeldheid van die bouwerk met al die muurtjies en 'n mens besef hoe waardevol die boubedryf se vakmanskap in daardie dae moes wees. Die solder gee ook 'n beter perspektief van die ingewikkelde aard van die huis self. Soliede stukke leiklip (162 cm X 17 cm X 41 cm) is gebruik as lateie waar daar vandag beton gebruik sou word. Dié leiklip is moontlik uit die Erasmusse se eie steengroef afkomstig.[103]

Daar is droë vrugte soos appels, perskes, pere en appelkose op die solder gebêre (gedroog?). Ander, minder waarskynlike vondste is ook op die solder bewaar. [104]

Mnr. Jochemus Pienaar vertel dat hy op die solder posseëls asook 'n brief van Jopie Fourie (27 Augustus 1878 - 20 Desember 1914) gevind het.
Fourie word as 'n martelaar van die Rebellie van 1914 gesien. Met die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog in 1899 is hy aangestel as rapportryer onder die leiding van kmdt.-genl. P.J. Joubert (20 Januarie 1831 – 27 Maart 1900). Hy het later by die magte noord van Pretoria aangesluit en is in 1901 gevange geneem nadat hy erg in sy knie gewond is. Dit sou hom in 'n later stadium, in 1912, hinder om by die staande (pas gestigte) Unie-verdedigingsmag aan te sluit. Hy het wel 'n pos in die aktiewe burgermag aanvaar. In 1914 het Fourie en sy jonger broer, Johannes, in opstand gekom, omdat die verdedigingsmag sy steun aan die Britte gegee het vir die oorlog teen Duitsland. Sonder om uit die verdedigingsmag te bedank, het hulle rebelle-eenhede gevorm wat aan verskeie skermutselings deelgeneem het. Fourie is tydens een van die skermutselings in sy arm gewond. Hy en sy broer is later saam met 46 man by Nooitgedacht gevange geneem. In Desember 1914 is Fourie en sy broer voor die veldkrygshof in Pretoria verhoor. Hulle is aangekla van verraad. Albei is skuldig bevind en ter dood veroordeel. Johannes

---

103 *Ibid*.

104 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar en mev. A.S. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Fourie se vonnis is versag tot vyf jaar gevangenisskap. Ten spyte van 'n petisie en pleidooie, is Fourie in Pretoria se sentrale gevangenis deur 'n vuurpeloton tereggestel.[105]

Fourie het tydens sy laaste nag briewe geskryf aan sy gesin, advokate, die Eerste Minister van die Unie (genl. Louis Botha, 27/09/1862 – 27/08/1919) en die Afrikanervolk. Of die brief wat hy aan Jochemus geskryf het ook daardie aand geskryf is, is nie bekend nie. Die brief aan Jochemus is ook nie onder die briewe wat verskyn in die boek *Lewenskets van Jopie Fourie* nie. Die boek is saamgestel deur ds. C.A. Neethling en J.M. de Wet en is in 1920 deur die Afrikaner Boek-Maatskappij uitgegee. In die brief het gestaan: "Beste oom Joggem, teen die tyd wat jy die brief lees is ek nie meer…" Ongelukkig het die brief by Pienaar se werk weggeraak toe hy dit vir een van sy kollegas gaan wys het. [106]

"Oom Joggem" se huis is ontwerp deur 'n Hollander wat 'n Britse lojalis geword het en 'n rebel soos Jopie Fourie het skynbaar vir hom 'n brief geskryf. Volgens die Erasmus-kleinkinders het Engelse soldate graag na "oom Jochim's place" gegaan, wat die plaas sowel as die 1903 woning insluit.

---

105 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar en mev. A.S. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04; W. J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, pp.311-312, 431.

106 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-06-12; W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 312; C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, p. 42; C.A. Neethling & J.M. de Wet, *Lewenskets van Jopie Fourie*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

5. Gevolgtrekking

Die Erasmuskasteel is van nader beskou ‘n unieke huis. Die afwerking en afronding is uitmuntend. Die navorser het opgelet dat daar by elke familielid ‘n geraamde foto van die Erasmuskasteel pryk. Dit is geen wonder dat die familie ook met soveel trots die meubels wat in die kasteel was, oppas en laat restoureer nie. Almal is dit eens dat die verblyf daar van die aangenaamste tye in hulle lewens was.

Die Erasmuskasteel is ‘n sameflansing van style, onder andere met *Art Nouveau* en selfs Gotiese kenmerke. Die vertrekke wat in die huis voorkom, is tipies van die Victoriaanse tyd. Sekere dele van die huis sal in die volgende hoofstuk meer volledig bespreek word. Dit weerspieël, na my mening , iets van die hibridiese leefwêreld van die Erasmusse: Afrikaanse Boere met Engelse gewoontes wat nagestreef is.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

IV OORSPRONG VAN DIE NAAM "SPOOKHUIS" EN DIE MITES WAT VOORTSPRUIT DAARUIT

1 Inleiding

Die Erasmuskasteel staan vir Pretorianers as die "Spookhuis" bekend. In hierdie hoofstuk sal die navorser die oorsprong van dié naam naspoor asook 'n klomp mites oor die huis en familie die nek inslaan. Die Erasmuskasteel lê baie na aan die meeste Pretorianers se harte. Ongelukkig is die meeste van hulle só beïndruk deur die idee van spoke en al die stories wat rondom die huis ontstaan het dat die waarheid vir hulle te afgewater is.

Die spook-idee het tot so 'n mate bekendheid aan die huis gegee dat selfs die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis op 31 Oktober 2002 (ook bekend as "Halloween" of Allerheiligeaand) 'n "Spookaand" by die Erasmuskasteel gehou het. Dit is jammer dat sommige landmerke soos die Erasmuskasteel hulle bekendheid en bestaansreg moet werf en voortbou op skinderstories terwyl daar weinig belangstelling is in die wyse waarop die eienaar die gemeenskap gedien het.

2. Mites en die naam "Spookhuis"

Soos reeds genoem is die Erasmuskasteel vir Pretorianers beter bekend as die "Spookhuis". Vele staaltjies het uit dié naam voortgespruit; van gruverhale van melaatse dogters wat in die torinkie toegesluit is, tot die verskeie gedaantes wat al gesien is. Daar is mense wat hoog en laag sweer dat die manlike tutor daar spook; hy loop kompleet met sy reënjas en al, om nie te praat van die dametjie met die Victoriaanse rok wat ook verskyn nie. Meer belaglike verhale soos dié van 'n vrou met gloeiende lang naels wat uit die toring vir vryers loer,

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

het ook sy plek gevind in die mites rondom die Erasmuskasteel se misterieuse voorkoms. Dit is dan ook hierdie tipe bangmaakstories wat die Pretorianers se verbeelding aangryp.

Die vraag is dus: waar kom die naam vandaan ? Hoekom het die huis dié stigma gekry ? Tydens die navorsingsproses het ‘n hele paar moontlikhede na vore gekom.

Die huis het nie vir die volle duur van sy bestaan so pragtig daar uitgesien nie. Daar was ‘n tyd dat dit in ‘n erg vervalle toestand verkeer het. Dalk het die mense toe juis allerlei spookstories versin.

Dis belangrik om te onthou dat die huis aan ‘n familie behoort het wie se nasate nog in die Pretoria-omgewing woonagtig is. Dit is dus ‘n sensitiewe saak vir die familie en ‘n mens kan dit verstaan dat familielede na jarelange taktloosheid en teistering van onkundige mense nie meer belangstel om met iemand te praat oor die geskiedenis van die huis nie, of familieverhale wil deel nie.

Aangesien familielede deur die jare al so deur nuuskieriges lastig geval is, is dit te verstane dat die familie skepties is oor enige ondervraers. Daar verskyn nog op ‘n redelik gereelde basis artikels oor die Erasmuskasteel, wat meestal op hoorsê geskoei is, of daar word na die " Spookhuis " verwys. Dit is te betwyfel of die Erasmuskasteel ooit die spookstigma sal kan afleef, maar ten minste sal die huis die groot spookvertellers oorleef.

3. Melaatse kinders

Die stigma van die twee of, volgens sommige “kenners”, drie melaatse dogters, sal seker nooit uitsterf nie, aangesien dit aan die Erasmuskasteel

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

gekoppel word en altyd gebruik word om die kasteel aan nie-Pretorianers of aan Pretorianers wie se geheue bietjie verroes is, bekend te stel. Volgens notas wat dr. E.C. Labuschagne vir mnr. B. Nell opgestel het, was dit die pers (sy spesifiseer nie in watter koerant nie) wat geskryf het dat daar twee melaatse Erasmus-kinders was wat in die boonste vertrek (seker die kinderkamer) opgesluit is. Later het dit sommer die toring geword. Daar was nog maar altyd ‘n romantiese koppeling met ‘n gevangene wat in ‘n toring opgesluit is, byvoorbeeld Raponsie en Maria Stuart, Koningin van die Skotte. Volgens die familie is dié stelling absurd; die kinders is nooit opgesluit nie.

Verder word daar gemeld dat Carel Erasmus op ‘n jong ouderdom aan melaatsheid oorlede is. Laasgenoemde klink vergesog, want Carel is op 70-jarige ouderdom oorlede, mits hulle Carel se kleinseun en naamgenoot bedoel, wat op 27- jarige ouderdom oorlede is. Laasgenoemde is op 3 September 1890 gebore en is op 20 Junie 1917 oorlede. Dit kan hier genoem word dat hy minder as ‘n jaar voor die 1918-griepepidemie oorlede is. Die stelling word verder deur dr. Labuschagne gemaak dat melaatsheid nie aansteeklik is nie en dat dit wel genees kon word. [1]

Melaatsheid is nie hoogs aansteeklik nie en word net deur langdurige en intieme kontak oorgedra. Dié siekte is moeilik oordraagbaar en het ‘n lang inkubasie-periode, wat dit moeilik maak om vas te stel waar, wanneer en hoe die siekte opgedoen is. Kinders is meer vatbaar vir die siekte as volwassenes. Indien die pasiënt medisyne gebruik, sal die melaatsheid nie versprei nie. Die meeste van die veroorsakende organismes gaan met vandag se medikasie binne ‘n paar dae na die eerste toediening van medikasie, dood. Dit is nie meer nodig, soos in vroeëre jare, om ‘n melaatse persoon te isoleer nie. Die siekte is ook nie seksueel of van moeder na kind oordraagbaar nie. Baie

---

[1] Geskrewe inligting: E.C. Labuschagne, Kultuurhistorikus en binnenshuise versierder, Pretoria, 1990-08-17, inligting goedgunstiglik verskaf deur Mnr. B. Nell, bestuurder Korporatiewe Kommunikasie, Krygkor; Mev. S.E. Biesenbach, Erasmus nasaat en genealoog, Amosstraat 63, Colbyn, Pretoria, s.a.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

belangrik is dat melaatsheid nie oorerflik is nie. Dit is ongewoon dat daar meer as een persoon in 'n familie is wat die siekte het. [2]

Met hierdie kennis van melaatsheid waaroor ons tans beskik, kan heelparty van die vroeëre aannames oor die kinders in die Erasmuskasteel weerlê word. Dit is insiggewend om vas te stel hoe melaatse persone vroeër (Middeleeue) behandel is. Selfs in die twintigste eeu was daar nog 'n stigma wat aan melaatses gekleef het.

Melaatsheid was steeds nie 'n ongewone siekte in Middeleeuse Europa nie, en sodra iemand deur dié siekte aangetas is - gekenmerk deur bedorwe vlees, sere en gevoelloosheid - is hy of sy deur die gemeenskap afgesonder. In Assisi was daar minstens ses lazarhuise (so genoem na die Bybelse Lazarus, wat in Jesus se gelykenis met sere oortrek was - Lukas 16: 19-31).[3]

By San Lazzaro d' Arce, is melaatses formeel deur 'n priester toegelaat.
Die melaatse het in die begraafplaas gestaan terwyl die priester hom vir die wêreld dood verklaar het en bygevoeg het dat sy lyding in die lewe hom sou lei na die koninkryk van die hemel. Nadat begraafplaasstof op die melaatse se kop gestrooi is, het die priester hom herinner aan die reëls wat vir melaatses gegeld het. [4]

Hulle kon nie die huis verlaat nie tensy hulle hulle duidelike grys mantel gedra het en met hulle hout klapper 'n geraas gemaak het om ander reisigers te waarsku. Hulle is verbied om kermisse, markte, meulens en

---

[2] Persoonlik inligting: Dr. S.H. Rossouw, Geregtelike geneeskundige, Departement Geregtelike Geneeskunde, Posbus 2034, Pretoria, 2001-03-31; Yahoo!, 'Yahoo! Health', <http://health.yahoo.com/health/Diseases_and_Conditions/Disease_Feed_Data/leprosy/>, 2001.

[3] M. Galli, *Francis of Assisi and his world*, p. 48.

[4] *Ibid.*

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

plase te besoek en om Assisi binne te gaan. Hulle kon slegs om kos bedel as hulle handskoene gedra het en ‘n bak gebruik het om geskenke in te ontvang. Hulle is verbied om direk uit fonteine, riviere en putte te drink (hulle kon net uit hulle eie flesse drink). As hulle met gesonde mense gepraat het, moes hulle wind af van hulle staan.[5]

Die afsondering van melaatses het tot laat in die twintigste eeu voortgeduur. Soos later in die hoofstuk genoem sal word, het die stigma bly kleef en daar is selfs inspirasie geput uit die idee van afsondering in ‘n eenbedryf wat geskryf is.

Die idee van melaatse dogters in die Erasmuskasteel het so sterk inslag gevind dat die romantiese hunkering daarna selfs in die Afrikaanse letterkunde gemanifesteer het. Dié verhaal van die melaatses het D. Findlay so geïnspireer dat hy in 1983 ‘n roerende eenbedryf, *Roep van die naguiltjie*, daaroor geskryf het. Die atmosfeer van ‘n Victoriaanse huis in sy vervalstadium lei ons in die lewe van drie susters. Die vertrek wat hy beskryf, lyk baie soos die musiekkamer van die Erasmuskasteel. Van die begin af weet die leser dat daar iets nie pluis is nie - hoekom mag die susters nie uitgaan nie ? Die leser word eers aan die einde ingelig dat die susters melaats is. Daar word klem gelê op die oudste suster, Liz, wat lang wit handskoene dra om haar melaatsheid weg te steek. [6] Baie Pretorianers sal ook in kleur en geur vertel van die wit handskoene wat die arme dogters moes dra. Dit bevestig dat Findlay se verhaal ‘n voedingsbron in die gemeenskap se fantasering oor die “melaatse Erasmusse” gehad het.

Soos reeds genoem, gaan die susters in Findley se eenbedryf nooit uit die

---

5 M. Galli, *Francis of Assisi and his world*, p. 48.

6 Persoonlike mededeling: B. Retief, gewese Senior bestuurder van Openbare betrekkinge te Krygkor, Erasmuskasteel, Pretoria, 2000-06-13; D. Findlay, Roep van die naguiltjie, *in* G. J. Beukes (red.), *Roep van die naguiltjie en ander eenbedrywe,* pp. vii-13.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

huis nie, maar die jongste suster, Alice, is verlief en wil nie haar lot aanvaar nie. Kate probeer ontsnap, deur 'n bietjie te diep in die bottel te loer. Dit is 'n baie roerende stuk met 'n donker, somber kykie na die bitter pil van die lewe. Tog is daar die hoop wat op 'n droom gevestig kan word.[7]

Volgens W. Theron, 'n skakelbeampte van Krygkor wat in 1989 in die Erasmuskasteel gewerk het, is daar geen spoke in die huis nie. Hy meld dat daar reeds jare lank stories rondom die huis ontstaan het, naamlik dat daar wel spoke is en dat niemand dit ooit naby die huis gewaag het nie, omdat die inwoners almal melaats was en soos kluisenaars daar gewoon het. Volgens Theron is die melaatsheid-storie heeltemal oordryf. Dit was glo net twee dogters van Jochemus Erasmus (wat die Erasmuskasteel in 1903 laat bou het) wat 'n ligte vorm van melaatsheid gehad het. [8]

Die vorm was egter, volgens dr. E.C. Labuschagne, nie aansteeklik nie en die gesiene familie het 'n normale lewe gelei. Kol. B. Retief het by 'n dermatoloog, dr. T. Heyl, uitgevind dat daar wel erge vorms van ekseem bestaan. Hy het slegs sy mediese opinie gegee van wat moontlik in die vroeë twintigste eeu as melaatsheid aangesien kon word. Dit kon ook moontlik 'n velswamsiekte gewees het. Dié tipe velsiektes is gereeld vir melaatsheid aangesien. Hierdie beskouing het meriete, want volgens die *Bybel* se woordelys was die term "melaatsheid" algemeen gebruik vir 'n verskeidenheid velsiektes, waarvan sekere van die siektes as ongeneeslik beskou is.[9]

Die Erasmusfamilie bevestig dat daar wel melaatse kinders in hulle geledere was. Daar het deur die jare natuurlik verskeie onakkurate stories die

---

7 D. Findlay, Roep van die naguiltjie, *in* G.J. Beukes (red.), *Roep van die naguiltjie en ander eenbedrywe*, pp. vii-13.

8 Anoniem, 'Beslis geen Spookhuis' en inwoners nié melaats, *Beeld*, 1989-10-28, p. 4.

9 Persoonlike inligting: B. Retief, gewese Senior bestuurder van Openbare Betrekinge te Krygkor, Erasmuskasteel, Pretoria, 2000-06-13, 2001-04-05; Moses *et al*., *Die Bybel nuwe vertaling*, p. 324.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

lig gesien. Daar is veral die verhale dat al die kinders melaats gebore is, wat moes verklaar waarom daar so baie kindergrafte in die familiebegraafplaas is. Dit is egter ongegrond en dui op mense se onkunde.

Die verhale wat tans nog in omloop is en hierbo geïdentifiseer is, bevestig dat daar selfs in ons tyd 'n algehele wanbegrip oor melaatsheid bestaan. 'n In diepte studie van die aard en die geskiedenis van die siekte is nooodsaaklik ten einde mites en meer geloofwaardige herinneringe van mekaar te skei.

3.1 Melaatsheid siekte van vervloektes, of nie?

Hoewel dr. Gerhard Henrik Armauer Hansen (1841 - 1912) van Noorweë die eerste een was om dié mikro-bakterium in 1873 onder die mikroskoop waar te neem, lê die oorsprong daarvan baie dieper en verder die verlede in. Dit is heel moontlik afkomstig uit Asië. Die oudste verwysings daarna word gevind in die Veda -boeke van Indië. Hierdie boeke dateer uit 600-400 v.C. en dit is vertellings wat oor baie generasies heen gaan. Daar bestaan nog onsekerheid oor presies wanneer melaatsheid vir die eerste keer in Afrika sy verskyning gemaak het. Dit wil voorkom asof Egipte die eerste epidemie van melaatsheid in Afrika beleef het. Melaatsheid het in Europa sy verskyning gemaak met die terugkeer van Alexander die Grote (356 - 323 v.C., hy het in Egipte bekend gestaan as Farao, seun van Ra) en sy soldate vanaf sy Indiese veldtog. [10] Hansen se ontdekking van die mikrobakterium wat melaatsheid veroorsaak, was rewolusionêr en sou geleidelik 'n einde

[10] E. Jawetz *et al.* (eds.), *Review of medical microbiology*, p. 226; Netherlands Leprosy Relief; Infolep Web-services, 'Infolep: more about leprosy', < http://infolep.antenna.nl/>, 1996; American Leprosy Missions, 'Leprosy facts and Myths', <http://www.leprosy.org/3rd.asp?page=aboutlep&contents=otherinfo>, 2001.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

begin maak aan die stigma dat melaatsheid 'n vloek of straf was as gevolg van sonde wat gepleeg is. [11]

Daar word drie variasies van melaatsheid gevind. Lepromateuse leprose is een van die meer algemene vorms. Dit is ook die vorm wat die ergste is. Dit veroorsaak groot misvormende knoppe oor die liggaam, veral in die gesig (sogenaamde leeugesig). [12] Die ander algemene vorm is tuberkuloïde leprose. Letsels op die vel is enkel of min en kan duidelik onderskei word. Neurologiese betrokkenheid is redelik prominent en kan baie erg wees.[13] Grenslyn melaatsheid is 'n vorm waarin die kliniese en histologiese (weefselleer) veranderinge 'n kombinasie is van die bogenoemde algemene tipes. Dié vorm kan oorgaan in die lepromateuse-tipe as die pasiënt nie behandeling ontvang nie. Waar die pasiënt wel behandeling ontvang, kan dit oorgaan na die tuberkuloïede-tipe. Die verandering van die laasgenoemde twee soorte na die ander is uiters seldsaam.[14]

Komplikasies soos blindheid en verlamming is algemeen by melaatsheid. Veral die misvorming of verminking van die hand is die mees algemene komplikasie. Melaatse pasiënte is meer vatbaar om ander kroniese infeksies op te doen. Tuberkulose was die hoofoorsaak van sterfgevalle by baie melaatses. [15]

---

11 American Leprosy Missions' 'Leprosy facts and Myths', <http://www.leprosy.org/3rd.asp?page=aboutlep&contents=otherinfo>, 2001; Armauer Hansen Research Institute, 'Gerhard Hendrik Armauer Hansen', <http://www.telecom.net.et/~ahri/hansen.html>, AHRI, December 2000; E. M. Horsley (ed.), *The new Hutchinson 20th century encyclopedia*, p. 33.

12 J. D. Jeffers & M. Lerner (eds.), *Harrison's principles of internal medicine*, Persoonlike inligting: Dr. S.H. Rossouw, Geregtiglike geneeskundige, Departement Geregtelike Geneeskunde, Posbus 2034, Pretoria, 2001-03-31; Yahoo! 'Yahoo! Health', <http://health.yahoo.com/health/Diseases_and_Conditions/Disease_Feed_Data/leprosy/>, 2001.

13 J.D. Jeffers & M. Lerner (eds.), *Harrison's principles of internal medicine*, p. 1 030; Persoonlike mededeling: Dr. S.H. Rossouw, Geregtelike geneeskundige, Departement Geregtelike Geneeskunde, Posbus 2034, Pretoria, 2001-03-31.

14 J.D. Jeffers & M. Lerner (eds.), *Harrison's principles of internal medicine*, p. 1 030; Persoonlike mededeling: Dr. S. H. Rossouw, Geregtelike geneeskundige, Departement Geregtelike Geneeskunde, Posbus 2034, Pretoria, 2001-03-31; Yahoo!, 'Yahoo! Health', <http://health.yahoo.com/health/Diseases_and_Conditions/Disease_Feed_Data/leprosy/>, 2001.

15 J.D. Jeffers & M. Lerner (eds.), *Harrison's prinsiples of internal medicine*, p. 1 031.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Alle vorms van dié siekte veroorsaak uiteindelik perifere neurologiese skade (senuweeskade in die distale gedeeltes van die liggaam) wat manifesteer in sensasie-verlies van die vel asook 'n verswakking van die spiere. Persone wat melaatsheid oor 'n lang tydperk, sonder die regte behandeling, gehad het, verloor die gebruik van hulle hande en voete.[16] Die romantiese verhale wat versprei word dat vingers en tone afval, is nie waar nie. Die verkorting van die vingers en of tone is gewoonlik die gevolg van herhaalde beserings en infeksies in die gevoellose gedeeltes. Die gevolg is nekrose en atrofie van weefsel. [17]

Sodra melaatsheid die senuwees in die bene aantas, onderbreek dit die senuweesisteem (kommunikasie) na die voete. Omdat daar geen gevoel in die voete is nie, kan wonde opgedoen word wat septies kan word. Dit kan lei tot misvormde voete as gevolg van skade aan die voetbene. Erge infeksies kan lei tot amputasie. [18]

Basille, dit wil sê mikroskopiese, plantaardige, staafvormige bakterie, behorende tot die geslag *Bacillus*, tas die perifere senuwees in die hande aan, wat daartoe lei dat die persoon gevoel in sy hande verloor. Pasiënte se outomatiese wegtrekreflekse, wat beskerming bied teen warm of skerp voorwerpe, gaan verlore. Brandwonde en ander wonde word geïnfekteer en die weefsel ondergaan sekrose. [19] Gesigsenuwees word geaffekteer en 'n persoon verloor die vermoë om sy oë te knip, wat lei tot droogheid, ulkusvorming en blindheid. Die kornea kan ook verstyf of gevoelloos raak en die pasiënt word dan nie bewus van stof of deeltjies in sy oë, wat irritasie

---

16 Yahoo!, 'Yahoo!Health', <http://health.yahoo.com/health/Diseases_and_Conditions/Disease_Feed_Data/leprosy/>, 2001.

17 American Leprosy Missions, 'Leprosy facts and myths', < http://www.leprosy.org/3rd.asp?page=aboutlep&contents=otherinfo>, 2001.

18 American Leprosy Missions, 'Leprosy facts and myths', <http://www.leprosy.org/3rd.asp?page=aboutlep&contents=exam_feet>, 2001.

19 American Leprosy Missions, ' Medical examination of leprosy', <http://www.leprosy.org/3rd.asp?page=aboutlep&contents=exam_hands>, 2001.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

veroorsaak nie.[20] *Basille* infekteer die slymvlies van die neus, wat lei tot interne skade en wonde. Uiteindelik is die skade van so 'n aard dat die neusbrug instort. [21]

Uit bogenoemde inligting is dit duidelik dat dié siekte wel 'n vloek moes wees vir die aangetaste persoon, maar dit het die persóón nie 'n vervloekte gemaak nie hoewel die stigma sedert Bybelse tye reeds aan die siekte gekoppel is. Die Boeregemeenskap se kennis van melaatsheid was wat hulle uit die Bybel afgelei het. 'n Mens kan net begin wonder hoeveel mense dan as sogenaamde melaatses of vervloektes beskou is terwyl hulle dalk net 'n erge velaandoening gehad het.

3.2 Medikasie vir melaatsheid

Aanvanklike medikasie vir die behandeling van melaatsheid was gedroogde armadillo. Daar is in latere jare van verskeie gespesialiseerde sulfonamiedes en rifampisien gebruik gemaak wat die groei van die *Mycobacterium leprae* vertraag nadat dit reeds vir 'n paar maande aan die pasiënt gegee is. Die nadeel is dat daar 'n sulfonamied weerstand in melaatsheid opgebou word.[22]

Vandag hoef die pasiënte nie meer na inrigtings te gaan vir behandeling nie. Wanneer 'n persoon met melaatsheid gediagnoseer word, moet hy gebruik maak van drie tipes medisyne. Dit is onderskeidelik dapsoon, rifampisien en

---

20 American Leprosy Missions, 'Medical examination of Leprosy', <http://www.leprosy.org/3rd.asp?page=aboutlep&contents=exam_eyes >, 2001.

21 American Leprosy Missions, 'Medical examination of Leprosy', <http//www.leprosy.org/3rd.asp?page=aboutlep&contents=exam_face>, Persoonlike inligting: Dr. S.H. Rossouw, Geregtelike geneeskundige, Departement Geregtelike Geneeskunde, Posbus 2034, Pretoria, 2001-04-17.

22 American Leprosy Missions, 'Medical examination of Leprosy', <http//www.leprosy.org/3rd.asp?page=aboutlep&contents=exam_face>, Persoonlike inligting: Dr. S.H. Rossouw, Geregtelike geneeskundige, Departement Geregtelike Geneeskunde, Posbus 2034, Pretoria, 2001-04-17.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

clofasimien wat oor 'n tydperk van ses maande of langer geneem word. Die meeste pasiënte kan hulle medisyne by die huis neem en aangaan met hulle werk en daaglikse aktiwiteite. Die medikasie wat nou beskikbaar is, is baie effektief en maak die organismes dood, in plaas daarvan om die organismes se groei net te stuit. Die siekte kan dan heeltemal genees indien die medikasie volgens voorskrif gebruik word.[23]

3.3 Wetgewing ten opsigte van melaatses

Melaatsheid is reeds so vroeg as 3 Oktober 1756 aan die Kaap op Stellenbosch gediagnoseer. Dit is by twee gesinne ontdek. Dié gesinne sou afgesonder word en hulle is ook nie toegelaat om groente of ander produkte aan medeburgers te verkoop nie.[24] Of dit in werklikheid melaatsheid was wat die mense gehad het, sal nooit met sekerheid gesê kan word nie. Soos hierbo aangedui, was daar ‘n verskeidenheid velaandoenings wat verkeerdelik gediagnoseer kon word. Op 31 Desember 1817 word daar melding gemaak van melaatsheid wat in die Kaap toeneem. Dit het toegeneem onder alle dele van die bevolking, maar dan veral ook onder die vissersbevolking langs die kus. ‘n Gestig met die naam Hemel en Aarde is derhalwe in 1817 in die Caledon-distrik geopen.[25]

Wetgewing was nodig om hierdie gevreesde siekte onder beheer te bring. Die navorser verwys dan spesifiek na die wetgewing wat in Transvaal gegeld het.

---

23 Persoonlike inligting: Dr. S.H. Rossouw…; E. Jawetz *et al.* (eds.), *Review of medical microbiology*, p. 226.

24 American Leprosy Missions, Leprosy facts and myths, < http://www.leprosy.org/3rd.asp?page=aboutlep&contents=otherinfo>

25 A.J. Böeseken, *Die nuusbode*, p. 240.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Ingevolge ordonnansie no. 15 van 1897 is melaatsheid as 'n aansteeklike siekte beskryf. Dit was nodig dat daar voorsiening gemaak word vir die afsondering van melaatse persone, asook die nodige behandeling van so 'n persoon. Onder "melaatsheid" was die tuberkuleuse (teringagtige), narkotiese, gemengde en sifilitiese vorms van hierdie siekte ingesluit. Enige een wat te hore kom van 'n melaatse persoon moes binne agt dae aan die Veldkornet 'n verslag skryf asook die gegewens van waar die persoon haar of homself bevind, deurgee. Die Veldkornet moes binne agt dae die Landdros van sy distrik of die Mynkommissaris van die myn waaraan hy verbonde was, op skrif, van die melaatse persoon laat weet. Die Landdros of Mynkommissaris moes die melaatse dadelik deur twee onafhanklike dokters laat ondersoek. Een van die dokters moes verkieslik die Distriksgeneesheer wees.[26]

Indien beide dokters bevind het dat die persoon wel melaats was, moes die Landdros of Mynkommissaris 'n bevel uitreik dat die persoon na die melaatse inrigting in Pretoria (of enige ander inrigting wat moontlik later opgerig word vir melaatses) gaan. Indien die dokters se menings ten opsigte van die sogenaamde melaatse verskil het, moes die persoon weer ondersoek word. Die persoon kon dadelik of oor drie maande deur twee ander onafhanklike dokters ondersoek word. Gedurende die tydperk, voordat die ondersoek afgehandel is, moes die persoon onder kwarantyn geplaas word. In die geval waar 'n persoon hom verset om ondersoek te word, of om na 'n inrigting te gaan, kon die persoon gedwing word om te gaan. Daar moes 'n inventaris van die melaatse se roerende - en vaste besittings geneem word. Die Veldkornet moes 'n persoon aanstel om na die besittings om te sien.[27]

---

26 *The statute law of the Transvaal*, 1904, pp. 816-817.

27 *The statute law of the Transvaal*, 1901, p. 817.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die melaatse se huis moet ontsmet word. Die Kuratorium sal alle pasiënte wat aan die tuberkuleuse en gemengde vorms van melaatsheid ly, in isolasie in die melaatse inrigting in Pretoria laat opneem, of in enige ander soortgelyke inrigtings wat vir hierdie doel deur die Regering tot stand gebring mag word. Pasiënte wat aan ander vorms van hierdie siekte ly, sal in isolasie behandel word in afsonderlike afdelings. Diegene wat ly aan die tuberkuleuse en gemengde vorms is heeltemal apart gehou. Elke pasiënt moet ten minste een maal per jaar gefotografeer word om die vordering van sy siekte waar te neem.[28]

Die verskillende rasse moes heeltemal apart gehou word. Die twee geslagte is ook geskei, tensy dit 'n getroude paar was, wat beide ouer as vyftig jaar was.[29]

Ingevolge ordonnansie no. 23 van 1904 is dit wenslik geag om wet no. 15 van 1897 ten opsigte van isolasie en aanhouding van melaatse mense te wysig. Volgens die ordonnansie van 1904 beteken " Melaatsheid" enige vorm van die siekte wat veroorsaak word deur die basille leprose van Hansen. "Gestig" het beteken enige gebou wat opgerig is ingevolge die bepalings van artikel drie van hierdie ordonnansie. Die gebou sou spesifiek vir die behandeling en aanhouding van persone wat aan melaatsheid gely het, gebruik word. Dit sluit ook die gebied rondom die geboue in, wat ingevolge die gemelde ordonnansie afgesonder en beskryf is vir bewoning van sodanige persone.[30]

Dit is kragtens hierdie wetgewing verpligtend gemaak dat die Luitenant-Generaal van tyd tot tyd die gestig in die Kolonie (Transvaal) verskuif. Die

---

28 *The statute law of the Transvaal*, 1901, p. 819.

29 *The statute law of the Transvaal*, 1901, p. 819.

30 *Ordinances of the Transvaal, 1904*, pp. 106-107.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

rede was om nuwe terreine te stig vir die afsondering van die persone. Enige terrein met geboue wat op die datum van die ordonnansie as 'n gestig gebruik is, sou as sodanig aanvaar word.[31]

I Afsondering, verwydering en aanhouding van melaatses

Ingevolge die ordonnansie van 1904 was dit verpligtend vir alle persone om vermoedelike gevalle van melaatsheid te rapporteer. Dit was verder die plig van die magistraat om, sodra hy daarvan in kennis gestel is, die verdagte te isoleer. Daar sou dan 'n mediese ondersoek op die verdagte gedoen word. Indien die verdagte nie melaats was nie, moes hy of sy vrygelaat word. Sou die mediese beampte se verslag gemeld het dat die verdagte aangetas was, asook in twyfelagtige gevalle, is 'n tussentydse ontvangsbevel uitgereik. Dit was dan die plig van die superintendent om 'n mediese ondersoek te doen en om aan die Koloniale Sekretaris te rapporteer. Dit was die plig van superintendente om in of naby die gestig te woon.[32] Die sieke ("verdagte" sieke) is dus soos 'n misdadiger behandel. Dié siekte het jou skuldig gemaak.

Die wetgewing het verder voorsiening gemaak vir persone wat hulleself vrywillig vir behandeling aanmeld. Dieselfde prosedures soos hierbo genoem, is gevolg. Mans en vrouens asook gekleurde persone moes in aparte dele van die gestig gehou word. Verder was verdagtes en geïsoleerde melaatses onderhewig aan wetlike aanhouding.[33] Persone in aanhouding mag, onderhewig aan regulasies, besoekers ontvang het. Die kostes van die oprigting en onderhoud van gestigte is verhaal van die algemene belasting van die Kolonie. Dit was binne die superintendent se mag om vermoënde persone

---

31 *Ordinances of the Transvaal, 1904*, p. 108.
32 *Ibid.*, p. 109.
33 *Ibid.*, pp. 111-112.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

toe te laat om vir hulleself binne die grense van die gestig akkommodasie te bou en sodoende die koste van onderhoud van sodanige persone te verhaal.[34]

Daar moes foto's geneem word van persone wat in die inrigting afgesonder is.[35] Dis interessant dat die melaatses só gedokumenteer is, veral as 'n mens dink aan hoe hulle voorkoms verander het as gevolg van die siekte. Dié prosedure herinner 'n mens ook aan misdadigers wat afgeneem word. Melaatses moes sekerlik ook soos misdadigers gevoel het; uitgeworpe en afgesonder van die res van die wêreld.

Volgens wet no. 5 van 1907 was dit binne die bevoegdheid van die Koloniale Sekretaris om afsondering van melaatses in plekke buite die gestig toe te laat.[36] 'n Groter tegemoetkomendheid as in die voorafgaande wetgewing is dus te bespeur.

In Pretoria is melaatses in die Leprosengesticht aangehou. Die konstruksiedatum van die gebou is as 1890-1898 aangedui. Die bou-aannemer was D. F. Peterson van die Franco –Italian Building Company. Dit het as Wesfort bekend gestaan.[37]

Wet no. 2 van 1908 het bepaal dat 'n pasïent na opname in 'n gestig ondersoek moes word. 'n Verslag moes dan aan die Koloniale Sekretaris gestuur word. [38]

---

34 *Ordinances of the Transvaal, 1904*, p. 113.
35 *Ibid.*, p. 116.
36 *Statutes of the Transvaal, 1907*, pp. 82-83.
37 E. M. Minnaar, *Grondleggende argitekte …*, p. 53.
38 *Statutes of the Transvaal, 1908*, p. 1.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Met bogenoemde inligting kan daar nou meer realisties na die die Erasmusfamilie se keuse gekyk word om die melaatse kinders op die plaas Garstfontein te laat aanbly. Hoewel daar al soveel skinderstories oor die melaatse kinders is, het die Erasmus-familie dit goed gedink om aan die navorser die nodige inligting te verskaf van wie melaats was, asook hoe hulle dit opgedoen het.

3.4 Die drie melaatse kinders

Te midde van al die mites, kon daar wel bevestiging gevind word dat van die Erasmuskinders in die vroeë twintigste eeu met melaatsheid gediagnoseer is. Die tipe is nie bekend nie, dit sou moontlik Lepromateuse leprose wees. Hierna het daar inderdaad ‘n slegte tyd vir die Erasmusse gevolg. Hulle eens getroue vriende en selfs die kerk het hulle in dié tragiese tydperk verlaat. Die melaatsheid was nie al kwessie wat die vriende die hasepad laat kies het nie. Die finansiële terugslag (moontlik om en by die 1920er jare) van Jochemus het ook bygedra dat, wanneer die Erasmusse dorp toe gegaan het, die mense na die ander kant van die straat sou geloop het. Die mense het hulle koppe weggedraai om nie die Erasmusse te groet nie. Dit was ‘n groot slag vir Jochemus en Johanna. Die mense wat eens so baie vriende gehad het, en so baie gedoen het vir die kerk, was nou verstotelinge wat verkleineerd gevoel het. Dit is geen wonder dat hulle nie daaroor wou praat nie, en dat die kleinkinders eers in latere jare sou besef hoe swaar dit vir hulle grootouers moes wees. Volgens mej. Pienaar was daar net twee mense wat in daardie stadium nog hulle vriende was, die een was ‘n “ou Engelsman” en die ander een was Petrus Jacobus Pienaar, mej. Pienaar se pa.[39] Die ironie van die saak is dat die Erasmusse toe hulle hulle geld verloor het, letterlik

[39] Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar en Mev. A.S. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04; Mev. D.M.C. Pottas, kleindogter van Jochemus Erasmus, Delphinusstraat 237, Pretoria, 2001-05-09; Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

en figuurlik "soos melaatses behandel" is. Die dominee het selfs geweier om die eerste kind (Carel) wat aan melaatsheid oorlede is, te begrawe.[40]

Mnr. Pienaar kan onthou hoe sy oupa met sy kierie op die stoep gesit, en gepruim het. Hy het diep in gedagte gesit en met sy kierie se punt op die stoep getik. Wanneer Pienaar hom genader het en gevra het wat fout was, het Jochemus opgekyk en gevra, "Is daar nie iemand by die hek nie?" Pienaar-hulle moes dan "nee" sê en weer vir hulle oupa vertel dat dit die paal by die hek is wat hy gesien het. Jochemus kon in daardie stadium nie meer so goed sien nie. [41]

Jochemus Erasmus word onthou as 'n baie toegeeflike man, wat nie geweier het as mense wat van ver gereis het, op die plaas kom afsaal en vir lang tydperke daar gebly het nie. Dit wil voorkom of dit moontlik transportryers was wat die oudste seun, Carel Jacobus Erasmus, aangesteek het. Daar moet onthou word dat die siekte 'n baie lang blootstellingstydperk nodig het, aangesien dit nie hoogs aansteeklik is nie. 'n Persoon moet dus vir 'n lang tydperk blootgestel wees aan 'n melaatse persoon wat nie behandeling ontvang nie. Die meeste mense sal nie melaats raak nie, selfs al word hulle blootgestel daaraan. Ongeveer 95 % van die mensdom het 'n natuurlike immuniteit teen melaatsheid. [42]

---

40 Persoonlike inligting: Mev. L. Coerze, Kleindogter van Jochemus Erasmus, Erasmuskasteel Eeufeesvieringe, 2003-09-24.

41 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar,…, 2001-06-12, 2001-06-14.

42 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar,…, 2001-05-04, Mev. D.M.C. Pottas,…, 2001-05-09; Mej. J.J. Pienaar,…, 2001-05-10; American Leprosy Missions, < http://www.leprosy.org/3rd.asp?page=aboutlep & contents=otherinfo >.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Volgens mnr. Pienaar was daar glo ‘n ou man wat in die ou rondawels gebly het en altyd pyp gerook het. Carel, die oudste seun van Jochemus Erasmus, het glo altyd na dié man gegaan wat, soos Pienaar dit stel, vir Carel baie lief was. Hy het Carel altyd opgetel en gesoen en sy pyp in sy mond gedruk. Die man het glo ‘n seertjie by sy mond gehad, en wat hulle nie besef het nie, was dat dit melaatsheid was. Volgens mej. Pienaar was dit ‘n pa en seun wat op die plaas kom afsaal het. Die seun en Carel het goed bevriend geraak en het saam pyp gerook. Daar word geglo dat beide die man en sy seun tekens van melaatsheid getoon het. Carel se twee susters , Maud en Lena was baie lief vir hom gewees. Hulle het hom altyd gesoen, opgetel en gedra. Hulle het toe ook die siekte opgedoen.[43]

Carel is in 1917 oorlede. Sy twee susters is aanvanklik in Westfort opgeneem, maar daarna toegelaat om in afsondering op die plaas te bly. Die rede hiervoor is dat die Koloniale Sekretaris dit volgens Artikel 2 van Wet no. 5 van 1907 toegelaat het. Hulle het in die twee ou huisies gebly wat ‘n entjie weg van die Erasmuskasteel gestaan het. Toe die een suster oorlede is, is die ander een na Westfort gestuur. Sy is kort daarna ook oorlede. Dit is nie duidelik wanneer Maud oorlede is nie, maar Lena is in 1928 oorlede. Selfs na die drie kinders se dood, is die kleinkinders nie toegelaat om in hulle kamers in die Erasmuskasteel te gaan nie. Die dokter het glo vir Johanna gesê dat die kiem so sewe jaar in die vertrek bly. Dit is natuurlik ‘n belaglike gedagte wanneer ‘n mens met vandag se kennis terugkyk na dié teorie. Die twee ouer huisies is later jare verhuur aan mense wat by die steengroef gewerk het. [44]

---

43 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04; Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10.

44 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04; Mej. J.J. Pienaar, kleindogter van

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)



Figuur 21: Pioniershuisie se vooraansig.

Tekening: T. Rossouw.



Figuur 22: Die 1890 huis se vooraansig.

Tekening: T. Rossouw.

Jochemus Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10; *Statutes of the Transvaal, 1907*, pp. 82-83; *Beeld*, 1996-08-28, p. 6.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Mnr. Pienaar het egter sy bedenkinge of die dogters wel melaatsheid gehad het. Hulle kon dalk verkeerd gediagnoseer gewees het. Volgens Pienaar het die Erasmus dogters oor die algemeen slegte velle gehad (ekseem), wat in daardie dae moontlik dan aangesien is as melaatsheid. Dié teorie is nie sonder meriete nie, veral as 'n mens dink aan hoe moeilik die siekte se oordraagbaarheid is, en hoe ongewoon dit is dat meer as een familielid dit sou opdoen.[45]

Die stigma van melaatsheid het bly kleef, al het die mediese kennis uitgebrei. Dit sou lank neem om van die ou opvattings (as 'n mens aanneem dat hulle die Bybelse siening van 'n "vloek" gehad het) ontslae te raak. Mense se onkunde ten opsigte van dié siekte is selfs vandag, 'n eeu later, nog te hore in die stories wat vertel word. Dié stories van die melaatses en spoke word nog steeds versprei en dit veroorsaak dat die Erasmuskasteel seker moeilik sy bynaam sal verloor.

4. Verband tussen die rolprente en die naam "Spookhuis"

Al die familielede wat oor dié aspek genader is, is dit eens dat dié naam sy oorsprong van die film *Hier's ons weer !* gekry het. Die familie is baie ongelukkig oor die naam en veral die stigma wat dit aan die huis laat kleef.[46]

Volgens mnr. T. Andrews is die naam "spookhuis" nie afkomstig van die film *Hier's ons weer!* nie. Andrews, wat hom reeds in 1946 in Pretoria kom vestig het, meld dat hy 'n ander verhaal gehoor het. 'n Erasmusseun is oorsee om verder te studeer en tydens sy studies oorsee, het die huis leeg gestaan. Boemelaars het hulle intrek by die huis geneem en in die aande in die huis vuur gemaak. Die huis is toe spookagtig verlig en omdat die huis ook so ver

---

[45] Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar, kleinseun van Jochemus Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04, 2001-06-12.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

uit die dorp gestaan het, het verbygangers gedink dit spook daar - vandaar die naam. [47] Volgens Andrews het die boemelaars tot die vloerplanke geneem om vuur te maak. Tog is daar teenstrydighede met dié verhaal. Volgens kol. B. Retief is die huidige vloerplanke nog die oorspronklike planke en volgens mnr. P.A. van der Walt wat die kasteel in 1954 besoek het, was daar geen tekens van vandalisme nie. Verder is Albertus in 1941 oorlede, maar sy moeder, Johanna Jacoba Erasmus, het nog in die huis gebly tot haar dood in 1948. Daar was nog nie elektrisiteit op daardie stadium gewees nie, dus is die huis dan heel moontlik verlig deur kaggelvure en kerse. Daar moet dan ook in gedagte gehou word dat die ou militêre pad naby die huis verby loop, hoewel die plantegroei sekerlik van die sig belemmer het.[48]

Volgens die familielede het die huis nooit vir ‘n lang tydperk leeg gestaan nie. Nie een van hulle kon onthou dat die huis ooit leeg gestaan het nie. Net na Johanna se dood in 1948 het die oudste dogter, Gerty, daar gewoon. Sy het nie te lank daar gebly nie. Jochemus Rasmus Erasmus het wel in die huis gewoon voordat hy dit regtens geërf het. Hy het ook die huis verhuur. Erasmus het net in die agterste kamer langs die badkamer gebly. So het mev. L. Erasmus (geb. Howe) saam met haar ouers die huis vanaf 1950 tot 1954 gehuur. Dit is hier waar mej. Howe ook haar latere man, mnr. P.E. Erasmus, leer ken het. Haar vader was ‘n polisieman. Hy moes glo by verskeie geleenthede mense wat na die huis wou kom kyk het, die pad wys. Op ‘n dag het Anna Neetling-Pohl daar aangeklop en beveel dat sy die huis wou sien. Toe mnr. Howe weier en sê dat dit ‘n privaat woning is, het sy aan hom gesê: “Weet jy wie ek is ?!”

---

46 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar…, 2001-05-04; Mev. D.M.C. Pottas…, 2001-05-09; Mej. J.J. Pienaar…, 2001-05-10; Mnr. P.E. Erasmus en mev. L. Erasmus…, 2001-05-21.

47 Persoonlike inligting: T. Andrews, Douglasstraat 41, Pretoria, 1999-11-05.

48 Persoonlike inligting: T. Andrews,…, 1999-11-05; Kol. B. Retief, …, 2000-06-13; P.A. van der Walt, Windsorweg 458, Pretoria, 2000-07-21; Erasmuskasteel, Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Grafte, besoek 1999-08-24.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Mnr. Howe het goed geweet wie sy was, maar hy het haar nie toegelaat om deur die huis te gaan nie.[49]

Deur die jare is die Erasmusse baie lastig geval deur mense wat die huis wou sien. 'n Mens kan aflei dat mense al van vroeg af kom kyk het, selfs voordat *Hier's ons weer !* gemaak is. So vertel mnr. en mev. Pienaar van hoe daar gereeld fortuinsoekers die wêreld daar kom omdolwe het, op soek na die Kruger-miljoene of 'n groot kis vol geld. In daardie dae het die mense baie keer hulle geld begrawe, maar daar was gewoonlik oë wat geloer het en dan later die geld kom steel het. Daar was glo 'n sekere Booyse wat ook omtrent die hele plaas omgedolwe het, op soek na die kis vol geld. So was daar ook 'n dame wat eenmaal na Garstfontein gekom het. Ene "Susan" het beweer dat sy spoke en bose geeste van die plaas af sou wegdryf. Sy het egter niks meer gedoen as om ook vir die "skat" te grawe nie, onder die dekmantel om byvoorbeeld potensiële goëlery te verdryf. [50]

Mnr. Pienaar en mnr. Van Schalkwyk kan onthou dat hulle, toe hulle eendag van die steengroef af gekom het nadat hulle geswem het, oor die "longsiekkraal" se muur geloer het. Daar was 'n gat gegrawe en hulle kon nog duidelike merke sien van 'n kis wat in die grond was en uitgehaal is. Nie lank daarna nie, het hulle in die koerant gelees van 'n man wat munte verkoop Hulle was albei ongeveer twaalf jaar oud; dit moes naastenby in 1932 gewees het. [51]

Dit was dan veral in latere jare dat dinge regtig begin handuit ruk het. Jochemus Rasmus Erasmus het kennisgewings laat oprig en die huis laat omhein, maar dit wil voorkom of dit mense net meer aangespoor het om

---

[49] Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar…, 2001-05-04; Mev. D.M.C. Pottas…, 2001-05-09; Mej. J.J. Pienaar…, 2001-05-10; Mnr. P.E. Erasmus en mev. L. Erasmus…, 2001-05-21.

[50] Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar en mev. A.S. Pienaar…, 2001-05-04.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

ondersoek te gaan instel. Erasmus het gereeld as hy saans in sy bed gelê het gehoor hoe mense aangery kom, om die huis ry en dan laat spaander. Die mense het baie keer sommer net by die huis ingestap en rondgeloop. Dit is dan ook met al hierdie "besoekers" dat daar 'n klomp klein goedjies weggeraak het. By een geleentheid, word vertel, toe Erasmus na die voordeur gestap het om dit te sluit, kon hy nie die sleutel opspoor nie. Toe hy later toevallig in die stad in 'n kroeg was, het hy 'n man hoor spog dat hy die "spookhuis" se voordeursleutel het. Erasmus het hom genader en sy sleutel teruggekry. Die oorspronklike sleutel is darem nog met ons en is vandag in Krygkor se besit.[52]

Met al die bohaai wat nuuskieriges gemaak het, is daar wel die persone wat ander redes aanvoer vir die benaming " Spookhuis" . Volgens H. Meiring het die afgeleënheid asook die vreemde, half sprokiesagtige voorkoms van die Erasmuskasteel al lankal gesorg dat Pretorianers die Erasmuskasteel die "Spookhuis" gedoop het. Meiring beskryf die kasteel as 'n sprokieskasteel wat eers 'n aantreklike baken ver buite Pretoria was; hy beskryf die kasteel ook as geheimsinnig. D. Picton-Seymour praat van die "spoekhuis-tradisie" (sic.), wat die Nederlandse argitekte in die Boererepublieke gevolg het en meld dan ook dat die Erasmuskasteel wel in dié tradisie gebou is. Die styl is in argitektoniese patroonboeke waargeneem . Soos reeds bekend, was argitek Frans van der Ben inderdaad 'n Nederlander. [53] In 1945 vergelyk A. M. van Schoor die Erasmuskasteel met 'n Hollywood-stel wat ingerig is dat 'n misterie-drama daar moet afspeel. Reeds in dié jare lui die opskrif van Van Schoor se artikel ook "Kasteel op boereplaas" en hy praat dan ook van die "Ou paleis op Garsfontein". [54]

---

51 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar…, 2001-05-04; Mnr. R. van Schalkwyk…, 2001-05-04.

52 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar…, 2001-06-14.

53 H. Meiring, Geskiedkundige Erasmuskasteel is uniek in Afrika, *Beeld*, Huisgids, 1998-03-13, p. 27; D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 174; H. Meiring, *Pretoria 125*, p. 113; H. Meiring, *Boukunsskatte van Suid-Afrika*, p. 64.

54 A. M. van Schoor, Kasteel op boereplaas, *Die Brandwag X (390)*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Figuur 23: Die Erasmuskasteel se vooraansig.
Tekening: T. Rossouw.

Dit mag wees dat Pierre de Wet dié artikel gelees het en dat dit dalk toe die gedagte by hom laat opvlam het om die Erasmuskasteel in *Hier's ons weer!* te gebruik. Jamie Uys het dan moontlik weer die ou huis uit *Hier's ons weer!* onthou. Hy kon dit as die ideale skuilplek gebruik vir die boewe in sy film, *Die professor en die prikkelpop*. Wat presies dié regisseurs geïnspireer het om juis die Erasmuskasteel te gebruik, mag moontlik nooit bekend word nie, aangesien beide reeds oorlede is en niemand wat genader is, meer mooi kon onthou nie. Tog moes die twee filmmakers albei ook daardie "misterie" waarvan Van Schoor in 1945 geskryf het, ervaar het.

4.1 Verwarring in verband met films

Findlay het sy eenbedryf, *Roep van die naguiltjie*, gebaseer op die melaatse kinders. Só kry mites vergestalting in verskeie kunsvorms. Op só 'n manier kry mense en plekke bekendheid, omdat dit makliker is om die snaakse en ongewone te glo. Die spook-idee wat aan die Erasmuskasteel

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

gekoppel word se voedingsbron is uit 'n film wat daar geskiet is, geput. Ironies was daar glad nie 'n spook in die film nie…

Die algemene opvatting is dat die film *Kom saam vanaand* by die Erasmuskasteel geskiet is. Dit is egter nie die geval nie. 'n Paar ander filmname het met die verloop van die navorsing opgeduik naamlik *Hier's ons weer !* , *Die professor en die prikkelpop* en *Daar doer in die bosveld*. Die film *Hier's ons weer!* Is na 'n omvattende soektog opgespoor. Daar is toe vasgestel dat dit die film is wat gedeeltelik by die Erasmuskasteel gemaak is. By latere ondersoeke is gevind dat daar ook 'n kort gedeelte in die *Professor en die prikkelpop* is wat by die kasteel verfilm is.[55]

Daar sal in die volgende hoofstuk meer in die besonder terugverwys word na die toepaslike films wat gehelp het met die restourasieproses van die huis. In hierdie hoofstuk word 'n kort oorsig oor die inhoud van die films gegee ten einde aan te dui watter voorstellings van die Erasmuskasteel daardeur by die Afrikaanse rolprentkykende gemeenskap inslag gevind het.

Kom saam vanaand is in 1949 deur S.A.R.M. (Suid-Afrikaanse Rolprent Maatskappy) uitgereik. Dit handel oor 'n jong meisie, René Bekker (Trudi van Zyl), wat haar vermoë om te kan loop verloor nadat 'n klavier in 'n fratsongeluk op haar geval het. Al hoop was 'n operasie wat sy in Amerika moes kry. Haar pa was in geldelike nood gedompel omdat sy besigheid ten gronde gegaan het. René se suster, Louise Bekker (Eugénie Heyns), se

---

54 Krygkor, Pretoria: Brosjure: The Erasmus Castle, s.a. ; Persoonlike inligting: B. Nell, .., 1999 –07-22; Mev. M. J. Rossouw, voormalige assistent-argivaris by die eertydse Nasionale Filmraad, Pretoria, 1999-07-22; Mnr. H. P. van der Walt, Windsorweg 458, 2000-07-21.

55 Anoniem, *Rolprentgeskiedenis; 'n verkorte oorsig,* dokument in private versameling van mev. M. J. Rossouw, Pretoria, s.a.; P. de Wet, *Kom saam vanaand*, 1949; M.Robinson, *Flieke sonder brieke*, 2000; A. van Deventer, *Die plakboek van Al Debbo se lewe*, 2000; *Beeld*, 2001- 06-22, Vandag in die ou dae in Plus bylaag tot *Beeld*, p. 15.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

kêrel, Otto Joubert (Jan Cronjé), het met die idee vorendag gekom dat daar 'n verskeidenheidskonsert vir haar gehou moes word om geld vir die operasie in te samel. René het die stem van 'n nagtegaal gehad. Aan die einde van die konsert het sy roerend gesing en die toeskouers tot trane gedryf. Die film, waarin die dinamiese duo, Al Debbo en Frederik Burgers hulle debuut maak, is gevul met musiek en was blykbaar uiters suksesvol. [56]

Die draaiboek is geskryf deur Frans Engels, maar dit was Pierre de Wet (22/08/ 1909 – 24/06/1990) se idee. Dit was ook die eerste volwaardige Afrikaanse musiekprent en is in daardie stadium beskou as die beste Afrikaanse film wat nog ooit gemaak is. [57] P. de Wet het 'n wonderlike insig gehad vir die maak van sy films. Daar was 'n fyn draadjie wat sy films aan mekaar gekoppel het, wat hom vandag eintlik 'n grondlegger op dié gebied maak. *Die kaskenades van Dr. Kwak* (1948) was die eerste film waarin De Wet vir Al Debbo gebruik het. Dié film se aanknopingspunt by *Kom saam vanaand* is dat "Otto" kamstig vir De Wet ken. Hy het die idee om 'n konsert te hou gekry toe hy 'n koerant op sy vader se lessenaar sien lê het waarin daar 'n advertensie was van Pierre de Wet se film: *Die kaskenades van Dr. Kwak*. Hier kry hy die idee om sy ou vriend te Killarney filmateljee te besoek en sy hulp te vra.[58]

Daar doer in die bosveld is 'n Jamie Uys - produksie van 1951. Dit was ook Uys (30 Mei 1921 - 28 Januarie 1996) se eerste rolprent. Dit handel oor 'n skaam boer wat 'n onderwyseres moes vervoer. Hy was soos gewoonlik laat

---

56 P. de Wet, *Kom saam vanaand*, 1949; M. Robinson, *Flieke sonder brieke*, 2000; *Die Burger*, Hulde aan De Wet, Kushlick, Quayle en Cloete-Norval, vier se spore lê ver in die vermaaklikheidswêreld, 1989-08-21, p. 8; *Beeld*, Pierre de Wet laat 'n ryk erfenis na, 1990-06-29, p. 3.

57 P. de Wet, *Kom saam vanaand*, 1949; Anoniem, *Rolprentgeskiedenis; 'n verkorte oorsig*, dokument in private versameling versameling van mev. M.J. Rossouw, Pretoria, s.a.

58 Anoniem, *Rolprentgeskiedenis; 'n verkorte oorsig*, p. 17; Persoonlike inligting: Mev. M.J. Rossouw, assistant-argivaris by die eertydse Nasionale Filmraad, Pretoria, 2001-04-08; *Beeld*, Vandag in die ou dae in Plus, bylaag tot die *Beeld*, 2001-05-30, p. 15; *Beeld*, Jamie Uys se ryk rolprent erfenis leef, 1996-01-31, p. 3.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

om haar by die stasie te kry en om alles te kroon het sy bakkie 'n pap band gekry. Daar was ook 'n "Blink Stefaans" wat in die boer se slaai wou kom krap en daar het 'n toutrekkery vir die onderwyseres se guns ontstaan.[59]

Die professor en die prikkelpop is 'n produksie van Mimosa Films van 1967. Die verhaal handel oor 'n koerant, die *Suid-Ooster* ('n werklike koerant in Humansdorp) van Pietergrahamsbosch wat sy Tarzan-strokiesprent moes uithaal omdat die koerant se sirkulasie vanweë 'n finansiële tekort gedaal het. 'n Ryk boer, mnr. Brandt, skenk R 60 000 aan die koerant om Tarzan weer terug te plaas. Die paneel of raad vergader en besluit om 'n skoonheidswedstryd te hou, aangesien belasting so hoog is op skenkings. Professor Botha (Jamie Uys), 'n wewenaar, is effe verstrooid en vergeet om die raadsvergadering by te woon. Daar word besluit dat hy die deelnemers se metgesel (chaperone) sou wees. [60]

Daar sou twaalf finaliste in die skoonheidswedstryd wees. Die film konsentreer op vier meisies en gee 'n agtergrondstudie van hulle lewens. Katya Skorzeny (Reinet Maasdorp) neem net deel om genoeg geld te wen sodat sy haar pa en broer ook na Suid-Afrika toe kan bring. Sue Pearson (Tani de Lange) neem deel om genoeg geld te wen sodat sy haar ongebore kind sou kon onderhou. Martie Theron (Liezel Bosman), 'n onderwyseres van 'n klein dorpie is deur die apteker ingeskryf. Sy het op die laaste oomblik besluit om wel deel te neem. Serena Price (Bernadette da Silva), 'n model, kry vir Joe (Gordon Mulholland) om te konkel om te verseker dat sy die wedstryd sou wen. Botha hoor per ongeluk hoe hulle die beoordelaars afpers. Joe gee opdrag aan sy trawante om Botha stil te hou. Hulle ontvoer Professor Botha se kind, Willem (Wynand Uys), en daarna vir Botha om hom af te pers. Hulle

---

59 J. Uys, *Die professor en die prikkelpop*, 1967.
60 *Ibid.*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

gooi hom by die motor se venster uit en hy rol by ‘n sandduin af. ‘n Man van San afkoms kom aangeloop en vra of Botha reg is. Botha antwoord ja en vra of hy die groot swart motor gesien het en in watter rigting die motor weggery het. Die man vertel dat die motor by die “dobbelpad” op is na die berg se kant toe. Daar staan glo ‘n huis daar, maar daar woon nie mense nie. Botha hardloop die pad op na die huis toe. Die volgende paar minute speel af by die Erasmuskasteel.[61]

Die huis word net van buite gesien. Botha en Willem ontsnap uit die kloue van die booswigte. Intussen het die beoordelaars se gewetens hulle begin pla en hulle het toe vir die meisie wat hulle gedink het dit verdien om te wen, gestem. Interessant genoeg was dit nie een van die meisies met wie die kyker nader kennis gemaak het nie, maar Jo Anne Adams (Marina Christellis). Tog het al vier die meisies ‘n waardevolle les geleer en besef dat alles ten goede geskied het. Hierdie is natuurlik ook die film waarin Susan Roux (Carika Keuzenkamp) die liedjie “ Timothy ” sing. Die groep “Four Jacks and a Jill” het die liedjie gesing tydens die inleiding van die rolprent, terwyl Keuzenkamp dit later in die rolprent self gesing het.[62]

Iris Bester verwys verkeerdelik in haar dokumentêre film na *Hier’s ek weer*, moontlik na aanleiding van die bekende Afrikaanse liedjie met dieselfde naam. Die film se titel is *Hier’s ons weer !* en daar word ook gebruik gemaak van die wysie van “Hier’s ek weer” , waarmee Burgers en Debbo hulle nuwe rolle “ as speurders hierdie keer” aan die kykers bekend maak. Dit is natuurlik ook ‘n terugverwysing na *Kom saam vanaand*. Dié film is ‘n Pierre de Wet skepping en is in 1950 deur African Film Productions uitgereik. [63]

---

61 J. Uys, *Die professor en die prikkelpop*, 1967.

62 I. Bester, Die Erasmuskasteel…, s.a. ; P. de Wet, *Hier’s ons weer !*, 1950.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

In hierdie film het Gottlieb Diddervogel (Al Debbo) en Petrus Philluppus Hendrik As (Frederik Burgers) meer prominente rolle. Dit was die eerste hoofrol wat Debbo vertolk het. In die film is hulle privaat speurders wat gevra word om die naweek van die opening van die vermaaklikheidsoord, "Die Werda", net 'n wakende ogie oor die verrigtinge te hou. Niksvermoedend van die gevaar wat daar vir hulle wag, is hulle na "Die Werda" onderweg. Dit werk so uit dat Migiel Moorulle, 'n aardsboef, se vader jare vantevore 'n bank beroof het en die geld in die ou huis (Erasmuskasteel) versteek het. Gottlieb Diddervogel se vader was die een wat Migiel Moorulle se vader vasgetrek het. Moorulle se vader het egter vir hom 'n brief nagelaat waarin hy die bêreplek van die geld bekend maak. Die brief is geskeur en die presiese ligging van die geld in die huis is onbekend.[64]

I Die sogenaamde "spookstorie"

Daar word oor die algemeen aanvaar dat die Erasmuskasteel sy naam gekry het van die film *Hier's ons weer !* en dat laasgenoemde 'n spookstorie was. Dié film se hooftema was juis nie 'n spookstorie nie; daar was glad nie eens 'n spook in nie.[65]

Daar is net een ou oom wat na die huis verwys as die "spookhuis" en dan elke keer heel sadisties lag. Hy praat vir die naïewe Diddervogel (Debbo) en As (Burgers) bang. Hulle moet in die ou huis gaan slaap, aangesien twee kelners wat aangestel is (Moorulle en kie) in die gastekamer van "Die Werda" slaap. Diddervogel is doodbang en kan nie 'n oog toemaak nie. Intussen gaan Moorulle en sy trawant na die huis om die geld te soek. Diddervogel hoor hulle geraas, maar hy dink dis spoke. Hy probeer om vir As te oortuig, maar

---

63 P. de Wet, *Hier's ons weer !* , 1950; A. van Deventer, *Die plakboek van Al Debbo se lewe*, 2000.

64 Persoonlike inligting: mnr. B. Nell, Bestuurder van Korporatiewe Kommunikasie, Krygkor ; I. Bester, *Die Erasmuskasteel…*, 1992-01-25; E. Bolsman, *Ghosts of Pretoria*, p. 7.

65 P. de Wet, *Hier's ons weer!*, 1950.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

laasgenoemde wil niks weet nie. Hy is kortaf met Diddervogel. Moorulle kom in ‘n vertrek waar hulle hulle arms deur die muur kon druk (by drie plekke) op soek na die geld. Min weet Moorulle in die stadium dat sy arm na die vertrek gaan waar Diddervogel probeer slaap. Diddervogel sien dié hand en neem aan dat dit 'n spook is. Moorulle besef dat hulle Diddervogel en As met 'n slap riem kan vang en sodoende uit die huis kon kry. Hulle begin om met hulle vrese te speel en Diddervogel probeer verniet om vir As te oortuig van die spoke, totdat ‘n portret vir As knipoog… Met al die bohaai kom die ou oom ook in ‘n stadium op die gedoente af en hardloop dan self vinnig weg, met die woorde “ Dit spook wragtag”. [66]

Net die “ou oom” en Moorulle verwys na die Erasmuskasteel as die “spookhuis” , omdat die huis onbewoon en verafgeleë is. Laasgenoemde is natuurlik die ideale kombinasie wat kan lei tot só ‘n benaming veral as ‘n mens in ag neem dat die Erasmuskasteel (volgens die film) so lank leeg gestaan het. Die mense van “Die Werda” verwys bloot na die Erasmuskasteel as die ou huis of die ou plaashuis. [67]

---

66 Persoonlike inligting: Mnr. A. Debbo…, 2000-09-02; Mev. M.J. Rossouw…, Verder het Mev. Rossouw die filmstelle gesien waar die binnetonele verfilm is. Sy onthou die stel waar Moorulle en sy travant hulle hande deur die muur gesteek het. Die filmstelle het by die ou Killarney-filmateljee in Johannesburg gestaan.

67 A. M. van Schoor, …, pp. 20-21;32; TAB, Pretoria: MHG 551/49: Boedel van Johanna Jacoba Erasmus, Pretoria, 1953-05-26.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

II Binnetonele

Die algemene siening dat die binnetonele van die Erasmuskasteel in *Hier's ons weer !* in die huis self verfilm is, is verkeerd. Debbo meld dat die tonele binne die huis in 'n ateljee verfilm is, maar dat die buitetonele by die huis self geskiet is. Wanneer 'n mens dan na die film gaan kyk en 'n vinnige plan optrek, sal 'n

mens agterkom dat die grondplanne ook nie ooreenstem met die Erasmuskasteel s'n nie. 'n Mens kan ook sien dat die draaiwerk van die houtrelings nie met dié van die huis s'n ooreenstem nie. Die ruimte tussen die kamera en die binnetonele is ook so groot, dat dit onmoontlik nie in die huis verfilm kon word nie, aangesien die kameras in daardie tyd nog baie groot en lomp was. Beligting sou natuurlik ook in die huis 'n probleem gewees het.[68]

4. 2 Die Erasmuskasteel staan leeg

In 1945 word daar reeds in *Die Brandwag* melding gemaak van die "paleis van Garsfontein" wat as 'n simbool van die lewe van die Erasmusfamilie gesien word. Verder meld hulle dat dié plek nou vervalle staan, maar dat dit nog steeds, via die ou militêre pad wat daar verbyloop, nuuskieriges lok. Daar word vertel hoe Johanna Jacoba Erasmus talle mense wat daar stilhou en nader stap met trots die huis wys. Johanna Jacoba Erasmus is drie jaar na hierdie onderhoud op, 14 Desember 1948, oorlede. Volgens onderhoude met persone wat die huis in daardie jare besoek het, moes dit sedert Johanna se dood (1948) leeggestaan het.[69] Volgens die boedel van Albertus Philippus Jacobus Erasmus, seun van Johanna Jacoba Erasmus, kon sy seun, Jochemus Rasmus Erasmus (Emus), die Erasmuskasteel en gronde eers in

---

68 Persoonlike inligting: Mev. H.G.E. van Zyl,…,2001-04-10.

69 TAB, Pretoria: MHG 3224/41, : Boedel van Albertus Philippus Jacobus Erasmus, Pretoria, 1941-08-30.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

1960, sodra hy die ouderdom van dertig bereik het, opeis.[70] Teen die tyd wat Jochemus Rasmus Erasmus die huis geërf het, was die huis in 'n baie vervalle toestand. Erasmus het nie geld gehad om die huis te herstel nie en hy moes dele van die plaas verkoop om skuld en boedels af te

betaal.[71] Mev. H.G.E. van Zyl het in 1949 die Erasmuskasteel saam met haar tante, Emmie Erasmus, besoek. Hulle kon nie in die kasteel ingaan nie, want die deure was gesluit. Hoewel niemand die kasteel in daardie stadium bewoon het nie, onthou Van Zyl tog dat die huis nog in 'n goeie toestand was en glad nie verwaarloos gelyk het nie. [72] Die film, *Hier's ons weer !* is in 1950 daar verfilm. Die huis was in daardie stadium ook leeg gewees.[73]

In 1954 het mnr. P. A. van der Walt saam met sy vader, Jan Lowies van der Walt (1 Januarie 1893), 'n waterboorkontrakteur, die Erasmuskasteel besoek om twee boorgate te boor. Tydens hierdie besoek was die Erasmuskasteel steeds leeg gewees. Van der Walt het wel toegang tot die huis verkry, want die voordeur was glo nie heeltemal toe of gesluit gewees nie.[74] Dit is teenstrydig met mev. Erasmus (die Howe-gesin) wat meld dat hulle op daardie stadium die huis gehuur het.

In die film *Die professor en die prikkelpop* wil dit voorkom of die huis in daardie stadium ook nie bewoon was nie. Die dak lyk erg verroes en die verf op die houtsierwerk is al omtrent heeltemal afgedop. Die film is in 1967 gemaak. R.J. Erasmus het die huis reeds in 1967 begin restoureer. Volgens die

---

70 Persoonlike inligting: J.R. Erasmus,…, 2003-09-24.

71 Persoonlike inligting: H.G. E. van Zyl, …, 2001-04-10.

72 Persoonlike inligting: A. Debbo, Komediant en akteur, Opvoering by Highlands in Rabiestraat, Centurion, 2000-09-02; Anoniem, *Rolprentgeskiedenis; 'n verkorte oorsig*, p. 16; P. de Wet, *Hier's ons weer !*, 1950.

73 Persoonlike inligting: P. A. van der Walt, Windsorweg 458, Pretoria, 2000-07-21.

74 J. Uys, *Die professor en die prikkelpop*, 1967; Anoniem, *Rolprentgeskiedenis; 'n verkorte oorsig*, p. 21; Geskrewe inligting: E. C. Labuschagne, Privaatversameling van mnr. B. Nell, Bestuurder Korporatiewe Kommunikasie, Krygkor, Pretoria,1989-08-17.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

dokumentêre film wat oor die Erasmuskasteel gemaak is, het Erasmus in 1968 met restourasiewerk begin. Hy het 'n gespesialiseerde span van Italië af laat kom.[75]

Volgens familielede het die huis nie vanaf 1949 tot 1967 leeg gestaan nie. Nie een van die familielede kon bevestig of die filmvervaardigers wel toestemming gehad het, of by wie hulle moontlik toestemming verkry het, om die films by die Erasmuskasteel te verfilm nie. Volgens Debbo sou P. de Wet wel die toestemming om daar te verfilm, verkry het.[76] Volgens latere inligting wat verkry is, het mev. J.J. Erasmus wel vir P. de Wet toestemming g egee om die huis te gebruik in sy film. Sy is oorlede voordat die film gemaak is. Teen die tyd wat P. de Wet begin werk het aan die film, het die familie by mev. J.J. Erasmus se besluit gehou, naamlik om die Afrikaanse filmbedryf te help. Hulle het nooit gedink dat dié film sou aansporing gee tot die naam "Spookhuis" nie.[77]

R. J. Erasmus het vir Jamie Uys toestemming gegee om die Erasmuskasteel te gebruik in sy film, met die versoek dat die huis nie maklik herkenbaar sou wees nie. Uys het dit laat lyk asof die huis by die see staan en die huis is ook vanuit ander hoeke geskiet.[78]

4. 3 Spookervarings

Van die gewildste stories wat versprei word, is die ervarings wat die familie gehad het wat die huis in die 1980er-jare van Krygkor gehuur het voordat Krygkor met restourasiewerk begin het. Die een verhaal is van die spensdeur wat vanself oopgaan. Die ander een is van hulle dogtertjie (vyf jaar oud) wat in

---

75 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar…,2001-05-04; Mev. D.M.C. Pottas…, 2001-05-09; Mej. J.J. Pienaar…, 2001-05-10; Mnr. P.E. Erasmus…, 2001-05-21;

76 Mnr. A. Debbo…, 2000-09-02.

77 Persoonlike inligting: Mnr. J.R. Erasmus, … ,2003-09-24.

78 Persoonlike inligting: Mnr. J.R. Erasmus, … ,2003-09-24.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

haar kamer (die kinderkamer) 'n ander meisie gesien het. Dié meisie het vir haar gevra of sy lekker bly, want dit was baie jare terug haar kamer gewees. Die meisie het ook 'n lang wit rok gedra. [79]

Dit is altyd moeilik om in hierdie gevalle van kontak genoegsaam bewyse in te samel. Die spooknavorser moet in hierdie tipe gevalle die persoon se ervaring vertrou en so spoedig en noukeurig moontlik dokumenteer- en dan ook sover moontlik van die persoon wat dit self ervaar het. Tog is daar 'n groot leemte in die dogtertjie se ervaring. Volgens Erasmusfamilielede het die kinderkamer nooit aan een van die dogters behoort nie. Dit was die vertrek waar die seuns geslaap het. Die dogters se kamer was op die grondvlak gewees.[80]

Nog gewilde verhale is van die dame met haar Victoriaanse rok. Daar was al 'n man wat haar gevolg het en 'n ander een wat gesien het hoe sy sit en naaldwerk doen by die venster in die hoofslaapkamer. Hier kan 'n mens weer eens net staatmaak op hulle woord, wat net eenvoudig nie genoegsame bewyse lewer van die bestaan van buitengewone aktiwiteite in die huis nie.[81]

'n Ander ervaring is waar persone, so teen skemeraand, voetstappe in die huis gehoor het. Daar is egter 'n logiese verklaring hiervoor. Dit gebeur baie dat dié tipe geluide beskou word as buitengewone aktiwiteite. Die hoor van voetstappe is moontlik die mees gedokumenteerde geluid. Tog kan die meeste van die tipe geluide , van galms, gerammel, kraakgeluide en natuurlik voetstappe verklaar word. Houtvloere wat warm of weer koeler word, beweeg en kraak en soos die vloerplanke beweeg, kan dit ander vloerplanke ruimte gee

---

79 Rekord- Oos, 1998-08-28, p. 28.

80 N. Odendal, Die spoke van die Erasmuskasteel, deel 1, Afrikaans Stereo, 1995-04-14; Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar…, Mev. Pottas…, Mej. J.J.Pienaar.

81 N. Odendal, Die spoke van die Erasmuskasteel, deel 2, Afrikaans Stereo, 1995-04-25.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

om ook te kraak. Stadig maar seker kan die klanke oor die vloer beweeg en dit laat klink soos voetstappe. [82]

Ander klopgeluide kan ook verklaar word deur die wind wat aan die vensterrame ruk. Nog geluide in die huis wat in die aande gehoor kan word, kan verklaar word deur die uitsetting en inkrimping van die sinkdak soos wat die temperatuur verander.

Die Erasmus-familie het self ook al ervarings gehad. Mnr. Pienaar het op ‘n keer ‘n gloeiende spook in die veld ‘n entjie van die huis af gewaar. By nadere ondersoek het hulle gevind dat dit niks anders as 'n gloeiende houtstomp was nie.[83]

Van die meer klinkklare bewyse dat al die ervarings moontlik maar net verbeeldingsvlugte was, is dat daar van die meer algemene ervarings wat gewoonlik by sulke tipe terreine ervaar word nog nooit by die Erasmuskasteel genoteer is nie. Daar bestaan nie goeie dokumentasie nie, slegs hoorsê wat die egtheid van die verhale in twyfel trek. Die verhale kan nie gestaaf word deur klinkklare bewyse van bonatuurlike aktiwiteite nie.

Die meeste ervarings kan maklik verduidelik word. Baie mense maak hulleself so bang dat hulle geluide begin hoor en selfs gedaantes uit die hoek van hulle oë sien. Die probleem is dan ook dat die Erasmuskasteel so ‘n alom bekende baken is, en dat ‘n persoon gewoonlik met ‘n vooraf opgestelde idee, waartoe die verhale en films grootliks bygedra het, na die huis gaan en moontlik iets ervaar. Self al glo ‘n persoon nie aan die onverklaarbare dinge nie, kan die idee nog steeds ‘n invloed hê in die persoon se onderbewussyn en dan kan die persoon dalk ‘n ervaring hê. Kenners kan al hoe meer verduidelikings bied oor

---

82 N.Odendal, Die spoke van die Erasmuskasteel, deel 1, Afrikaans Stereo, 1995-04-25; M. Gascoigne, *The ghost investigator’s handbook*, p. 41; C. Maynard, *Informania ghosts*, p. 30.

83 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar…, 2001-05-04.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

hoe en hoekom mense dinge sien. Blote familiariteit is meestal genoeg om aanleiding te gee tot hierdie tipe van hallusinasies.[84]

5 Gevolgtrekking

Die Erasmuskasteel se meer bekende naam , die "Spookhuis" is moontlik afkomstig van die film *Hier's ons weer!* wat in 1950 daar verfilm is. Met sprake van melaatse kinders en spoke het daar 'n stigma rondom die Erasmuskasteel gevorm. Tog het die rolprente wat daar verfilm is, goeie leiding gegee vir die restourasiewerk wat in 1987-1989 deur Krygkor aangepak is.

Ten opsigte van die talle ervarings wat persone wat sogenaamd psigies aangelê is of selfs glad nie glo nie, daar ervaar het, kan die navorser nie met een van die besondere gevalle saamstem nie. Daar is geen klinkklare bewyse van ongewone aktiwiteite nie en die meeste van die misterieuse gevalle kan logies verklaar word. Mev. Erasmus, wat self 'n inwoner van die huis was, het ook geen ervarings beleef nie en bevestig dat daar geen spoke is nie. Hoewel daar van die familielede was wat getuig het hoe bang hulle in die aande in die huis was, kon al die geluide wat hulle gehoor het, verklaar word. Die "gehuil" wat hulle bo in die solder gehoor het, was uile wat daar gebroei het, om net een so 'n geval te noem. [85]

'n Spookhuis is volgens tradisie gewoonlik oud en een of ander misdaad of onreg is daar gepleeg. So iets is nie van toepassing op die Erasmuskasteel nie. Selfs Al Debbo verseker 'n mens dat " dit wraggies nie daar spook nie".[86]

---

84 M. Gascoigne, *The ghost investigator's handbook*, p.46.

85 Persoonlike inligting: Mnr. J.J.P.E. Pienaar en mev. A.S. Pienaar…,2001-05-04; Mev. D.M.C. Pottas…, 2001-05-09; Mej. J.J. Pienaar…, 2001-05-10; Mev. L. Erasmus…, 2001-05-21.

86 E. Möller, Spookhuis het monumentale geskiedenis, *Gerbera*, Maart 1987, p.9.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

V RESTOURASIEPROSES VAN DIE ERASMUSKASTEEL

1. Inleiding

Die bewaring van 'n gebou behels die stappe wat gedoen word om verval te stuit. Die stappe moet so gedoen word dat dit die minste uitwerking op die gebou sal hê. Dit moet verkieslik moontlik omkeerbaar wees sodat veranderinge nie in die pad sal wees van toekomstige bewaringsprosesse nie. Die kernfunksie in die bewaring van historiese geboue is die toepassing van wetgewing. Sulke geboue moet gelys word deur onder andere gereelde inspeksies en dokumentasies te maak. Stadsbeplanning en bewaringsaksies moet ook hier in ag geneem word.[1]

Die wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999 bepaal onder andere dat erfenishulpbronne bewaar moet word deur dit te beskerm, in stand te hou. Die plek kan ook volhoubaar gebruik word om sodoende die kulturele betekenis daarvan te beskerm.[2] Die Erasmuskasteel is bewaar, maar die eertydse woning word as kantore benut.

Die hoeveelheid buitengewone geboue en terreine wat betekenisvol is om te bewaar, is beperk. Sulke voorbeelde moet onderhou en herstel word met volkome getrouheid aan die hoogste restourasiestandaarde wat moontlik is. Spesialiste, insluitende argitekte wat ondervinding het van restourasiewerk, historici, argeoloë, landskapargitekte, museumkundiges,

---

1 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p. 3.

2 No. 506 Kantoor van die President, *no. 25 van 1999: Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999*, p.9.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

stadsbeplanners en vakmanne moet betrek word.[3]

Volgens Suid-Afrikaanse wetgewing word die kultuurerfenis gemeet aan die belangrikheid daarvan binne die gemeenskap en die besondere rol wat dit in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het.[4] Daar word nie net bepaal dat opgeleide persone betrokke moet wees by bewaringsprojekte nie, maar dat daar wel persone opgelei moet word. Daar moet deurlopende opleiding van werkers geskied om sodoende te verseker dat die kultuurerfenis blywende waarde sal hê.[5]

Dokumentêre, argeologiese en fisiese navorsing word gedoen van die oorspronklike vorm en die uiteindelike veranderinge wat vir die gebou beplan word, voordat restourasie begin. 'n Volledige opname van sodanige getuienis, insluitende tekeninge, progressiewe foto's, notas en afskrifte, moet gehou word. Die oorspronklike of kopieë van die bevindinge moet gehou en waar moontlik, gepubliseer word.[6]

Dit is raadsaam dat 'n ou gebou eerder bewaar word as om reggemaak te word. Die huidige beskouing is dat dit beter is om reg te maak as om te herstel; beter om te herstel as om te rekonstrueer. Voor die aanvang van 'n projek moet die moontlikheid oorweeg word dat die projek kan lei tot 'n "sloerende rekonstruksie" (slegs enkele gedeeltes word vervang). Dit is die geneigdheid om te herstel, wat lei tot restourasie en restourasie wat totale rekonstruksie word. Die behoud van oorspronklike werk van verskeie periodes is beter as die willekeurige "herstel" van die hele werk. Die

---

3 C. van Ravenswaay, Planning for preservation, in *Historic preservation tomorrow*, pp. 17-18.

4 No. 506 Kantoor van die President, *no. 25 van 1999: Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999*, p. 15.

5 *Ibid.*, p. 17.

6 C. van Ravenswaay, Planning for preservation, in *Historic preservation tomorrow*, p. 18.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

restourateur moet net vervang wat hy of sy kan bewys wel bestaan het, byvoorbeeld aan die hand van dokumentasie.[7]

Volledige dokumentasie voor, gedurende en na restourasie is van kardinale belang. Analitiese en kritiese verslae wat aangevul is met foto's en tekeninge moet deel wees van die proses. By die Erasmuskasteel is daar wel 'n tekort aan volledige dokumentasie wat die restourasie-proses voorafgegaan het. Die navorser moes met behulp van persoonlike onderhoudvoering die restourasie-proses rekonstrueer. Daar is wel goeie foto-dokumentasie. Die ouer foto's is van die familie verkry en die foto's voor, gedurende en na die restourasie is deur Krygkor laat neem. Die foto's het ongelukkig nie datums by nie en moet nog deeglik gedokumenteer word.[8]

2. Redes vir die bewaring van die Erasmuskasteel

Om 'n ou gebou te bewaar, is om te voorkom dat 'n "kunswerk" verlore gaan. Bewyse van hoe mense in die verlede geleef, gewerk en selfs hoe hulle gedink het, word ook so bewaar. [9] Die Erasmuskasteel kultuurerfenis terrein is in dié opsig nie net histories nie, maar ook argeologies van waarde.

---

7 C. van Ravenswaay, Planning for preservation, in *Historic preservation tomorrow*, p. 18.

8 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, pp. 7-8; Mnr. B. Nell, Bestuurder van Korporatiewe Kommunikasie, Krygkor, Pretoria, Foto's van die Erasmuskasteel.

9 R.F.M. Immelman & G. D. Quinn (eds.), *The preservation and restoration of historic buildings in South Africa*, p. 11.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Figuur 24: Die Erasmuskasteel het nog sy oorspronklike voordeur.
Foto: T. Rossouw, 2001-03-06.

Erfenishulpbronne speel ‘n besondere rol by navorsing, toerisme asook opvoeding. Dit beteken dat die uiteindelike doel van die erfenis moet wees dat dit ontwikkel word en op so ‘n wyse aangebied moet word om die nodige waardigheid daarvoor asook respek te verseker.[10] Hierdie stelling is tweeledig van aard. Dit is belangrik dat die familie van die Erasmuskasteel gerespekteer moet word, sodoende moet daar genoegsame opvoeding wees om die mense bedag te maak op feite en nie mites nie. Voorts moet daar verdere opleiding wees om te verseker dat die instandhouding van die Erasmuskasteel nie sal lei tot verdere afbreek van die struktuur self nie.

[10] No. 506, Kantoor van die President, *No. 25 van 1999: Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999*, p. 17.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Daar is 'n paar slaggate waarop gelet moet word. Eienaars van geboue kan meer skade aanrig deur die gebou te verbeter of om hulle persoonlike smaak daarop af te druk. Die doel waarvoor die gebou ingerig word, kan heeltemal anders wees as die oorspronklike gebruik daarvan. Dit is in die eienaar se hande om nie die gebou te vernietig of te skend nie. Dan is daar die gevaar van onvoldoende kennis van die persoon wat die restourasie uitvoer. Al hierdie probleme moet in ag geneem word voordat so 'n projek aangepak word.[11]

Motiverings vir bewaring kan enige van die volgende opsies insluit: ekonomies, histories, argeologies, kultureel, esteties, wetenskaplik, opvoedkundig en sosiologies. Die Erasmuskasteel het omtrent al hierdie kenmerke. Indien dit opvoedkundig van waarde is, kan 'n algehele rekonstruksie gedoen word, behalwe in die geval waar die gebou vervalle is, of onherstelbaar verander is. [12] Dit is die geval met die twee ouer huisies op die terrein wat deur die jare aanbouings gekry het en later gesloop is.

Elke gebou is in 'n sekere mate uniek of het 'n sekere kwaliteit. Daar kan gesê word dat alle geboue 'n spesiale voorkoms het. Dit is nie nodig om wêreldwye erkenning te geniet om die kommer van die bewaring en uitwerking van skadelike veranderinge van 'n gebou te regverdig nie. Elke gebou sal plaaslike kenmerke moet hê wat die "gees van die gebou" en die gevoel om te behoort, by die mense van die omgewing versterk. Daar is drie kenmerke om so 'n plek se bestaan te regverdig, waarvan die eerste die ligging van die natuurlike omgewing, byvoorbeeld die landskap se vorm en topografie, plantegroei, klimaat en die beskikbaarheid van water,

---

11 R.F.M. Immelman & G. D. Quinn (eds.), *The preservation and restoration of historic buildings in South Africa*, pp. 12-13.

12 C. van Ravenswaay, Planning for preservation, in *Historic preservation tomorrow*, p. 16.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

is.[13] Die Erasmuskasteel se natuurlike omgewing is baie mooi vir die oog. Die huis staan op 'n koppie en die klimaat is matig. Die huis is ook naby die Wolwespruit gebou, wat in vroeëre jare 'n oog gehad het. Die spruit loop nou nie meer so sterk nie en van die oog is daar nie meer sprake nie. Die natuurlike plantegroei en uitsig is belemmer deur die stedelike uitbreidings rondom die huis. Tog staan die huis nog op 'n redelike groot stuk grond. Die agterste deel van die koppie word as 'n klein natuurreservaatjie bewaar.[14]

Die tweede kenmerk behels die kulturele bouwerke, byvoorbeeld brûe, forte of kerke wat 'n reaksie van die kultuur op die betrokke landskap was. Sosiale geskiedenis en fisiese ligging sowel as menslike aktiwiteite kan bydra om die gebou tot 'n kulturele erfenis te laat verklaar. [15] Op Garstfontein het daar ongelukkig min van die oorspronklike plaasopstalle behoue gebly. Selfs die steengroef is nie meer toeganklik nie. Mnr. J.J.P.E. Pienaar het vermoed dat dit opgevul is en dat daar huise bo-op gebou is. Die ou steengroef is nog wel vanuit die lug sigbaar. Daar is nog klipmure langs die Wolwespruit sigbaar waar die ou drif was, asook waar die transportryers gebly het. Die voortbestaan van hiérdie argeologiese verskynsels is ook nou in die gedrang. 'n Argeologiese opname is gedoen, maar van die mure gaan moontlik in die slag bly met die nuwe pad en brug wat tans daar opgerig word. Plakkers in die omgewing het ook reeds van die klippe verskuif. [16]

Bogenoemde argeologiese oorblyfsels het toe in 2003 plek gemaak vir 'n nuwe pad en moontlike brug wat (Julie 2003) in aanbouing is. Aangesien

---

13 H. L. Garnham, *Maintaining the spirit of place; a process for the preservation of town character*, p. 1.

14 Kasteelpark nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoek 2000;2001 Wolwespruit.

15 H.L. Garnham, *Maintaining the spirit of place…*, p. 1.

16 Persoonlike inligting: Mnr. H.P. Prinsloo, argeoloog, Sandoryn 14, Lucky Beanstraat, Pretoria, 2001-05-14; Mnr. Pienaar,…, 2001-08-01; Murasies langs Wolwespruit.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

die paaie nog nie klaar gebou is nie, kon die navorser nog nie ‘n opname gaan doen om te sien wat alles in die slag gebly het nie.

Die derde kenmerk wat ‘n ou gebou se voortbestaan sou regverdig, is die sintuiglike ondervinding wat primêr op die visuele aspek van die plek ingestel is. Die visuele getuig gewoonlik van die interaksie van die kultuur met die bestaande landskap. Dit is moontlik dat die ander strukture as onooglik aangesien is en die bewaring daarvan glad nie op prys gestel is nie. Die besondere opvallendheid van die Erasmuskasteel het moontlik bygedra daartoe dat dit bewaar gebly het. Die ligging het ook moontlik ‘n rol gespeel, omdat die huis eers buite die dorpsgebied van Pretoria gestaan het en nie in die stadsentrum self nie.[17] Dit sou nie vir altyd so bly nie en vooruitgang is onafwendbaar. Baie ou geboue soos hotelle en woonhuise, nes in die geval van die Erasmuskasteel, het soveel verandering ondergaan as gevolg van uitbreidings, industrialisasie, eiendomsuitbreiding, vervoeruitbreidings, stedelike groei en die verskuiwing van die bevolking. Die Erasmuskasteel is onderwerp aan al die laasgenoemde aspekte. Baie van die veranderinge het die voorkoms, karakter en selfs die betekenis van die plek verander of vernietig. Jan Alleman het glad nie die waarde van die huis besef nie en dit bloot net as ‘n mooi huis gesien en niks anders nie.[18]

Bewaring moet nie net met sosiale en ekonomiese doelwitte vereenselwig word nie. Daar moet ook nou gekyk word na die opgradering van die stedelike omgewing en die bewaring van waardevolle plaasgrond. [19] Laasgenoemde het nog nie sy inslag in Suid-Afrika gevind nie. Goeie landbougrond word opgesny vir luukse woonbuurte, want die veronderstelling dat Suid-Afrika se vlaktes nie ‘n einde het nie, is nog in mense se gedagtes.

---

17 H.L. Garnham, *Maintaining the spirit of place…*, p. 1; Kasteelpark nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke gedurende 2000; 2001, 2002.

18 *Ibid.*

19 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 15.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Spogbuurte wat tans op die ou plaasgrond van die Erasmusse uitgelê is, is onder andere Erasmusrand, Erasmuskloof en Elarduspark.

Volgens prof. H. P. van der Schyff is besluit om die Erasmuskasteel en omliggende terrein nie net as 'n kultuurerfenis nie, maar ook as 'n natuurerfenis te bewaar. Hierdie stelling (ongeveer 1992) van Van der Schyff was in daardie stadium 'n toekomsblik, want die argeologiese waarde van die terrein is eers om en by 1995 ontdek. [20] Die algemeenste motivering vir die bewaring van die terrein is die groei wat getoon word. 'n Gesin "bou" 'n eenvoudige pionierswoning en soos wat die familie finansieel sterker geword het, word hulle wonings ook groter en meer "eksoties". Die restourasie van al drie die huise op die terrein onder bespreking, is kultuurhistories, argitektonies en opvoedkundig van waarde. Dit toon die groei, ontwikkeling en welvaart van 'n "Transvaalse" familie in 1903 en daarna. [21]

Die elemente van die Erasmuskasteel kan ook gesien word by ander Victoriaanse huise, maar die Erasmuskasteel is argitektonies uniek. Die huis sluit argitektonies nouer aan by die Europese Victoriaanse argitektuur as by die Britse styl. In Suid-Afrika is dit baie seldsaam, aangesien die meeste huise volgens die Britse styl gebou is.[22] Volgens H. Meiring is die Erasmuskasteel uniek in Afrika. Meiring beweer dat daar wel 'n paar soortgelyke maar kleiner voorbeelde van kasteelagtige huisies in Kaapstad en Durban is. Meiring vergelyk die Erasmuskasteel met die herehuise in San Francisco. Die Erasmuskasteel se omliggende terrein is ongeskonde bewaar en die huis is vanuit verskillende hoeke sigbaar. Dit maak die Erasmuskasteel 'n simbool, wat eie aan Pretoria is.[23]

---

20 I. Bester, Die Erasmuskasteel…, 1992- 01- 25.
21 *Ibid*.
22 *Ibid*.
23 *Rekord-Oos*, 1998-08-28, p. 27.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die waarde van die Erasmuskasteel lê daarin dat dit nie ‘n “dooie” statiese museum is nie, maar gebruik word en tegelykertyd as kultuurerfenis bewaar bly. Die meubels is sover moontlik histories (Victoriaans) korrek en word tans gebruik. In die eetkamer kan twintig mense om die tafel vergader. Die tafels is op ‘n skeepswerf in Engeland gevind. Daar is twintig bypassende mahoniestoele. [24]

‘n Paar belangrike doelwitte met bewaring is om die uniekheid van die omgewing te erken en die karakter daarvan te waardeer. H. L. Garnham beveel aan dat ‘n behoorlike beplanningsproses waarby inwoners van die omgewing betrokke kan raak tot stand gebring moet word. Dit is makliker gesê as gedaan. Organisasies soos Genootskap Oud - Pretoria is wel baie aktief , maar die lidmaadskap is nie werklik verteenwoordigend van ‘n groot groep van die gemeenskap nie. Mense het ander voorkeure, maar pogings kan wel aangewend word vir inwoner deelname wat die inwoners trots kan maak op hulle omgewing, die huis en die buurt.[25]

Gemeenskappe wat meer ag slaan op die bewaring van hulle historiese geboue genereer meer interessante plekke vir bewoning en toerisme aldaar. Goeie voorbeelde is van die Kaapse dorpies soos Swellendam en Stellenbosch. Dit wil nie sê dat bewaring suiwer esteties is nie. Argitekte van die 1970ers het besef dat geboue wat opgerig is voor die Tweede Wêreldoorlog minder energie (ten opsigte van elektrisiteit, bykomende verhitting ens.) gebruik het as dié wat na die oorlog gebou is. Bewaring moet nie net gesien word as ‘n meganies, wetlike of ekonomiese proses nie. Bewaring behou energie.[26] Daar is ‘n ontwaking onder sakemense en huiseienaars wat besef dat dit minder sal kos om ‘n plek reg te maak as om

---

24 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 - 01 -25.
25 H.L. Garnham, *Maintaining the spirit of place…*, p. 4.
26 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 16.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

die plek af te breek en ‘n nuwe gebou te bou. Die tydbesparing speel ook hier ‘n rol. Daar hoef dan nie so lank gewag te word voordat die eienaars hulle intrek kan neem nie. ‘n Ander punt is dat ‘n gebou wat histories of argitektonies van waarde is interessant is en toeriste en in die geval van ‘n winkel, kopers sal lok. [27]

Toeriste sou baat by die Erasmuskasteel omdat die huis baie mense opval en daar baie vrae opduik. Mnr. B. Nell het die insig gehad om die waarde van die Erasmuskasteel as ‘n aanloklikheid te sien. Die huis word vir werksfunksies en onthale van belangrike buitelandse besoekers gebruik.[28] Hierdie huis val in die kategorie deur Maddex genoem, herstel en bewaring, en wat Krygkor gedoen het, is uitsonderlik maar nie uniek nie aangesien dit deel is van ‘n bewaringstendens wat elders reeds geidentifiseer is.

Die Erasmuskasteel is deur Krygkor gerestoureer om die eiesoortige aard van die huis te behou, asook om dit in te rig vir kantoorgebruik. Soos reeds genoem, word die Erasmuskasteel as uniek beskou en vanweë die stories wat aan die huis gekoppel word, verleen dit ‘n sekere karakter daaraan. Dit leen die huis daartoe dat daar verskeie belangegroepe is wat die huis wil bewaar.

Historiese strukture voorsien ‘n stad van ‘n unieke karakter asook ‘n verbintenis met die verlede. ‘n Unieke karakter kan geskep word deur ‘n behoorlike verwantskap tussen die struktuur en die landskap. Dit sou idealisties wees om die Erasmuskasteel *in situ* in ‘n ongerepte omgewing te laat, want groei en verandering noodsaak die skepping van ‘n nuwe karakter en voorkoms. Om sukses te behaal moet die nuwe voorkoms binne die konteks van ‘n algemene plan en program vir elke stad geskied. Dit sou

---

27 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 19.

28 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 19; Persoonlike inligting: Mnr. B. Nell,…, 2000-07-26.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

wenslik wees dat daar soveel as moontlik voorstelle van die inwoners moet wees met 'n span van professionele mense wat aan die fisiese projek werk.[29]

Hoewel die Erasmuskasteel gerestoureer is, is daar nie altyd goeie dokumentasie gehou van die hele restourasieproses nie. Dit bemoeilik die verdere instandhouding.

3. Etiek vir bewaring

Voordat daar enigsins begin word om aan 'n historiese gebou te werk of te verander, moet die bestaande toestand daarvan eers gedokumenteer word. Historiese inligting mag nie vernietig, vervals of weggeneem word nie. Enige werk wat aan die gebou gedoen word, moet die minste moontlike ingrypings behels. Werk wat aan die gebou gedoen word, moet onderhewig wees aan 'n respek vir die estetiese, historiese en fisiese integriteit, omdat dit 'n kultuurerfenis is. Alle metodes en materiale wat gedurende die proses gebruik is, moet ten volle gedokumenteer word.[30]

Die besondere karakter van 'n gebou word bepaal deur die argitektoniese styl, klimaat, veral die kwaliteit en hoeveelheid lig, die hoeveelheid reënval en die wisseling in temperatuur. Die merkwaardigheid van die ligging, herinnering en metafoor, asook wat die gebou beteken vir mense wat dit besoek het, is van belang. 'n Eie identiteit wat gepaard gaan met 'n positiewe voorkoms, wat ook toerisme kan bevorder, word aangemoedig. Uitsonderlike argitektoniese strukture is gewoonlik 'n aanduiding van kulturele verskeidenheid (in hierdie geval argeologiese artefakte uit die Steentydperk en Ystertydperk asook die Historiese tydperk) en geskiedenis.[31] Die Erasmuskasteel kan as 'n opvallende argitektoniese struktuur beskryf word,

---

29 H. L. Garnham, *Maintaining the spirit of place…*, pp. 11-12.
30 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p. 6.
31 H. L. Garnham, *Maintaining the spirit of place*, pp. 8- 9.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

omdat dit weggebreek het van die eenvoudiger Victoriaanse plaaswonings deur die gebruik van plaaslike materiale. Daar is by die Erasmuskasteel onder andere gebruik gemaak van leiklip uit die leiklipgroef. Ook is plaaslike vakmanskap gebruik en daar is gelet op belangrike ou geboue. Die kulturele diversiteit en geskiedenis van die terrein het ook daartoe bygedra dat die Erasmuskasteel besonders is. Die geskiedenis van die gebied wat as Garstfontein bekend gestaan het se geskiedenis dateer uit die Steentydperk (San bewoners in die Dassiegrot). Die terrein het verder ontwikkel, met die koms van die pioniers het daar ‘n verandering gekom ten opsigte van die waardes en die kwaliteit van openbare omgewings (infrastruktuur) wat sigbaar en toeganklik is**.** Met al die nuwe ontwikkelinge is daar nou kantore, huise, winkels en ‘n hoërskool in die direkte omgewing van die Erasmuskasteel.

4 Voorbereiding vir die bewaring van ‘n gebou

Die ideale stappe in die voorbereiding vir die bewaring van ‘n gebou word vervolgens bespreek en getoets aan die hand van die Erasmuskasteel.

4.1 Inventaris

Feilden beveel aan dat daar ‘n lys van al die kultuurerfenisse in ‘n land opgestel moet word. Dit is ‘n reuse administratiewe taak vir die regering. Behoorlike kategorieë moet geskep word sodat kultuurerfenisse deeglik gedokumenteer kan word. Dit moet grafies en beskrywend gedoen word. Wetgewing sal ook sodoende geboue wat in sulke lyste gedokumenteer is, beskerm teen sloping. Hierdie lyste vorm ook die basis vir die toekenning van geldelike hulp of spesiale belasting aan dié persone wat sulke geboue onderhou.[32] In die verlede is die lys deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG)

---

[32] B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p. 7.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

gedoen en nou word dit deur die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) gedoen.[33]

Die Suid–Afrikaanse wetgewing op Erfenishulpbronne bepaal dat materiële oorblyfsels van menslike bedrywighede, wat ouer as 'n honderd jaar is, soos artefakte, menslike en hominiede oorblyfsels, asook mensgemaakte verskynsels en strukture, beskerm moet word. Dit noodsaak 'n stelselmatige identifisering van sodanige verskynsels. Die erfenishulpbronne moet geëvalueer en gedokumenteer word. Fondse asook ondersteuning van die provinsiale erfenishulpbronowerhede moet geredelik beskikbaar wees om die bewaring en volgehoue dokumentasie van tradisionele Suid-Afrikaanse boutegnieke en struktuurvorme te verseker. Die dokumentasie moet aan nasionale norme en standaarde onderhewig wees.[34]

4.2 Aanvanklike inspeksie

'n Voorlopige visuele inspeksie en studie van elke gebou is nodig om dit as 'n geheel te definieer. Die huidige toestand van die gebou moet stelselmatig gedokumenteer word. Indien daar verdere studie benodig word, moet dit gerapporteer word. [35]

In die geval van die Erasmuskasteel moes daar verdere navorsing gedoen word. Teen 1974 moes mnr. R.J. (Emus) Erasmus die Erasmuskasteel verlaat. Die huis is ook tydelik vir die weermag se kapelaansdienste gebruik. Verskeie huurders het hulle merk op die huis agtergelaat, voor en na die onteïening van die grond. In 1987 het Krygkor begin met die restourasieproses. Die ou huisplanne het nie meer bestaan nie en sodoende

---

33 No. 560, Kantoor van die President, no. 25 van 1999: *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999*, pp. 25-41.

34 No. 560, Kantoor van die President, no. 25 van 1999: *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne*, *1999*, p.29.

35 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p. 7.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

moes die hele huis weer opgemeet word. Die kans dat oorspronklike kopieë van die huisplan gevind mag word, is gering. Die meeste stede en dorpe het eers teen die begin 1900's begin om geboue se planne en dokumentasie te organiseer. Brande, klam kelders, verskuiwings en periodieke opruimings het die kanse van die behoud van sulke planne 'n onwaarskynlikheid gemaak. Hannes Meiring is as argitek genader en tydens die opmetings het hy die fynere besonderhede van die huis ontdek, onder andere die besonderse weerhaan.[36]

Erkende bewaringspraktyke vereis dat dokumentasie van sodanige ondersoek volledig moet wees, met ander woorde, 'n volledige ondersoek na die opsporing van dokumente, onder andere in argiewe. [37] Dit is opvallend dat súlke nagevorste dokumentasie ten opsigte van die Erasmuskasteel afwesig is. Daar is wel navorsing gedoen, maar die bevindinge is nooit behoorlik gedokumenteer nie. Labuschagne het slegs 'n paar geskrewe bladsye waarin sy haar bevindinge en ondervraging van die Erasmus-familie uiteengesit het, aan mnr. B. Nell van Krygkor oorhandig.

Die aanbevole bewaringspraktyk is dat mondelinge getuienis woord vir woord in die dossier van die gebou genoteer behoort te word. Die prosedure is nie vir die Erasmuskasteel-inwoners gevolg nie. Mondelinge mededeling is wel gebruik om te help met die restourasieproses, maar daar is geen teken van behoorlike dokumentasie daarvan nie. [38]

Erkende praktyk is dat ingesamelde inligting gedokumenteer en geberg moet word sodat dit maklik verkrygbaar kan wees. Die navorser wil dit

---

36 I. Bester, Die Erasmuskasteel…, 1992-01-25; Persoonlike inligting: genl.- maj. ds. K. van Zyl., slegs vir 'n kort tydperk die kapelaansdienste se kantore gewees, 2001-04-04.

37 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p. 7 ; W.C. Shopsin, *Restoring old buildings for contemporary uses*, p. 40.

38 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p. 7; I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 -01- 25; P.W. C. Shopsin, *Restoring old buildings for contemporary uses*, p. 40.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

weereens beklemtoon dat daar 'n leemte by die Erasmuskasteel ontstaan. Inligting is wel ingesamel, maar nooit behoorlik gedokumenteer nie. 'n Opsomming van die opnames moet aan die plaaslike beplannersagentskappe gestuur word en dit moet verkrygbaar wees by alle agente van die plaaslike regering [39] dus Pretoria Munisipaliteit en al die staats- en provinsiale agentskappe en SAEHA. In Suid-Afrika moet daar staat gemaak word op die wetgewing van kultuurerfenisse 25 van 1999 en in Pretoria op bewaringsorganisasies soos die Tshwane Geboue- erfenisvereniging.

Opnames moet ook goed gepubliseer word en verslae moet gereeld verskyn om die gemeenskap op hoogte te hou van die vordering en instandhouding. Daar mag nou wel redelik gereeld publikasies oor die Erasmuskasteel verskyn, maar meestal is die artikels niksseggend en gewoonlik net 'n herhaling van gissings sonder dat skrywers behoorlik navorsing gedoen het. Opnames moet deeglik gedoen word en in daardie lig gesien, is opnames nooit voltooi nie en moet altyd aangevul word.[40]

Die ideaal is dat alle historiese geboue op 'n gereelde basis (ongeveer met 'n vyf jaar tussenpose) geïnspekteer moet word. Dit sal help met die instandhoudingsplanne. Dié benadering hou ook die koste laag, in plaas daarvan om alles op een stadium te behartig. Die Erasmuskasteel word nie só geïnspekteer nie, maar B. Nell hou die huis in stand en doen herstellings, waar en wanneer dit nodig geag word. Só is al die gordyne in 2001 vervang en in 2002 ook die buitenste houtsierwerk. Ander probleme soos die krake in die kombuis en die afkalking van die 1860 huis, is in 2001 reggestel. [41]

---

38 C. Feiss, Survey, evaluation and registration, in *Historic preservation tomorrow*, pp. 10-12.

40 *Ibid*.

41 B.M. Feilden, *Censervation of historic buildings*, p.7; Persoonlike inligting: B. Nell,…, 2000, 2001; 2002.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

4.3 Vorme van "ingryping"

'n Onderskeid moet getref word tussen kosmetiese skoonmaak en om vuiligheid te verwyder om die gebou se voorkoms te verbeter. In laasgenoemde geval het 'n mens te make met restourasie om agteruitgang teen te werk. Die skoonmaak en restourasie van 'n gebou het 'n kundige

nodig wat die metodes en materiale ken, sowel as die interaksie daarvan met atmosferiese omstandighede en die uitwerking wat dit op die langtermyn kan hê.[42]

Daar is verskeie vorms van "ingryping" om geboue te bewaar, naamlik die voorkoming van agteruitgang, bewaring, versterking, rekonstruksie, reprodusering, rehabilitasie en restourasie. Die Erasmuskasteel is gerestoureer om sy oorspronklike glorie te herwin. Restourasie en die herintegrasie van fynere besonderhede is 'n voortdurende proses. Dit word gebaseer op die oorspronklike materiale, argeologiese getuienis, oorspronklike ontwerp en outentieke dokumente. Die vervanging van verlore of verweerde dele moet harmonieus integreer met die geheel, tog moet dit by nadere ondersoek van die oorspronklike onderskei kan word. In dié lig gesien is die skoonmaak van 'n gebou ook 'n vorm van restourasie. [43] In die geval van die Erasmuskasteel is die houtsierwerk se verf afgebrand. Dit was die vinnigste en effektiefste manier om van al die ou verf ontslae te raak. Daar sal later in dié hoofstuk meer in die besonder na hierdie vorm van "restourasie" gekyk word.

Bewaringskundiges beskou dit as raadsaam dat die bydraes van alle periodes gerespekteer word. [44] Dr. Labuschagne het vir die restourasie van die Erasmuskasteel egter gebruik gemaak van ou foto's en boeke wat die

---

42 W. C. Shopsin, *Restoring old buildings for contemporary uses*, p. 105.
43 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p. 9; I. Bester, 50/50, 1992-01-21.
44 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

tipiese Engelse Victoriaanse interieur soos wat dit in die negentigerjare van die negentiende eeu daar uitgesien het, illustreer. Die vertrekke is periodies ingerig en het muurpapier vanuit die besondere periode. Soos vroeër genoem, word die stelling gemaak die Erasmuskasteel argitektonies nouer by die Wes- Europese styl aansluit.

Volgens A. Jansen, val die Erasmuskasteel meer in die Amerikaanse Victoriaanse argitektoniese styl.[45] As 'n mens verder in ag neem dat dit 'n Boerefamilie was wat in die huis gebly het, behoort die outensiteit van die binnenshuise versiering wat tydens die Krygkor restourasie proses gekies is, heroorweeg te word.

Enige latere veranderinge wat as 'n "historiese dokument" in plaas van 'n vorige restourasie gesien kan word, moet ook bewaar word.[46] Mnr. R. J. Erasmus het in die sestigerjare (heel moontlik na 1968, nadat *Die Professor en die Prikkelpop* daar geskiet is) die Erasmuskasteel ten duurste herstel. Hy het glo vakmanne uit Italië gekry. Dit is dan ook in hierdie tydperk dat die kombuis afgebreek is. Die rede hiervoor was nooit duidelik gewees nie, maar die navorser het daarin geslaag om self by Erasmus die rede vir die sloping uit te vind.[47]

Volgens mnr. J.R. Erasmus moes die kombuis afgebreek word. Die struktuur was baie onstabiel en daar was krake in die muur. Die krake kon nie herstel word nie. Op een plek kon Erasmus sy hele arm deurdruk. Volgens Erasmus moes hy die huis leefbaar maak en dink aan sy gesin se behoeftes. Tog wou hy ook die huis bewaar. Erasmus het net in die agterste gedeelte van die huis gewoon. Die agterste gedeelte van die veranda

---

45 Persoonlike mededeling: A. Jansen, Boukontrakteur en restourateur, Posbus 912-514, Silverton, Pretoria, 2003-05-13.

46 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p.9.

47 Persoonlike mededeling: Mev. Pottas,…, 2003-09-24; Mnr. J. R. Erasmus,…, 2003-09-24.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

is ook toegebou met klein luikvensters.[48] Tydens die restourasie deur Krygkor is die besluit geneem om die huis heeltemal na sy oorspronklike glorie van 1903 te herstel. Dié aangeboude gedeeltes is afgebreek en houtsierwerk is weer daar geïnstalleer. Die kombuis se fondament is ook met behulp van argeologiese opgrawings onder leiding van prof. A. Meyer gevind. Daar is eers ‘n toetssloot gegrawe om te bepaal presies waar die fondament is. [49] Hoe die kombuis gelyk het, asook die ligging daarvan, is bepaal deur nie net een film soos vermeld word deur I. Bester nie, maar twee films wat daar geskiet is: *Hier’s ons weer!* en *Die Professor en die Prikkelpop*. Die kombuis was ongeveer elf meter van die huis af. Die rede was glo om kosreuke in die huis te verhoed. Dit is ‘n onwaarskynlike gedagte en die navorser voel dat dit eerder meer te make sou hê met die voorkoming van ‘n brand.[50]

Volgens A. Jansen is die film wel gebruik om min of meer te bepaal waar die kombuis was, maar daar is nooit toetsslote gegrawe nie. Jansen meen dat die kombuis herbou is, sonder die kennis van sy oorspronklike fondament. Die loodgieter het later (nadat die kombuis herbou is) slote vir waterpype gegrawe en op die oorspronklike fondament afgekom. Die kombuis is glo omtrent ‘n meter weg van die oorspronklike kombuis gebou.[51]

---

48 Persoonlike mededeling: Mev. Pottas & Mnr. J.R. Erasmus

49 Persoonlike mededeling: Prof Prof. A. Meyer, Professor by die departement Antropologie en Argeologie aan die Universiteit van Pretoria 0002; I. Bester, Die Erasmuskasteel…, 1992-01-25.

50 I. Bester, Die Erasmuskasteel , 1992 -01 - 25; Persoonlike mededeling: Mev. D.M. C. Pottas,…, 2001-05-09;Mej. J.J. Pienaar,…,2001-06-18;B.M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p. 9; I. Bester, Die Erasmuskasteel…, 1992 -01 - 25.

51 Persoonlike mededeling: Mnr. A. Jansen,…, 2003-09-24.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)



Figuur 25: Die herboude kombuis.
Tekening: T. Rossouw.

Ravenswaay stel dit baie duidelik dat argitektoniese getuienis onder geen omstandighede verwyder, toegemaak of vernietig moet word voordat dit nie behoorlik gedokumenteer is nie. Voorbeelde van oorspronklike werk moet behou word. [52] Daar is geen monsters van die oorspronklike houtsierwerk van die Erasmuskasteel gehou nie. Ook in hierdie geval het die restourasie van die Erasmuskasteel nie heeltemal volgens "die boek" verloop nie. Dit is belangrik dat alle voorgestelde veranderinge eers in tekeninge bestudeer moet word. Die spesifikasie van vorm moet reg wees om 'n deeglike kommunikasie tussen die ontwerper, argitek en bouer te verseker.[53]

Tydens mnr. J. R. Erasmus se ingryping in 1968 (1969) om die huis te restoureer, het hy die buitekant van die huis met 'n permanente spuitlaag verf laat verf. Die verf moes tydens Krygkor se restourasie (1987)

---

52 C. van Ravenswaay, Planning for preservation, in *Historic preservation tomorrow*, p. 18.

53 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

verwyder word. Ook die hortjiesvensters wat by die agterste gedeelte van die huis ingevoeg is, moes verwyder word.[54]
Die Erasmuskasteel het wel nuwerwetse elemente soos hierdie horkiesvensters asook die houtplafonne, gehad, maar dit behoort tog ook gedokumenteer te geword het voordat dit verwyder is. 'n Ouer byvoegsel was die houtafskorting wat by die eerste verdieping aangebou is, moontlik in die 1930's. Dit was om 'n kombuisgedeelte in te rig vir die boonste vlak, aangesien dit op daardie stadium as 'n aparte wooneenheid bewoon is. Dit is ook verwyder sonder om gedokumenteer te word.

In die geval van veranderinge wat in opeenvolgende periodes bo-oor mekaar in 'n gebou aangebring is, kan die blootlê van die onderste lae net onder uitsonderlike omstandighede geregverdig word. Dit is slegs wenslik as daar ooreengekom is dat die gedeelte wat verwyder gaan word, van min belang is of dat die onderste materiaal van groot historiese of argeologiese waarde is. Albertus Erasmus het op die eerste verdieping van die Erasmuskasteel, 'n gedeelte op die stoep laat toemaak om as kombuis te dien. Dié houtgedeelte is ook tydens die restourasie verwyder.[55] Die enigste dokumentasie wat die navorser van die aangeboude gedeelte kon opspoor, is 'n ou foto wat in die familie se besit is. Die toestand van die gebou moet goed genoeg wees om só 'n restourasie te regverdig.[56] Dit was wel die geval by die Erasmuskasteel. Daar was wel veranderinge aan die Erasmuskasteel aangebring, maar dit kon verwyder word om die huis na sy oorspronklike glorie te restoureer.

Dit is onduidelik hoe Labuschagne presies te werk gegaan het met haar navorsing. Daar is onder andere besluit om al die muurpapier af te skraap. Dit is betreurenswaardig dat daar nie monsters van die muurpapier gehou is nie. Die navorser het twee stukkies muurpapier onder die vloer van die

---

54 I. Bester, Die Erasmuskasteel , 1992 – 01- 25.
55 Mev. Pottas,…, 2001-05-09; Mej. Pienaar,…, 2001-04-10.
56 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p. 9.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

eetkamer gevind. Die een stukkie is aansienlik ouer en dateer moontlik uit die 1940'erjare. Die ander oorblyfsel dateer heel waarskynlik uit die 1970'erjare. Volgens I. Bester het Labuschagne niks van die oorspronklike muurpapier gevind nie. Tog getuig mnr. Pienaar dat Labuschagne wel in die een hoek van die eetkamer die vervaardiger se naam, asook die nommer van die muurpapier se ontwerp gekry het. Dit het haar in staat gestel om met die maatskappy in aanraking te kom. Al die muurpapier is ingevoer. Die ontwerpe is met die hand op die plakpapier gedruk en nie met die hulp van masjiene nie. Die Erasmus-familie stem nie saam oor al die keuses van die muurpapier nie. Dit geld veral ten opsigte van die muurpapier in die rookkamer, damessitkamer en hoofeetkamer. Volgens familie is die muurpapier te oorweldigend en bont. [57]

Mnr. J. R. Erasmus se nuwerwetse plafonne was 'n volgende uitdaging vir Krygkor se restourateurs. Dit wil voorkom of hy die doekplafonne, onder meer die hoofeetkamer en hoofslaapkamer s'n, met dennehoutplafonne vervang het. Anton Jansen het die doekplafon in die damessitkamer as voorbeeld gebruik om dié nuwerwetse houtplafonne te vervang.[58] Na aanleiding van dié voorbeeld is ongebleikte linne met 'n spesiale naat gestik en styf gespan. Die doek is later geverf. Die kroonlys is van hout en linne gemaak. Die rosette waaraan die lampe (ligte) gehang het, is van gips gemaak. Jansen het eers met veselglas geëksperimenteer, maar is deur 'n Duitse vriend aangeraai om 'n vorm van rubber , gips en perdehaar te maak.[59] Hierdie strategie wat Jansen met die plafonne en die rosette gevolg het, staan bekend as Reprodusering. Reprodusering (dit het gewoonlik te make met dekoratiewe aspekte) van die presiese artefak is 'n aanvaarbare strategie in restourasie indien dit ten doel het om 'n vermiste

---

57 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p. 9; I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 -01 - 25; Mnr. J.J.P. E. Pienaar,…, 2001-08-01.

58 I. Bester, Die Erasmuskateel…, 1992 – 01 -25.

59 *Ibid.*

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

onderdeel of ‘n deel wat verweer het, te vervang, en dien om die estetiese harmonie van die geheel of die vertrek te behou. [60]

Met die 1968-opknapping is die ou “plafonplankies” op die stoep vervang. Die vervangde plankies het nie dieselfde profiel as die oorspronklike plankies gehad nie. Gedurende die 1987 restourasie , is die plankies met die verkeerde profiel vervang en wel met plankies wat soos die oorspronklikes geskaaf is. Dit is wit geverf. [61]

Die goedkoopste en vinnigste manier om die verf van hout af te kry, is om dit af te brand met ‘n blaasvlam. Baie van die houtpilare is deur die jare verweer en is vervang. Die afmetings en fynere besonderhede was nie meer korrek nie en moes verwyder en vervang word. Daar is tydens die restourasie aandag gegee aan die fynste besonderhede om die huis weer tot sy volle glorie te herstel. [62]

Om verf van ‘n artefak te verwyder, kan een van drie metodes gevolg word. Eerstens kan ‘n mens die verf met ‘n verfskraper en verfskrapers afskraap. Tweedens, indien skuurpapier gebruik word, moet dit sover as moontlik met die hand gedoen word. Indien die verf heeltemal van hout verwyder moet word, is daar twee termiese instrumente wat gebruik kan word. Elektriese warmplate word naby die verf gehou om die lae sag te maak, daarna word die verf word met ‘n verfskraper afgeskraap. ‘n Hittegeweer (*heat gun*) blaas warm lug op die verf en die verf kan dan ook afgeskraap word. Die geweer is veral effektief vir detail, omdat die punt in enige rigting gemik kan word. Die hitteplaat is die beste vir plat oppervlaktes. Blaasvlamme moet nooit gebruik word by bewaringsprojekte nie. [63] Dit is ongelukkig wat gebruik is by die Erasmuskasteel, omdat dit (soos reeds

---

60 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p 11.
61 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 – 01 -25.
62 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

hierbo genoem) die vinnigste en goedkoopste metode bekend was om die verf van die houtsierwerk te verwyder.[64] Daar bestaan verskeie chemiese middels om verf van vensterrame te verwyder. Die hittegeweer kan nie hier gebruik word nie, omdat dit die glas sal laat kraak.[65] Die navorser noem hierdie inligting met die hoop dat daar in die toekoms beter restourasiemetodes aangewend sal word as die Erasmuskasteel weer herstel moet word.

Die oorspronklike kleure van die vertrekke was omtrent almal in een of ander skakering van groen. Dit is vasgestel deur die kleure laag vir laag af te skraap. Die badkamer het in latere jare teëls gekry wat direk op die geverfde gedeeltes aangebring is. Die oorspronklike verfkleur het op die manier goed bewaar gebly. Die teëls is moontlik tydens die restourasie van J.R. Erasmus in die badkamer aangebring. Labuschagne het die badkamer "gebruikersvriendelik" gemaak sodat dit deur die Krygkor personeel gebruik kan word.[66]

Daar moes ook aandag aan die vloere van die Erasmuskasteel gegee word, veral as 'n mens in ag neem dat die Erasmuskasteel houtvloere het. Die sterkte van die planke moes getoets word en die balke wat die houtvloere stabiliseer, moes nagegaan word. In die vroeë negentiende eeu het die uitvinding van "Wilton loom" in Engeland 'n rewolusie ten opsigte van matte ontketen. Vir die eerste keer kon volvloermatte gemaak word deur stroke van 27 duim (ongeveer 67, 5 cm) aan mekaar te stik. Die matte het 'n patroon gehad en die kante kon aanmekaar vasgewerk word om enige grootte vertrek, trappe of gang te pas.[67] Oorspronklik (1903) is daar vir elke vertrek van die Erasmuskasteel volvloer matte geweef, maar dit is

---

63 W. C. Shopsin, *Restoring old buildings for contemporaty uses*, p. 140.
64 I. Bester, Die Erasmuskasteel,…, 1992-01-25.
65 W. C. Shopsin, *Restoring old buildings for contemporary uses*, p. 140.
66 I. Bester, Die Erasmuskasteel,…, 1992 - 01 - 25.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

deur die jare vervang met nuwerwetse matte wat tydens die Krygkor-restourasie (1987) verwyder moes word. Die familie kan nog onthou hoe die oorspronklike matte op plekke deurgeloop was . [68] Krygkor het weer matte aangeskaf, maar nie spesiaal laat maak nie. Dit sou te duur wees om weer matte vir elke vertrek te weef en die alternatief is gevolg, Daar is los matte op die houtvloer gegooi, wat ook tipies Victoriaans was.[69]

5. Bewaringstrategie vir die Erasmuskasteel

By die beplanning van die bewaring van ‘n huis moet ‘n mens verskeie faktore in ag neem, soos: die egtheid en effek van die tuin, die algemene lanskapbeplanning, plasing van die buitegeboue en die aangrensende woonbuurte. [70] Die tipe dak wat op die woning is, is ook van uiterste belang vir die beskerming van alles wat onder die dak is. Die Erasmuskasteel het ‘n besondere tipe dak.

Die dak bied beskerming teen al die elemente. Die ontwerp van die dak kan energie-besparende geleenthede bied. Oorhange (in die geval van die Erasmuskasteel is dit die veranda) beskerm die vensters teen die son se warm strale gedurende die somer, maar laat die sonstrale van die laer sittende son in die winter inkom. Die oorhang voer die reënwater weg van die struktuur en voorkom dat water in die muur kom en die isolasie verlaag. Die kleur en tekstuur van die dak beïnvloed die reaksie op sonstrale. [71] ‘n Donker growwe oppervlak absorbeer meer hitte as ‘n ligte gladde dak. Die

---

67 W. C. Shopsin, *Restoring old buildings for contemporary uses*, p.160.

68 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 -01 -25; Persoonlike inligting: Mev. Pottas,…, 2001-05-09; Mej. J.J. Pienaar,…, 2001-05-10.

69 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992- 01 -25; Persoonlike inligting: Mnr. B. Nell,

70 C. van Ravenswaay, Planning for preservation, in *Historic preservation tomorrow*, p. 19.

71 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 73.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

sinkplaatdak van die Erasmuskasteel kan dan veroorsaak dat sonstrale weggekaats word, wat weer in die wintermaande problematies is.

Die toring skep die indruk van ‘n “geheime” dakkamertjie as ‘n mens dit van buite sien.[72] Een van die gewildste skinderstories is dat die melaatse kinders in die toring toegesluit is. Die twee stelle vensters in die toring wat bokant mekaar is laat dit lyk of daar 'n vertrek of kamer in die toring self is. Die navorser noem hierdie inligting, omdat dit interessant is en allerlei stories ontlok het. Die dak in die toring was ook deel van die Krygkor restourasieproses. Dit dien eintlik net as ‘n versiering. Die skubmotief van die toringdak is weer verkry deur staalplate wat in mekaar pas, te maak. Anton Jansen het gekyk na voorbeelde van ‘n ou gesloopte toring wat hy by die Opelug- en Nasionale Kultuurhistoriese museum opgespoor het. Die toring is nou weer soos van ouds gedeeltelik met houtspane bedek en gepantser. Die houtspaangedeelte, in kontras met die sinkplaatgedeeltes, sal sonstrale absorbeer. [73]

Tydens die 1970’erjare se opknapping van die huis, het mnr. J.R. Erasmus die houtdakspane laat omdraai. Die spane moes tydens Krygkor se restourasie, na 85 jaar, vervang word.[74] In praktyk moet houtspane gereeld ondersoek en onderhou word. Bome wat naby groei, moet teruggesnoei word sodat die spane behoorlik kan uitdroog na die reën. Houtspane hou ongeveer dertig jaar. Enkel spane kan vervang word, maar, omdat die een spaan oor die ander geplaas is, is dit moeilik. Beskadigde spane moet verdeel word en in stukkies verwyder word. Die spyker van die hoër spaan moet afgesny word sodat die nuwe een ingeskuif kan word. Die onderste “vervangingspaan” word met ‘n daksement bedek voordat dit

---

72 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 - 01 -25.
73 *Ibid*; Persoonlike inligting: Mnr. A. Jansen,…,2003-09-24.
74 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

ingesit word. Die vervanging het ook te doen met die vermindering van brandgevaar. [75]

Die geute moes in die 1987 - restourasie vervang word. Iemand is opgespoor wat nog in besit was van oorspronklike geutvorms van Birmaanse kiaat en die regte gevormde geute kon gemaak word.[76]
Die doel van die dak en geute is om die water so gou as moontlik weg te voer en derhalwe moet die geute in 'n perfekte toestand wees. Indien dit nie die geval is nie, sal dit bydra tot die vinnige agteruitgang van die dak. Eenvoudige instandhouding, soos om dit gereeld skoon te maak, is belangrik.[77] Jansen het die hoekversierings (wat tot in die 1940'erjare mode was) self uit sink gesny. Dié tierlantyntjies is Oosters van oorsprong en stel die vorm van 'n ui voor. Dit was 'n teken van vrugbaarheid, maar in die geval van die geute het dit die praktiese doel gedien om die water in die hoek op te vang en weg te voer. [78]

Stoepe is ontwerp om 'n geheel te vorm met die interieur en eksterieur. Dit kan werklik energiebesparend wees, indien dit reg gebruik word. Stoepe dien ook as buffer om 'n groot deel van die huis te beskerm teen verskeie weersomstandighede. [79] Die veranda rondom die Erasmuskasteel dien wel as beskerming teen die son en reën. Dit skep tog weer 'n bewaringsaspek byvoorbeeld dat die houtsierwerk vervang moet word. By die Erasmuskasteel moes baie van die gerestoureerde (1987) houtsierwerk in 2002 vervang word, aangesien dit reënskade gely het.

---

75 W. C. Shopsin, *Restoring old buildings for contemporary uses*, pp. 131- 132.
76 I. Bester, Die Erasmuskasteel,…, 1992 - 01 -25.
77 W. C. Shopsin, *Restoring old buildings for contemporary uses*, p. 137.
78 I. Bester, Die Erasmuskasteel,…, 1992 - 01 -25.
79 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 73.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Waar 'n historiese huis 'n historiese tuin insluit, moet daar van elke moontlike geleentheid gebruik gemaak word om te bepaal wat alles in die tuin was. Dit is hoe navorsers by Sammy Marks se huis die roostuin weer tot stand gebring het. Hulle het van die "outydse" of ou Engelse tipe rose in 'n onbewandelde deel van die Sammy Marks terrein gevind en daarvan geneem en vir die historiese roostuin gekweek. By die Erasmuskasteel was daar glo nie 'n formele tuin nie. Die familie het die navorser wel vertel van die vrugteboord waaroor die hoofslaapkamer uitgekyk het. Krygkor het darem 'n paar vrugtebome naby die beeskraal geplant. Die peperboom agter die kombuis is nog *in situ*, asook die biesies agter die waenhuis. Die familie onthou wel 'n interessante aspek van die tuin (om en by die 1930'erjare). Naby die voordeur was daar 'n ronde leiklipsirkel gepak en in die middel het 'n kaktus gestaan. Daar was om die huis klipbeddings gepak waarin daar blomme geplant is. Die Yucca by die ingang is ook op ou foto's te sien.[80]

Groentetuine was in baie gevalle belangriker in die geskiedenis van 'n huis as 'n blomtuin. Daar was wel volgens mondelinge mededeling groentetuine, veral by die twee ouer huise waar daar in daardie (1930'erjare) stadium huurders gebly het. Baie keer is bome geplant as versiering sowel as vir die gebruikswaarde daarvan. Bloekombome is geplant om te dien as laning op pad na die Erasmuskasteel. Daar was tot redelik onlangs nog 'n paar bloekombome sigbaar by die ou drif van die Wolwespruit. Die bome is in 2002 deur die munisipaliteit afgekap sodat daar 'n nuwe pad gebou kan word.[81]

Die dokumentasie moet nagegaan word en argeologiese ondersoek moet op al die aangrensende eiendom om die gebou en in die omgewing van die

---

80 C. van Ravenswaay, Planning for preservation, in *Historic preservation tomorrow*, p. 24; Persoonlike inligting: mnr. J.J.P.E. en mev. A.S. Pienaar …, 2001-05-04.

81 C. van Ravenswaay, Planning for preservation, in *Historic preservation tomorrow*,p. 24; Persoonlike inligting: mnr. J.J.P.E. en mev. A.S. Pienaar,…, 2001-08-01.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

gebou gedoen word om die historiese tuintjie of oorblyfsels daarvan te kry. Indien 'n nie-historiese landskap en tuin daar uitgelê word, moet dit duidelik bekend gemaak word. Hoewel daar 'n tuinuitleg by die Erasmuskasteel is, is daar sterk twyfel of dit histories korrek is aan die oorspronklike tuinuitleg. Die kruietuin ter herinnering aan Martha Louisa Erasmus se homeopatiese kennis, is in die ou gansdam gemaak.[82] Die tuin is nou verder verfraai met simmetriese paadjies in die roostuin. Daar is ook 'n meer formele tuin voor die 1890-huis uitgelê.

Die landskap kan ook baie energie (t.o.v. hitte, wind en reënval) bespaar deur net die regte landskapbeplanning toe te pas. Bladwisselende bome kan aan die oostelike, noordelike en westelike kante van die huis geplant word. Dit sal die sonstrale in die somer filtreer, maar die hitte in die winter deurlaat. 'n Ruie immergroen heining sal goeie beskerming bied teen winde wat andersins die gebou direk sou tref. Die Erasmuskasteel is veral blootgestel aan winde omdat die huis op 'n koppie gebou is. [83] Die huidige situasie is nog dat die Erasmuskasteel blootgestel is aan die elemente. Daar is wel 'n heining om die huis en plantegroei is besig om 'n "buffer" te vorm. Die huis is na dese ook nie meer sigbaar uit alle hoeke nie. Die ideaal sou wees dat daar meer bome teenaan die heining aangeplant word.

Terwyl die aanplant van bome en lanings die bewaring van 'n huis kan bevorder, moet rankplante van die mure van die huis verwyder word. Die plante vernietig nie net die historiese materiale nie, maar hou ook die muur klam en sodoende word die isolasie verminder. Dit was een van die hoofredes waarom klimoppe teen die mure van die Ou Letteregebou by

---

82 C. van Ravenswaay, Planning for preservation, in *Historic preservation tomorrow*, p. 24 ; Kasteelpark nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoek

83 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 75; Kasteelpark nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke 2000;2001;2002.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

die Universiteit van Pretoria, ondanks besware dat dit reeds so 'n integrale deel van die karakter van die gebou geword het, verwyder moes word.[84] Hoewel daar nie rankplante teen die Erasmuskasteel is nie, moet daar voorsorg getref word dat dit nie later gebeur nie. Daar is 'n paar plante digby die huis geplant en dit sal gemonitor moet word. Die groot Jakarandaboom wat aan die weste kant van die huis staan, kan later moontlik 'n probleem wees byvoorbeeld as die boom sou omval. Die tuinuitleg van die Erasmuskasteel was problematies ten opsigte van watertoevoer. Mnr. Willem van Riet, 'n landskapargitek, het die tuinuitleg beplan sodat dit minimum onderhoud nodig het. Die plante pas in by die reënval van die omgewing.[85]

Die oorspronklike beplanning van die landskap by die Erasmuskasteel tydens die 1987 - restourasie was om by die seisoene aan te pas. Daar is (volgens die geraadpleegde artikel) heelwat kiepersolbome wat op die terrein voorkom. Die natuurlike koppie sou as geheel as 'n natuurlike landskap herstel word.[86] Dit beteken dat indringerplante verwyder word. Die inheemse grassoorte wat rondom die Erasmuskasteel groei word elke winter kort gesny. Dis onder andere om die huis te beskerm teen 'n moontlike veldbrand.

6. Deurlopende dokumentasie

Die wet op Nasionale Erfenishulpbronne bepaal dat 'n kultuurerfenis ten volle nagevors en gedokumenteer moet word.[87] Die dokumentasie van die

---

84 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 75; Universiteit van Pretoria, Pretoria: Ou Lettere,s.a..

85 *Beeld*, 1986-02-17, p. 9.

86 *Beeld*, 1986-02-17, p. 9.

87 No. 506, Kantoor ven die president, No. 25 van 1999, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, p. 17.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Erasmuskasteel is nie op standaard nie, bloot omdat daar 'n tekort aan gedokumenteerde data is. Die artikels wat af en toe in die media verskyn, bevat gewoonlik dieselfde verkeerde inligting. Dit is in direkte konflik met die wetgewing. Die verkeerdelike inligting word oorgedra en mense hou aan om dit te glo. Selfs die brosjure wat Krygkor gepubliseer het, is vol foute as gevolg van die swak nagevorsde inligting wat in sekondêre bronne is. Daar moet daadwerklik 'n poging aangewend word om die wanindruk rondom die Erasmuskasteel aan 'n einde te sit. Al die bespiegelings en wanopvattings is deur Krygkor raakgesien. Dit is een van die hoofredes hoekom die navorser dié studie doen.

Wanneer 'n kultuurerfenis geïdentifiseer is, moet dit aangeteken word by SAEHA (Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap). Permanente rekords moet gehou word. Die hulp moet van kundiges verkry word en opleiding en opvoeding moet bevorder word deur SAEHA.[88] Die mense moet bewus gemaak word van die waardevolle erfenis in hulle omgewing. Dit beteken nie dat die ou gebou nie benut kan word vir moderne behoeftes nie.

---

[88] No. 506, Kantoor van die president, No. 25 van 1999, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, p. 27.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

7. Die inrigting van die huis vir kantoorgebruik

Figuur 26: Die hoofingang.
Tekening: T. Rossouw.

Een van die eerste oorwegings waaraan gedink moet word as 'n gebou vir openbare gebruik ingerig gaan word, is of die gebou voldoen aan die noodsaaklike brandregulasies en noodkodes. Daar kan wel uitsonderings gemaak word indien dit die gebou argitektonies kan beïnvloed, maar dit moet onder geen omstandighede die veiligheid van die mense in gevaar stel nie. [89] Die Erasmuskasteel besit 'n hele aantal brandblussers wat opvallend en maklik bereikbaar is. Daar is geen uitgebreide besproeiingstelsel of rookalarm geïnstalleer nie. Uit 'n museumkundige

[89] C. van Ravenswaay, Planning for preservation, in *Historic preservation tomorrow*, p. 19.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

oogpunt is ‘n rookalarm “onhistories”, maar dit is onontbeerlik. Dit kan ‘n probleem wees as daar ‘n groot brand ontstaan. Daar is baie hout in die konstruksie van die huis gebruik en dit kan geweldig vinnig vlam vat.

Die bewaring van alle natuurlike en kulturele bronne dien vir die opheffing van die totale omgewing. Dit is belangrik om die erfenis van geskiedenis en argitektuur as ‘n onvervangbare deel van die gemeenskap te bewaar. Dit is egter net in uitsonderlike gevalle dat ‘n historiese gebou in ‘n museum omskep moet word. Die oogmerk is om ‘n gebou te bewaar deur aan te hou om die gebou te gebruik, òf vir sy oorspronklike doel, òf ‘n aanverwante doel. Die ander doelwit is om alles te dokumenteer asook om die historiese argitektuur te interpreteer. Die gebou se historiese en estetiese waarde binne die kreatiewe proses van die gemeenskapbeplanning, ontwikkeling en ontwerp, moet in ag geneem word.[90] Dit sou raadsaam wees om bogenoemde norme te gebruik vir die Erasmuskasteel kultuurerfenis terrein.

Die verantwoordelikheid om weer die huis vir uitstal- of opvoedkundige doeleindes, te meubileer, is net so belangrik as om ‘n geskrewe dokument van die verlede in te lewer. Outentisiteit moet gebaseer wees op feite, nie op gissing nie. Feite kan slegs gevind word deur deeglike navorsing. Dit is raadsaam dat biografiese inligting oor die inwoners vir agtergrond-inligting saamgestel moet word. By die Erasmuskasteel kon die restourateurs ‘n beter idee kry van hoe die Erasmuskasteel oorspronklik gelyk het. Die restourateurs was afhanklik van die hulp van die Erasmus-familie. Indien ‘n gebou in een periode gerestoureer word, moet daar ‘n afsnydatum bepaal word.[91] Daar is besluit om by die Erasmuskasteel by die Laat-Victoriaanse tydperk te hou. Navorsing is by die familie gedoen en daar is gekyk na die Victoriaanse meubels in hulle besit, wat oorspronklik in die

---

90 R. F. Lee, Objectives and scope of the preservation movement, in *Historic preservation tomorrow*, p.1.

91 C. van Ravenswaay, Planning for preservation, in *Historic preservation tomorrow*, pp. 27-28.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Erasmuskasteel gestaan het. Om ou meubels wat dateer uit die einde van die negentiende eeu vir die Erasmuskasteel op te spoor, was byna 'n onbegonne taak. Wat sake verder bemoeilik het, was dat die huis ingerig moes word vir Krygkor se Korporatiewe Kommunikasie afdeling. Kantoormeubels moes gekry word. Hulle het sover moontlik by ou meubels gehou sodat dit by die huis sou aanpas. [92] Vir kantoorgebruik was daar 'n leemte ten opsigte van elektrisiteit.

Elektriese punte is nie in die mure geïnstalleer nie, maar in die vloer. Elke vertrek het so 'n punt. Selfs die rekenaarkabels is nie deur die mure gelei nie, maar onder die huis se vloer om so min as moontlik die oorspronklike struktuur te beskadig. Selfs toe B. Nell ontdek het dat hulle meer lig in die huis moes bring om aan standaarde te voldoen, is daar besluit om in plaas van 'n skakelaar teen die muur, gebruik te maak van 'n afstandbeheerde knoppie. [93] Die natuurlike lig in die huis is ook deur Krygkor in ag geneem. Krygkor wou dit so getrou moontlik hou, soos wat dit in die Erasmusse se tyd gelyk het.

Die gordyne wat tydens Krygkor se restourasie gemaak is, is van suiwer katoen en is uit Engeland ingevoer. Van die gordyne is op die oorspronklike Victoriaanse weeframe geweef. Die palmblaarmotiewe en krullerige patrone is geweef volgens wat afgelei kan word van patrone op ou foto's van die Erasmus-familie. Hierdie gordyne is onlangs (vroeg in 2001) weer vervang. Daar kon nie weer duursame katoen gordyne ingevoer word nie en 'n goedkoper plaaslike alternatief is verkry. Die voordeel is dat, met die keuse van die stof vir die nuwe gordyne, voorsiening gemaak is dat dit nie weer so vinnig deur die sonlig en skoonmaakproses verweer behoort te

---

92 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 - 01 -25; Persoonlike inligting: Mnr. B. Nell,

93 Persoonlike inligting: Mnr. B. Nell,…,2000,2001,2002.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

word nie. [94] Hierdeur word baie geld bespaar aangesien dit plaaslik vervang kan word en waarskynlik ook duursamer en meer sonbestand is.

8. Die regulering van temperatuur

Aangesien die huis op 'n koppie staan is dit baie aan wind en weer blootgestel. Die sinkdak dra ook by tot wisseling van temperatuur in die huis. Daar is ook nie hoë bladwisselende bome om die huis geplant wat skerp sonstrale in die somer kan wegkeer en son in die winter kan deurlaat op die dak nie. Aan die begin van die twintigste eeu is al dié faktore nie in ag geneem nie, aangesien die argitektuur nog nie so gevorderd was soos vandag nie. Die huis front ook na die Suide. Dit is moeilik om die hitte en koue sonder hulpmiddels te reguleer, aangesien daar in elke vertrek minstens een venster is en bykans elke vertrek 'n buitedeur het.

Lugsirkulasie van alle aangrensende vertrekke wat die hele tyd gebruik word, moet oopgelaat word sodat die lug vry kan sirkuleer, en sodoende sal 'n eenvormige temperatuur in al die vertrekke verkry word. 'n Klein elektriese waaier sal sirkulasie in beweging bring deur die warm lug af te bring na die laer ruimtes waar dit benodig word. [95] Die outydse sirkulasiewaaiers word weer mode en word selfs op stoepe gebruik. Mnr. Nell het vir sy kantoor 'n ou elektriese waaier aangeskaf. Dit is herbedraad om die moontlikheid van brandgevaar met die ou bedrading uit te skakel. Mnr. Nell voorsien om soortgelyke outydse waaiers (1920's) vir die ander kantore ook aan te skaf ten einde in die warm somermaande vir werknemers verligting te bied. Dit is veral in die somer belangrik dat die lug gesirkuleer word. 'n Mens kan selfs 'n solder suigwaaier oorweeg om die

---

[94] I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 - 01 -25; Persoonlike inligting: Mnr. B. Nell,…, 2000, 2001,2002.

[95] D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 77.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

warm lug in die dag uit te voer en te vervang met die koeler aandlug van buite. Gereelde gebruik van dié tipe waaier sal die noodsaaklikheid vir 'n uitvoerige meganiese verkoelingstelsel uitskakel.

Hoe meer die temperatuur van buite met dié van binne verskil, hoe meer is die gebou aan spanning onderwerp. Die energieverbruik wissel met elke graadverskil. Die bewaarder se doel is om die verskil tussen die twee temperature so min as moontlik te hou, maar nog steeds 'n gesonde omgewing te skep. In die winter gebruik die personeel van die Erasmuskasteel elektriese olieverwarmers. Dit kan daartoe lei dat die lug uitgedroog word en met al die vensters en deure se verlies van hitte skep dit 'n groot probleem. Die Erasmuskasteel sal behoorlik geïsoleer moet word ten einde die gebruik van verwarmers uit te skakel. [96] In die volgende paragrawe word verskeie voorstelle aan die hand gedoen.

Blinders en gordyne aan die sonkant van die huis moet oop wees om die maksimum sonlig te benut. Ander moet weer toegemaak word in vertrekke wat nie in gebruik is nie, om hitteverlies tot die minimum te beperk. Enige kamers wat vir 'n lang tydperk nie gebruik word nie, moet toegehou word. Indien die huis 'n voorportaal besit, moet dit tot sy volle voordeel gebruik word deur al die deure toe te hou. Elke laag materiaal, ongeag die dikte daarvan, help om hitteverplasing te voorkom. Rakke met boeke wat teen 'n buitemuur geplaas word, sal isolasie verhoog. By die Erasmuskasteel is dit nie so maklik nie, want elke vertrek het vensters en bykans elke vertek het 'n buitedeur.[97]

Skoorstene se skoorsteenpype moet toegemaak word indien dit nie gebruik word nie. Indien dit oop gelos word, is die hitteverlies gelyk aan 'n oop

---

[96] D. Maddex, *New energy from old buildings*, p.77; Kasteelpark nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoek 2001.

[97] *Ibid*., p. 79; Kasteelpark nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoek 2001.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

venster. Die Erasmuskasteel het twee skoorstene wat nie toegemaak is nie en wat nie meer gebruik word nie. Daar is ook in die hoofeetkamer twee "ingeboude kaste" in die muur waardeur die hitte kan ontsnap.[98]

In die volgende paragrawe word daar na geleiding en termiese isolasie in die Erasmuskasteel gekyk. Hitteverlies as gevolg van geleiding is algemeen. Die logiese gevolgtrekking is dat hitte verlore gaan deur die plafon en dak, omdat warm lug opstyg. Hitteverlies is ook in 'n mindere mate deur geleiding van glas. Die Erasmuskasteel het soveel vensters en glasdeure dat die hitteverlies 'n groot faktor is.[99]

Hitteverlies is hoofsaaklik deur deure en vensters. Persentasiegewys kon dit tot soveel as 50 % beslaan. Verlies van hitte deur die plafon, solder en dak is 25 %. Ongeveer 18 % hitte gaan verlore deur die mure en 7 % deur die vloer en kelder van 'n huis. Dit is raadsaam om eerste te belê in die isolasie van vensters, deure en die plafon. [100] In Suid-Afrika word dit toegepas deur onder andere isolasiemateriaal op die plafonne aan te bring. Die Erasmuskasteel se ligging en die groot ruim vertrekke met houtvloere lei daartoe dat dit in die winter relatief koud kan word. Die leiklip veranda en skaduwee wat die afdak bied, dra ook by tot die koeler temperatuur in die huis.

Termiese isolasie: Isolasie is hoofsaaklik ontwerp om die verplasing van hitte deur geleiding te voorkom. Dit word gedoen deur 'n materiaal- versperring met 'n lae geleidingsmoontlikheid tussen die betrokke gedeelte en die buitenste gedeelte te sit. Vasgevangde lug is 'n swak geleier van hitte. Dit is 'n goedkoop isolasie-metode. [101]

---

98 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 79; Kasteelpark nr. 609JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke 2000; 2001.

99 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 80; Kasteelpark nr. 609JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke 1999 -2002.

100 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 75.

101 *Ibid.*, pp. 80-81.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die doel van enige termiese isolasie is om effektief ‘n gekondisioneerde ruimte met isolasiemateriaal te vul. Tipiese ruimtes is die vloer, mure en plafon wat geïsoleer moet word. Hitteverlies deur die dak is in die meeste geboue maklik om reg te maak, want die meeste het solders wat toeganklik is en die dwarsbalke is oop. Die isolasie word tussen die dwarsbalke geplaas tot die aanbevole dikte bereik is. [102] Isolasie kan oorweeg word by die Erasmuskasteel, veral by die plafonne , aangesien die kasteel ‘n solder het en maklik toegang bied tot sommige gedeeltes van die plafon.

Die termiese isolasie van mure het ‘n paar probleme wat nog nie opgelos is nie. Pogings om mure van binne of buite met ‘n materiaal te isoleer, was nie besonder suksesvol nie. Materiaal wat aan die binnekant gevoeg word, verklein die kamer en ‘n probleem word ondervind met die afwerking van die muur. Indien dit op die buitemure aangewend word, word diesefde afwerkinsprobleme ondervind. Die isolasie wat aangewend word, is gewoonlik nie genoegsaam nie. [103]

Vloere met openinge onder (Die Erasmuskasteel se houtvloer het ‘n spasie tussen die grond en die hout om onder andere verrotting van die hout te voorkom) kan maklik met matte geïsoleer word. Die isolasie- materiaal moet dig teen die vloerplanke met maasdraad vasgemaak word. Dié vogtigheidsheining moet aan die gekondisioneerde kant wees.[104]

Die kwaliteit van matte en die onderlae maak ‘n groot verskil ten opsigte van isolasie en dit maak die huis of vertrekke waar dit aangebring is meer klankdig. Gapings tussen vloerplanke moet gevul word met saamgeperste hout oor die hele oppervlakte van die vloer. Dit sal die klankdigtheid van die

---

102 D. Maddex, *New energy from old buildings*, p. 82.
103 *Ibid*.
104 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

vloer verhoog.[105] Dit was van groot belang by die Erasmuskasteel want die huis staan op 'n koppie, blootgestel aan wisselende temperature en die gedwinge beweging van persone op die plankvloere (bv. kinders wat hardloop) kan baie steurend wees, veral as die ouers 'n middagslapie wil neem.

Termiese glas kan in twee vorms verkry word naamlik smelt- (*fused*) en bandglas (*banded*). Smeltglas bestaan uit twee lae glas waarvan die kante met hitte verseël is. Dit is verkrygbaar in kleiner groottes en is nie so dik soos bandglas nie. Bandglas bestaan ook uit twee lae glas wat bymekaar gehou word met metaal aan die kante en sodoende 'n lugdigte seël vorm. Hierdie vorm van termiese glasuur is swaarder, maar beskikbaar in groter formaat. Albei is redelik duur, maar is gewoonlik koste-effektief by binnehofdeure en landskapvensters. Dit is ook baie effektief ten opsigte van energie - besparing.[106] Daar is gevalle in Suid-Afrika waar dit wel nog gebruik word, veral in die dele waar dit in die winter sneeu. Meeste mense is bewus van die feit dat dit in Pretoria wel geweldig koud kan word. Hierdie afgelope winter het die temperature in Pretoria op sommige plekke selfs – 3 °C geval. Dus kan daar oorweging geskenk word aan beter isolasie van die vensterruite en glaspanele in die deure van die Erasmuskasteel.

9. Die 1860- huis en die 1890- huis

Die twee ouer huise op die Erasmuskasteel terrein is rekonstruksies van die oorspronklike huisies. Die redes vir die afbreek en rekonstruksie asook die huidige benutting van die huisies word in die afdeling bespreek.

---

105 D. Highfield, *Rehabilitation and re-use of old buildings*, p. 64.

106 D. Maddex, *New energy from old buildings*, pp. 82-83.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die twee ouer huise op die terrein is in 1984 afgebreek om 'n snelweg na Pietersburg [107] te bou. Die twee huise is stuk vir stuk - deurkosyne, vloerplanke (1890 huis), houtkassies en vensterrame - volledig gedokumenteer. Deeglike planne van die huisies is opgetrek voordat die sloping plaasgevind het. Die houtwerk wat weer gebruik kon word, is ook volgens plan genommer met die doel om dit weer in sy oorspronklike posisie te plaas. Die stukke is in die buitegeboue op die terrein geberg.[108]

Volgens T. Andrews was dit oorspronklik nie die plan om dié twee huise weer op te rig nie. Volgens 'n artikel wat in 1986 geskryf is, was die huisies niks meer as murasies nie. Dit het moontlik ook tot die besluit om die huisies te sloop bygedra. Volgens Andrews was dit te danke aan die Genootskap Oud – Pretoria, wat te midde van die afbreek van die twee huise hulle stemme dik gemaak het, dat voorsiening daaroor gemaak is dat dit weer opgerig sou kon word.[109] Dit was glo die Stigting Simon van der Stel (tans bekend as die Tshwane Geboue-Erfenisvereniging) wat die regte in 1985 verkry het om die twee vervalle kleiner huisies te verskuif. [110] Volgens die Erasmus-familie het mev. S.E. Biesenbach haar teen die sloping van die twee ouer huise verset. Die Erasmus-familie voel dat Biesenbach die ware redder van die twee huisies is.[111]

Een van die grootste nadele om 'n ou huis te verskuif, is die verbreking van die aaneenlopendheid met sy oorspronklike plasing. Die verskuiwing van 'n huis bring ook die vervanging van meer materiale mee as dié van die oorspronklike, omdat sommige stukke nie die skuif sal oorleef nie. [112] Kya

---

107 Tans Polokwane

108 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 - 01 -25; *Beeld*, 1987-03-31, p. 15.

109 Persoonlike inligting: T. Andrews, …, 1999-11-05.

110 A. Bosman, Glory returns to the Spookhuis, *Paratus* 40 (11), 1989-11-11, p. onbekend.

111 L. Coertze, Jochenus en Johanna Erasmus se kleindogter, Erasmus Eeufees, 2003-09-24.

112 W. C. Shopsin, *Restoring old buildings for contemporary uses*, p.105.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Rosa by die Universiteit van Pretoria was onder dieselfde byl gewees. Die huis moes vir die nuwe studentesentrum plek maak en dit was genoodsaak dat die huis geskuif word van sy oorspronklike staanplek na waar dit vandag by die hoofingang van die Universiteit staan.

Die besluit om 'n gebou te skuif moet eers geskied nadat alle ander opsies uitgeput is. In die geval van padverbredings is dit moontlik om die gebou nog op dieselfde terrein te herbou. [113] Daar is besluit om die twee huisies te verskuif en hulle is op 'n ander plek op die terrein opgerig.

Die twee huise moes heeltemal gerekonstrueer word. Net soos by restourasie, moet rekonstruksie ook op akkurate dokumentasie en getuienis gebaseer wees. Die verskuiwing van 'n gebou in sy geheel na 'n nuwe terrein is ook 'n vorm van rekonstruksie. Daar gaan kulturele waardes verlore. 'n Gaping word gelaat en nuwe omgewingsrisiko's ontstaan. Dis veral by die 1890-huis waar daar met vog gesukkel word. Die huis moes met 'n verseëlaar geverf word.[114]

Met die herbou van die twee huise is daar by die oorspronklike metodes van bou gehou. Die mure van die 1860-huis is 'n mengsel van kalk en grond uit die omgewing. Die mengsel is oor 'n tydperk van ses dae, elke oggend gebrei en dan bedek voordat dit gebruik kon word.[115] Daar is van ou foto's gebruik gemaak om af te lei hoe die fondamentklippe (patroon) gelê moes word. Die restoureerders het soveel as moontlik van die oorspronklike fondamentklippe gebruik.[116] Jansen moes voortdurend navorsing doen en van die ou metodes gebruik maak om dit histories korrek te restoureer.

---

113 W. C. Shopsin, *Restoring old buildings for contemporary uses*, p. 21.
114 B. M. Feilden, *Conservation of historic buildings*, p. 12.
115 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 - 01 -25.
116 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Voordat die misvloer gesmeer kon word, moes die vloere eers opgevul word met rysmierhope wat op die terrein self gevind is. Die rysmierhope is eers fyn gestamp om 'n poeier te vorm. Die poeier is met 'n bietjie beesmis en water gemeng. Die mengsel is goed gebrei en vir sewe dae toegemaak om 'n pasta te vorm. Dit is dan in lae van (ongeveer 100 mm) in die huis gesmeer en met 'n klip vasgestamp. Daar is elke dag 'n laag gedoen, totdat 'n halwe meter bereik is.[117] Wanneer die regte hoogte bereik is, word daar gewag dat die vloer nie meer so nat is nie. 'n Klip word geneem en die vloer word in sirkelbewegings spieëlglad daarmee gesmeer. Daarna kan met sagte beesmis mooi patroontjies op die vloer aangebring word. Van dié sogenaamde patroontjies wat aangebring is, is daar nie meer vandag sprake nie. Intussen het mnr. B. Nell in 2001 'n Voortrekkerspannetjie gekry om weer 'n laag mis oor die vloer te smeer.[118] Die mis van beeste wat in die veld wei en nie byvoeding kry nie, is gebruik. Daar is meer vesel in hierdie mis, wat 'n beter tekstuur gee.[119]

Tipies van die vroeë Transvaalse (pioniers) huise was die balke van geelhout en boekenhout gemaak. Daar is nie spykers gebruik om die balke aanmekaar te hou nie. Kappe en latte is met houttappe gevoeg en vasgebind met nat rou beesriem. Wanneer die beesriem droog word, krimp dit en sodoende word die konstruksie versterk.[120]

Klei vir die buitemure is vanaf die Suikerbosrand Natuurreservaat, in Heidelberg, Gauteng, verkry. Dit was die enigste plek waar daar klei gevind kon word wat naastenby met die oorspronklike kleur ooreengestem het. Die droë klei word fyn gemaak en water word bygevoeg. Indien nodig word kalk bygemeng en die mengsel word gelos om dik te word. Die streep-effek

---

117 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 - 01 -25.

118 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 - 01 -25 ; Persoonlike inligting: Mnr. B. Nell, Bestuurder van Korporatiewe Kommunikasie, Krygkor, Privaatsak X 337, Pretoria, 0001, 2002-

119 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992 - 01 -25.

120 *Ibid*.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

wat tipies was van afgewerkte mure in pioniershuise was bloot die pigment in die klei wat nooit heeltemal opgelos het nie. Dit is nie meer sigbaar in die 1860- huis nie, want die huis se mure is in onlangse jare oorgeverf met 'n geelokerkleurige akrielverf.[121] Dit was uit 'n historiese oogpunt nie die regte proses gewees om te volg nie.

Volgens Iris bester is die 1860 - pionierswoning enig in sy soort wat in Transvaal oorgebly het: die huis het 'n kombinasie van gras - en sinkdakke; dit is gerestoureer en baie waardevol. [122] Tog wil die navorser teen hierdie stelling van Bester gaan, al is elke leikip weer op dieselfde plek teruggeplaas. Die huis is nie *in situ* nie en het deur die jare soveel aanbouings beleef, dat 'n mens net kan wonder of daar nie eerder gesê moet word dat die huis 'n reproduksie van die oorspronklike huis is wat oorspronklike elemente het nie.



Figuur 27: Die herboude pionierswoning.
Tekening: T. Rossouw.

121 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992- 01 -25; Persoonlike inligting: Mnr. B. Nell…, 2001; 2002.

122 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992- 01 -25.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die doel van die 1860 - huis is om die leefwyse van die ou Pionierstydperk uit te beeld. Vroeë Transvaalse en Kaapse meubels is vir die huis aangeskaf. Vroeë reisbeskrywings en sketse het gedien as 'n riglyn. Die huis het drie slaapkamers waarvan die dogters s'n net bereik kan word as 'n mens deur die ouers se kamer loop. Die huis het 'n ingeboude es, bakoond en rietplafon wat die tipiese pionierseenvoud versinnebeeld.[123] Die 1890-huis toon die ontwikkeling van die Pionierstydperk, met ander woorde, 'n uitgebreide pionierswoning-grondplan. Die huis toon ook Victoriaanse kenmerke, byvoorbeeld die "eenvoudige" houtsierwerk by die voor- en agterstoep, asook die roosvensters by die binnedeure van die huis. [124] Die 1860-huis word gebruik vir funksies.

Figuur 28: Die houtsierwerk aan die 1890 huis se agterste stoep.

Tekening: T. Rossouw.

---

123 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992- 01 -25.

124 I. Bester, Die Erasmuskasteel, 1992- 01 -25; Kasteel nr. 609JR, Pretoria: 1890-huis, besoek 2001-2003.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)



Figuur 29: Die houtsierwerk aan die 1890 huis se voorstoep.

Tekening: T. Rossouw.

Die 1890-huis gaan nou ingerig word as ‘n museum vir die argeologiese artefakte wat op die terrein gevind is. Volgens die navorser is dit ‘n goeie besluit. Dit is ‘n onderbenutte aanwins op die terrein wat sodoende ‘n onderbeligte faset van die terrein sal kan akkommodeer.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)



Figuur 30: Trappies na die solder van die 1890 huis.
Tekening: T. Rossouw.

10. Gevolgtrekking

Die navorser het met hierdie hoofstuk gestreef om die restourasieproses te rekonstrueer om ‘n beter geheel van dié werkswyse te vorm. Hieruit kon daar ook gekyk word na die besluite wat geneem is. Hoewel al die besluite nie altyd die beste vir die bewaring van die Erasmuskasteel was nie, moes daar na die beskikbare fondse gekyk word. Daar is ook na ander alternatiewe gekyk, wat moontlik in die toekoms oorweeg kan word om die Erasmuskasteel in stand te hou.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

VI TOEKOMSPERSPEKTIEF

Die Erasmuskasteel word wel vir onthale en spesiale geleenthede gebruik. Die vraag wat toenemend gestel word, is of die kasteel oopgestel moet word vir openbare besigtiging. Een argument is dat besoekers aan historiese huise en opelug museums en historiese dorpies dalk 'n entoesiasme sal aanspoor vir die historiese bewaring oor die algemeen.[1]

Aanvanklik wou Krygkor die Erasmuskasteel inrig as 'n klubhuis of ontspanningsentrum met 'n biblioteek en leeskamer, eksklusief vir die personeel van Krygkor. Daar was ook sprake van regte plaastroues wat gehou kon word in die kapel van die Erasmuskasteel.[2] Daar is in 1994 oorweeg om die Erasmuskasteel in te sluit by 'n plaasroete[3], maar vanweë die moderne gebruik van die huis kan daar nie verwag word dat daar toere deur die huis geneem word nie. Belangegroepe soos die Genootskap Oud- Pretoria word wel, per geleentheid, toegelaat om die huis te besoek. Die Genootskap het 'n voorstel gemaak dat die Erasmuskasteel as 'n plaasmuseum bewaar moet word. Dié voorstel is gemaak voordat Krygkor die Erasmuskasteel en omliggende terrein aangekoop het. Genootskap Oud-Pretoria het die gedagte gehad dat die "plaasmuseum" op stadskinders gemik moes wees. 'n Deel van die huis self moes ingerig word as 'n speelgoedmuseum. Van owerheidsweë is hierdie voorstel nie aanvaar nie.[4] Onder Krygkor se bestuur is die plaasatmosfeer wel by die Erasmuskasteel behou. Daar word onder andere hoenders, maar ook ganse, op die terrein aangehou.[5] Dit is 'n aangename gevoel om van die parkeerterrein na die huis te stap, met die ganse wat op die grasperk wei.

---

1 W. M. Whitehill, Education and training for restoration work, in *Historic preservation tomorrow*,p. 36.
2 *Beeld*, 1986 – 02 – 17, p.5; *Beeld*, 1986-02-17, p. 9.
3 *Beeld*, 1994-09-13, p. 6.
4 *Beeld*, 1984-05-02, p. 2.
5 *Beeld*, 1997-01-04, p. 5.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die oorspronklike idee van Krygkor was dat die Erasmuskasteel nie vir besoekers oop sou wees nie, maar die twee ouer huisies wel. Daar sou daaglikse besoekure wees. Beide huisies sou met periodemeubels ingerig word.[6] Daar word wel op 'n gereguleerde basis mense van belangegroepe deur die huise geneem. As gevolg van sekuriteitsmaatreëls kan Krygkor nie die huise oopstel nie.

Ongelukkigheid het wel bestaan omdat Krygkor die perseel gekoop het. Mnr. Willem Punt, 'n bewaringskenner van Pretoria, het gemeen dat dit treurige nuus was. Volgens Punt sou die huis en omgewing onderworpe wees aan hoë sekuriteit en sodoende sou die huis nie meer toeganklik wees vir die publiek nie.[7] Dit is geldige kritiek, maar tog moet die positiewe kant ook gesien word. Die Erasmuskasteel word bewaar en is beskerm teen vandale. Die Erasmusfamilie meld self (soos gesien in voorafgaande hoofstukke) hoe hulle deur mense lastig geval is, asook hoe hulle beroof is. Die Erasmuskasteel is relatief toeganklik, gegewe dat belangegroepe vooraf reëlings tref. Krygkor oorweeg dit selfs om geselekteerde skoolgroepe uit te nooi. Dit sal natuurlik net klein groepies moet wees sodat daar beter toesig gehou kan word. Om 'n bietjie te deel in die glorie van die begin van die twintigste eeu sal dit dalk 'n goeie voorstel wees om een keer per jaar 'n tipiese Victoriaanse dag by die Erasmuskasteel te hou, waar mense dan, uitgedos in Victoriaanse drag, uit daardie tydperk die dag kan geniet op die grasperke rondom die kasteel.

Of die Erasmuskasteel histories van waarde is, sou vir baie mense , selfs ten opsigte van die argitektuur, betwisbaar wees aangesien Picton-Seymour die aanname maak dat die huis se ontwerp uit 'n patroonboek verkry is. Dat

---

6 *Beeld*, 1987-03-31, p15.
7 *Beeld*, 1984-05-02, p. 2.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

die huis uniek is in Pretoria, is onbetwisbaar. Of dit nou sy besonderse argitektoniese ontwerp of ligging is, die huis het na sy restourasie nog steeds die sjarme van 1903, al is hy nou omring deur snelweë en stedelike uitbreiding. Dié kasteel móét bly staan.

BRONNE

I ARGIVALE BRONNE

1. Ongepubliseer

Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria

TAB. A 1872 Record of registration , The Association of Transvaal Architects, Pretoria, 1910-01-17.

Argief van die Town Clerk, Pretoria (1897-1975)

MPA. 1/1/1/1 Minutes of council meetings, 15 June 1900 - 29 January 1902.

MPA. 1/1/1/3 Minutes of council meetings, 19 June 1902 - 27 November 1902.

MPA. 19A. 3/3/152 Canalisation of the Apies river – exhange F. van der Ben, Pretoria, 1905-1909.

Argief van die Auditor General, Transvaal (1900-1910)

AGT. 15 Pretoria Municipality staff, 1902.

Argief van die Master of the Supreme Court, Pretoria. Estates (1873-1976)

MHG. 0/109A Boedel van Jacobus Cornelis Rademeyer, 1968.

MHG. 1127 Boedel van Carel Jacobus Erasmus, 1902.

MHG. 0/19552 Boedel van Cornelia Jacoba Susanna Erasmus (geb. Kruger), 1902.

MHG. 3668/40 Boedel van Jochemus Johannes Petrus Erasmus, 1940.

MHG. 3224/41 Boedel van Albertus Philippus Jacobus Erasmus, 1941.

MHG. 551/49 Boedel van Johanna Jacoba Erasmus, 1948.

Argief van die Chief Immigration Officer (1907-1912)

CIO. 6/N491 Naturalisasie, 1910.

Aktekantoor, Pretoria

Aktenommer: T1392/1875
Aktenommer: T24/1876
Aktenommer: T1164/1877
Aktenommer: T288/1878
Aktenommer: T7322/1903
Aktenommer: T17509/1938
Aktenommer: T12747/1960
Aktenommer: T1767/1977
Aktenommer: T37531/1986
Aktenommer: T47289/1986
Aktenommer: T84425/92

2. Gepubliseer

TAB. Plaasregisters: Pretoria Band 16 Folio's 491-506.

Argief van die Transvaal Colonial Publications: Inventory (1900-1910)

TKP. 152 List of farms in the Transvaal with the names of their registered owners, 1900.

TKP. 154 Subjects of European Nations (other than British subjects) who have taken full burgher rights under the Transvaal government since the commencement of war, 1900.

TKP. 154 List of bughers who have surrendered their arms in the Transvaal and Orange Free State, 1900.

II REGERINGSPUBLIKASIES

The statute law of Transvaal, 1901.

Ordinances of the Transvaal, 1904.

Statutes of the Transvaal, 1907.

Statutes of the Transvaal, 1908.

No. 506 Kantoor van die President, No. 25 van 1999, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999.

III PERIODIEKE PUBLIKASIES

Beeld, 1984-05-02, 1986-02-17, 1987-03-31, 1994-09-13, 1997-01-04, 2000-08-05.

Jaarboek van die Africana vereniging van Pretoria XIIII, 1995.

Rekord-Oos, 1998-08-28.

IV TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

ANDREWS, T., A.G.M. Report tabled by Tom Andrews. *Nuusbrief Genootskap Oud-Pretoria* 2, Augustus 1976.

ANONIEM, Hulde aan De Wet, Kushlick, Quayle en Cloete-Norval, vier se spore lê ver in die vermaaklikheidswêreld. *Die Burger*, 1989-08-21.

ANONIEM, 'Beslis geen spookhuis' en inwoners nié melaats. *Beeld*, 1989-10-28.

ANONIEM, Pierre de Wet laat ‘n ryk erfenis na. *Beeld*, 1990-06-29.

ANONIEM, Jamie Uys se ryk rolprent erfenis leef. *Beeld*, 1996-01-31.

ANONIEM, Vandag in die ou dae. *Beeld*, 2001-06-22.

BOSMAN, A., Glory returns to the Spookhuis. *Paratus* 40 (11), 1989-11-11.

COETZEE, N.A. & E. M. ERASMUS, Die lewensverhaal van pionierboer en Voortrekker Lourens Abraham Erasmus. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 18(2), November 1999.

GROBLER, J., Ons Krygsoffisiere. *Beeld* 18(20), 2000-08-05.

HNATOWICZ, L., Dit “spook” in Pretoria. *Rapport*, 1999-05-09.

KLEINGBIEL, G. (red.), Erasmusrand, deurweek in geskiedenis. *Onderling* 21(4), Februarie/Maart 1988.

MEIRING, H., Geskiedkundige Erasmuskasteel is uniek in Afrika, *Beeld*, 1998-03-13.

MÖLLER, E., Spookhuis het monumentale geskiedenis. *Gerbera*, Maart 1987.

PETERSEN, M., Pretoria se kasteel in glorie herstel. *Sarie*,1990-03-21.

PETRICK, H., Erasmusgrafte Garsfontein, Erasmuskasteel. *Nuusbrief Genootskap Oud-Pretoria* 202, Augustus 1996.

PILLANS, A., Die kasteel is weer ordentlik! *Die Taalgenoot* 59(6), Junie 1990.

SEARLE, R., Afsonderlik en trots en vry. *Possak* 7, Augustus 1991.

THEUNISSEN, N.H., Die familie Erasmus. *Die Brandwag* 8(373), 1945-05-11.

TURKSTRA, H., Krugerhuis: een honderd jaar (1884-1984). *Museum-memo* (13) 1, Februarie 1984.

VAN EEDEN, J., Dit 'spook' in Pretoria. *Rapport*, 1999-05-09.

VAN SCHOOR, A.M., Kateel op boereplaas. *Die Brandwag* 10 (390), 1945-09-07.

V LITERATUUR

ALBERTS, P., *South African military buildings photographed*. Cape Town, 1992.

ALLEN, A., *Kruger's Pretoria, buildings and personalities of the city in the nineteenth century*. Cape Town, 1971.

ANNANDALE, C. (ed.), *The student's English dictionary, litarary, scientifiec, etymological and pronouncing*. London, 1996.

ANONIEM, *Historic preservation tomorrow*. Virginia, 1967.

ANONIEM, *Weldons encyclopedia of needlework*. London, s.a.

APPERLY, R., R. IRVING & P. REYNOLDS, *A pictorial guide to identifying Australian architecture, styles and terms from 1788 to the present*. Sydney, 1989.

BERG, J.S. (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika, die vier noordelike provinsies*. Pretoria, 1999.

BEUKES, G.J. (red.), *Roep van die naguiltjie en ander eenbedrywe*. Pretoria, 1983.

BEYERS, C.J. (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*. Durban, 1981.

BÖESEKEN, A.J., *Die nuusbode*. Kaapstad, s.a.

BOLSMANN, E., *Ghosts of Pretoria*. Pretoria, 1997.

BOLSMANN, E., *Pretoria artists' impressions 1857-2001*. Pretoria, 2001.

CALLINICOS, L., *A People's history of South Africa, gold and workers I*. Braamfontein, 1994.

COERTZE, P.J. & R.D. COERTZE,*Verklarende vakwoordeboek vir antropologie en argeologie*.Pretoria, 1996.

COETZEE, N.A., *Die geskiedenis van Rustenburg ongeveer van 1840-1940*. Pretoria, 1997.

COOPER, N., *The opulent eye, late Victorian and Edwardian taste in interior design*. London, 1980.

COWIE, L. W., *The Wordsworth dictionary of British social history*. London, 1996.

CURL, J.S., *Victorian architecture, its practical aspects*. Devon, 1973.

DEBRABANDERE, F., *Verklarend woordenboek van de A-K familienamen in België en Noord-Frankrijk*. Brussel, 1993.

DE JONG, R.C., *Die kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die "Nederlandsche Vreeeniging", 1890 - 1918*. M.A. – verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1980.

DE KOCK, W.J. (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*. Kaapstad, 1968.

DE KOCK, W.J. & D.W. KRÜGER (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*. Kaapstad, 1972.

DE VILLIERS, C.C. & C. PAMA, *Geslagsregister van die ou Kaapse families I*. Kaapstad, 1966.

DIXON, R. & S. MUTHESIUS, *Victorian architecture*. London, 1985.

ENGELBRECHT, S.P. *et al* (red.), *Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria uitgegee in die eeufeesjaar 1955 deur die Stadsraad van Pretoria*. Pretoria, 1955.

ERASMUS, D.J., *'n Tak van die Erasmus-familie*. Klerksdorp, 1982.

FEILDEN, B.M., *Conservation of historic buildings*. Oxford, 1994.

FRANSEN, H., *Drie eeue kuns in Suid-Afrika*. Pietermaritzburg, 1981.

GALLI, M., *Francis of Assisi and his world*. Oxford, 2002.

GARNHAM, H. L., *Maintaining the spirit of place; a proces for the preservation of town character*. Arizona, 1985.

GASCOIGNE, M., *The ghost investigator's handbook*. London, 1997.

GRIEG, D., *A guide to architecture in South Africa*. Cape Town, 1971.

HART-DAVIS, A., *Thunder, flush and Thomas Crapper, an encycloopedia* (sic.). London, 1997.

HEESE, J. A. & R.T.J. LOMBARD, *Suid-Afrikaanse geslagregister II*. Pretoria, 1989.

HERMAN, M., *The early Australian architects and their work*. Sydney, 1970.

HIGHFIELD, D., *Rehabilitation and re-use of old buildings*. London, 1987.

HORSLEY, E.M., (ed.), *The new Hutchinson 20th century encyclopedia*. Johannesburg, 1977.

IMMELMAN, R.F.M. & G. D. QUINN, *The preservation and restoration of historic buildings in South Africa*. Cape Town, 1968.

JAWETZ, E., J.L. MELNICK & E.A. ADELBERG, *Review of medical microbiology*. California, 1980.

JEFFERS, J.D. & M. LERNER (eds.), *Harrison's principles of internal medicine*. Japan, 1984.

JORDAN, R.F., *Victorian architecture*. Norwich, 1966.

KRÜGER, D.W., *Suid Afrikaanse biografiese woordeboek II*. Kaapstad, 1972.

LABUSCHAGNE, E.C., *Blanke volksboukuns in Transvaal tot 1900, met spesiale verwysing na woningbou*, D. Phil. –proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1988.

LAWRENCE, R.R. & T. CHRIS, *The period house, style and decoration 1774-1914*. London, 1998.

LEY, I., *Jorissenstraat 529 'n Laat-Victoriaanse Museumrestourant (1890-1910)*, Museumkunde skripsie, Universiteit van Pretoria, 1994.

MADDEX, D. (ed.), *New energy from old buildings*. Washington, 1981.

MAYNARD, C., *Informania ghosts*. Cambridge, 1999.

MEIRING, H. *Boukunsskatte van Suid- Afrika*. Kaapstad, 1977.

MEIRING, H. *Pretoria 125*. Pretoria ,1980**.**

METCALF, J. *et al.* (eds), *Reader's Digest illustrated Oxford dictionary*. London, 1998.

MINNAAR, E.M., *Grondleggende argitekte van die Departement Openbare Werke in Transvaal tot 1910, hul werk en invloed.* PhD.- proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2000.

MOSES *et al*., *Die Bybel, nuwe vertaling*. Kaapstad, 1983.

ODENDAL, F.F. *et al.* (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, Johannesburg, 1997.

PAMA, C., *Die wapens van die ou Afrikaanse families*. Kaapstad, 1959.

PAMA, C., *Die groot Afrikaanses familienaamboek*. Kaapstad, 1983.

PERRY, M. (ed.), *Western civilization, a brief history*. Boston, 1993.

PICTON-SEYMOUR, D., *Victorian buildings in South Africa*. Cape Town, 1977.

PICTON-SEYMOUR, D., *Historical buildings in South Africa*. Cape Town, 1989.

PRELLER, G.S.,*Talana, die drie Generaals-slag by Dundee, met lewensskets van Genl. Daniel Erasmus*. Kaapstad, 1942.

PRETORIUS, J.C., *Die geskiedenis van Volkskuns in Suid-Afrika; 'n studie van Westerse volkskuns in Suid-Afrika*. Kaapstad, 1992.

REDELINGHUYS, J.H., *Die Afrikaner-familienaamboek*. Kaapstad, 1954.

REX, H.M., *Die lewe en werk van Sytze Wopkes Wierda in Nederland met verwysing na sy betekenis vir die Zuid-Afrikaansche Republiek*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1974.

ROSENTHAL, R. (red.), *Ensiklopedie van Suidelike Afrika*. London, 1970.

ROSS, N.P. (ed.), *The epic of man*. Nederland, 1963.

SALMOND, J. , *Old New Zealand houses 1800-1940*. Auckland, 1998.

SHOPSIN, W.C., *Restoring old buildings for contemporary uses*. Oxford, 1986.

SMAAL, A.P. (ed.), *Looking at historic buildings in Holland*. Schoten, 1982.

STENCHLAK, M., *Architectuurgids van Nederland*. Meppel, 1983.

SUMMERSON, J. *Victorian architecture, four studies in evaluation*. New York, 1970.

VAN DER MERWE, C.P. & C.F. ALBERTYN (reds.), *Die vrou III*. Stellenbosch, s.a.

VERMEULEN, I., *Man en monument, die lewe en werk van Gerhard Moerdijk*. Pretoria, 1999.

WADE, W.C., *The symbolisms of Heraldry*. London, 1970.

VI ELEKTRONIESE INLIGTINGSBRONNE

American Leprosy Missions, "Leprosy facts and myths", <http://www.leprosy.org/>,2001.

Armauer Hansen Research Institute, "Gerhard Hendrik Armauer Hansen", http://www.telecom.net.et/~ahri/hansen.html, 2000.

Beeld, www.beeld.com.

National Archives of South Africa, http://www.national.archives.gov.za

Nasionale Pers, www.naspers.com.

Netherlands Leprosy Relief, ' Infolep Web-services', <http://infolep.antenna. antenna.nl/>, 1996.

Universiteit van Pretoria se akademiese inligtingsdiens, Nexus databasis, http://www.inch.uovs.ac.za.

Victorian plumbing, "baths" , http://www.victorianplumbing.co.uk. 2001-04-22.

Yahoo!, 'Yahoo! Health', <http://health.yahoo.com>

VII PERSOONLIKE MEDEDELINGS

1. MONDELING

ANDREWS, T., Leke-historikus, toergids, navorser en redakteur van Genootskap Oud Pretoria se nuusbrief, Douglasstraat 41, Pretoria, 1999-11-05.

BROWNELL, F., Staatsheraldikus, Buro vir Heraldiek, Pretoria, 1999-06-30.

DEBBO, A., Komediant en akteur, Opvoering by Highlands in Rabiestraat, Centurion, 2000-09-02.

ERASMUS, J.R., Kleinseun van Jochemus en Johanna Erasmus en die laate Erasmus nasaat inwoner van die Erasmuskasteel, Erasmuskasteel eeufeesfunksie, Pretoria, 2003-09-24.

ERASMUS, L., Eggenoot van P.E. Erasmus en voormalige huurder van die Erasmuskasteel, Odellstraat 878, Pretoria, 2001-05-21.

ERASMUS, P.E., Kleinseun van Jochemus en Johanna Erasmus, Odellstraat 878, Pretoria, 2001-05-21.

JANSEN, A., Boukontrakteur en restourateur, Faciaweg 108, Silvertondale, Pretoria, 2003-05-13; 2003-09-24.

MEYER, A., Professor by die departement Antropologie en Argeologie aan die Universiteit van Pretoria, 0002, Pretoria, 2000-05-12.

NELL, B., Bestuurder van Korporatiewe Kommunikasie, Krygkor, Privaatsak X 337, Pretoria, 2000-07-26.

PIENAAR, A.S., Eggenoot van J.J.P.E. Pienaar en voormalige huurder van die 1890-huis, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04; 2001-06-12.

PIENAAR, J.J., Kleindogter van Jochemus en Johanna Erasmus, Trichardweg 44, Centurion, 2001-05-10; 2001-05-21; 2001-06-18.

PIENAAR, J.J.P. E., Kleinseun van Jochemus en Johanna Erasmus, Cradocklaan 185, Centurion, 2001-05-04; 2001-06-12; 2001-06-14.

POTTAS, D.M.C., Kleindogter van Jochemus en Johanna Erasmus, Delphinusstraat 237, Pretoria, 2001-05-09; 2001-06-14.

PRINSLOO, H.P., Argeoloog, Erasmuskasteel en Wolwespruit, Pretoria, 2001-05-14; 2001-05-18.

RETIEF, B., Kolonel en gewese senior bestuurder van Openbare Betrekkinge te Krygkor, Filmvervaardiger, leke-historikus en skrywer, Rooialslaan 45, Hartenbos, 2000-06-13.

ROSSOUW, M.J., voormalige assistent –argivaris by die eertydse Nasionale Filmraad, Pretoria, 2001-04-08.

ROSSOUW, S.H., Geregtelike geneeskundige, Departement Geregtelike Geneeskunde, Posbus 2034, Pretoria, 2001-03-31; 2001-04-17.

SWART, H., Subkontrakteur skrynwerker vir Krygkor, Krygkor, Blok 7, Pretoria, 2001-03-06.

VAN DER WALT, P.A., Sielkundige, Windsorweg 458, Pretoria, 2000-07-21; 2000-07-26.

VAN SCHALKWYK, E., Kleinseun van Jochemus en Johanna Erasmus, Mandaryn 2, Hennenman, 2001-05-04.

VAN ZYL, H.G.E., Verlangse familielid van die Garstfontein Erasmusse, Wapadrandweg, Seringpark no. 13, Pretoria, 2001-04-10.

VAN ZYL, K., genrl.-maj. Dominee, het in die Erasmuskasteel gewerk,

2. SKRIFTELIK

BIESENBACH, mev. S. E., Erasmus nasaat en genealoog, Amosstraat 63, Colbyn, Pretoria, s.a.

FOUCHÉ, J.W.J., Direktoraat Openbare Betrekkinge van Krygkor, Pretoria, 1992-02-06.

ENGELBREGHT, P., Konsultant te Krygkor , 1993-06-10.

STOLK, B.B., “Den Helder”, persoonlike e-posboodskap aan T. Rossouw, 2001-02-14.

VAN SCHALKWYK, E., Kleinseun van Jochemus en Johanna Erasmus, Mandaryn 2, Hennenman, 2000-04-09; 2000-06-22.

3. PRIVAATVERSAMELINGS

NELL, B., Bestuurder, Openbare Betrekinge, Krygkor, Pretoria.
Geskrewe inligting: Dr. E. Labuschagne, adres...., Pretoria, 1990–08 – 17; verskeie foto’s van die Erasmuskasteel.

ROSSOUW, M.J., voormalige Assistent-argivaris by die gewese Nasionale Filmraad, Pretoria.

Geskrewe inligting: J. de Lange, hoof argivaris van die Nasionale Filmraad, *Rolprentgeskiedenis; 'n verkorte oorsig*.

YSSEL, A., Fotograaf vir Krygkor, Pretoria. Fotoversameling van Krygkor onder andere van die Erasmuskasteel en die twee ouer huisies.

VIII DIVERSE

BESTER, I. (aanbiedster), 50/50, TV1, 198

DE WET, P., *Hier's Ons Weer !*, African Films Productions, 1950.

DE WET, P., *Kom Saam Vanaand*, S.A.R.M., 1949.

Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: 1890-huis, besoeke in 1999; 2000; 2001; 2002; 2003.

Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Begraafplaas, besoeke in 1999-08-24; 2000; 2001; 2002; 2003.

Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Erasmuskasteel, besoeke in 1999; 2000; 2001-02-02; 2001-02-14; 2001-03-06; 2002; 2003.

Kasteel nr. 609 JR, Pretoria: Pionierswoning, besoeke in 1999; 2000; 2001-03-06; 2002; 2003.

Krygkor, Pretoria: Brosjure: The Erasmus Castle, s.a.

ODENDAL, N., Die spoke van die Erasmuskasteel, deel I, Afrikaans Stereo, 1995-04-14.

ODENDAL, N., Die spoke van die Erasmuskasteel, deel II, Afrikaans Stereo, 1995-04-25.

Repetorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels 1940-1949 deel III, stad Johannesburg openbare biblioteek.

ROBINSON, M. (aanbiedster), *Flieke sonder brieke*, kykNET, 2000.

UYS, J., *Die Professor en die Prikkelpop*, Mimosa Films, 1967.

VAN DEVENTER, A., *Die plakboek van Al Debbo se lewe*, Drama Departement UOVS (vervaardig deur Sanjet Video Produksies), 2000.

Wolwespruit, murasies, 2001-05-18.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Die Erasmuskasteel van Pretoria - Opsomming

Gedurende die afgelope jare het daar gereeld oppervlakkige artikels oor die Erasmuskasteel verskyn, veral om Pretoria te bemark. Die hoofdoel van hierdie studie is om die gapings, mites en wanindrukke in die bestaande inligting oor dié misterieuse landmerk van Pretoria, te identifiseer. Die geskiedenis van die Erasmuskasteelterrein is nooit behoorlik gedokumenteer nie. ‘n Deeglike ondersoek het aangedui dat die gepubliseerde bronne wat oor die huis bestaan, baie min is. Die meeste artikels skets bloot net die breë historiese agtergrond van die plaas, Garstfontein, en sy geboue.

Die herhalende wanopvattings van die pers bevestig die leemte en noodsaaklikheid vir ‘n meer omvattende en akkurate geskiedenis van die Erasmuskasteel en omliggende terrein.

Uitgebreide inligting oor die veranderende voorkoms van die huis en omliggende tuine is deur dr. E. Labuschagne (kultuurhistorikus), H. Meiring (argitek) en A. Jansen (restourateur en bouer) gedoen in voorbereiding vir die restourasie van die Erasmuskasteel wat gedurende 1987 tot 1989 aangepak is. Die resultate van hierdie navorsing is ook in die verhandeling vervat. Dit was ‘n uitdaging vir die restourateurs om die huis om te skakel na ‘n funksionele kantoor vir Krygkor se Korporatiewe Kommunikasie Personeel. Die restourateurs het daarin geslaag om die historiese sjarme van die huis te behou.

Die restourasieproses was ook belangrik in dié sin dat dit die navorser na primêre bronne gelei het, wat help om die Kultuurgeskiedenis van die lewe in en rondom die Erasmuskasteelterrein te rekonstrueer.

Die navorser het gebruik gemaak van NASA (Nasionale Argief van Suid-Afrika) en het verskeie belangegroepe genader vir mondelinge mededelings

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

asook mondelinge oorlewerings. Sodoende kon die navorser ‘n beter geheel vorm van die geskiedenis van een van Pretoria se opvallendste landmerke.

Die resultate van dié studie vul ‘n belangrike gaping in die geskiedenis van Pretoria. Dit het waarde vir toekomstige toeriste en akademici. Die Erasmuskasteel is deur die Tshwane Geboue-Erfenisvereniging historiese monument verklaar (dit is verkieslik dat dit deur die SAEHA gedoen word). Dis ‘n besonderse voorbeeld van Victoriaanse argitektuur. Die omvattende dokumentasie van die geskiedenis van die Erasmuskasteelterrein is van uiterse belang vir die nageslag.

The Erasmus Castle of Pretoria - Summary

Over the past few years, images of and superficial articles on the Erasmus Castle frequently appeared in a wide range of publications concerned with the marketing of Pretoria. The main aim of this study is to identify the gaps in the existing representations and to identify fictitious notions and misconceptions that have been made with regard to this charming and mysterious landmark of Pretoria. The history of the Erasmus Castle site has never been formally documented. A thorough search has revealed that published literature on the house and the site is fairly limited. The repetitive citing of the same uncorroborated information confirms a lack of and a desperate need for a more comprehensive and a more accountable history of the Erasmus Castle and the site it is built on. The existing articles merely sketch the broad historical background of the farm and its buildings, thereby confirming the need for a well documented and detailed, scientific study of the history of this site. The researcher's aim is to provide in this need.

Extensive research on the changing appearance of the house and the gardens was done by Dr. E. Labuschagne (cultural historian), H. Meiring (architect), A. Jansen (restorer and builder) when the house was restored during 1987 -1989. The results of this research are incorporated in the dissertation. The way the restorers approached the challenge of converting the restored interior into a functional office environment (for Armscor's Corporate Communications Division), is also analysed.

The restoration process is also significant in the sense that it directed the current researcher to collections of primary sources that were indispensable in the reconstruction of the cultural history of life in the house and on the surrounding farmland.

The researcher also made use of NASA (National Archives of South Africa). Oral evidence was gathered and the researcher could fill in omissions in the history of one of Pretoria's most famous landmarks.

The findings are important for future tourists and academics alike. The Erasmus castle was declared a Historical Monument by the Tshwane Buildings- and Heritage Society (preferably done by SAHRA). The Erasmus Castle is an interesting example of Victorian architecture thus making the need for a well documented history of the Erasmus Castle terrain of the utmost importance for future generations.

University of Pretoria etd – Rossouw, T (2003)

Sleutelterme

1890-huis
Art Nouveau
Bella Vista
Dassiegrot
Erasmus
Erasmuskasteel
In situ
Pioniershuis
Pretoria
Spookhuis
Victoriaans
Wolwespruit